

DIE LITERÊRE BIOGRAFIE -
'N TERREINVERKENNING

DEUR

ABRAHAM CHRISTOFFEL PELSER

VERHANDELING VOORGELÊ TER VERVULLING

VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

IN AFRIKAANS

IN DIE FAKULTEIT GEESTESWETENSAPPE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. P.H. ROODT

JUNIE 2001

Vir my pa (in memoriam)

en vir my ma

en vir Marié

Geldelike bystand van die National Research Foundation (NRF) word hiermee erken. Menings wat uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die National Research Foundation nie.

Hierdie studie is verder moontlik gemaak deur die toekenning van 'n nagraadse studiebeurs deur die Universiteit van Pretoria. Eweneens moet menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, as dié van die skrywer beskou word en nie aan die Universiteit van Pretoria toegeskryf word nie.

BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank vir die bydrae wat hulle gelewer het om hierdie studie moontlik te maak:

My studieleier, prof. P.H. Roodt, wat my op geduldige en bekwame wyse in hierdie studie gelei het en deurgaans 'n inspirerende gespreksgenoot was.

My vrou, Marié Blomerus, wat deur die manuskrip gewerk en waardevolle hulp in verband daarmee verleen het.

Mevv. Leana Lategan en Erika Terblanche van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein (NALN), wat talle fotokopieë van boekresensies, artikels en ander navorsingsmateriaal gratis aan my voorsien het.

Proff. V.E. d' Assonville en J.C. Steyn, mnr. Leon Rousseau en dr. J.C. Kannemeyer, met wie ek by verskeie geleenthede persoonlik, telefonies of by wyse van korrespondensie oor hul werk kon gesels het.

Biographies are but the clothes and buttons of the man -
the biography of the man himself cannot be written.

MARK TWAIN

INHOUD

HOOFSTUK EEN

NAVORSINGSONTWERP

1.1_	Inleiding	1
1.2_	Probleemstelling	3
1.3_	Doelformulering en terreinafbakening	4
1.4_	Aktualiteit	6
1.5_	Hipoteses	7
1.6_	Navorsingsontplooiing	7
	Aantekeninge	9

HOOFSTUK TWEE

DIE TEORIE VAN BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING

2.1	Inleiding en definisies	10
2.2	Kenmerke van die biografie	12
2.3	Struktuur van die biografie	15
2.4	Probleme van 'n biograaf	28
	Aantekeninge	32

HOOFSTUK DRIE

DIE GESKIEDENIS VAN BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING

3.1	Vroegste vorme van biografiese geskiedskrywing	33
3.2	Die Griekse en Romeinse beskawings	33
3.3	Die Middeleeue en Renaissance	38
3.4	Die sestiende eeu	39
3.5	Die sewentiende eeu	40
3.6	Die agtiende eeu	43
3.7	Die negentiende eeu	48

3.8 Die twintigste eeu	50
3.9 Biografiese geskiedskrywing in die VSA	53
Aantekeninge	56

HOOFSTUK VIER

‘N SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

4.1 Biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika	57
4.2 Literêre biografieë in Afrikaans: ‘n inleiding en Totius se <i>Ds. S.J. du Toit in weg en werk</i>	58
4.3 Die werk van Leon Rousseau	63
4.3.1 <i>Die groot verlange</i>	64
4.4 Die werk van V.E. d’Assonville	74
4.4.1 <i>Totius - profeet van die Mooirivier</i>	75
4.4.2 <i>Dit is Totius</i>	77
4.4.3 <i>SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)</i>	83
4.5 Die werk van J.C. Kannemeyer	89
4.5.1 <i>D.J. Opperman: ‘n Biografie</i>	90
4.5.2 <i>Die dokumente van Dertig</i>	104
4.5.3 <i>Die rym neem ook ‘n hele lewe in beslag</i>	106
4.5.4 <i>Wat het geword van Peter Blum</i>	107
4.5.5 <i>Langenhoven: ‘n Lewe</i>	115
4.5.6 <i>Leipoldt: ‘n Lewensverhaal</i>	130
4.6 Die werk van J.C. Steyn	140
4.6.1 <i>Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal</i>	141
Aantekeninge	167

HOOFSTUK VYF

SLOTBESKOUING

5.1 Inleiding en toets van hipoteses	174
5.2 Voorstelle vir verdere navorsing	176
Aantekeninge	177

BIBLIOGRAFIE	180
OPSOMMING	187
SUMMARY	189

HOOFSTUK EEN

NAVORSINGSONTWERP

1.1_ INLEIDING

Dit is betreuenswaardig dat die literêre biografie en die oevrestudie oor 'n bepaalde skrywer voor die middel-tagtigerjare van die vorige eeu nie juis in Suid-Afrika beoefen is nie. Kannemeyer (1996:6) wys daarop dat van die skrywers wat voor 1930 hul verskyning gemaak het en wie se volledige werk en dokumente dus lankal reeds tot die beskikking van navorsers is, slegs Eugène N. Marais en J. van Melle in die standaardwerke van Leon Rousseau en W.F. Jonckheere onderskeidelik studies van dié aard kon uitlok.¹ Die werk en lewe van Jan F. E. Celliers, C. Louis Leipoldt,² J.R.L. van Bruggen, G.S. Preller, D.F. Malherbe, I.D. du Plessis en C.M. van den Heever wag nog om op dié wyse bestudeer te word.

Ook in Nederland is daar 'n agterstand ten opsigte van “skrywersbiografieë”³ en lê die veld grootliks braak. Die enkele vroeë voorbeelde is hoofsaaklik beperk tot Hazeu oor Achterberg en Fontijn oor Van Eeden, hoewel die teoretisering van die afgelope jare daarop dui dat Neerlandici bekommerd is oor hierdie agterstand en dit graag wil uitwis (Kannemeyer, 1995d:1).

Kannemeyer (1995d:4-9) sonder veral vier redes uit vir die biografiese agterstand in Afrikaans.

In die eerste plek is daar eers sedert die vyftigerjare van die vorige eeu deur die dood van outeurs dokumente beskikbaar waaroor dit literêr die moeite werd is om navorsing te doen (Kannemeyer, 1995d:4). Van vroeë gestorwe figure, soos S.J. du Toit en Jan F.E. Celliers, was die dokumentasie ontoereikend; eers later beskikbaar, soos in die geval van C.J. Langenhoven; of van literêr minder prominente figure.

Verder het die beskikbaarstelling van die eerste dokumente wat tot skrywersbiografieë kon lei, in Suid-Afrika saamgeval met die naoorlogse invloed van literêre teoretici wat hulle in 'n hoë mate op die enkele teks gerig het, met die uitsluiting van enige aandag aan die outeur, die genese van die kunswerk en die wyse waarop dit die leser beïnvloed (Kannemeyer, 1995d:4-5). Dit is veral die Amerikaanse New Criticism, die “close readers”, die Chicago School en 'n handleiding soos Warren & Wellek se *Theory of Literature* wat 'n groot invloed op letterkundiges uitgeoefen het. Die Amerikaanse New Critics neem die standpunt in dat die leser hom slegs moet bemoei met die tekstuur en struktuur van die teks, en nie met die persoonlike agtergrond waaruit dit voortkom nie. Enige poging om die lewe van die skepper in sy werk in te lees of 'n regstreekse verband tussen

biografiese besonderhede en die kunswerk te trek, lei volgens hulle tot 'n "biographical fallacy" wat die kritikus weglei van die eintlike objek van studie. In Afrikaans het die ouer impressionistiese, historiese en biografiese benaderingswyses plek gemaak vir 'n haas uitsluitlike teksgerigtheid. 'n Besondere benaderingswyse in die vyftigerjare van die vorige eeu was die stilistiek op linguïstiese grondslag, ontwerp deur die Amsterdamse taalkundige W. Gs. Hellinga met H. van der Merwe Scholtz as eerste Afrikaanse eksponent: 'n metode om taalwaardes in 'n bepaalde taalgebruiksgeval te ondersoek in hul betrokkenheid op daardie bepaalde geval, met ignorering van die maker en die leser van die beson-dere taalsituasie.

Dit is, in die derde plek, egter veral die siening van N.P. van Wyk Louw wat in sy reeks artikels "Die 'mens' agter die boek (1952, 1956 en daarna weer in 1958 in boekvorm) tot die konklusie kom dat alles wat 'n kritikus uit 'n kunswerk oor die skepper aflei, op blote vermoedens en gissings berus (Kannemeyer, 1995d:5).

Die mens agter 'n werk, skryf Louw (1986:253-300), "is nie met enige mate van sekerheid uit te ken nie"; "'n kunswerk kan nie 'verklaar' word uit enigiets behalwe sy eie struktuur nie"; en "die biografiese feit kan nooit 'n rol speel by die eerste groot taak van die literatuurbeskouing nie: die begryp van die werk as estetiese geheel".

Kannemeyer (1995d:5) meen dat die publikasie van "Die 'mens' agter die boek" 'n groot invloed op die hele literêr-kritiese bedryf in Suid-Afrika gehad het. "Sedert die verskyning daarvan was biografiese belangstelling in 'n groot mate uit die bouse en het die meeste kritici dit vermy om in hulle analyses van werke enige lewensbesonderhede van skrywers te betrek. Ek meen Van Wyk Louw se uitsprake [...] het regstreeks daartoe gelei dat oorsigtelike studies oor oevres in die vyftiger- en ses-tigerjare by ons 'n seldsame verskynsel was, ook in gevalle waar 'n mens deur die dood van 'n skrywer met 'n afgehandelde oeuvre te make het en 'n omvattende ondersoek derhalwe 'n ideale terrein vir navorsing was. Ek meen ook dat dié reeks artikels [...] die skuld moet dra vir die klein aantal lewensgeskiedenis wat ons in Afrikaans in vergelyking met die Engelse wêreld het. Biografiese ondersoeke was nou eenmaal in onguns ná 'Die "mens" agter die boek' en die toespitsing op die enkele teks die enigste suiwer teoretiese instelling wat 'n literator mag hê."

In die laaste plek was daar dikwels 'n weerstand teen 'n biografie by skrywers (Kannemeyer, 1995d:6-9). Hy verwys veral na C.J. Langenhoven, wat testamentêr bepaal het dat sy nasate "geen hulp of inligting hoegenaamd [...] aan biograwe [sal] verskaf [...] nie,⁴ en na Elisabeth Eybers wat dit in 1949 tydens 'n radiopraatjie het oor die vir haar sinnelose bedryf om 'n outobiografiese herkoms in 'n gedig te probeer agterhaal. In 1963 sê sy tydens 'n rede in België dat dit "misleitend is om die

besonderhede van ‘n digter se lewe uit sy werk te probeer rekonstrueer.” Hoe sterk Eybers standpunt inneem teen die byhaal van biografiese besonderhede by die lees van ‘n gedig, blyk uit P. Hennipman se “De dichteres en haar werk”, ‘n opstel wat hy by geleentheid van Eybers se 60ste verjaardag tot die huldigingsbundel *Ter wille van die edel spel* bydra. Wanneer haar persoon en lewensbeskouing by besprekings van haar werk ter sprake gebring word, vind Eybers dit volgens Hennipman nie alleen ‘n inbreuk op haar persoonlike lewensfeer nie, maar op grond van haar visie van die poësie in beginsel onjuis. “Het is haar overtuiging,” skryf hy, “dat alleen het gedicht als zodanig van belang is, dat het voor zichzelf moet spreken en dat de aanleiding waaruit het is ontstaan en de persoon van die digter niet ter zake doen.”

Sedert die verskyning van Leon Rousseau se lewensverhaal oor Marais, *Die groot verlange* (1974), het omvattende biografieë oor Afrikaanse literêre figure mekaar egter al hoe sneller begin opvolg: J.C. Kannemeyer se *D.J. Opperman: ‘n Biografie* (1986), Kannemeyer se *Wat het geword van Peter Blum* (1993), V.E. d’Assonville se *Dit is Totius* (1993), Kannemeyer se *Langenhoven: ‘n Lewe* (1995), J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* (1998), Kannemeyer se *Leipoldt: ‘n Lewensverhaal* (1999) en D’Assonville se *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)* (1999); verder is ‘n biografie oor Uys Krige deur Kannemeyer tans⁵ ook onder bewerking.

In teenstelling met die situasie in Suid-Afrika en Nederland word die biografie reeds meer as twee eeue lank intensief in Europa en die VSA beoefen en het James Boswell se monumentale biografie oor Samuel Johnson, *The Life of Samuel Johnson, LL.D.*, reeds in 1791 standarde gestel wat tot op hede kwalik oortref kan word. ‘n Besoek aan boekwinkels in Londen, New York of Los Angeles gee ‘n mens ‘n aanduiding van ‘n ryk tradisie van biografieë in die Engelse en Amerikaanse letterkunde: ‘n ontsettend groot tradisie, en feitlik ‘n aparte genre wat nie skroom om meer as een biografie oor dieselfde skrywer te onderneem nie.

1.2_ PROBLEEMSTELLING

Weens die betreklik klein corpus biografieë oor Afrikaanse literêre figure is elke nuwe biografie oor hierdie onderwerp in Suid-Afrika met groot akklamasie ontvang en wyd deur literatore en ander resensente bespreek. Talle resensies en artikels oor hierdie biografieë en onderhoude met die betrokke biograwe het gereeld in die media verskyn, maar daar is egter nog nooit ‘n oorsigtelike studie oor hierdie genre in Suid-Afrika gedoen of ‘n vergelykende studie van die onderskeie tekste onderneem nie.

1.3 DOELFORMULERING EN TERREINAFBAKENING

Hierdie studie poog derhalwe om, in die eerste plek, 'n samevatting en aanvulling van bestaande literatuur en beskouings oor die Afrikaanse literêre biografie te wees en terselfdertyd kommentaar te lewer op die belangrikste werk wat in dié verband in Suid-Afrika gelewer is. Tweedens trag hierdie studie om die navorsingsmetodiek van verskillende Afrikaanse en/of oorsese biograwe met mekaar te vergelyk. Daar word gelet op die struktuur van die onderskeie biografieë en daar word veral narratologies na die subjekte daarvan gekyk. In die derde plek hoop ek dat hierdie studie toekomstige navorsing mag stimuleer.

Ofskoon daar weliswaar min omvattende literêre biografieë in Suid-Afrika bestaan, is die potensiële navorsingsterrein nogtans enorm.

In hierdie studie word die aandag hoofsaaklik by omvattende literêre biografieë oor Afrikaanse subjekte bepaal. 'n Belangrike werk soos Karel Schoeman se *Olive Schreiner: 'n Lewe in Suid-Afrika, 1855-1881* (1989), wat in sowel Engels as Afrikaans verskyn het, kon dus nie by hierdie studie ingesluit word nie: enersyds omdat dit nie oor 'n Afrikaanse skrywer handel nie, en andersyds omdat dié lewensverhaal nie omvattend genoeg is nie; dit dek slegs die eerste 25 jaar van Schreiner se lewe. So-ook kon Valerie Rosenberg se lewensverhaal van Herman Charles Bosman, *The Life of Herman Charles Bosman*⁶ (1991), en die biografiese anekdotes wat Aegidius Jean Blignaut in *My Friend Herman Charles Bosman* (1981) versamel, benewens ander soortgelyke titels, nie ingesluit word nie.

In die tagtigerjare van die vorige eeu het Perskor die reeks "Sestigers in woord en beeld" uitgegee. Die gedagte was om die Sestigers aan die hand van 'n outobiografiese gedeelte deur die betrokke Sestiger ("Die mens") en 'n kritiese waardering deur 'n letterkundige ("Die skrywer") voor te stel. Ongelukkig het slegs drie boeke in dié reeks verskyn: *Bartho Smit*, met 'n kritiese waardering deur Charles Malan (1984); *Jan Rabie* met 'n kritiese waardering deur J.C. Coetzee (1986); en *Abraham H. de Vries*, met 'n kritiese waardering deur Merwe Scholtz (1988). Ander Sestigers oor wie boeke in die vooruitsig gestel was, was onder meer Etienne Leroux, André P. Brink en Dolf van Niekerk, maar hierdie werke het nooit gerealiseer nie. Nogtans bied die publikasies oor Smit, Rabie en De Vries interessante biografiese stof vir voornemende navorsers en biograwe. 'n Bespreking van hierdie boeke kon uiteraard nie by hierdie studie ingesluit word nie; daarvoor is hulle te yl of nie omvattend genoeg nie. Eweneens kon 'n legio ander werke om dieselfde redes nie ingesluit word

nie. Voorbeelde hiervan is die talle sogenaamde skrywers-in-woord-en-beeld-publikasies wat gereeld in Afrikaans verskyn het, gewoonlik ter herdenking van die betrokke skrywer se geboortedag of by die een of ander geleentheid: B. Kok, F.V. Lategan en R. de Beer se *D.F. Malherbe in beeld en woord* (1981), P.J. Nienaber (red.) se *Leipoldt in beeld en woord* (1980),⁷ F.V. Lategan se *P.J. Schoeman* (1979), J.H. Senekal se *P.G. du Plessis* (1981) en Carl Lohann (red.) se *Freda Linde* (1983). In hierdie verband kan ook enkele literêre studies genoem word wat die lewe en/of werk van 'n betrokke skrywer ten grondslag het: F.G.M. du Toit se *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letter-kunde* (1940), Jan Kromhout se *Leipoldt as digter* (1950), M.P.O. Burgers se *Die mens Langenhoven* (1939) en sy latere *C.L. Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (1960), Abel J. Coetzee se *C.M. van den Heever: Die wese van sy kuns* (1936), Ena Jansen se *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam* (1996), Riana Scheepers se *Koos Prinsloo, die skrywer en sy geskryfdes* (1998) en Johan van Wyk se *Gesig van die liefde, Ingrid Jonker* (1999).

Outobiografiese geskrifte waarin mindere of meerdere besonderhede van die outeurs se lewens verskaf word, is ook talryk. Enkele bekende voorbeelde is M.E.R. se *My beskeie deel* (1972), F.A. Venter se *Kambro-kind* (1979), P.H. Nortje se *Korsies van growwebrood* (1989), Breyten Breytenbach, onder die pseudoniem B.B. Lasarus, se *'n Seisoen in die paradys* (1976) en *The True Confessions of an Albino Terrorist* (1984) en André Letoit, onder die pseudoniem Koos A. Kombuis, se nogal guitige *Seks & drugs & boeremusiek* (2000). Hierdie werke vorm ook nie deel van hierdie studie nie, maar word slegs interessantheidshalwe genoem. Hierdie lys is ook nie 'n volledige register nie.

'n Besondere vorm van biografiese vertelling is die lewensroman, of *vie romancée*, wat in Afrikaans met sukses beoefen is deur Leon Rousseau, met werke soos *Marco Polo van Venesië* (1958) en *Die Florentyn* (1959), en veral Karel Schoeman met sy *Fransiskus van Assisi* (1965), *Die hart van die son* (1965), *Eroica* (1973) en *Lig in die donker* (1974). Ook hierdie werke val buite die bestek van dié studie en word net *obiter* genoem.

Afgesien van 'n literêr-teoretiese fundering en 'n beknopte historiese oorsig, val die fokus van hierdie studie dan primêr op die tekste van vyf skrywers: Totius se lewensverhaal van S.J. du Toit; Leon Rousseau se lewensbeskrywing van Eugène N. Marais; V.E. d'Assonville s'n oor Totius en S.J. du Toit; J.C. Kannemeyer se biografieë oor D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt; en J.C. Steyn se groot, tweedelige lewensverhaal van N.P. van Wyk Louw.

1.4 AKTUALITEIT

Die plek van die biografie as afsonderlike genre was deur die jare heen 'n strydvraag onder verskeie oorsese en plaaslike literatuurwetenskaplikes. Die biografie is al in die algemeen omskryf as “'n genre op die raakvlak van die geskiedskrywing en die literatuur” (*Ensiklopedie van die wêreld* (Deel 2), 1971:337). Hoewel daar aanvanklik gevoel is dat biografiese geskiedskrywing eerder op die terrein van die historiografie tuishoort, het dit geleidelik tot 'n afsonderlike genre in die literatuur ontwikkel (Kendall, 1988:195). Gaandeweg het hierdie genre baie populêr geword en, soos hierdie studie sal aantoon, veral sedert die 18de eeu 'n hoogbloei, eers in Engeland en daarna in die VSA, bereik.

Tans geniet die biografie in lande soos Groot-Brittanje, die VSA en die res van die Westerse wêreld 'n matige na hoë populêre en literêre aansien. In 1929, toe daar 'n geweldige opbloei van die biografie was, is daar in die VSA alleen 667 nuwe biografieë gepubliseer. In 1962 verskyn presies dieselfde aantal, hoewel die Amerikaanse bevolking met ongeveer 50% toegeneem het. In die oorwegend Engelssprekende lande van die wêreld het biografiese titels in die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare van die 20ste eeu ongeveer 5% van die jaarlikse uitset van boeke verteenwoordig (Kendall, 1988:202).

Tans word biografieë wêreldwyd oor haas enige onderwerp onder die son uitgegee. Die literêre biografie verteenwoordig slegs 'n baie klein gedeelte van hierdie mark, maar die potensiaal is groot - ook in Suid-Afrika, waar die eerste biografieë nie oor literêre figure nie, maar oor historiese subjekte gehandel het.⁸ Biografiese geskiedskrywing oor 'n Afrikaanse literêre figuur het, afgesien van korter oorsigte, lemmas in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* en 'n vroeë werk soos Totius se *Ds. S.J. du Toit in weg in werk* (1917), eers so laat as 1974 begin toe Leon Rousseau se omvattende en voortreflike lewensverhaal oor Eugène N. Marais, *Die groot verlange*, die lig sien. Daarna sou hierdie soort publikasie mekaar al hoe sneller begin opvolg.

Biografieë is nie net 'n beeld van die lewe van die betrokke subjek nie, maar bied ook 'n blik op sy of haar tyd; daarbenewens is dit dikwels die geskiedenis van 'n volk, of aspekte daarvan, en die kulturele en politieke lewe van 'n gemeenskap. In 'n multi-etniese land soos Suid-Afrika, kom dit my voor, word wedersydse begrip en agting vir en 'n (her)waardering van hierdie aspekte al hoe belangriker. In hierdie verband is dit insiggewend dat N.P. van Wyk Louw se kulturele en veral politieke sienswyses, soos dit in J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* aan die bod kom, meer as 30 jaar na sy dood nog steeds 'n basis vir die sogenaamde intellektuele gesprek bied, of ten minste

as ‘n stimulerende vertrekpunt gebruik kan word.

In dié lig gesien, kan die hoop uitgespreek word dat al hoe meer soortgelyke publikasies in Suid-Afrika sal verskyn en dat navorsers hulle toenemend met die bestudering van dié tekste besig sal hou en krities en vergelykend daarmee sal omgaan.

1.5 HIPOTEESES

In hierdie studie word die volgende drie hipoteses aan die hand gedoen:

As gevolg van die beperkte biografie-tradisie in Suid-Afrika moet daar vir die bepaling van standarde telkens teruggeval word op veral Engelse en Amerikaanse modelle.

In die tweede plek is een van die onvermydelike gevolge hiervan dat haas elke nuwe biografie oor ‘n Afrikaanse literêre figuur as “monumentaal,” “groots”, “indrukwekkend” of “die heel beste ooit” beskryf word.

Laastens is ‘n teoretiese onderbou en kennis van lewensbeskrywings in ander tale belangrik om moderne biografieë na behore te evalueer.

1.6 NAVORSINGSONTPLOOIING

In hoofstuk 2 word die belangrikste teoretiese spilpunte van die studie begrond. Naas enkele definisies word die kenmerke en struktuur van die biografie ondersoek, en daar word veral na die probleme van ‘n moderne biograaf gekyk.

Hoofstuk 3 val in nege hoofkomponente uiteen en bied ‘n oorsigtelike studie van die geskiedenis van biografiese geskiedskrywing vanaf die vroegste jare, tydens die Griekse en Romeinse beskawings, in die Middeleeue en die Renaissance en in die sestiende tot die twintigste eeu. Daar word ook na biografiese geskiedskrywing in die VSA gekyk. Hoewel dié navorsing reeds voorheen grootliks deur ander, veral buitelandse navorsers onderneem is, word dit nogtans hierby ingesluit ten einde die historiese ontwikkeling van die biografie in perspektief te stel. Daarsonder, glo ek, sou hierdie studie andersyds onvolledig wees, en andersyds is dit onontbeerlik vir ‘n behoorlike begrip van die ontwikkeling en bestudering van die literêre biografie in Afrikaans, wat die fokus van hierdie studie vorm.

Hoofstuk 4 is ‘n uitvloeisel van die teoretiese wegbereiding en terselfdertyd ‘n bevestiging van die verwysingsraamwerk van hoofstukke 2 en 3. Dit val in ses hoofkomponente uiteen en behandel,

ten aanvang, biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika. Daarna word daarna gekyk na die ontwikkeling van die literêre biografie in Suid-Afrika, en die vroegste voorbeeld daarvan in Afrikaans, dié van Totius oor S.J. du Toit, word bespreek. Die groot deurbraak in Afrikaans, Leon Rousseau se lewensverhaal van Eugène N. Marais, word breedvoerig behandel, en V.E. d'Assonville se biografieë oor Totius en S.J. du Toit word vergelykend ontleed. Die werklik groot biografieë van J.C. Kannemeyer - dié oor D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt - word indringend ontleed en aan die hand van enkele oorsese modelle bespreek. Daar word krities en vergelykend na Kannemeyer se werk gekyk en ook stilgestaan by die resepsiegeskiedenis van dié werke. Kannemeyer se *Die dokumente van Dertig*, wat 'n belangrike voorloper van J.C. Steyn se groot studie oor N.P. van Wyk Louw was, sy outobiografiese *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag*, waarin hy oor die ontstaan en wording van veral sy Opperman-biografie uitwei, en sy "literêre speurtog" na Peter Blum, *Wat het geword van Peter Blum?*, word ook bespreek. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking en evaluering van J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal*. Soos in die geval van Kannemeyer se oeuvre, word daar analities en vergelykend te werk gegaan, terwyl die resepsiegeskiedenis van Steyn se magistrale werk ook aandag geniet.

Hoofstuk 5 is 'n kort samevatting en slotbeskouing. Die hipoteses wat aan die begin van hierdie studie aan die hand gedoen is, word getoets, en 'n enkele voorstelle vir verdere navorsing word gemaak.

AANTEKENINGE

¹Hierdie mededeling van Kannemeyer is egter debatteerbaar. Hy het Totius se biografie oor sy vader, *Ds. S.J. du Toit in weg en werk*, wat reeds in 1917 verskyn het, buite rekening gelaat. Voorts kan ook M.P.O. Burgers se *Die mens Langenhoven* (1939) en sy latere *C.L. Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (1960) genoem word.

²Sedert 1993, toe hierdie mededelings die eerste keer oor die radio uitgesaai is, het J.C Kannemeyer se biografieë oor Langenhoven (1995) en Leipoldt (1999) verskyn.

³Soos Jan Fontijn, aangehaal deur Kannemeyer (1995d:1), dit tereg noem.

⁴Sien 4.5.5 e.v. vir volledige bespreking hiervan.

⁵Julie 2001.

⁶Aanvanklik in 1976 uitgegee onder die titel *Sunflower to the Sun*.

⁷Aanvanklik in verkorte vorm in 1948 uitgegee as *Leipoldt, eensame veelsydige*.

⁸Sien 4.1 hieronder.

HOOFTUK TWEE

DIE TEORIE VAN BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING

2.1 INLEIDING EN DEFINISIES

Die “biografie” - van die Grieks *Abios* (“lewe”) en “*graphein*” (“om te skryf”) - is volgens Grové (1988:16) “‘n lewensbeskrywing”. Die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (Schoonees *et al*, 1970: 418) en die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendal *et al*, 1994:88) omskryf [die] “biografie” ook bloot as [‘n] “lewensbeskrywing”. *The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles* (Little, Fowler & Coulson, 1933:180) se lemma oor “biography” lui soos volg: “[1.] The history of the lives of individual men, as a branch of literature. [2.] A written record of the life of an individual.” In die algemeen is die biografie ook al omskryf as “‘n genre op die raakvlak van die geskiedskrywing en die literatuur” (*Ensiklopedie van die wêreld* (Deel 2), 1971:337).

“‘n Biografie of lewensverhaal,” skryf Rousseau (1977:14), “begin by die hooffiguur se geboorte en eindig by sy dood.”

Dresden (1956:7) se siening sluit hierby aan wanneer hy die biografie omskryf as “het verhaal van een mensenleven”. Hierdie definisie is volgens hom (1956:7) op die oog af “een zo bekende banaliteit, dat men er nauwelijks bij hoeft stil te staan”.

Van Coller (1999a:8) wys daarop dat ‘n biografie gewoonlik omskryf word as ‘n volledige weergawe van ‘n persoon se lewe teen die agtergrond van ‘n historiese tydsnit wat ook verhelder behoort te word. Soms word daar verwys na ‘n “wetenskaplike biografie” (as die werk feitlik uitsluitend op historiese onaanvegbare gegewens berus). Is dit nie die geval nie, word daar eerder gepraat van ‘n “geromantiseerde biografie”. ‘n Interessante variant van laasgenoemde is die ongeoutoriseerde (en soms selfs bykans fiktiewe) weergawes van beroemdes so uiteenlopend soos die miljoenêr Howard Hughes en prinses Diana. Die term “psigologiese biografie” verwys na ‘n soort biografie waarin die subjek se psigologiese ontwikkeling baie klem kry; ‘n benadering wat besonder gewild is by die skryf van literêre biografieë.

Volgens Bond (1962:593^A) is die biografie “a narrative which seeks, consciously and artistically, to record the actions and recreate the personality of an individual life”. Hy skryf voorts: “Unlike history it deals with the individual; unlike fiction it records a life that has been actually lived. At the same time, the biographer shares with the historian a concern for truth to fact, and he shares with the novelist the ambition to create a work of art. Thus the great biographies of the world

are those which have presented their subjects as they were but which have gone beyond the mere collecting of facts to the creation of a living portrait. Biography is of perennial interest, partly because it deals with famous or notorious or interesting personalities, but more importantly because its subject matter is human nature. Hence biography as an art may legitimately deal with any individual life, provided it is made the vehicle for a penetrating analysis of human passions and human motives.”

Die soort biografie wat die meeste waarde het, skryf Samuel Johnson in een van sy “Idler”¹-essays, is dié “which tell not how any man became great, but how he was made happy; not how he lost the favour of his prince, but how he became discontented with himself” (aangehaal deur Bond, 1962:593^A).

Holmes (in Batchelor, 1995:15) beweer die biografie “is essentially, and by its very origins, disreputable. Its genius, and indeed its very genealogy, is impure. It was relished and attacked during its first popular flowering in the eighteenth-century, just as it is relished and attacked today. It has always had the doubtful status of a maverick or mongrel art, and that is precisely why it remains so active, so adaptable, so dangerous for all concerned: writers, subjects, readers, and most of all for critics who want to behave.”

Pinto (1951:11) gee die volgende omskrywing van dié genre: “As history biography should be the product of critical intelligence, detached curiosity, and the careful sifting and analysis of records. As literature it should have organic unity, and should satisfy standards of aesthetic judgment by its style and structure.”

Die bewering dat die biografie ‘n verhaal van ‘n mens se lewe is, lewer op sigself probleme op. Dresden (1956:7) sê self “dat het moeilijk zal vallen ‘een mensenleven’ nader te omschrijven en in zijn algemeenheid te karakteriseren” en “dat een biografie slechts mogelijk is in de vorm van een verhaal, en dat men zich dus dient af te vragen welke wetmatigheden in ieder verhaal besloten liggen. Eerst op deze wijze wordt het mogelijk in de structuur van de biografie en deze op rechtmatige gronden te onderscheiden van bijvoorbeeld de vie romancée en de historische roman.”

Wanneer Holmes (in Batchelor, 1995:15) na waarskynlik die twee suksesvolste biografieë in die Engelse taal verwys - James Boswell se *Life of Samuel Johnson, LL.D.* (1791), wat ná meer as 200 jaar nog nooit uit druk was nie, en Andrew Morton se *Diana: Her True Story* (1992) - kom die navorsers onder die indruk van die breë spektrum waarvoor biografiese geskiedskrywing inderdaad beweeg: van die esoteriese tot die banale; van hoogs akademiese dissertasies tot werke op ‘n populêre vlak wat primêr vir die massamark bestem is. Hierdie breë spektrum waarvoor die biografie beweeg,

en die vindingrykheid van die biograaf ten opsigte van sowel die eksterne besonderhede van 'n subjek se lewe as die intrinsieke aard daarvan, skep uiteraard heelwat probleme, waarop later uitvoeriger ingegaan sal word.

2.2 KENMERKE VAN 'N BIOGRAFIE

Van 'n suksesvolle biografie, skryf Kaplan (in Aaron, 1978:2-3), kan gesê word “that it is dramatically and psychological coherent - it makes sense, it is believable, it is a good story. The writer starts off with a number of givens - birth and death, education, ambition, conflict, milieu, work, relationship, accident. He shapes them into a book that has the autonomous vitality of any work of the imagination and at the same time is ‘true to life’ and true to history. In many respects biography is a feat of illusionism, sleight-of-hand, levitation; basic decisions and interpretations that appear to be the results of cautious deliberation are often made instantaneously in, and as part of, the act of writing [...]”

Vir Totius moet die biografie “opreg en onopgesmuk” wees, “nie dat die heimlike, ‘t sy goed of kwaad geopenbaar moet word nie. Die hart ken sy eie salwende vreugde of wrange droefheid, en ‘n vreemde moet nie daar probeer indring nie. Maar daar is ook sekere lewenservaringe waarvan ons die mededeling aan ons mede-strydgenote nie mag onthou nie” (Nienaber, 1962:9-10).

C. Louis Leipoldt (aangehaal in Kannemeyer, 1999c:vii) kom egter met 'n ruimer en meer wetenskaplike benadering as dié van Totius vorendag wanneer hy in 'n studie oor die digter John Keats² skryf: “The study of the life and associations of a writer must always possess and interest, which adds to and enhances the pleasure to be derived from his works. More especially is this study in-trinsically valuable where the case concerns the great poet. Environment in relation to its influence on the mind is not only interesting from a purely psychological point of view: it is equally instructive to the literary student who wishes to know the forces which moulded the thought, the impressions which stamped themselves indelibly on the memory of the master, and the associations which modified or broadened his views or cramped and stultified his methods of expression. These items of personal detail often afford valuable clues to the individuality of the man. They make a biography of the poet doubly absorbing to the student, because, in many instances, they furnish the key to problems which are otherwise vague, puzzling, or altogether incomprehensible.”

Aucamp (1998:98), in aansluiting by 'n uitspraak van Herman Charles Bosman, vereis dat 'n biograaf sy “onderwerp” moet “verraai”.

“Is dit een van die redes waarom daar so min beduidende biografieë is: omdat die moed tot verraad ontbreek?” vra Aucamp (*ibid.*).

“Of gestel die moed is wel daar, hoe oorkom die biograaf die waarskynlike teenstand van familie en vriende? Diesulkes het hulle eie beeld van die oorledene, en klou daaraan. Geen naaktfoto’s, metafories gesproke, sal geduld word nie, want dit mag moedervlekke en ander letsels openbaar. En so word die oorledene ingeëng tot Sondagskooldeugsaamheid, en bly hy ‘n ‘onderwerp’ wat smeek om verraad” (*ibid.*).

“‘n Model hoef natuurlik nie ‘n skurk te wees of hom aan al sewe doodsondes skuldig maak om interessant te wees nie,” skryf Aucamp (*ibid.*) voorts. “Wat ‘n mens van sy biograaf verwag, is bloot dit: dat die model na mens sal ruik, en al die teenstrydighede en hebbelikhede van die menseras sal registreer. Hy moet oortuigend *karakter* wees, soos in ‘n roman.”

‘n Verdere eis waaraan die biograaf moet hou as hy sy leser wil behou, meen Aucamp (1998:98-99), is dat hy die verwagtingslyn in die biografie gespan hou. As daar lewensbeskoulike elemente is, moet hulle oortuigend met die handeling geïntegreer word.

“Groot biografieë is skaars, selfs binne groot kulture en letterkundes,” voer Aucamp (1998:62) verder aan. “Dit is dus te verstane dat indrukwekkende biografieë met besondere aandag beloon sal word.” Twee sulke biografieë, meen Aucamp (*ibid.*), is Richard Ellmann se *Oscar Wilde* (1987) en Ian Gibson se *Federico García Lorca: A Life* (1989). Beide biografieë is die resultaat van dekades van bykans obsessionele toewyding en navorsing. Gibson het twintig jaar lank aan sy Lorca-biografie bestee, terwyl Ellmann ruim net so lank aan sy studie oor Wilde gewerk het.

Dit is dan ook, volgens Aucamp (*ibid.*), een rede waarom groot biografieë uitsonderlik is: ‘n biograaf moet gewillig wees om ‘n groot stuk van sy lewenspan aan ‘n enkele subjek af te staan.

‘n Verdere rede, meen Aucamp (*ibid.*), word nie altyd uitgespel nie, maar lê voor die hand: net ‘n groot gees kan ‘n ander groot gees na behore skat. Nie net moet die biograaf sy subjek se denkwêreld verower nie; daar moet ook ‘n temperamentele gelykgeskakeldheid tussen biograaf en subjek wees. Net ‘n geslypte ironis, betoog Aucamp (*ibid.*), durf byvoorbeeld ‘n Oscar Wilde benader.

“By grootheid van gees is hier inbegrepe nederigheid van gees,” skryf Aucamp (*ibid.*) verder. “‘n Biograaf wat patroniserend en hovaardig teenoor sy onderwerp is, skep maklik die indruk dat hy ‘n ekskuus gesoek het om homself uit te stal.”

In die vierde plek, voer Aucamp (1998:62-63) aan, moet ‘n biograaf goed kan skryf. “Groot biografieë word nie net as geskiedskrywing gelees nie, maar ook as belletrie, soos Mrs Gaskell se *The Life of Charlotte Brontë* nog altyd getuig; en Vasari se optekening van die groot Renaissance-kuns-

tenaars, Michelangelo by name, is meer as kultuurgeskiedenis: dis ook letterkunde. Dis beduidend dat die kritikus Paul Preston van Ian Gibson se biografie oor Lorca die volgende sê: ‘He has succeeded splendidly in a luminous work the thoroughness of whose research vies with the beauty of its prose.’“

Leonard (2000:10) gaan nog verder as Aucamp wanneer hy James Atlas se *Bellow: A Biography*³ in *The New York Times Book Review* resenseer en blatant verklaar: “About women, Moses Herzog⁴ told us: ‘They eat green salad and drink human blood.’ It is the same with biographers, who devour the brave hearts of the prey they stalk. Nor would the equally greedy readers of biographies want it in any other way - a cannibal feast of family dysfunction, vile apprenticeship, open wounds, big sores, closet secrets, love gone wrong, grief and grudge. Like Henderson the Rain King,⁵ we require ‘large and real’ emotions, plus every scrap of evidence before it’s shredded.”

Oor die deeglikheid waarmee Atlas te werk gegaan het [hy het byvoorbeeld langer as tien jaar aan die Bellow-biografie gewerk], laat Leonard (*ibid.*) hom soos volg uit: “However confounded, a biographer more scrupulous than Atlas is hard to imagine. He has been on the case like a federal marshal for more than a decade. [...] Almost everything I know about Bellow that I didn’t guess from reading him, I got from the encyclopedic Atlas.

“He has followed the spoor on its escape route - from Vilnius and the Pale of Settlement and the father fleeing the czar’s police; to the working-class melting pot of immigrant alloys on the muddy outskirts of Montreal, where the first New World Bellow was born, in 1915; to rude Chicago, snobby New York, disappointing Paris, ambivalent-making Jerusalem, ennobling Stockholm - and then Looped back again. He has read every draft of every essay, story, speech and novel (including theater chronicles for *Partisan Review* and movie reviews for *Horizon*); every letter dashed off by the touchy author (including heart-breakers to John Cheever and Cynthia Ozick); every previous stab at the St. Sebastian subject (Mark, Harris, Ruth Miller, Daniel Fuchs, Harriet Wasserman); and more than 50 years of criticism (by erstwhile friends, abiding enemies and what Bellow has variously referred to as the ‘third-rate vaudevillians’ of the daily press, ‘the reptiles of the literary establishment’, the ‘putty-headed academics’ and the ‘Ivy League catamites’).

“If you know Bellow and aren’t dead, Atlas will have talked to you. [...]”

“Biografie moet een van die moeilikste B en gevaarlikste B genres van die literatuur wees,” skryf Brink (1986:34). “Om jou uitsluitend op die uiterlik kontroleerbare feite te verlaat, laat jou met ‘n leë dop; om te verbeeldingryk die werk uit die lewe af te lees, lei tot wat Nabakov ‘psychoplagiarism’ genoem het. Te breed opgeset B ‘life and time of Y’ B raak die fokus diffuus en verloop dit;

te skerp toegespits n t op die ‘life’, verloor dit die relevansie van konteks.” Dit is selde, meen Brink (*ibid.*), dat daar in ‘n literatuur ‘n biograaf so geniaal soos Andr  Maurois na vore kom, wat naartige navorsing kan rym met die gloed van verbeelding en inspirasie.

Volgens Kannemeyer (aangehaal in Van Zyl, 2000:8) is “die objek van die literatuurstudie uit die aard van die saak die skeppende werk. Die objek van ‘n biografie is uiteindelik die mens, hier die besondere mens wat skep.”

Wat die biografie in Afrikaans betref, wys Aucamp (1998:63)⁶ daarop dat Afrikaans ‘n beperkte biografietradisie het en dat die biografie  wat ook belletristiese hoedanighede openbaar, op die vingers van een hand afgetel kan word: C.M. van den Heever se studie oor genl. Hertzog, Leon Rousseau studie oor Eug ne Marais en J.C. Kannemeyer se biografie oor D.J. Opperman.

2.3 STRUKTUUR VAN DIE BIOGRAFIE

In 2.1 hierbo is enkele definisies van die biografie gegee. Oor die struktuur van die biografie is egter nog nie veel ges  nie. Hoe lyk ‘n “geslaagde” of “suksesvolle” biografie dan? Wat is die aard, die vorm en inhoud daarvan?

S. Dresden gee in sy *De structuur van de biografie* (1956) ‘n logiese en bruikbare uiteensetting hiervan. In ‘n sestal hoofstukke kyk hy oorsigtelik  n indringend na aspekte soos die onderskeid tussen die biografie, die *vie romanc e* en die historiese roman, die verhouding tussen kuns en wetenskap soos dit in die biografie na vore kom, die biograaf en sy of haar werk, die styl en struktuur van ‘n biografie, die biografie as ‘n (lewens)portret en die sin van biografie  in die algemeen.

Wanneer Dresden (1956:7-31) onderskei tussen die biografie, die *vie romanc e* en die historiese roman, gee hy ter aanvang ‘n kernagtige definisie van ‘n biografie,⁷ en voer aan dat ‘n biografie slegs in die vorm van ‘n verhaal moontlik is.^{8,9} ‘n Fundamentele eienskap van die biografie - en d arin l  miskien die bekoorlikheid daarvan - is dat “een levend wezen [wordt] in zijn vrijheid verteld als een romanfiguur in zijn afgeslotenheid” (Dresden, 1956:15-16). Die “held” van ‘n biografie is meestal dood, “hij heeft zijn leven [...] afgesloten; hij is er niet meer en zal nooit meer zijn, kortom hij benadert in sterke mate de romanfiguur. Maar anderzijds is hij er wel geweest, hij heeft wel geleefd, hij heeft wel de menselijke vrijheid gekend. Zo ligt dus in de biografie een tegenstrijdige structuur besloten: enerzijds is haar held bijna een romanfiguur, over wie een verhaal mogelijk is, sterker nog: die alleen door en in het verhaal is; anderzijds heeft deze held,

onafhankelik van het verhaal, werke-lijk geleefd als een onvoorzienbaar menselijk wezen, waarvan zich geen beeld laat vormen, geen ver-haal vertellen. Daarbij kom nog, dat de genoemde onafhankelikheid van dit leven juist een moge-lijkheid vormt tot wetenschappelijke benadering van het te vertellen leven, aangezien het weten-schappelik verhaal, gelijk reeds bleek, een zelfstandige werklikheid in zijn verslag veronderstelt. De conclusie is gewettigd, dat die biografie ontspringt aan een bron, waar op vreemde wijze het verhaal over een 'levend' persoon, dat nauwelijks verhaal kan zijn, het verhaal over een romanfiguur, die alleen maar verhaal is, en het wetenschappelik betoog saamvloeien."

'n Mens sou hieruit kon aflei dat die biografie 'n onsuier of valse genre is, betoog Dresden (1956:16), maar terwyl die romansier, volgens sommiges, die "bijna goddelijke macht bezit ten aanzien van de door hem geschape figuren en met deze kan doen en laten wat hij wil, is daar bij die biograaf geen sprake van". Die biograaf is in sy verhaal gebonde aan 'n lewenswerklikheid waarop hy geen invloed meer kan hê nie. Daarby moet hy hou, dit orden en daarvan 'n verantwoordbare werklikheid maak. Sy werksaamhede vloei nie net uit een nie, maar uit verskillende strome voort, waarmee egter nie gesê word dat die biografie noodwendig "onsuier" is nie. Daar kan inteedeel beweer word dat die produk inderdaad ryper en vollediger is. (Dresden, 1956:16-17).

Die verskil tussen die ernstige biografie en die *vie romancée* kan nie gesoek word in die feit dat die biografie wetenskaplik is en die *vie romancée* nie; dat laasgenoemde uitsluitlik verhaal en byna roman is en die biografie glad nie. Volgens Dresden (1956:17) kan die verskil tussen die twee genres slegs lê in die wyse waarop die bestanddele (verhaal en wetenskap) gemeng word.

Die beoefening van die *vie romancée* het in die laaste helfte van die 19de eeu begin, maar voorstanders van ernstige, objektiewe geskiedskrywing het sterk beswaar gemaak teen die romansiers soos Sainte-Beuve se verfraaiing van die werklikheid en die weglating van sekere (historiese) fragmente. Aanvanklik het die *vie romancée* dan ook min verdedigers en weinig beoefenaars gehad. Eers deur die toetrede van biograwe soos Lytton Strachey, Stefan Zweig, Emil Ludwig en André Maurois het die *vie romancée* 'n alledaagse verskynsel geword en aansienlike populariteit begin geniet. Ernstige vakhistorici het velerlei beswaar aangeteken teen dit wat hulle 'n profanisering van egte ge-skiedskrywing genoem het. Talle van hierdie besware was egter nie-literêr en onwetenskaplik van aard, soos byvoorbeeld jaloesie oor veel groter drukoplae (Dresden, 1956:17-19). Volgens Romein (1946:118) was "pure behoudzucht" en politieke faktore ook daarby betrokke.

Romein (1946:91-92) ondersoek ook enkele belangrike verskille tussen die biografie en die *vie*

romancée, maar verwerp laasgenoemde term omdat hy meen dat dit, spesifiek as gevolg van aanvalle deur die historici, ‘n negatiewe konnotasie verkry het. Dit beteken egter nie dat die term “moderne biografie” altyd in ‘n gunstige lig beskou moet word nie. Dresden (1956:25) wys daarop dat net soos die vakhistorici, waarskynlik ten onregte, die term *vie romancée* verwerp het, Romein daarvan oortuig was dat die term “moderne biografie” beter is as die “oue”.

Die meeste teenswoordige lewensbeskrywings is dikwels “een gecompliceerd beeld van de held ontwerpen,” skryf Dresden (1956:28-29). “Zo gecompliceerd is het dikwijls geworden, dat men nauwelijks meer het woord ‘beeld’ durft uit te spreken en er eerder aan een verward mozaïek van onderling onsamehangende deeltjes gedacht moet worden. Het ‘vergruisde beeld’ [...] is [...] een gangbaar begrip, dat ook op de moderne biografie toegepast zou kunnen worden. Het is ‘in de mode’, het is één voorbeeld uit vele van onze bevangenheid. Bovendien echter brengt het op vreemdsoortige wijze de moderne biografie dicht by de zo verafschuwde serieuze, wetenschappelijke van de vakhistorici. Wat deze laatste immers ontbrak, was verbeelding! Zij beperkt zich tot een droog opsommen der feiten, tot een minutieuze beoordeling der documenten, tot een verhaal, dat alle kwaliteiten van de roman mist, kortom zij komt moeilijk tot een beeld of tot een slecht beeld. Door een grote en naar het wel schijnt gerechtvaardigde nadruk te leggen op de complexe hoedanigheden [...] komt de moderne biografie dikwijls evenmin meer aan een werkelijk beeld toe. Zo richt zich het verwijt, dat de ou-de biografie gedaan werd, ook tegen de nieuwe. [...] Kortom, dat er geen wezenlijk verschil is tussen oude en moderne biografie. [...] Het biografisch verhaal blijft in *vie romancée* en in biografie wat het reeds door de fenomenologische beschrijving bleek te zijn: een vermenging [...] van wetenschap en kunst, een moeilijk bereikbare eenheid van verschillende componenten.”

Derhalwe, besluit Dresden (1956:30), bestaan daar “geen zuivere oude biografie” nie, ook “geen zuivere *vie romancée*” nie; “er bestaan alleen goede en slechte biografieën”.

Hierdie onderskeid, wil dit my voorkom, het met verloop van jare ‘n belangrike betekenisverandering ondergaan. Tans val die klem in die geval van die hedendaagse lewensroman of *vie romancée* meer op die romanmatige verhaal, terwyl die *vie romancée* soos beoefen deur Strachey, Zweig, Ludwig, Maurois en latere biograwe al hoe meer sy beslag as die “moderne biografie” gevind het.

Een van die mees tradisionele onderwerpe wat by die meeste literêre studies oor die biografie ingesluit word, is die verhouding in hierdie genre tussen kuns en wetenskap. ‘n Mens sou kon rede-neer dat daar in die meeste biografieë ‘n tekort aan wetenskap en ‘n oordaad aan literatuur is. In hier-die geval word met “literatuur” die resultaat of gevolg van fantasie en verbeelding bedoel.

Dresden, (1956:32-63) behandel hierdie onderwerp breedvoerig en wys daarop dat beelding in die geval van “de oude biografie” ontbreek het en dat dit suiwer wetenskap was. “Door echter de tegenstelling wetenschap-kunst als vaststaand en onmiddellijk evident te aanvaarden, is heel goed mogelijk, dat het probleem, waarvoor wij ons hier gesteld zien, vervalst wordt en onoplosbaar blijk te zijn. Het is dus noodzakelijk na te gaan, of er inderdaad tussen wetenschap en kunst een onoverbrugbare teenstelling bestaat, of zij (zoals wel beweerd is) elkaar zelfs uitsluiten.”

Dresden (1956:32-33) verwys na die Franse biograaf en teoretikus André Maurois se *Aspects de la biographie* (1928), waarin Maurois onder meer oor “biographie comme oeuvre d’art” en “biographie considérée comme science” ‘n helder uiteensetting van hierdie aspekte gee en tot die gevolgtrekking kom dat ‘n skeiding tussen kuns en wetenskap moontlik is, maar huiwerig is om dit toe te pas. “In zekere zin wil Maurois scheid en niet scheid en, of [...] wel onderscheiden maar niet scheid en.”

Vir Dresden (1956:33) is die vraag egter of ‘n mens hoegenaamd kan onderskei, selfs al is Maurois se “aarseling” duidelik en waarskynlik kenmerkend van hierdie genre.

De Sola Pinto (1951:11) se omskrywing van dié genre, soos reeds in 2.1 hierbo genoem, werp miskien meer lig op hierdie probleem: “As history biography should be the product of critical intelligence, detached curiosity, and the careful sifting and analysis of records. As literature it should have organic unity, and should satisfy standards of aesthetic judgment by its style and structure.”

Dresden (1956:33) meen dat De Sola Pinto se omskrywing ‘n kombinasie moontlik maak, “maar de scheiding is toch voltrokken en bovendien worden min of meer nauwkeurig de eigenschappen waaraan wetenschap en kunst dienen te voldoen, aangegeven. Wat onjuist is, ligt voornamelijk hierin, dat de auteur zich niet verplicht acht in te gaan allereerst op de vraag òf gescheiden kan worden en vervolgens op de verschillende karakteristieke trekken, die hij opsomt.” Met ‘n klein bietjie verbeelding, betoog hy, is dit moontlik om die woorde “geskiedenis” en “literatuur” in De Sola Pinto se omskrywing om te ruil! “Ook al gaat dit misschien iets te ver, het is niet te betwisten, dat de ge-noemde eigenschappen hier eenvoudig toegekend worden aan wetenschap en aan kunst, zonder dat aan een nadere rechtvaardiging gedacht wordt” (Dresden, 1956:33-34).

Vir die toekoms van die biografie voorspel Nicolson (1933:110) reeds in die vroeë dertigerjare van die vorige eeu ‘n veel skerper, selfs absolute skeiding tussen wetenskap en kuns. Toe was die situasie volgens hom soos volg: “[...] the art of biography is intellectual and not emotional. [...] The moment [...] that any emotion (such as reverence, affection, ethical desires, religious belief) intrudes upon the composition of a biography, that biography was doomed.” Aangesien wetenskap intellek-

tueel en kuns emosioneel is - 'n opvatting wat nie noodwendig korrek is nie - voorsien Nicolson (1933:154) 'n skeiding van die twee belange. "Scientific biography will become specialised and technical", terwyl die literêre element in die een of ander rigting gestuur sal word en "wander off into the imaginative" (Nicolson, 1933:155).

Hierdie soort voorspelling, kom dit my voor, lyk gevaarlik, aangesien geeneen van Nicolson se twee soorte biografieë voldoen aan dit wat in die algemeen onder 'n "lewensbeskrywing" verstaan word nie. 'n Sinvolle kombinasie is, op die keper beskou, waarskynlik die aangewese oplossing.

Dresden (1956:64-106) ondersoek ook indringend die verband tussen die biograaf en sy of haar werk. Hy wys aanvanklik op die verhouding tussen die biografie en ander genres ten einde oor die struktuur van die biografie te besin.

In verreweg die meeste biografieë is die "held" wat beskryf word, of subjek van die biografie, reeds dood. Die meeste teoretici wat hulle met hierdie genre besig hou, is volgens Dresden (1956:64) ook die mening toegedaan "dat alleen over een dode een goede biografie geschreven kan worden".¹⁰ Hoewel hierdie eensgesindheid verbasing uitlok, is die redes daarvoor ewe verbasend. Is die held dood, word daar aldus Maurois "un singulier voile d'apaisement et de sérénité"¹¹ oor sy lewe getrek. "Eventuele 'indiscreties' zijn minder schrijnend dan bij een levende figuur het geval zou zijn, en men staat bovendien vrijer tegenover het leven van een dode." Dresden (*ibid.*) wys ook daarop dat ander teoretici soos Lee, Mahrholz en Romein dit hiermee met Maurois eens is, maar die feit benadruk dat "de dood een voltooiing van het leven brengt, zodat er geen veranderingen meer mogelijk zijn in dit leven, terwijl bovendien de onbevangenheid van de biograaf bij een levend persoon bemoeilijk wordt."

Die vraag of die dood inderdaad die lewe voltooi, met ander woorde of die dood deel van die lewe uitmaak en dus in 'n biografie tuishoort, word meermale deur die teoretici gevra. Aangesien van die "wetenskaplike ongewenstheid" om oor 'n nog lewende persoon te skryf, is daar volgens 'n skrywer soos Jan Romein ook die estetiese aspek: as kunswerk moet die biografie 'n afgeronde geheel wees, en slegs die dood rond die betrokke subjek se lewe af. Dresden (1956:65), met verwysing na Heidegger en Sartre, wys op allerlei filosofiese aspekte en meen dat "de moeilijkheid ligt [...] in de bijna onoverkomelijke drang der levenden om in het einde ook voleinding te zien". Deur die dood neem die lewe 'n bepaalde patroon aan en ontstaan 'n geheel wat nie meer gewysig kan word nie.

Hierdeur word die biograaf in 'n vreemde posisie teenoor sy subjek gestel. "Is het niet onvermijdelijk," vra Dresden (1956:66) "dat de biograaf altijd meer weet dan zijn held?" Daarmee bedoel Dresden nie iets soos byvoorbeeld jeugfeite of ander besonderhede wat betreklik maklik aan die

hand van dokumentasie agterhaal kan word nie, maar ‘n wesentliche verskil tussen biograaf en subjek. “De biograaf weet namelijk altijd hoe het leven van zijn held afloopt, terwijl deze zelf er geen oogenblik tevoren van op de hoogte was.”

Omdat hy sowel begin as einde ken, word die biograaf in ‘n geprivilegieerde posisie teenoor sy subjek gestel. Heel dikwels weet die biograaf meer van die lewe van sy subjek af as wat dit vir laasgenoemde self moontlik kon gewees het! Dresden (1956:67-68) voer aan dat dit “aangenamer” vir ‘n biograaf is om eerder te veel as te min van sy subjek af te weet, maar waarsku dat hy voortdurend op sy hoede moet wees om nie weens sy groot kennis ‘n beeld te skep wat, byvoorbeeld, nie ooreenkom met die periode wat hy beskryf nie. Dit plaas die biograaf in die paradoksale posisie dat hy enersyds so veel as moontlik van sy subjek moet weet en dit in ‘n afgeronde geheel moet aanbied - wat hy ook kán doen omdat die geheel wat hy beskryf tot die verlede behoort - maar andersyds sorg dra “dat in dit verhaal de toekomst van de held (die voor de biograaf verleden is!) ook toekomst voor hem blijft, zodat hij genoodzaakt is te doen, alsof hij niet weet wat hij weet. [...] De toekomst van de held dient dan *open* te blijven, hoewel de biograaf deze reeds kent en in feite ook al gesloten heeft. Alleen op deze wijze immers kan hij tot een afgerond verhaal komen.”

Die algemene persepsie bestaan dat ‘n biograaf sy subjek se verhaal chronologies vertel. “[...] de biograaf [moet] een streng chronologische volgorde in acht nemen”, skryf Romein (1946:190). Vir Dresden (1956:68-69) is dit feitlik vanselfsprekend: “[...] het leven heeft zich nu eenmaal van een begin naar een einde afgespeeld en neemt men de chronologische orde niet streng in acht, dan zou het immers onmogelijk worden een bepaalde ontwikkeling, bepaalde oorzaken en gevolgen, zekere invloeden en hun resultaten na te gaan en naar waarde te schatten. [...] voor zover het de tegenwoordige biografie betreft, geen sprake van kan zijn, dat de biograaf de chronologie van zijn held niet zou moeten kennen”.

Die verhouding tussen biograaf en subjek is verder van kardinale belang. Romein (1946:44; 104; en 137) praat van ‘n persoonlike bekendheid van die biograaf met sy subjek en selfs ‘n sekere graad van sielsverwantskap, “vrye houding” en afstand.

“Between the biographer and his subject,” skryf Edel (1957:7), “there is established from the outset a significant relationship [...] It is a relationship deeply intimate and highly subjective.”

André Maurois, wat onder meer ‘n biografie oor Shelley (1923) geskryf het, sê dat hy in Shelley ‘n spieël vir sy eie jeugdige emosies gevind het. “It seems to me indeed,” skryf hy, “that to tell the story of this life would be a way of liberating me from myself” (aangehaal in Edel, 1957:8).

Ook Dresden (1956:84-86) praat ook van ‘n bepaalde afstand én simpatie wat die biograaf ten

aansien van sy subjek inneem, maar wys daarop dat hierdie begrippe voorheen nog nie behoorlik geanaliseer is nie. Afstand word vereis, betoog hy (*ibid.*), “omdat alleen daardoor de biograaf een objektief overzicht kan krijgen van zijn held, en meestal is er dan sprake van een afstand in de tijd. [...] Deze afstand in de tijd is niet van belang; wat men schijnt te kunnen eisen, is een psychische afstand. [...] De verhouding van de biograaf tot zijn held moet gezien worden als een verschijnsel van psychische spanning en zou, indien het mogelijk ware, uitgedrukt moeten worden in termen van intensiteit.”

Voorts, skryf Dresden (1956:86), “[voert] de biograaf met zijn held een gespannen spel van weten en niet weten, van hebben en zijn. In dit spel is een begrip als afstand irrelevant. Wat men wel kan constateren, is ongetwijfeld dat dit spel niet altijd dezelfde intensiteit vertoont, dat het zelfs zijn karakter van spel wel eens verliest en tijdelijk opgaat in alleen maar weten of zelfs in alleen maar zijn. In dat geval is het spel opgeheven en overgegaan in één van zijn polen. Maar de biograaf speelt tussen beide; alleen daardoor kan hij zijn held ‘volgen’ en zijn werk verrichten.”

Dit is verder belangrik hoe die biograaf sy subjek se lewe as ‘n afgeronde geheel en as ‘n onvoorsienbare menselewe weergee. “Daartoe is uiteraard een zeker spel in de uitdrukking onvermijdelijk,” skryf Dresden (1956:86-87), “en het is voornamelijk in de ironie, dat men een dergelijk in al zijn beweeglijkheid vindt. [...] Dreigt er reeds een misverstand te ontstaan wanneer men het begrip spel in de biografische werkzaamheid invoert, nog meer zal dat het geval zijn nu daaraan en als gevolg daarvan het woord ironie wordt toegevoegd. Men is immers maar al te snel geneigd, iedere ironische uitspraak als niet serieus te beschouwen, als niet werkelijk gemeend en echt bedoeld. Inderdaad zegt de ironische uitspraak veelal wat zij nie bedoelt en bedoelt zij wat niet gezegd wordt. Maar zij doet dit op een zodanige wijze, dat zij als ironisch begrepen kan worden, met het gevolg dat een bepaalde vorm van ernst en eerlijkheid haar niet ontzegd kan worden. In ieder geval is de relatie tussen ironie en eerlijkheid belangrijk moeilijker vas te stellen dan in het aanvaarden van een simpele tegenstelling veronderstelt wordt.”

Dresden (1956:96-99) wys ook op die onderskeid tussen belangrike sake en detail, tussen wessentlike verskynsels en bykomstighede. Uit sy bespreking kan die afleiding gemaak word dat “ieder detail de zin van het leven bevat en kan onthullen” (Dresden, 1956:100).

In noue aansluiting hierby is die indiskresie wat biograwe meermale aan die dag lê. “Inderdaad,” skryf Dresden (*ibid.*), “schijnt het dikwijls alsof hy ten onrechte doordringt in die meest verborgen geheimen, in de meest onsmakelijke details van het leven van zijn held. De vraag, die men naar aanleiding daarvan altijd weer hoort stellen, is naar de rechtmatigheid van deze werkwijze. Het is

[...] zonder meer duidelijk, dat enig etisch vooroordeel hierbij uitgesloten dient te worden. Het leven van de held behoeft geen heiligenleven te zijn, wil het toch waard zijn beschreven te worden. En aangezien iedere biografie tot in het wezen van de held moet doordringen, is het niet onmogelijk, dat er vele en onsmakelijke bijzonderheden te voorschijn komen.”

“As the study of individuals,” skryf De Sola Pinto (1951:11), “it [die biografie] should be informal and intimate, though opinions will differ as to the degree of frankness which is permissible, or desirable, in a biography.”

Vir Hyman (1952:120) is indiskresies slegs aanvaarbaar as dit “relevant information” bevat. Hy kwalifiseer hierdie stelling nie verder nie, en die vraag kan gevra word: relevant ten opsigte van wat? Dresden (1956:101) vra byvoorbeeld “of het noodzakelijk is het leven van een auteur te kennen als men diens werken wil berijpen.” In so ‘n geval, meen Dresden (*ibid.*), “zijn alle biografische mede-delingen overbodig, zodat men van een absolute irrelevantie sou kunnen spreken. In een biografie echter is geen enkel detail overbodig, zodat welke informatie dan ook altijd van belang heeft. Misschien is het inderdaad niet noodzakelijk, alle liefdesgeschiedenissen van Victor Hugo nauwkeurig te kennen, als men zijn oeuvre wil begrijpen, maar zeker dient men er van op de hoogte zijn, als men zijn leven wil kennen. En dit laatste wil de biografie!”

Daar kan aangevoer word, meen Dresden (*ibid.*), dat ‘n biografie nie hoef te openbaar “wat de held dikwijls angstvallig verborgen hield. Behalve dat de morele reacties op dergelijke publicaties dikwijls geheel verschillend zijn, sou men kunnen opmerken, dat de held allerlei zaken verborgen hield uit sociale of andere praktische overwegingen. Overwegingen waarmede de biograaf in feite niets meer te maken heeft, aangezien zijn gehele werk slechts op één doel gericht is: het kennen en doen kennen van zijn held.”

Dresden (1956:101-103) wys verder op biograawe se gebruik van intieme dokumente, soos dagboeke, korrespondensie en selfs outobiografieë, van hul subjekte. Ook wat hierdie “indiskresie” betref, het die biograaf die volste reg om gebruik te maak van alles wat hy goed ag om sy subjek te verduidelik. Daar is egter ‘n gevaar aan hierdie soort dokumente verbonde. Hoewel dit mag voorkom asof die subjek hom juis in hierdie tipe dokumente openbaar, het skrywers soos Romein (1946:201) reeds daarop gewys dat dit dikwels slegs skyn is. In sy briewe rig die subjek hom altyd tot iemand, en dit is dan nie onmoontlik dat sy korrespondensie op ‘n bepaalde wyse gekleur word nie. Dit is nie maklik om die verskillende kleurskakerings na waarde te skat nie. Ook dagboeke skep probleme. Dresden (1956:102) wys daarop dat dagboeke “een onvermijdelijke psychologische onechtheid” bevat wat dit vir ‘n biograaf moeilik maak om die juiste betekenis van sy subjek se

inskrywings te agterhaal.

Die biograaf wil sy subjek begryp. Deur dit te kan doen, “tracht hij door te dringen in zijn leven en streeft hij er naar zijn held te hebben en te zijn, de verschillende gegevens te verwerken en vervolgens weer te geven. Het kennen van de biograaf is niet alleen een resultaat van de verwerking en interpretatie der objectieve gegevens; het is tevens het gevolg van een symbolisch samenvallen het leven van de held zoals het geleefd is. Daardoor is de biografie het voorlopig eindpunt van een spel, waarin feiten uit verschillende psychische vlakken in onderlinge spanning bewerkt worden. De ironie is eigenlijk niets anders dan deze bewerking, die tot het gestelde doel, het schrijven van de biografie, moet voeren en de mogelijkheden daartoe moet scheppen” (Dresden, 1956:103-104).

Dus, besluit Dresden (1956:104), kan daar geen sprake wees dat die biograaf sy subjek “als een object bezit” nie en dat die biograaf sy subjek “nooit werkelyk en alleen maar kent”. Sy werk eis tegelykertyd meer én minder van hom: “Minder in de zin, dat hy zijn object niet ‘heeft’ beheerst en er niet mee kan doen wat hy wil. Meer in de betekenis, dat hij zicht met het object als subject op bepaalde wijze één weet.”

Laasgenoemde stelling impliseer dat die biograaf sy subjek ook “ken”. Watter mens kan egter pretendeer dat hy iemand anders “ken”? vra Dresden (*ibid.*) tereg. “En wat verstaat hij daaronder? Is het niet zo, dat een biograaf alleen dan zijn held doet kennen, wanneer hy hem zijn persoonlyke vryheid, zijn menselyke subjectiviteit laat behouden? Zijn verhaal moet eiginlyk doen uitkomen, dat een verhaal over een menselven, zoals het geleefd is, onmogelyk is; dat hij wel moet afronden wat misschien niet voltooid was, kortom dat zijn verhaal tegelyk echt is en gelogen, dat alle levensfeiten in het verhaal waar zijn, maar dat het leven geen verhaal was.”

Hierin lê die paradoksale werksaamheid van die moderne biograaf opgesluit. Die gevolg is dat die biografie ‘n ambivalente of tweeslagtige genre is, waarin, in Dresden (1956:105) se woorde, “het verleden schijnbaar weer tot heden wordt gebracht, een werkelyk leven verteld en niet geleefd wordt”.

Die doel van ‘n biograaf is onder meer om sy subjek te begryp en ‘n beeld te gee van die verlede werklikheid soos hy dit sien. Om dit te kan doen, moet hy aan verskillende eise voldoen (Dresden, 1956:107).

Van kardinale belang is die styl en die struktuur wat ‘n biograaf in sy of haar lewensbeskrywing aanwend. Dresden (1956:107-166), en ander teoretici, behandel hierdie aspekte breedvoerig. Vir doeleindes van hierdie studie is ‘n omvattende bespreking onnodig en kan daar slegs by enkele aspekte daarvan stilgestaan word.

Die subjek van enige biografie was aan sekere invloede blootgestel, het in bepaalde omstandighede in 'n bekende of herkenbare milieu geleef en op 'n sekere wyse ontwikkel wat in sy werk nagegaan kan word. Hieroor bestaan daar uiteraard gegewens en die biograaf gebruik dit om sy biografie te bou. Hierdie gegewens is uit verskeie oorde of van verskillende bronne afkomstig.

Derhalwe beskik 'n biograaf oor 'n sekere aantal feite wat deur en oor sy subjek verskaf is. Die vraag is nou wat hy daarmee kan doen. "Ongetwyfeld moet hij ze alle zo goed mogelijk kennen en bezitten, hy moet alle beschikbare feite 'hebben'. Vervolgens kan hij ze achter elkaar opsommen," meen Dresden (1956:113-114). Daarna moet hy die feite in 'n sekere, verkieslik chronologiese volgorde plaas. Die vraag is wát bereik hy daardeur? "Toch niets anders dan een verzameling van alles wat bekend is omtrent de held [...], een artikel dat in een encyclopedie thuishoort [...] maar géén biografie. De lezer zou dan een overzicht krijgen van het leven van de held, maar geen enkel inzicht. Hij zou zelfs alleen op goed gezag van de biograaf moeten aannemen, dat de beschreven held ook inderdaad geleefd heeft, want alleen door de verzameling van feiten, die hem geboden wordt, is hij niet in staat, tot deze zekerheid of tot enig begrip van het leven waaruit deze feiten voortvloeien te geraken" (Dresden, 1956:114).

Hieruit blyk dit duidelik dat 'n uitsluitlike opsomming van feite geen werklike beskrywing van die lewe van die subjek is en dat 'n biograaf nie met 'n blote versameling van feite tevrede kan wees nie. Dit vorm wel die uitgangspunt of basis van 'n biografie, maar is nie die biografie op sigself nie. Die biograaf moet betekenis aan die feite gee, maar terselfdertyd neutraal bly (Dresden, 1956:116).

Oorspronklikheid van aanbieding, die noukeurigheid waarmee die biograaf sy feite en bronne nagevors het, die uitwys van sekere invloede en 'n besondere milieu op die lewe en werk van sy subjek is bepaalde en bepaalbare faktore wat die biograaf by die skryf van sy biografie in ag moet neem. Dresden (1956:146) wys ook daarop dat die biograaf sy subjek se lewe "niet op een beperkt intellectuele wijze" moet begryp nie. Kortom, skryf Dresden (1956:148), "in de biografie [is] altijd een gestructureerde persoon aanwezig, dat deze structuur uit het leven zelf van de held voortvloeit en dus ook in de leven aanwezig was".

In sy benadering van sy subjek vind die biograaf 'n bepaalde struktuur: 'n bepaalde opbou en 'n bepaalde geleding van sy subjek. "Hij maak als het ware een dwarsdoorsnede van het leven, en kan zicht daarbij voorlopig niet bekommeren om verleden of toekomst van dat leven. Hij tracht uit de gegevens, die hij heeft omtrent een bepaalde gebeurtenis, tot de zin van deze gebeurtenis dat wil zeggen tot haar psychologische structuur te geraken. Daarbij is dus geen onderscheid te maken tussen inhoud en vorm, aangezien de biograaf [...] teenover een gevormde inhoud staat. Evenmin is

het hem mogelijk te onderscheiden tussen het innerlijk en het uiterlijk leven van zijn held, aangezien iedere structuur een innerlijk in het uiterlijk is.” Die structuur wat die biograaf in sy subjek vind, skryf Dresden (1956:150), verder, “heeft een zekere articulatie, een zekere stijl, zodat een deel van de taak, die de biograaf heeft, te vergelyken is met het werk van de stilisticus”. Die bestek van hierdie studie behoef nie ‘n uitvoerige bespreking van hierdie aspek nie. Dresden (1956:150-164) bespreek dit egter breedvoerig en kom tot die gevolgtrekking dat die biograaf “een open structuur, een labyrintisch geheel, een beweeglijke stijl tot uitdrukking brengen. Hy mag niet van de feiten afwijken, maar kan niet anders doen dan deze feiten interpreteren. Hy moet een beeld ontwerpen, dat niet afgerond mag zijn en toch als een beeld afgerond is.”

Die vraag is egter op welke wyse kan die biograaf aan hierdie paradoksale taak voldoen.

Dresden (1956:167-199) skryf ook uitvoerig oor die biografie as 'n (lewens) portret en wys daarop dat die werk van die biograaf, nes die biografie op sigself, paradoksaal van aard is. “Wil de biograaf zijn held werklik benaderen, dan moet hij diens leven ‘hebben’ en ‘zijn’. Om aan deze gelijktijdige eis te voldoen, dient hij een zekere afstand ten opzichte van beide, dat wil zeggen een gespannen ironisch spel ten aanzien van deze zich self, te handhaven” (Dresden, 1956:157). Boonop is die biograaf verplig om die strukture wat hy ondersoek, nie af te sluit nie, omdat die lewe van sy subjek daarmee afgesluit sou word. Ten slotte moet die biografie tot ‘n afgeronde geheel ontwikkel.

Soos in die geval van ‘n historiese beeld waar ‘n tekening van die verlede werklikheid in woorde weergegee word, betoog Dresden (1956:175), word die werklikheid van ‘n individu in woorde geskilder. Die portret is ongetwyfeld maar slegs ‘n benadering, maar nogtans ‘n toereikende manier om die menslike struktuur weer te gee en af te beeld. Net soos struktuur, is “dit portret niet af en zelfs niet voltooibaar; desondanks vertoont het portret een eenheid, die overigens niet gesloten is en die bereikt wordt door de convergentie der gebruikte hulpmiddelen (Dresden, 1956:176). ‘n Mens kan ook nie vaste gevolgtrekkings uit die portret aflei nie, omdat die struktuur daarvan self nie vas is nie. “Volgens een enge opvatting der wetenschap is het biografisch portret daarom minder bevredigend en veeleer artistiek te noemen. In werklikheid is dit geenzins het geval en kan alleen een dergelijk portret wetenschappelijk en artistiek bevredigend genoemd worden” (Dresden, 1956:176-177).

Die literêre portret in die algemeen en die biografiese portret in die besonder het ‘n lang tradisie. Die vergelyking van ‘n biograaf met ‘n portretskilder kom reeds voor by Plutarchus in sy inleiding by sy lewensbeskrywings van Julius Caesar en Alexander die Grote (Dresden, 1956:177). By die lewensbeskrywings van Lytton Strachey is dit van die grootste belang. Strachey lê die durf aan die dag

om sy subjek se lewe nie volslae chronologies te volg nie, en dus ook nie absoluut volledig te wees nie. Hieroor laat hy homself in die voorwoord van sy *Eminent Victorians* (1918) soos volg uit: “For ignorance is the first requisite of the historian - ignorance, which simplifies and clarifies, which selects and omits [...]” (Strachey, 1969:vii). As reaksie op sy voorgangers wat alles wou sê, begin Strachey sy studie deur verskoning vir onkunde te vra! In aansluiting hierby betoog Dresden (1956: 183) dan ook dat slegs diegene wat baie feite ken, dit kan bekostig om sekeres te verwaarloos! Bowendien wil Strachey “in zijn biografie niet alle feiten kennen, omdat hij deze niet alle nodig heeft. Zijn bedoeling is [...] een structurele beschrijving te geven van zijn held en op deze wijze door een portret inzicht te verschaffen. Of dit inzicht juist is, doet [...] niet [...] ter zake, en evenmin dat hij dit inzicht dikwijls forceerde met historisch niet verantwoorde middelen. Hy heeft ondanks alles een portretterende biografie in ere hersteld!” (*ibid.*).

Elke portret, skryf Dresden (1956:187), is dan ook simbolies van die betrokke subjek se hele lewe. “Zoals de schoenen van Van Gogh meer zijn dan alleen maar schoenen, zoals de bloemen van Renoir niet alleen maar bloemen voorstellen, zo is het portret niet slechts de weergave van een enkel ogenblik van het leven, van een fragment, maar tevens resonantie van dit leven en inzicht in de struktuur van het individu. Als symbool doet het portret *alsof* het het gehele leven is; het maak alles wat afwezig is toch op geheimzinnige wijze aanwezig; het weet alles wat innerlijk en verborgen is in het uiterlijk te brengen, zodat een onderscheid tussen beide geen enkele zin meer heeft. Door de kracht der suggestie is het veel meer dan het is en lijkt het te worden tot een overzicht van het leven der persoon.”

Verder moet die geskrewe portret méér bevat as slegs maar net die weergawe van ‘n bepaalde periode (Dresden, 1956:188-189). “In iedere structuurbeschrijven moet als het ware het gehele leven reeds meeklinken. Dat daarenboven het leven van de held in de tijd door het biografisch verhaal gevolgd kan worden, is een voordeel waaraan geen biograaf zich sou mogen of zou willen onttrekken.”

In die biografie is die subjek aanwesig-afwesig. “[...] hij is er niet en toch is hy misschien meer, in ieder geval anders, dan hij in werkelijkheid ooit geweest zou zijn”, skryf Dresden (1956:190). “Zijn verhaald leven dringt sneller en onmiddellijker tot de lezer door dan anders het geval zou zijn. Zo snel en volledig, dat deze meent het leven te begripen en bezitten. Maar het blijft toch ook het leven van een vreemde en vreemd.”

Die portret wat die biograaf skep, is paradoksaal: dit is waar én nie waar nie omdat dit, danksy suggestiewe simbolisering, ‘n menselewe afrond én oop laat, “omdat het individu, dat er niet meer is, er op andere wijze toch nog en soms veel directer wèl is. De menselijke warmte, de lichamelijke

dichtheid, de ontroering der directe aanwezigheid, de lewenswerklikheid, zijn in het biografisch verhaal verdwenen. Maar daar staat teenoewer, dat dit alles, dit gehele lewen, er op andere wyse voor altyd is!” Daardeur word die subjek in sy biografie, in ‘n verhaal waarin die subjek nie meer leef nie, egter dikwels meer lewend en ontroerend voorgestel as wat sy lewenswerklikheid reeds was (Dresden, 1956:190-191).

Die biograaf kan, ten besluite, geen “zedemeester zijn in de zin, dat hij het lewen van zijn held toetst aan een objektiewe, algemene moraal [...] Maar hij kan niets anders doen dan zijn reaktie op dit lewen beskryf en in haar ongeslotenheid weergeven” (Dresden, 1956:198).

Wat, dan, is die sin van ‘n biografie?

Dresden (1956:200-232) wei ook hieroor breedvoerig uit.

Die oorspronklike bedoeling van die biografie, skryf Dresden (1956:200), “is [...] geweest de her-innering aan een historisch figuur te doen voortlewen”. Deur hierdie algemene menslike behoefte het ‘n biografiese beeld ontstaan “dat meestal ook voorbeeld werd voor de lewendes, zodat de etiese biografie een lange en rijke tradisie heeft verkregen”.

Volgens Lee (1911:8-9) is “the aim of biography [...] to hand down to a future age the history of individual men or women, to transmit enduringly their characters and exploits”.

Hedendaags kan ‘n mens, volgens Dresden (1956:201), “volstaan met op te merken, dat het hoofdoel van de biografie [...] er in ligt de herinnering aan een individu op enigerlei wyse te doen voortduren”. Die biografie is dan ook “een heel eigenaardige versameling van ‘memorabilia’, die naar de mening van de biograaf voor de komende geslachten bewaard dienen te blywen, omdat zij inderdaad van belang zijn”. Die aard van hierdie gedenkwaardige gebeurtenisse kan ook baie van mekaar verskil; daarom dat een bepaalde gebeurtenis meer aandag as ‘n ander sal geniet.

Die oorsake wat aanleiding tot die skryf van ‘n biografie gee, mag ook van mekaar verskil. Die redes vir die skryf van die biografie van ‘n sagmoedige digter soos Gérard de Nerval [‘n voorbeeld wat Dresden (*ibid.*) aanhaal], of dié van ‘n intellektuele reus soos J.H. Hofmeyr, verskil hemelsbreed van dié van biograwe soos Alan Bullock en Ian Kershaw wat albei oor Adolf Hitler geskryf het.

Slegs op een punt sal alle biograwe saamstem: dat dit van belang was om hul subjekte se lewens te beskryf. Hieroor laat Dresden (*ibid.*) hom soos volg uit: “De dictator en de digter, de veldheer en de komponist zijn historische figuren en komen als sodanig in aanmerking voor een biografie.”

“[...] the life of a nonentity, or a mediocrity, however skilfully contrived, conflicts with primary biographic principles”, skryf Lee (1911:10). En Maurois, volgens Dresden (1956:201), is dieselfde mening toegedaan wanneer hy nadruklik vermeld dat die subjek ‘n “rôle historique” moet vervul,

sels al was dit alleen maar die geval omdat die biograaf geen ander aanknopingspunt gehad het nie.

‘n Biografie kan nooit ‘n mens begryp nie, aangesien dit ‘n mens dan tot enkele kenbare, objektiewe gegewens soos invloede, milieu, en so meer sou herlei. “Zij dient de verwarring en verwickelingen van ieder mensenleven weer te geven en de lezer in dit labyrint te voeren. Haar zin lig juist in de raadselachtigheid van leven en werk, die zij weet te handhaven. Van vasstaande conclusies, waaraan niet getorn kan worden, is dan ook geen sprake in de biografie. Zelfs wil de biograaf misschien geen conclusies trekken, aangezien deze voor een mens ten aansien van een ander mens niet te trekken zijn. De biografie wil afbeelden en oordeel door deze open afbeelding. Om het mysterie van een leven en van het leven weer te geven en in een portret tevens te doorlichten, kan ieder leven dat bekend is dienst doen. Het zou dan ook onjuist zijn de zin der biografie alleen maar te vinden in het drang de herinnering aan grote personen wakker te houden” (Dresden, 1956:231).

Hierdie sin, besluit Dresden (1956:231-232), “ligt veeleer in de voortdurende behoefte een ander mens, die mij verre en toch nabij staat, te deurgronden en in zijn eigen aard niet te verklaren maar weer te geven. Zo wordt de biografie tot het portret van een ander, een vreemde, een medemens”.

2.4 PROBLEME VAN ‘n BIOGRAAF

Holmes (in Batchelor, 1995:15-25) identifiseer vier hoofprobleemgebiede waarmee ‘n biograaf te kampe het. Dit hou verband met etiek, outensiteit, beroemdheid en empatie.

In die eerste plek kan die etiek van navorsing oor iemand anders se lewe altyd bevraagteken word. Watter reg het ‘n biograaf byvoorbeeld om die terrein van iemand anders se aktiwiteite of privaatheid te betree, of op grond van watter ooreenkoms kan hy hom dit aanmatig? Selfs ‘n wettige kontrak met ‘n oorlye skrywer se boedel maak nie noodwendig vir hierdie probleem voorsiening nie. “The idea of the biographer as a pursuing hound - James Joyce’s ‘biografiend’ - has been present from the start. Dr Arbuthnot, writing in the eighteenth century of the innumerable biographical pamphlets produced by the ‘unspeakable’ Edmund Curll, gloomily remarked that biography had ‘added a new Terror to Death’. Henry James in his famous story about Shelley’s love-letters, *The Aspern Papers*, characterized the young American researcher as a ‘publishing scoundrel’. The biographer as appeared in a similar role in recent novels by William Golding and A.S. Byatt. Ian Hamilton has vividly dramatized the case in his study of J.D. Salinger, where the novelist resorts to law to defend his privacy. The long saga of Ted Hughes’s battles against Sylvia Plath’s biographers puts the question in its most anguished, immediate form, while Dianne Wood Middlebrook’s

biography of Anne Sexton (1991) presses it into new areas of intimate exposure, by using the tape-recordings of some 300 psychotherapy sessions undertaken by Sexton towards the end of her life before committing suicide. All these should give us pause for reflection” (Holmes, in Batchelor, 1995:17).

In die tweede plek is daar die probleem van outensiteit. Biografe baseer hul werk op bronne wat gewoonlik inherent onbetroubaar is. Holmes (*ibid.*) wys daarop dat die geheue feilbaar is, dat memoires onvermydelik bevooroordeeld is, dat briewe altyd op die ontvangers daarvan gerig is en dat selfs private dagboeke en intieme joernale “have to be recognized as literary forms of self-invention rather than an ‘ultimate truth’ of private fact or feeling”. Die biograaf moes nog altyd ‘n feitelike patroon konstrueer of orkestreer uit materiaal wat reeds ‘n fiktiewe of heruitgevonde element bevat. “Perhaps the most insidious lies in the apparently established grounds of earlier ‘authorized’ works: Moore’s life of Byron, or Forster’s life of Dickens being cases in point,” skryf Holmes (in Batchelor, 1995:17-18). “A remarkable example appeared recently in Christopher Benfrey’s intriguing work *The Double Life of Stephen Crane* (1993), in which Benfrey shows that Crane’s early standard biography by Thomas Beer (1923) was in fact a tissue of inventions. Much of Benfrey’s effort is concentrated on discovering the authentic, the romancing of a life performed by Crane and his friends.”

In die derde plek is daar die besondere magnetisme van ‘n beroemde persoon wat in aanmerking geneem moet word. “Biography,” skryf Holmes (in Batchelor, 1995:18), “has always been drawn towards the famous, the glamorous, the notorious. It is pulled, unnaturally perhaps, out of the orbit of the ordinary, the average, the everyday lives that most of us lead and need to understand. Instead it typically tells the stories of great saints and great sinners; kings, actors, criminals, generals, Romantic poets, mad novelists, promiscuous painters. There are over 200 lives of Lord Byron. The ‘minor’ character, the faithful spouse, the loyal companion, the intelligent sensible friend, are so often reduced to footnotes, the unmarked grave at the foot of the page. This can be seen as a fundamental distortion within the form’s capacity to deal with life in its largest, broadest sense as we mostly experience it.” En verder skryf Holmes (in Batchelor, 1995:19): “Biography finds it difficult to deal imaginatively with the mundane. And where the mundane, in its richest sense, is central to a life - as in a happy marriage, or a long and constant friendship - it is often peculiarly impotent, both in its sources (what house companions write letters to each other?) and in its narrative invention (how to describe twenty years of tender, ruminative breakfasts?).

In die laaste plek is daar die ingewikkelde en subtiële probleem van empatie. Waarom is ‘n biograaf tot bepaalde subjekte aangetrokke, watter element van ‘n onderdukte outobiografie is aanwesig

en hoe raak dit die moontlikhede van 'n objektiewe, eerlike weergawe? "The power of certain lives to draw endlessly repeated reassessments - Johnson, Byron, Napoleon, Queen Victoria, D.H. Lawrence, Plath - is a peculiar mystery. It suggests that they hold particular mirrors up to each succeeding generation of biographers, almost as the classical myths were endlessly retold by the Greek dramatists, to renew their own versions of contemporary identity. Each generation sees itself anew in its chosen subjects" (Holmes, in Batchelor, 1995:19).

Hierdie vier probleemgebiede verminder nie noodwendig die waarde van die moderne biografie nie. Holmes (in Batchelor, 1995:20) meen dat dié probleme biografieë egter gekompliseerd, voorlopig en in 'n sekere mate gevaarlik maak. As gevolg van dié genre se huidige populariteit, veral in Brittanje, en ook vanweë die geweldige impak wat die werk van moderne biograwe soos Richard Ellmann, Michael Holroyd, Peter Ackroyd, Victoria Glendinning, Claire Tomalin en Margaret Forster gemaak het, word dit egter uit die oog verloor. Die biografie, besluit Holmes (*ibid.*), is moontlik die suksesvolste en intellektueel stimulerendste literêre vorm wat mag bestaan. Sedert die sestigerjare van die vorige eeu gedy hierdie genre veral in Brittanje, maar hierdie toestand mag dalk nie meer lank voortduur nie. Indien daar nog 'n toekoms vir biografiese geskiedskrywing is, sal hierdie probleem voortdurend die hoof gebied moet word.

Kannemeyer (1995d:1-4) sonder ook vier hoofprobleme uit waarmee biograwe dikwels te doen het.

In die eerste plek is daar die probleem met ontbrekende dokumentasie of probleme om die nodige toestemming vir raadpleging te bekom (Kannemeyer, 1995d:1). Dikwels is die dokumentasie onder die beheer van 'n weduwee of 'n ander familielid van die skrywer en is daar 'n emosionele verknooptheid met die ongepubliseerde stof.

In die tweede plek wissel biograwe se benaderings van skrywers geweldig (Kannemeyer, 1995d:1-2). Voor die agtiende eeu was die legendariese meestal belangriker as die feitelike en het die hagiografiese voorrang geniet bo die historiese. Lewensbeskrywings was dikwels toegespits op die vererende of die didaktiese. Eers teen die einde van die agtiende eeu het die aksent op 'n groter mate van korrespondensie, dagboeke, outobiografiese geskrifte, onderhoude en ander dokumente geval. Teen die einde van die 19de en die 20ste eeu lei die invloed van Freud en ander dieptepsigoloë tot 'n konsentrasie op die psige en die onbewuste. Daar is dus twee duidelike pole: die Victoriaanse ideaal om 'n monument vir die subjek op te rig en die twintigste-eeuse neiging om alles te onthul en die subjek tot 'n gevallestudie te reduceer. In sy biografie oor W.H. Auden sê Humphrey Carpenter nie alleen dat Auden homoseksueel was nie, maar lê hy ook presies uit wat sy voorkeure in die bed was. By die biograaf ontstaan die vraag dus dikwels: wat moet hy vertel, hoe

ver kan hy gaan en wat moet hy liefs ter wille van fatsoen weglaat?

Derdens is biografiese geskiedskrywing nie 'n onbetrokke, koel wetenskap nie (Kannemeyer, 1995d:2-3). Vir 'n geslaagde biografie is dit essensieel dat daar 'n besondere verhouding tussen die biograaf en sy subjek tot stand moet kom. Dit impliseer nie net simpatie nie, maar ook 'n soort emosionele betrokkenheid wat hom dryf om verslag te doen oor sy ervaring met die mens van sy keuse. In hierdie verband verwys Kannemeyer (*ibid.*) na James Boswell se groots opgesette en lywige *The Life of Samuel Johnson* (1791), wat steeds deur talle kommentators as die belangrikste en invloedrykste biografie van alle tye beskou word.¹² Boswell het sy subjek slegs die laaste 20 jaar van sy lewe geken, maar in dié tyd het hy aantekeninge gemaak van gesprekke, korrespondensie en dokumente deurgewerk en onderhoude met al Johnson se vriende gevoer. Hoewel ander biograwe voor hom reeds van korrespondensie en ander materiaal gebruik gemaak het, kom die eer Boswell toe dat hy, ondanks groot simpatie met sy subjek, hom met die verwerking van dokumentasie aan feitelike korrektheid hou, selfs waar dié feite sekere skadukante van Johnson se lewe belig. As daar so 'n verhouding tussen skrywer en subjek bestaan, het ons die grootste kans op 'n suksesvolle biografie.

In die laaste plek wys Kannemeyer (1995d:3-4) daarop dat die taak van die biograaf moeilik en gevaarlik is. Hoe kan hy daarin slaag om 'n bevredigende en oortuigende beeld van 'n mens in selfs 'n omvattende studie op te bou? Baie skrywers is skepties oor die waarde wat so 'n verslag kan hê en betwyfel die waarde van biografiese geskiedskrywing as sodanig.

AANTEKENINGE

¹ Nr. 84, opgeneem in die *Universal Chronicle*, ca. 1760.

² “John Keats, medical student.” In *Westminster Review*, April 1907.

³³ 2000. New York: Random Press.

⁴ Hoofkarakter in Saul Bellow se outobiografiese roman *Herzog*.

⁵ Hoofkarakter in Saul Bellow se roman *Henderson the Rain King*.

⁶ Oorspronklik op 31 Augustus 1989 in *Die Burger* gepubliseer. Sedertdien het ook die volgende verskyn: Karel Schoeman se *Olive Schreiner: ‘n Lewe in Suid-Afrika 1855-1881* (1989); J.C. Kannemeyer se *Langenhoven: ‘n Lewe* (1995) en *Leipoldt: ‘n Lewensverhaal* (1999); en J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* (1998).

⁷ Sien 2.1 hierbo.

⁸ *Ibid.*

⁹ Dit is interessant dat, só gesien, W.E.G. Louw se lang gedig “Naggiesprek” dan seker as ‘n “biografiese” gedig bestempel kan word.

¹⁰ Hierdie stelling is uiteraard aanvegbaar. Só gesien, kom haas geen outobiografie, byvoorbeeld, die mas op nie.

¹¹ “‘n [Enkele] sluier van waardering en sereniteit.”

¹² Sien 3.6 e.v.

HOOFSTUK DRIE

DIE GESKIEDENIS VAN BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING

3.1 VROEGSTE VORME VAN BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING

In sy oudste vorm kom die biografie voor as elegieë en grafinskrywings, sowel as in legendes en sagas waarin afgestorwe voorvaders en helde besing is (*Ensiklopedie van die wêreld*, Deel 2, 1971: 337). In die Bybelse en antieke tye is die biografie beoefen met die doel om feitelike inligting te verskaf, maar veral om 'n beroemde gestorwene te vereer en te gedenk en daardeur 'n voorbeeld vir die gemeenskap voor te hou (Kannemeyer, 1989:29). Oor die biografie voor die Christelike tydperk is daar egter min bekend. Talle tekste het ook verlore gegaan. In die vyfde eeu v.C. het die digter Ion van Chios kort sketse oor beroemde tydgenote soos Perikles en Sophokles geskryf (Kendall, 1988: 199). Die twee belangrikste bronne vir 'n kennis van Sokrates, naamlik Plato se dialoë en Xenophon se *Apomnemoneumata*¹ en *Symposium*, was ook nie biografieë in die ware sin van die woord nie, maar het nogtans heelwat inligting oor die persoonlikheid en idees van Sokrates verskaf. Met die dood van Jesus het geen dissipel onmiddellik 'n biografie oor Hom geskryf nie, soos wat vandag stellig die geval sou wees. Trouens, die tradisie om die biografie te beoefen, het eers veel later in die eerste eeu ontstaan (Bond, 1962:593^A).

Die *Agricola* van die Romeinse geskiedskrywer Publius Tacitus, wat teen die einde van die eerste eeu geskryf is, word dikwels as die vroeg bekendste biografie bestempel, maar dit is ook 'n geskiedenis, of eerder 'n lofrede, aangesien dit 'n vleierende weergawe is van die prestasies van die skrywer se skoonvader, C. Julius Agricola (Grové, 1988:16; Bond, 1962:593^A-593^B).

3.2 DIE GRIEKSE EN ROMEINSE BESKAWINGS

Dit is egter eers later in die Griekse literatuur dat die biografie as bewuste lewensbeskrywing na vore getree het, hoewel dit nie veel meer was as 'n chronologiese relaas waarvan die feite nie altyd te vertrou was nie. In die Romeinse tydperk kom die gebruik in swang om 'n offisiële biografie van 'n keiser, 'n veldheer of 'n staatsman te skryf (*Ensiklopedie van die wêreld*, Deel 2, 1971:337).

Die voortreflikste voorbeeld uit hierdie era is die Griekse skrywer en filosoof Plutarchus, wat tussen ongeveer 46-120 n.C. geleef en wie se werke die evolusie van die essay, die biografie en historiese geskiedskrywing tussen die 16de en 19de eeu sterk beïnvloed het. Hy kan met reg ook die

vader van die biografie genoem word. Onder sy nagenoeg 230 werke is sy *Bioi paralleloi*² (*Parallele lewens*) en *Ethica*³ (*Sedes*) die belangrikstes. In *Bioi paralleloi* gee hy 'n weergawe van die edele dade en goeie inbors van Griekse en Romeinse soldate, wetgewers, orators en staatsmanne. Die *Ethi-ca* is 'n reeks van meer as 60 essays oor etiese, godsdienstige, fisiese, politieke en literêre onderwer-pe (Walbank, 1988:529).

Plutarchus was die seun van Aristobulus, ook 'n biograaf en 'n filosoof. In 66-67 n.C. word hy in die filosofie en wiskunde deur die filosoof Ammonius in Athene onderrig. Later reis hy verskeie kere na Rome waar hy self onderrig in die filosofie gee en talle vriende maak, waarskynlik ook met die keisers Trajanus en Hadrianus. Volgens die *Suda lexicon*, 'n Griekse woordeboek van omstreeks 1000 n.C., het Trajanus die hoë rang van oud-konsul aan hom toegeken. Hoewel dit waar mag wees, is 'n mededeling van die 14de eeuse kerkhistorikus Eusebius dat Hadrianus Plutarchus goewerneur van Griekeland gemaak het, waarskynlik apokrief. Volgens 'n antieke Delfise inskrywing het hy wel oor Romeinse burgerskap beskik, maar sy *nomen* of familienaam, Mestrius, was eerder afkomstig van sy vriend Lucius Mestrius Florus, 'n Romeinse konsul (*ibid.*).

Plutarchus het besonder wyd vir sy tyd gereis en het sentraal-Griekeland, Sparta, Korinthe, Patras, Sardis en Alexandrië besoek. Sy tuiste was egter Chaeronea, waar hy die pos van hoofmagistraat en ander munisipale ampte beklee het. Hy was ook aan die hoof van 'n skool wat 'n wye kurrikulum aangebied het. Die filosofie, veral etiek, het 'n sentrale plek beklee. Hy was in noue kontak met die Akademie in Athene, van wie hy in die eerste plek 'n burger was, en met Delfi, waar hy sedert 95 n.C. 'n lewenslange priestersamp beklee het. Hy het waarskynlik ook Trajanus se belangstelling in en steun vir die hernieude opgang en populariteit van die Orakel van Delfi aangewakker (*ibid.*).

Plutarchus se literêre uitset was enorm. Die 227 titels in die sogenaamde Katalogus van Lamprias, 'n lys van Plutarchus se werke wat na bewering deur sy seun gemaak is, is nie almal outentiek nie, maar sluit aan die ander kant ook nie alles in wat hy geskryf het nie (*ibid.*).

Plutarchus se gewildheid rus hoofsaaklik op sy *Bioi paralleloi*. Hierdie parallelle lewensbeskrywings is ontwerp om wedersydse agting tussen Grieke en Romeine aan te moedig. Deur edele dade te verrig en goed van inbors te wees, sou hulle ook ideale gedragsmodelle wees (*ibid.*).

Van Plutarchus se *Bioi paralleloi* het die eerste paar, "Epimanondas en Scipio", en moontlik ook 'n inleiding en formele opdrag, verlore gegaan. Plutarchus se werkswyse was egter duidelik: om opeenvolgend biografieë van Grieke en Romeinse helde in pare te publiseer. Die subjekte oor wie hy geskryf het, is so ver moontlik gekies op grond van hul ooreenstemmende karakter of loopbaan, en

elkeen is met 'n formele vergelyking afgesluit. Blykens beskikbare bewyse is hierdie werke laat in Plutarchus se lewe geskryf, maar die volgorde waarin dit verskyn het, kon slegs gedeeltelik vasgestel word. Die huidige rangskikking is 'n latere herrangskikking van die oorspronklike en is grootliks gegrond op die chronologie van die Griekse subjekte, wat telkens eerste in elke paar geplaas is. Altesaam 22 pare, waarvan een paar die dubbelgroep van "Agis en Cleomenes" en die "Gracchi" is, het behoue gebly, asook die vier enkelbiografieë oor Artaxerxes, Aratus, Galba en Otho (*ibid.*).

Bioi paralleloi getuig van indrukwekkende kennis en navorsing. Talle bronne word aangehaal, en hoewel Plutarchus waarskynlik nie al hierdie bronne eerstehands geraadpleeg het nie, was sy ondersoek omvattend en moes die skryf daarvan jare geduur het. Ten opsigte van die Romeinse lewens was hy gekortwiek deur 'n ontoereikende kennis van Latyn, 'n taal wat hy as gevolg van omstandighede eers laat in sy lewe aangeleer het (*ibid.*).

Die vorm van Plutarchus se *Bioi paralleloi* het 'n nuwe tradisie gevestig wat volgens Walbank (1988:529) weinig verwantskap met dié van vorige biografieë of die Hellenistiese geskiedskrywing toon. Die algemene skema wat hy gebruik het, was om die geboorte, jeug en karakter, prestasies en omstandighede van die betrokke persoon se dood aan te dui. Tussendeur het hy verskeie etiese beskouings ingevleg. Die detail hiervan het gewissel na gelang van die persoon en die beskikbare bronne, wat van gesmouste anekdotes tot die werke van skrywers van memoires en geskiedenisboeke ingesluit het. Plutarchus het nooit daarop aanspraak gemaak dat hy geskiedenis geskryf het nie, maar het die geskiedskrywing inteendeel van die biografie onderskei. Hy wou sy lesers vermaak én geestelik verhef, en hy het ook nooit sy ware gevoelens verberg nie. Dit het veral na vore getree in sy vurige bewondering vir die woorde en dade van die Spartaanse konings en generaals en in sy venynige en onbillike aanval op Herodotus, die Griekse historikus uit die vyfde eeu v.C. (*ibid.*).

Oor sy benadering het Plutarchus homself in sy werk oor Alexander die Grote soos volg uitgelaat: "Die mees uitstaande dade, soos 'n groot veldslag of 'n beroemde beleg, is nie altyd die duidelikste aanduiding van 'n mens se karakter nie, maar sake van mindere belang, soos 'n grap of 'n uitdrukking, is soms beter bewyse van mense se neigings en hul geneigdheid tot deugde of ondeugde" (aangehaal deur Bond, 1962:593^B).

Met sy klem op die "klein feit" is Plutarchus na Bond (*ibid.*) se mening nie alleen een van die leesbaarste biograwe van alle tye nie, maar het hy ook 'n tradisie begin wat in die een of ander vorm in feitlik alle daaropvolgende biografieë met 'n literêre pretensie behoue gebly het.

Plutarchus se ander belangrike groot werk, die *Ethica* wat uit meer as 60 essays oor diverse etiese, godsdienstige, fisiese, politieke en literêre onderwerpe bestaan, is nie vir die doeleindes van

hierdie studie van belang nie. Nogtans behoort daar kennis geneem te word van die geweldige impak wat dit op die werk van latere skrywers gehad het.

Plutarchus se invloed was aansienlik. In sy leeftyd en selfs na sy dood was hy 'n geliefde en gerespekteerde skrywer. Sy *Bioi paralleloi* het 'n redenaar, Aristides, en 'n geskiedskrywer, Arrian, geïnspireer om soortgelyke vergelykings te doen. Daar word vertel dat keiser Marcus Aurelius eens 'n kopie daarvan saam met hom na die slagveld geneem het (Walbank, 1988:529).

Mettertyd het Plutarchus se invloed egter in die Latynse Weste afgeneem, maar sy werk het voortgegaan om filosowe en geleerdes in die Griekse Ooste te beïnvloed waar sy werke die rol van handboeke ingeneem het. Geleerdes soos Proclus en Porphyrius en keiser Julianus het almal uit sy werk aangehaal, en die Griekse kerkvaders Clementius van Alexandrië en Basilius die Grote het hom sonder erkenning nagevolg. Sy werk was bekend aan alle beskaafde Bisantyne, wat geen skeidslyn tussen die heidense verlede en die Christelike hede gehad het nie. Hulle was veral tot die *Ethica* aangetrokke, maar in die negende eeu het die Bisantynse geleerde en patriarg Photius die *Bioi paralleloi* saam met sy vriende bestudeer (Walbank, 1988:529-530).

In die 15de eeu het Bisantynse geleerdes Plutarchus se werk in Italië bekend gestel, en dit is reeds voor 1509 deur Italiaanse humaniste in Latyn en Italiaans vertaal. Vertalings in ander tale het gevolg, waaronder 'n Franse vertaling van sowel die *Bioi paralleloi*, deur Jacques Amyot, as die *Ethica*. Dat die Franse skrywer François Rabelais Plutarchus se werk deeglik geken het, word bewys deur die feit dat hy by herhaling uit die *Bioi paralleloi* en die *Ethica* aangehaal het. Dit was egter die filosoof Michel de Montaigne wat Plutarchus se invloed wyd gevestig het. Montaigne se *Essays* (1580-1588) is baie verskuldig aan Plutarchus se *Ethica*. Daarbenewens het hy Plutarchus se tegniek in *Bioi paralleloi* om 'n persoon se karakter aan die hand van 'n illustrerende anekdote en kommentaar te belig, toegepas. Bowenal het Montaigne se essays Plutarchus se ideaal van "hoë ouderwetse deugde en die heroïes morele mens" verkondig. Mettertyd het dit die humanistiese ideaal van die Renaissance geword (Walbank, 1988:530).

In 1579 het sir Thomas North Plutarchus se *Bioi paralleloi* onder die titel *Lives of the Noble Grecians and Romans* in Engels vertaal. Hierdie vertaling is egter nie uit die oorspronklike Grieks gedoen nie, maar uit Amyot se Franse vertaling. As gevolg van sy kragtige styl het North se vertaling spoedig 'n klassieke werk in Engels geword, en dit het meer as 'n eeu lank die standaard Engelse vertaling van Plutarchus se groot werk gebly. Selfs nadat dit met 'n juister vertaling vervang is, is dit nog steeds gelees as 'n uitmuntende voorbeeld van die Elizabethaanse prosastyl. North se vertaling was ook die bron van William Shakespeare se Romeinse dramas en die ontwikkeling van

sy konsep van die tragiese held. Die literêre kwaliteit van North se weergawe kan verder duidelik gesien word aan die feit dat Shakespeare groot gedeeltes, met slegs kleinere wysigings, daaruit gelig het (*ibid.*).

In 1603 was Plutarchus se *Ethica* reeds volledig uit die oorspronklike Grieks in Engels vertaal. Die invloed daarvan kan gesien word in die 1612-uitgawe van sir Francis Bacon se *Essays*, wat raad oor openbare sedes en private deugde bevat wat herkenbaar uit Plutarchus se werk afkomstig is. Bacon was egter meer aangetrokke deur Plutarchus die moralis as Plutarchus die storieverteller of uitbeelders van karakter. Vir denkers uit die Renaissance was dit juis hierdie mengsel wat aan Plutarchus sy besondere aantrekkingskrag verleen het. Sy liefde vir historiese skinderpraatjies, die anekdote en verhale met 'n morele strekking, sy uitbeelding van deugde en ondeugde en sy klem op die draai van die wiel wat tot die val van groot manne gelei het, het reg in die kraam van die gees van die tyd gepas. Die Renaissance-opvatting van die heroïese en van die "rasionele" morele filosofie van die antieke tyd is van hom afkomstig (*ibid.*).

Historici en biograwe in die 16de en 17de eeu het Plutarchus nagevolg deur die subjek se karakter ooreenkomstig etiese beginsels te behandel. Die 17de eeuse Engelse biograaf Izaak Walton het Plutarchus se werk goed geken, en in sy *Lives* (1670 en 1675) het hy Plutarchus nagevolg in die sin dat hy eerder op die sterk punte as die swakhede van sy subjekte gekonsentreer het (*ibid.*).

Plutarchus se werk is deurgaans in die 17de en 18de eeu gelees. Die Engelse digter en dramaturg John Dryden het 'n nuwe uitgawe van die *Bioi paralleloi* geredigeer. Ook die *Ethica* is in Engels hervertaal. In Frankryk is die vertalings van Plutarchus se werke gereeld herdruk. Bewondering vir sy helde wat tiranne tot 'n val gebring het en respek vir sy morele waardes het die leiers van die Franse Revolusie geïnspireer. Charlotte Corday, wat Jean-Paul Marat vermoor het, het die dag voor die voorval Plutarchus gelees. Die Duitse klassieke digters - veral Goethe en Schiller - is deur Plutarchus beïnvloed, en sy werke is ook deur Beethoven en Nietzsche gelees (*ibid.*).

In die 19de eeu het Plutarchus se invloed begin afneem - gedeeltelik as gevolg van die reaksie teen die Franse Revolusie, gedeeltelik omdat die opkoms van die Romantiese beweging nuwe waardes daargestel en eerder klem op die vrye spel van passie gelê het as op die beheer daarvan, en gedeeltelik omdat die meer kritiese houding van geleerdes die aandag op Plutarchus se vooroordeel gevestig het. In die 20ste eeu het sy invloed feitlik heeltemal afgeneem, ofschoon talle van die populêre

idees oor die Griekse en Romeinse geskiedenis sy oorsprong by hom gehad het (*ibid.*).

3.3 DIE MIDDELEEU EN RENAISSANCE

Die Middeleeue het ook 'n donker era op die gebied van biografiese geskiedskrywing ingelui. Dit was 'n tydperk wat deur priesters en ridders oorheers is (Kendall, 1988:200). Reeds in die tweede eeu n.C. begin die hagiografie, die lewensbeskrywing van heiliges, sy verskyning maak met martelaarsaktes waar geloofsgetuigenis vooropgestel en ander biografiese besonderhede verwaarloos word. Verskeie versamelings is gemaak, soos dié van Eusebius in die vierde eeu, Gregorius I in die sesde eeu en veral Jacobus de Voragine se *Legenda aurae* wat baie gewild was in die Middeleeue (*Ensiklopedie van die wêreld*, Deel 4, 1971:578). Verder was die optekening van die ervarings van ridders ook in die Middeleeue aan die orde van die dag. Hierdie ervarings is met legendes en selfs sprokies-elemente verweef, terwyl die lewens van heiliges en martelare met wonderwerke en bomenslike in-grype gevul is. Die legendariese was belangriker as die feitelike, die hagiografiese het voorrang geniet bo die historiese, en die lewensbeskrywing was toegespits op die historiese of die didaktiese (Kannemeyer, 1989:29).

'n Merkwaardige uitsondering in die negende eeu n.C. was die lewensbeskrywing van Karel die Grote, *Vita Karoli imperatoris*, deur 'n geestelike aan sy hof met die naam van Einhard. Laasgenoemde was baie aan die keiser verskuldig en wou nie sien dat sy lewe "in die duisternis van vergeetelheid gehul word nie" (Kendall, 1988:200). Hoewel Einhard se werk volgens moderne standarde ernstige gebreke toon, gee dit 'n knap uiteensetting van Karel die Grote se persoonlikheid, doelgerigtheid, oorredingsvermoë en passie vir opvoeding. Kendall (*ibid.*) wys daarop dat Einhard se werk baie meer ooreenkomste met moderne biografieë as die werk van sy tydgenootlike eweknieë toon.

'n Vroeë maar belangrike werk wat die Renaissance voorafgegaan het, was die Italiaanse digter en geleerde Giovanni Boccaccio (1313-1375), wat veral vanweë sy aardse verhale in die *Decameron* bekend is, se lewensverhaal van die digter Dante, *Vita di Dante Alighieri*, wat in 1354 verskyn het (*Encyclopaedia Britannica*, Volume 2, 1988:310).

Soos in die geval van die ander kunste, word daar met die aanbreek van die Renaissance in die 15de eeu ook nuwe lewe in die biografie geblaas (Kendall, 1988:200). Hoewel daar groter aandag aan die individu en die feite aangaande sy lewe bestee word, word die biografie nog meestal beoefen om God te verheerlik dat Hy so 'n hoogstaande mens aan 'n volk gegee het, om die herinnering aan die gestorwene te bewaar, en om vir die agtergeblewenes 'n voorbeeld te stel (Kannemeyer, 1989:

29). Gaandeweg volg daar ook lewensbeskrywing van ander subjekte, veral kunstenaars (*Ensiklopedie van die wêreld*, Deel 2, 1971:337).

3.4 DIE SESTIENDE EEU

Drie vroeë voorbeelde van biografiese geskiedskrywing kan uitgesonder word as verdere voorlopers van die moderne biografie. Bond (1962:593^B) wys daarop dat hoewel hulle ‘n duidelik etiese strekking het en geensins ‘n onpartydige uitbeelding gee nie, hulle tog bo die blote vlak van feitlike beriggewing uitstyg en inderdaad oor ‘n mate van artistieke kwaliteite beskik.

Die eerste hiervan, *History of Richard the Third*, is in 1543 gepubliseer nadat dit ná sy teregstelling tussen die dokumente van sir Thomas More (1478-1535) gevind is. Sowel More as John Cardinal Morton word as die skrywer hiervan aangedui. Ongeag die identiteit van die skrywer, skilder hierdie dokument ‘n lewendige en verdoemende prentjie van die enigmatiese koning. Van groter belang is die bekoorlike skets van More self deur sy skoonseun, William Roper (1496-1578). Hoewel dit ‘n onbetwisbaar bevooroordeelde uitbeelding van die kanselier gee, is dit simpatek, eerlik en opreg geskryf. Dit kan beskou word as die eerste biografie wat in Engels geskryf is oor ‘n groot man deur iemand wat hom intiem geken en bewonder het. Hierdie werk, *Mirroure of Vertue in Worldly Greatness: or, the life of Syr Thomas More*, is egter nie onmiddellik ná die skryf daarvan gepubliseer nie, maar moes byna ‘n eeu lank wag voordat dit die lig gesien het. Die manuskrip daarvan het egter in die 16de eeu gesirkuleer. Eweneens is die derde 16de eeuse biografie lank voor die publikasie daarvan in manuskripvorm gesirkuleer. Dit is die *Life of and Death of Thomas Wolsey*, geskryf deur George Cavendish (1500-1562?), wat in dié Engelse geestelike en staatsman se diens was en sowel die prag en praal as die tragiese val van Wolsey onder koning Hendrik VIII beleef het. Bond (1962:593^B) dui die tema aan as die vergelding wat op die hooghartige kardinaal Wolsey neerdaal: “If I have served my God as diligently as I have the King, He would not have given me over in my grey hairs.” Die etiese opset staan volgens Bond (*ibid.*) sentraal in die werk, maar Cavendish is objektief genoeg om op sowel die kardinaal se deugde as sy foute te wys. Hierdie vroeë biografie slaag effektief daarin om ‘n omvattender morele tema én ‘n lewensgetroue en dramatiese beeld van Wolsey se persoonlikheid en tragiese einde te vergestalt (Bond, *ibid.*; Kendall, 1988:200).

Die res van die 16de eeu het teleurstellend min opgelewer. In Rusland, waar die lewens van die Middeleeuse heiliges ook aandag geniet het, het die beskeie *Stepennaya Kniga* (1563) verskyn,

waarin kort lewensbeskrywings van prinse en biskoppe gegee is. Min of meer dieselfde tyd verskyn Pierre Brantôme se *Lives of Famous Ladies* en *Lives of Famous Men* in Frankryk. Die Elizabetaanse era in Engeland, met sy byna oordadige opbloei van die drama, poësie en prosa, het volgens verskeie kommentators nie een enkele goeie biografie opgelewer nie. Sir Fulke Greville se weergawe van die lewe van sir Philip Sidney word (1652) bederf deur vermoeiende moralisering, en Francis Bacon se *The Historie of the Raigne of King Henry the Seventh* (1622) is hoofsaaklik ‘n geskiedenis van sy bewind. Sir Walter Raleigh verskaf egter ‘n moontlike verduideliking vir die gebrek aan [biografiese] uitdrukking in sy *History of the World* (1614) wanneer hy dit, aangehaal in Kendall (1988: 200), soos volg stel: “Whosoever, in writing a modern history, shall follow truth too near the heels, it may haply strike out his teeth.”

3.5 DIE SEWENTIENDE EEU

In die 17de eeu het ‘n geweldige hoeveelheid historiese geskrifte, memoires, dagboeke, sogenaamde “karakterstudies” en essays die lig gesien, wat vanselfsprekend almal tot die ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing bygedra het. Dit is ook in hierdie eeu dat die konsep “biografie” formeel sy beslag gekry het (Kendall, 1988:200). Enersyds het dit getuig van die uitdrukking van ‘n fundamentele belang: die begeerte om die menslike aard te ken, die oorsprong van menslike handeling, die relatiewe funksies van selfsug en welwillendheid as motiveringsfaktore by die mens. Uiteenlopende skryfwerk soos die essays van Francis Bacon, die *Leviathan* van Thomas Hobbes, François de la Rochefoucauld se *Maximes* en die *Caractères* van Jean de la Bruyère is in ‘n groot mate almal deel van hierdie “psigologiese” siening. Dieselfde belangstelling in die menslike aard kan bespeur word in die andersins swaarwigtige Franse verhale van Gauthier de Calprenède en andere, in die komedies van Molière en in die dramas en satiriese geskrifte van John Dryden. Andersyds het hierdie genres, veel eerder as suiwer biografieë, uitdrukking aan sodanige belangstelling verleen en gevolglik in ‘n groot mate bygedra tot die volledige ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing. Die konsep van “Theophrastus-karakters” (denkbeeldige tipes wat aan die hand van die Griekse wysgeer Theophrastus⁴ se werk nagevolg is) het in die 17de eeu ontwikkel tot ‘n redelik populêre metode van die ontleding van die menslike natuur. Die subjekte - hetsy mense wat deur een enkele deug of on-deug, byvoorbeeld inhaligheid, gekenmerk word; of konvensionele sosiale tipes, soos ‘n winkelier of ‘n melkmeisie; of selfs plekke en tonele, byvoorbeeld ‘n taverne - het hulle goed geleen tot ‘n kort, samevattende ontleding wat besonder stimulerend was vir ‘n geslag wat in die menslike

natuur belang gestel en terselfdertyd erg verdeeld was oor sekere belangrike politieke en teologiese aangeleenthede (Bond, 1962:593^B). Kendall (1988:200) bestempel dié eeu dan ook eerder as ‘n tydperk van eksperimentering en voorbereiding as een van prestasie.

In die Nuwe Wêreld begin biografiese geskifte sporadies die lig sien, maar hulle is van geringe allooï. In Frankryk is die beroemde briewe van die markiesin De Sévigné aan haar dogter ‘n intieme geskiedenis van die era van Lodewyk XIV (Kendall, 1988:200-201).

Die beroemdste voorbeelde van biografiese geskiedskrywing in die 17de eeu is ongetwyfeld die beknopte lewensketse wat deur Izaak Walton (1593-1683) geskryf is. Sy eerste belangrike publikasie was die *Life of Donne*, wat in 1640 voorin John Donne se *Sermons* verskyn het. In 1651 volg die *Life of Wotton*, en twee jaar later die *Life of Hooker*. In 1670 word hierdie drie werke in een bundel saam met die *Life of Herbert* uitgegee. Die laaste in die reeks, dié van Robert Sanderson, biskop van Lincoln, verskyn in 1678. Daar is al beweer dat sommige van hierdie lewensketse - veral dié van Donne en Herbert - eerder lofredes pleks van biografieë is. Walton was egter nie soseer gemoeid met feite en datums nie, maar hy het eerder ‘n samevattende indruk van sy subjekte probeer gee. Daarin het hy, volgens Bond (1962: 593^B), uitmuntend geslaag. Vir die skryf van Donne se lewe het hy betreklik min feite tot sy beskikking gehad. Walton het die digter slegs die laaste agt jaar van sy lewe geken, eers nadat hy ‘n redelik bekende prediker geword het. Hy het Donne egter hoor praat en preek, en verwys dan ook meermale na sy welsprekendheid. Verder het hy dit aangevul met anekdotes wat hy van mense soos biskop Thomas Morton gehoor het. Laastens het hy van Donne se geskifte en briewe gebruik gemaak. Hoewel Walton oor min van die digter se briewe beskik het, het hy nie gekroom om dit, gemeet aan moderne standarde, roekeloos te gebruik nie (Bond, 1962:593^B-594).

Met laasgenoemde werkswyse - naamlik die gebruik van ‘n onderwerp se [private] korrespondensie - het Walton die kiem van ‘n belangrike tradisie by die skryf van die moderne biografie gesaai.

Afgesien van sy waarde as feitelike biografie slaag die *Life of Donne* daarin om ‘n samevattende en lewende karakter te skep. Hoewel Walton al dikwels om sy feitefoute gekritiseer is, word sy reeks lewensketse steeds herdruk en gelees. Die bekoring van hierdie werke kan gedeeltelik toegeskryf word aan die skrywer se nederigheid, wat soms aan die naïewe gegrens het, sy onopgesmukte styl en sy simpatie jeens sy onderwerp (Bond, 1962:594).

Onder die ander biografieë van die 17de eeu is Margaret Dukas (1624?-1674), hertogin van Newcastle, se *Memoirs* (1656) en haar biografie oor haar man, die eerste hertog van Newcastle, belangrik. Bond (1962:594) beweer dat laasgenoemde, *The Life of William Cavendish* (1667),

volgens hedendaagse standaarde stroperig en baie naïef is, maar die toewyding waarmee sy haar man teken en die lewendige uitbeelding van ‘n adellike huishouding in die 17de eeu maak volgens hom (1962:594) van dié boek ‘n biografiese juweel wat selfs vandag nog genotvol is.

Ander noemenswaardige biografieë van die 17de eeu is die *Memoirs of the Life of Colonel Hutchinson* deur sy vrou, lady Lucy Hutchinson, *The Life of Mrs. Godolphin* deur John Evelyn, *Life of Edward, Lord Herbert of Cherbury, Written by Himself*, Anne Fanshaw se *Memoirs* en twee geestelike outobiografieë: John Bunyan se *Grace Abounding [to the Chief of Sinners]* (1666), ‘n buitengewoon eerlike en lewendige weergawe van die innerlike stryd van iemand [who had, in Bunyan se eie woorde] “tarried long at Sinai to see the fire and the cloud and the darkness”, en die *Reliquiae Baxterianae, of Mr. Richard Baxter’s Narrative of the Most Memorable Passages of His Life and Times* (1696), ‘n boek wat selfs populêr was onder diegene wat nie Baxter se godsdienstige oortuigings gedeel het nie (Bond, 1962:594).

‘n Tipiese voorbeeld van die 17de eeuse siening van die biografie is dié van Thomas Sprat, wat die eerste was om die biografie van ‘n beroemde figuur wat uitsluitlik as ‘n letterkundige beskou is, te skryf. In sy *Account of the Life and Writings of Cowley* (1668) wat voorin Abraham Cowley se *Works* verskyn, deel Sprat nie net die biografiese feite oor hierdie “excellent man” mee nie, maar probeer hy ook om ‘n beeld van die digter se persoonlikheid en karakter én ‘n waardering van sy literêre werk te gee. Deurgaans toon hy die invloede op sy skryfwerk en die belang van sy werk aan. Met hierdie werkswyse is Sprat ‘n belangrike voorloper van Samuel Johnson⁵ (*ibid.*).

In die 17de eeu verskyn daar ook vir die eerste keer ‘n belangrike nuwe toevoeging tot biografiese geskiedskrywing, naamlik die biografiese versameling. Ofskoon John Leland en John Bale reeds in die vorige eeu lewensbesonderhede en titellyste van die beroemdste skrywers in Groot-Brittanje opgestel het, was hul werk bibliografies en antikwaries van aard en hoofsaaklik daarop gemik om die rekords van manuskripte en boeke in die klooster- en private biblioteke aan die vergetelheid te ontruk. In die 17de eeu is daar egter ‘n doelbewuste poging aangewend om biografieë vir die nageslag na te laat wat meer is as ‘n blote feitelike verslag van beroemde mense se dade en geskrifte. Van besondere belang is die *Church History of Britain* (1655) van Thomas Fuller (1608-1661), wat ‘n aantal karaktersketse bevat, en veral sy *Worthies of England* (1662), ‘n interessante voorloper van die *Dictionary of National Biography*. Fuller het sy “worthies” in graafskappe ingedeel en heelwat niebiografiese besonderhede daarby ingesluit. “I have purposely interlaced,” skryf Fuller in sy voor-woord, “(not as meat, but as condiment) many delightful stories, that so the reader, if he do not arise, which I hope and desire, *religiosior* or *doctior*, with more piety

or learning, at least he may depart *jocundior*, with more pleasure and lawful delight” (Bond, 1962:594). Dieselfde belangstelling in on-gewone feite en ‘n onweerstaanbare drang na die optekening van biografiese inligting kan gesien word in die aantekeningboeke van die antikwaris en volkskundige John Aubrey (1626-1697), wat meer as 100 biografieë van sy tydgenote bevat en gegrond is op waarneming, skinderpraatjies en haas alles waarop Aubrey sy hande kon lê. Sy stof is egter nie voor die 19de eeu gepubliseer nie (in 1898 as *Brief Lives*) en hy was ook nie ‘n biograaf in die ware sin van die woord nie. Hy was liggelowig en het volgens Bond (1962:594) geen doelbewuste kritiese aandag aan artistieke komposisie gegee nie. Nogtans was die ywerigheid waarmee Aubrey inligting versamel het, en sy oog vir die pittoreske en die onthulling van besonderhede, voorlopers van ‘n konsep van biografiese geskied-skrywing wat latere geslagte gepas het. ‘n Deel van sy stof is deur Anthony à Wood (1632-1695) ge-bruik in die beroemde biografiese versameling wat in 1691-1692 in Oxford uitgegee is as *Athenae Oxonienses: An Exact History of All the Writers and Bishops Who Have Had Their Education in the University of Oxford from 1500 to 1690*. Hierdie waardevolle werk was die voorloper van talle soort-gelyke publikasies (Bond, 1962:594).

3.6 DIE AGTIENDE EEU

Die groot stukrag van dergelike biografiese versamelings in die 18de eeu was egter die beroemde *Dictionnaire historique et critique* (1695-1697) van Pierre Bayle, wat reeds in 1710 in Engels vertaal is en ‘n hele aantal soortgelyke versamelings geïnspireer het, onder meer die belangrike *General Dictionary, Historical and Critical* (1734-1741) wat deur Thomas Birch voorberei is. Die mees uit-staande voorbeeld is egter die *Biographia Britannica: or the Lives of the Most Eminent Persons Who Have Flourished in Great Britain and Ireland, From the Earliest Ages, Down to the Present Times* (1747-1760), waarvan 22 artikels deur William Oldys bygedra is. ‘n Tweede uitgawe onder die redakteurskap van Andrew Kippis het slegs tot by die letter F gevorder. Dié werk, ‘n soort mengelmoes of allegaartjie wat alle inligting oor “such of our countrymen as have been eminent” ingesluit en diverse feite of inligting oor hulle verskaf het Ain obedience to the laws which reason and the practice of the best authors have established”, illustreer die probleme wat met die opstelling van ‘n nasionale biografiese woordeboek ondervind word (Bond, 1962:594).

Die volgende is enkele verdere voorbeelde van die talle literêre biografiese woordeboeke wat in die 18de eeu in Groot-Brittanje verskyn het: Giles Jacob se *Poetical Register* (1719-1720); die *Lives*

of the Poets (1753), wat hoofsaaklik deur Robert Shiels geskryf en onder die naam Theophilus Cibber gepubliseer is; Horace Walpole se *Catalogue of Royal and Noble Authors* (1758); John Berkenhout se *Biographia literaria* (1777); en David Rivers se *Literary Memoirs of Living Authors* (1798). Ander gespesialiseerde biografiese woordeboeke het ook verskyn op onder meer die gebied van die teologie, die skeepvaart, die wetenskap en die geneeskunde.

Hierdie versamelings dui op 'n toenemende belangstelling in biografiese geskiedskrywing, maar die ongelyke gehalte van die stof wat dit bevat, toon min bewustheid van die biografie as 'n literêre kunswerk. Die begin van die 18de eeu is gekenmerk deur die vorige eeu se beheptheid met psigologiese ondersoeke en navorsing oor die aard van die menslike natuur (Bond, 1962:595).

Daniel Defoe (1660-1731) was egter daartoe in staat om in *The Life and Strange Surprising Adventures of Robinson Crusoe, of York, Mariner, Written by Himself* (1719), meer algemeen bekend as *Robinson Crusoe*, aan te toon hoe hierdie belangstelling betrek kan word by vertellings wat gedeeltelik op biografiese besonderhede berus en deels fiktief is. Defoe se Crusoe-verhaal is gegrond op die ware weergawe van Alexander Selkirk, 'n droster-matroos wat in 1704 op sy eie versoek op 'n eiland in die Stille Oseaan aan wal gesit is en tot en met sy redding in 1709 daar gebly het. Met sy terugkeer het Selkirk 'n weergawe van sy ondervindings gepubliseer. Dit was in 'n tydperk toe reisverhale besonder gewild was (Ousby, 1988:846; Mascuch, 1997:26-33). Defoe se denkbeeldige verwerking van hierdie gegewens bevat dus 'n duidelike mate van realisme wat hy artistiek verwerk het. Byna drie eeue later wend J.M. Coetzee dieselfde basiese gegewens vindingryk en briljant⁶ aan wanneer hy die Selkirk-Defoe-verhaal in sy *Foe* (1986) herskryf en dit onregstreeks ook op Suid-Afrika van toepassing maak.

Wat suiwer biografiese geskiedskrywing betref, is die voortou geneem deur Roger North (1653-1734). In 'n reeks biografieë oor sy broers (Francis, Dudley en John North) wat tussen 1742 en 1744 verskyn het, het hy die wisselwerking tussen die menslike persoonlikheid en die dissiplines van politiek, die regte en die wetenskap ontgin. Hierdie werk is volgens Bond (1962:595) een van die lewendigste en genotvolste reekse biografieë van alle tye.

Die beroemde Engelse digter, kritikus, essayis, leksikograaf en biograaf Samuel Johnson (1709-1784) se biografie oor die digter Richard Savage, *Life of Savage* (1744), is gebaseer op 'n eerste-handse kennis van Grubstraat,⁷ wat van gebiedende belang is vir die uiteensetting van die oorsake wat van Savage die soort mens en digter wat hy was, gemaak het (Bond, 1962:595).

“No species of writing,” skryf Johnson in die *Rambler*,⁸ “seems more worthy of cultivation than biography, since none can be more delightful or more useful, none can more certainly enchain the

heart by irresistable interest, or more widely diffuse instruction to every diversity of condition” (aangehaal deur Bond, 1962:595).

Johnson se teorie oor biografiese geskiedskrywing as ‘n genre wat nie net onderrig nie, maar ook “enchain the heart”, word ten beste geïllustreer deur sy kort biografieë oor Paolo Sarpi (1738), Hermann Boerhaave (1739), admiraal Robert Blake (1740), sir Francis Drake (1741), Thomas Sydenham (1742) en veral sy *Lives of the Poets* (1779-1781), waarin hy volgens Bond (1962:595) sy mees deurdagte kritiese oordeel openbaar.

Macaulay (1962:115) beskou hierdie reeks as Johnson se heel beste werk. “The narratives,” skryf hy in sy klassieke essay oor Johnson wat die eerste keer in die agtste uitgawe van die *Encyclopaedia Britannica*⁹ opgeneem en daarna gereeld herdruk is, “are as entertaining as any novel. The remarks on life and on human nature are eminently shrewd and profound. The criticisms are often excellent, and, even when grossly and provokingly unjust, well deserve to be studied” (Macaulay, 1962:115).

Johnson se *Lives of the Poets* het in 1779 en 1781 verskyn en het hul ontstaan te danke aan ‘n versoek van ‘n aantal Londense uitgewers dat hy kort biografiese aantekeninge vir ‘n beoogde nuwe uitgawe van die werke van die Engelse digters sedert Cowley moet skryf. Johnson was by uitnemendheid vir hierdie taak geskik en hy het die opdrag aanvaar. Sy kennis van die literêre geskiedenis van Engeland sedert die herstel van die monargie¹⁰ was ongeëwenaard. Dié kennis was gedeeltelik afkomstig van boeke en gedeeltelik van bronne wat reeds lank nie meer toeganklik was nie: van ou Grubstraat-tradisies; van vroeëre gesprekke met lank vergete en gestorwe poëtasers en pamflet-skrywers; en van die herinnerings van mense soos Gilbert Walmesley en andere. Johnson het ‘n magdom gegewens tot sy beskikking gehad. Hy wou aanvanklik net een paragraaf aan elke mindere digter wy, en slegs vier of vyf bladsye aan die grootstes. As gevolg van die enorme hoeveelheid stof tot sy beskikking het die werk, wat oorspronklik uit slegs ‘n paar bladsye sou bestaan het, tot tien volumes gegroei. Macaulay (1962:115) beskou die biografieë oor Cowley, Dryden en Pope as die bestes, dié oor Gray ongetwyfeld as die slegste en die biografie oor Milton as die mees kontroversiële.

Samuel Johnson was egter self die subjek van ‘n werk wat volgens baie kommentators nog steeds die belangrikste en invloedrykste biografie van alle tye is (Bond, 1962:595; Kannemeyer, 1989:29-30): die groots opgesette en lywige *The Life of Samuel Johnson, Ll.D.* (1791) deur James Boswell.

Boswell (1740-1795) is in Edinburg gebore en het homself in die regte bekwaam. Die jong Skotse advokaat, pas 23 jaar oud en ‘n ywerige selebriteitsjagter, se *annus mirabilis* was die jaar

1763 toe hy die 54-jarige dr. Samuel Johnson, toe al bekend vanweë sy monumentale *Dictionary of the English Language* (1755), in Londen ontmoet het. Boswell se eie beskrywing van sy eerste kennismaking met Johnson in Tom Davies se boekwinkel in Great Russellstraat is al as een van die beste passasies in die Engelse letterkunde bestempel (Roberts, 1962:940).

Hierdie ontmoeting was die begin van 'n vriendskap wat tot Johnson se dood in 1784 geduur het. Mettertyd het Boswell ook ander vriendskappe gesluit en 'n formidabele korrespondensie in stand gehou, onder meer met Jean Jacques Rousseau en Voltaire, wat hy albei ontmoet het (*ibid.*).

Kort na sy kennismaking met Johnson raai laasgenoemde Boswell aan “to keep a journal of my [Boswell se] life, full and unreserved” (aangehaal in Kendall, 1988:201). Boswell het hierdie advies ter harte geneem en stiptelik gevolg.

In Augustus 1763 vertrek Boswell op 'n kontinentale reis. Aanvanklik vergesel Johnson hom tot in Harwich, maar daarna reis hy alleen verder. Die uiteindelijke doel van sy reis is 'n besoek aan die eiland Korsika, wat hom gefassineer het en omdat hy op soek was na “something more than just the common course of what is called the tour of Europe” (aangehaal in Roberts, 1962:940).

Vyf jaar later manifesteer hierdie reis in die vorm van sy *An Account of Corsica, The Journal of a Tour to that Island and Memoirs of Pascal Paoli*. Hierdie werk, wat deur Johnson en ander kritici hoog aangeslaan is, was Boswell se eerste literêre werk van betekenis, en veral die “Boswellisering” van die Paoli-gedeelte was die eerste aanduiding van sy latere sukses as biograaf (Roberts, 1962:940).

In 1785, ná 'n reis na die Hebrides, verskyn Boswell se *Journal of a Tour to the Hebrides*, waarin talle “exquisite traits of character” (Roberts, 1962:941) aangeteken is. Saam met *An Account of Corsica* is dit 'n belangrike voorstudie tot Boswell se groot biografie oor Johnson wat ses jaar later sou volg.

Hoewel Boswell Johnson slegs die laaste 21 jaar van sy lewe geken het, het hy in dié tyd aantekeninge van gesprekke gemaak, korrespondensie en dokumente deurgewerk en onderhoude met Johnson se vriende gevoer. Hy het selfs sover gegaan om ervarings en ontmoetings vir Johnson te reël en in dié proses sy subjek se lewe boeiender en interessanter te maak - alles met die uitsluitlike doel om die leesbaarheid van sy biografie te verhoog (Bond, 1962:595; Kendall, 1988:201; Kanne-meyer, 1989: 30).

Ofskoon ander biograwe voor hom¹¹ reeds van korrespondensie en ander materiaal gebruik gemaak het, kom die eer Boswell toe dat hy, ondanks die groot simpatie met en verering vir sy subjek, hom met die verwerking van die dokumentasie aan feitelike korrektheid hou, selfs waar dié feite se-

kere skadukante van Johnson se lewe belig (Kannemeyer, 1989:30). Boswell sê dan ook in sy inleiding tot die boek: “I profess to write, not his panegyrick, which must be all praise, but his Life; which, great and good as he was, must not be supposed to be entirely perfect” (Hill, 1934:30).

Soos sy *Journal of a Tour to the Hebrides*, was Boswell se biografie oor Johnson vanuit die staanspoor ‘n reusesukses. Holmes (in Batchelor, 1995:15) wys daarop dat dit sedert sy verskyning meer as 200 jaar gelede nog nooit uit druk was nie en dat dit, saam met Andrew Morton se *Diana: Her True Story* (1992), tot nog toe die suksesvolste biografie in Engels is.

Die studie van die persoonlikheid van die enigmatiese Boswell, wat volgens Roberts (1988:389) slegs twee ambisies in die lewe gehad het - om beroemde mense te ontmoet en om self ‘n beroemde skrywer te wees - is enigszins verwaarloos. Oor Boswell se persoonlikheid het baron Thomas Babington Macaulay (1800-1859), volgens die meeste kommentators by verre die sterkste invloed op die Victoriaanse literêre smaak, hom soos volg in sy beroemde essay van 1832 uitgelaat: “Servile and impertinent, shallow and pedantic, a bigot and a sot ...” Hoe kan so iemand dan die grootste biografie in die [Engelse] literatuur geskryf het? vra Roberts (1962:941) jare later. Macaulay verskaf egter self die antwoord hierop: “If he had not been a great fool, he would never have been a great writer” (aangehaal in Roberts, 1962:941).

Die sogenaamde “inspired idiot”-teorie is herhaaldelik deur verskeie kommentators omvergewerp. ‘n Lees van Boswell se briewe, of selfs sy *Advertisement* in die eerste uitgawe van sy Johnson-biografie, is volgens Roberts (1962:941) afdoende om die gedagte dat sy triomf toevallig was, te weerlê. Die moeite wat Boswell gedoen het om selfs die onbelangrikste datum te kontroleer, die nougesetheid waarmee hy die proefbladsye van die boek nagegaan en die erns waarmee hy selfs die ge-ringste wysigings en korreksies aangebring het, was allermins toevallighede. Boswell was self daar-van oortuig dat hy sy werk nie net deeglik gedoen het nie, maar dat sy metode van biografiese geskiedskrywing “the most perfect that can be conceived” was. Roberts (*ibid.*) meen dat daar moontlik geldige meningsverskil oor Boswell se selfassessering mag bestaan, maar dat min kommentators sy aanspraak dat sy boek “more of a Life than any work that [had] ever yet appeared” (aangehaal in Roberts, 1962:941) was, in twyfel kan trek.

Boswell se besondere vaardigheid is in ‘n groot mate te danke aan sy joernalistieke aanslag tydens die strukturering van sy biografie. As ‘n gebore ondervraer en aantekeningmaker het hy besef dat sy aantekeninge en herinnerings nie maar net as ‘n mengelmoes reminissensies opgedis kan word nie, maar as die grondstof van ‘n ware woordkunstenaar moet dien. Sy joernalistieke instink het hom genoop om honderde voorvalle en gesprekke aan te teken - iets wat ‘n meer “akademiese” biograaf

waarskynlik as nie-oorweegbare trivialiteite sou verwerp het. Terselfdertyd het hy besef dat sy eers-handse kennis van sy subjek, wat beperk was tot 'n klein gedeelte van Johnson se lewe, deur bio-grafiese navorsing aangevul moet word. Die gevolg was dat Boswell deurgaans die indruk van 'n bewuste en kontensieuse woordkunstenaar skep (Roberts, 1962:941-942).

Boswell se *Life of Samuel Johnson* het haas alle biografiese geskiedskrywing wat daarna sou volg, beïnvloed. Ondanks die ontwikkeling van nuwe benaderings by biografiese literatuur, behou dié werk tot op hede sy oorredende krag. 'n Riem onder die hart van baie biograwe is ook die feit dat Boswell se *Life* as 'n belangrike literêre werk beskou word. Sedert die Tweede Wêreldoorlog is dit verder ook nie vreemd nie dat jaarlikse bibliografieë in die VSA dikwels aantoon dat meer boeke oor Johnson en Boswell as oor alle ander biografiese literatuur saam verskyn (Kendall, 1988:201).

3.7 DIE NEGENTIENDE EEU

Boswell se *Life of Samuel Johnson* kan volgens Kendall (1988:201) beskou word as verteenwoordigend van die psigologiese uitdrukking van die Eeu van Verligting¹² (Aufklärung), en dit is ongetwyfeld 'n baie goeie samevatting van verskeie tipiese kenmerke van daardie era: toewyding aan die stadslawe, 'n vertroue in gesonde verstand en klem op die mens as 'n sosiale wese.

Die belofte wat hierdie groot werk ingehou het, is egter nie in die 19de eeu verwesenlik nie. Die groot nuwe nasie, die VSA, het, ondanks die stimulus van 'n robuuste en optimistiese gemeenskap, flambojante persoonlikhede op die wesgrens, byna oormatige genialiteit en lewensbeskrywings deur vooraanstaande skrywers soos Washington Irving en Henry James, geen biografieë van werklike belang gelewer nie. In Frankryk het dit nie veel beter gegaan nie en het die klem eerder op 'n soort innerlike, romantiese introspeksie geval, soos in Pivert de Senancour se *Obermann* (1804) en die outobiografieë van verskeie ander skrywers wat eerder as romans gelees moet word (Kendall, 1988:201).

In Groot-Brittanje het die 19de eeu vol belofte afgeskop met talle biografieë en outobiografieë deur prominente figure van die Romantiese beweging. Onder hulle was Samuel Taylor Coleridge, Robert Southey, William Hazlitt en Thomas de Quincey (*ibid.*).

Sedert Boswell het dit ook algemene praktyk geword dat skrywers van korrespondensie, dagboeke, outobiografiese geskrifte, onderhoude en ander dokumente gebruik maak en 'n nuwe vorm vir die biografie gaandeweg ontwikkel (Kannemeyer, 1989:30). In die 19de eeu was die klem egter dikwels op die morele statuur van die subjek, en daarmee saam is feite verswyg, geïgnoreer en selfs doelbewus verdraai indien dit skadelik vir sy beeld kon wees (*ibid.*).

Boswell se metode van biografiese geskiedskrywing is voortgesit in die beste 19de eeuse Engelse biografieë: Thomas Moore se *Letters and Journals of Lord Byron* (1830), J.G. Lockhart se *Memoirs of the Life of Sir Walter Scott* (1837-1838) en sir George Trevelyan se *Life and Letters of Lord Macaulay* (1876). Elk van hierdie biografieë gee volgens Bond (1962:595) blyke van persoonlike kennis van en besondere simpatie met die subjek, én ‘n intelligente omgang met verwikkelde materiaal om kreatiewe literêre kunswerke voort te bring.

Ander 19de eeuse biografieë wat hoë aansien geniet, is Robert Southey se lewensbeskrywings van lord Nelson (1813) en John Wesley (1820), Thomas Carlyle se *Life of Schiller* (1825) en *Life of John Sterling* (1851), Elizabeth Gleghorn Gaskell se *Life of Charlotte Brontë* (1857) en James Anthony Froude se studie oor Carlyle (1882 en 1884). Hoewel die reeks kritiese essays deur baron Macaulay in die *Edinburgh Review* en later in die *Encyclopaedia Britannica* nie suiwer biografies van aard is nie, bevestig dit sy kreatiewe vermoëns in veral die stukke oor John Bunyan (1830) en Warren Hastings (1841) (Bond, 1962:595; Kendall, 1988:201).

Daar was egter ook ‘n oormaat biografieë waarin die Victoriaanse idees van fatsoenlikheid en welvoeglikheid hul beslag gevind het. Selfs in ‘n goeie biografie soos A.P. Stanley se *Life and Correspondence of Thomas Arnold* (1844) word die leser eerder met die indruk van Arnold se morele statuur as dié van vitaliteit gelaat. Die leerstelling van *nil nisi bonum* is net so fataal vir biografiese geskiedskrywing as wat dit vir die optekening van die geskiedenis is. Latere navorsing het laat blyk hoe bedrieglik feite verswyg, handelingne verkeerd vertolk of die konteks van briewe effens gewysig kan word om die een of ander waarheid, maar nie die volle waarheid nie, oor te dra - soos byvoorbeeld in John Forster se indrukwekkende *Life of Charles Dickens* (1872-1874) of J.W. Cross se biografie van George Eliot (1885-1887). Bond (1962:595) betoog dat dieselfde “onkritiese metodes” ook in ‘n groot mate aanwesig is in die werk van twee biograwe wat teen die middel van die 19de eeu verskyn het: Agnes Strickland, in haar *Lives of the Queens of England* en *Lives of the Queens of Scotland* (1840-1859), en lord Campbell, in sy *Lives of the Lord Chancellors* (1845-1847) en *Lives of the Chief Justices* (1849-1857). In die VSA was die belangrikste verteenwoordigers van hierdie verskynsel Washington Irving, wie se biografieë oor Christophorus Columbus (1828), Oliver Goldsmith (1849), Mohammed en sy opvolgers (1849-1850) en George Washington (1855-1859) lank gewild was, en James Fenimore Cooper, met sy *Lives of Distinguished American Naval Officers* (1846) (Bond, 1962:595).

Die ideale Victoriaanse biografie het volgens Bond (1962:595) ook dikwels geneig om ‘n “lewe-en-tye”-werk te wees. Die biograaf se begeerte om sy subjek binne die volledige konteks van sy

omgewing te plaas, het die gevolg gehad dat die agtergrond 'n al hoe groter plek ingeneem het sodat die persoonlikheid van die subjek uit die oog verloor is. Soos met Thomas Carlyle se studies oor Oliver Cromwell (1845) en Frederik die Grote (1858-1865), was die gevolg 'n massiewe, onbetwisbaar erudiete kombinasie van geskiedenis en biografie. Die mees uitstaande voorbeeld hiervan is David Mason se *The Life of John Milton, Narrated in Connexion With the Political, Ecclesiastical, and Literary History of His Time* (1859-1894). Talle van die "standaard" biografieë wat in die tweede helfte van die 19de eeu, en selfs later, verskyn het, het beter daarin geslaag om alles wat oor die subjek en sy agtergrond bekend was, te openbaar as om 'n oortuigende en lewensgetroue beeld van die subjek te skilder. Die biografieë van Jonathan Swift (1882), deur sir Henry Craik, en Richard Steele (1889), deur G.A. Aitken, is volgens Bond (1962:595) steeds onontbeerlik vanweë die inhoud daarvan, maar die erg gedokumenteerde en geweldige erudiete benadering daarvan het meer as een biograaf later genoop om met meer gekonsentreerde en lewendiger aanbiedings van Swift en Steele se lewens vorendag te kom. Biograwe wat wel grootliks die versoeking weerstaan het dat 'n oormaat agtergrond hul subjekte oorskadu, was John Hay en John G. Nicolay, met hul biografie oor Abraham Lincoln (1890), en burggraaf Morley, met sy *Life of William Ewart Gladstone* (1903) (Bond, 1962:595-596).

3.8 DIE TWINTIGSTE EEU

Die biografiese geskiedskrywing van die 20ste eeu toon 'n skrilte kontras met die moralisering wat in die vorige eeu aan die orde van die dag was (Kannemeyer, 1989:30). Bond (1962:596) wys ook op die hewige reaksie op sowel die Victoriaanse ophemeling as die akademiese "lewe-en-tyd"-weergawes wat so gewild was. Die algemene opstand teen die Victoriaanse morele idees, veral in die tydperk wat ná die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, het uit die aard van die saak biograwe se sienswyses beïnvloed, en die studie van Sigmund Freud en andere op die gebied van die psige en die onderbewuste het onvermydelik 'n nuwe terrein van ondersoek, met vanselfsprekende implikasies vir biogra-fiese geskiedskrywing, blootgelê (Kannemeyer, 1989:30; Bond, 1962:596).

Die sogenaamde "nuwe biografie" (Bond, 1962:596) is gevolglik dikwels die verslag van 'n innerlike lewe, die onthulling van karaktertrekke wat voorheen nie vermoed is nie, en soms ook die ontdekking dat die subjek voete van klei gehad het. Kannemeyer (1989:30) noem dit dan tereg ook 'n "gevallestudie". Stilisties is dit gewoonlik vaartbelyn, of ten minste beknop, en word dit dikwels deur opsetlike geestigheid en ironie gekenmerk (Bond, 1962:596).

Tekens van die komende verandering kon teen die einde van die vorige eeu reeds gesien word in

die werk van James Anthony Froude, wie se afsydige en selfs satiriese biografie oor Carlyle (1882 en 1884) by die verskyning daarvan 'n polemieks veroorsaak het. Froude se lewendige en onakademiese benadering blyk ook uit sy *Life and Letters of Erasmus* (1894) (*ibid.*).

Die groot deurbraak in die 20ste eeu het egter eers pas na die Eerste Wêreldoorlog gekom toe Lytton Strachey (1880-1932) se kort lewensketse oor Florence Nightingale, Thomas Arnold, genl. C.G. Gordon en andere onder die titel *Eminent Victorians* (1918) verskyn (*ibid.*).

In sy voorwoord formuleer Strachey die tweeledige beginsel van keuse en noukeurige ondersoek wat al sy werk gekenmerk het. In die plek van die sogenaamde “briewe-en-lewe” biografieë van die Victoriaanse era met hul “ill-digested masses of material” en hul “lamentable lack of selection” stel hy “a brevity” voor “which excludes every thing that is redundant and nothing that is significant”. Hierdie verkleining van die omvang van die biografie impliseer volgens Strachey egter nie agtelosigheid of die lukrake wegdoening met 'n oormaat feite of inligting nie. Die biograaf moet volgens hom die “characteristic specimens” soek wat sy subjek sal belig. Bond (1962:596) stel dit soos volg: “Strachey thinks of the biographer as making sudden sallies upon his subject ‘in unexpected places’ in order to ‘shoot a sudden, revealing searchlight into obscure recesses, hitherto undivined’; or changing the metaphor, ‘he will row out over that great ocean of material, and lower down into it, here and there, a little bucket, which will bring up to the light of day some characteristic specimen, from whose far depths, to be examined with a careful curiosity.’”

Voorts meen Bond (1962:596) dat Strachey se ornate styl, sy retoriese vrae en pouserings, sy kwistige aanwending van anekdotes en sy gebruik van kontras waarskynlik ten beste vertoon word in sy biografie *Queen Victoria* (1921). Sy *Elizabeth and Essex: A Tragic History* (1928) is minder geslaagd en toon meer van Strachey se maniërisme sonder die eenheid van toon wat sy vroeëre werk gekenmerk het (Bond, 1962:596). In sy doelbewuste strewe na artistieke effekte en met sy oordadige styl het Strachey waarskynlik meer as enigiemand anders daartoe bygedra om die toon van die nuwe biografie aan te gee. Sy invloed kan volgens Bond (1962:596) gesien word in die werk van baie mindere skrywers wat sy piëteitlose houding teenoor die verlede aangeneem en sy styl nagevolg het.

Met die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog is die waarde van hierdie soort biografie egter in twyfel getrek. Strachey se diplomatieuse objektiwiteit en literêre vaardigheid is as sy ware bate erken; nie sy gevaarlik interpreterende metode nie (Kendall, 1988:202).

Wat die res van Europa betref, het daar sedert die Renaissance betreklik min biografieë in Duitsland, Spanje, Italië, Skandinawië, Rusland en die Slawiese lande verskyn. Boonop het dit in die algemeen, veral sedert die einde van die 18de eeu, die tendense in Brittanje en Frankryk nagevolg (Kendall, 1988:202). Onder die bekendste biograwe van die 20ste eeu tel André Maurois van Frankryk en Emil Ludwig van Duitsland.

In Rusland het die beste prosa van die 19de en 20ste eeu in die vorm van die roman gemanifesteer. Nogtans verteenwoordig Leo Tolstoi se talle outobiografiese geskrifte, Sergei Asakof se geskrifte oor sy jeug en Maksim Gorki se outobiografiese trilogie beperkte biografiese aktiwiteite. Die streng beheer van literatuur deur die Kommunistiese regimes van Oos-Europa was egter allermens bevorderlik vir die bloei van die biografie (Kendall, 1988:202).

In lande buite die Ystergordyn word die biografie in die 20ste eeu met wisselende sukses toegepas, en in Groot-Brittanje trek veral Winston Churchill met sy monumentale *Marlborough* (vier dele, 1933-1938) die aandag.

Sedert Strachey het die biografie, wat in die jaar 1929 'n fenomenale opbloei met letterlik honderde nuwe titels beleef het (in die VSA alleen het daar dié jaar 667 nuwe biografieë verskyn), homself as 'n gevestigde en hoogs geskakeerde literêre vorm bewys (Kendall, 1988:202).

3.9 BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING IN DIE VSA

In die VSA het die biografie eers betreklik laat ontwikkel, hoewel kroniekskrywers soos John Smith sekere ou legendes, byvoorbeeld die Pocahontas-verhaal, verewig het, of lewendige pensketse van hul meer kontemporêre tydgenote die lig laat sien het, soos kapt. Edward Johnson (1599-1672) met sy *Wonder-Working Providence of Zion's Saviour in New England* (1654) (Dondore, 1962:596-597).

Uitgebreide biografiese werk word egter wel aangetref in Cotton Mather se *Magnalia Christi Americana* (1702), 'n eienaardige mengsel van feite, tradisie en persoonlike vooroordeel waarin 'n paar afdelings aan die lewensbeskrywing van bepaalde goewerneys, magistrats en ander persone gewy word. Hierdie werk het egter spoedig in die vergetelheid geraak, soos ook *The Life and Character of the Reverend Benjamin Colman, D.D.* (1749) deur Ebenezer Turell, Jonathan Edwards se lewensbeskrywing van David Brainerd (1749) en Jeremy Belknap se *American Biography* (1794-1798) (Dondore, 1962:597).

Tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775-1783) was die skrywers en denkers te besig met hul onmiddellike werklikheid om nog aandag aan die deugde en prestasies van gestorwe hoogwaardigheidsbeksleers te bestee. Die enkele semibiografiese stukke wat wel daar was, was satiries van aard, soos Mercy Otis Warren se klug *The Group* (1775), of toevallig, soos die bitsige sketse in haar *History of the American Revolution* (1805) (*ibid.*).

Ná die Vryheidsoorlog het die klem egter na die beroemde patriotiese figure, wat reeds heroïese afmetings begin aanneem het, verskuif. *The Life and Memorable Actions of George Washington* (1800) deur Parson Mason Locke Weems, volgens Dondore (1962:597) 'n veelsydige maar ietwat gewetenlose skrywer, is aanvanklik met agterdog bejeën, maar het later geblyk een van die suksesvolste biografieë wat ooit in die VSA verskyn het, te wees. William Wirt (1772-1834) se *Life of Patrick Henry* (1817) het na die mening van Dondore (*ibid.*) ook onjuisthede bevat, maar was goed en meer leesbaar geskryf as William Tudor (1779-1830) se *Life of James Otis* (1823) of die swaarwigtige *Life of Washington* (1804-1807) deur hoofregter John Marshall.

Een van die eerste huldeblyke aan Amerikaanse skrywers was die hoogdrawende en onjuiste *Life of Charles Brockden Brown* (1815) deur William Dunlap (1766-1839), 'n dramaturg, bestuurder en sogenaamde "Father of the American Theatre". Edgar Allen Poe het hom oorgegee aan 'n literêre gebrabbel in sy *Literati of New York City* (1846), en sy literêre eksekuteur, Rufus Griswold (1815-1857) verskaf in sy memoires van Poe (1849) een van die beste voorbeelde van die bevrediging van persoonlike griewe, 'n verskynsel wat 'n tyd lank 'n skadu oor Amerikaanse biografiese geskiedskrywing gegooi het (Dondore, 1962:597). Die beste biografiese werk wat in daardie jare uit New York gekom het, en wat volgens sommige kommentators waarskynlik steeds van die heel beste bio-

grafiese werk in die VSA is, is Washington Irving (1783-1859), volgens baie kenners die “father of American literature” (Pochmann, 1962:691), se Spaanse reeks en sy laaste werk, *The Life of Washington* (1855-1859). Die geleentheid wat hy gehad het om Spaanse bronne te ondersoek en om die atmosfeer van die plekke waaroor hy skryf, in te drink, asook sy innemende skryfstyl, sy skilderagtige temas en sy omgang daarmee, het die gevolg gehad dat sy *History of the Life and Voyages of Christopher Columbus* (1828) hom, volgens Robert Southey, “in the front rank of modern biographers”¹³ geplaas het, en van hom, in Edward Everett se woorde, “[the] founder of the American school of polite writing”¹⁴ gemaak het (Dondore, 1962:597).

Wat die sogenaamde New England School betref, het Jared Sparks, wat ‘n tyd lank die redakteur van die *North American Review* was, nie net self talle biografieë geskryf nie, maar ook die omvattendste werk van dié aard geredigeer, naamlik die *American Biography* van 25 volumes, wat in twee reekse (1834-1839 en 1844-1847) verskyn het en steeds waardevol is. Ander bevredigende biografieë was Ralph Waldo Emerson se huldeblyk aan Henry David Thoreau (1862), Charles Eliot Norton se biografieë, die werk van Thomas Wentworth Higginson, O.W. Holmes se lewensbeskrywings van Emmerson (1885) en John Lothrop Motley (1879) en die memoires van die Transendentaliste. In die suide het John Pendleton Kennedy (1795-1870) se *Memoirs of the Life of William Wirt* (1849) verskyn, terwyl die tradisie van biografiese geskiedskrywing voortgesit is deur William Gilmore Simms se lewensbeskrywings van Francis Marion (1844), John Smith (1846) en Nathanael Greene (1849). In die weste is die biografiese tradisie gevestig deur Timothy Flint se biografie oor Daniel Boone (1833) en Benjamin Drake se lewensbeskrywing van Black Hawk (1838) (Dondore, 1962:597).

Teen 1875 was die biografie reeds goed gevestig as ‘n populêre genre in die VSA en lewensbeskrywings het in ‘n toenemende mate verskyn. ‘n Baie algemene tipe lewensbeskrywing was die sogenaamde “familiebiografie” waarin die kinders of naaste verwante van ‘n individu, wat uiteraard vrye toegang tot sy dokumente gehad en hom intiem geken het, hul indrukke oor hom neergestip het. Dondore (1962:597) wys op die bestaan van sodanige biografieë oor, onder meer, Harriet Beecher Stowe, Nathaniel Hawthorne, Julia Ward Howe en die digteres Emily Dickenson.

Horace Traubel se verering van Walt Whitman het sy *With Walt Whitman in Camden* (1906) tot gevolg gehad en is dalk die beste voorbeeld van die Boswelliaanse tipe biografie in dié tydperk. Met hul biografie oor die lewe van Abraham Lincoln (1890) lewer die president se sekretarisse, John Hay (1838-1905) en John G. Nicolay (1832-1901), nie alleen een van die omvattendste Amerikaanse biografieë nie, maar skryf hulle ook die geskiedenis van ‘n vervloë era (Dondore, 1962:597).

‘n Ander gespesialiseerde vorm van biografiese geskiedskrywing is die sogenaamde “veldtogbiografie” wat om ‘n spesifieke doel geskryf is, naamlik die ophemeling van ‘n kandidaat tydens ‘n verkiesingsveldtog. Voorbeelde hiervan is dié oor Hawthorne en William Dean Howells (*ibid.*).

Verskeie pogings is ook in die VSA aangewend om omvattende reekse biografieë die lig te laat sien. Sommiges van hulle bevat voortreflike studies. Die “American Men of Letters”-reeks spring in 1881 weg met Charles Dudley Warner se *Washington Irving*. In dieselfde reeks verskyn onder meer Oliver Wendell Holmes se *Emerson* (1884) en George E. Woodberry se *Edgar Allan Poe* (1885). In die 20ste eeu volg ook biografieë soos Newton Arvin se *Herman Melville* (1950) en Francis Otto Matthiessen se *Theodore Dreiser* (1950). Wat politieke biografieë betref, begin die “American Statesmen”-reeks in die laaste gedeelte van die 19de eeu onder die redakteurskap van John T. Morse jr. verskyn en sluit dit werke soos Theodore Roosevelt se *Thomas Hart Benton* (1887) en Moses C. Tyler se *Patrick Henry* (1887) in. ‘n Onontbeerlike verwysingsbron van die 20ste eeu is *The Dictionary of American Biography* (20 volumes wat tussen 1928 en 1937 verskyn) wat deur Allen Johnson en Dumas Malone geredigeer word (*ibid.*).

‘n Belangrike verskynsel in die eerste helfte van die 20ste eeu was die opkoms en ondergang van die sogenaamde “sataniese” of “aftakelende” skool, wat dikwels aan die hand van die soms bedenklike metodes van psigoanalise die onderbewussyn van nasionale helde en literêre reuse ondersoek het ten einde verborge dryfvere en verskuilde motiewe te ontdek. Hierdie “nuwe biografie” in die VSA se toonaangewende Europese eksponente is te vind in Lytton Strachey (Engeland), Emil Ludwig (Duitsland) en André Maurois (Frankryk). In die VSA het Gemaliel Bradford (1863-1932) ‘n soort skets ontwikkel wat hy die “psigograaf” genoem het. Ten slegste gaan hierdie tipe biografie van die veronderstelling uit dat ‘n literêre meesterstuk die manifestasie van ‘n neurose is wat “bewys” dat die skrywer ‘n Oedipuskompleks gehad of vergeefs na sy vader gesoek het. Ten beste toon die psigoanalitiese proses in enkele woorde ‘n persoonlikheids- en geestesinsig waarvan die 19de eeuse skrywers met hul omvangryke biografieë maar net kon droom (Dondore, 1962:597-598).

Volgens Dondore (1962:598) is daar in die VSA meer biografieë oor Abraham Lincoln en George Washington geskryf as oor enige ander persoon. Hierdie belangstelling het tot in die 20ste eeu voortgeduur met belangrike biografieë soos Carl Sandburg se breed opgesette maar poëtiese *Abraham Lincoln* (ses volumes, 1926 en 1932) en Douglass Southall Freeman se wetenskaplike en omvangryke *George Washington* (ses volumes, 1948-1954). Franklin D. Roosevelt was nog ‘n gewilde subjek. Oor hom skryf Frank Freidel ‘n biografie wat ook ses volumes in beslag neem.

Teen die middel van die 20ste eeu neig biografiese geskiedskrywing meer na feitlike en wetenskaplik gedokumenteerde werk wat goed en krities geskryf is. Tydens die eeufeesvieringe (1950-1955) van die “Amerikaanse Renaissance” (1850-1855) was daar opnuut waardering vir die historiese biografie (Dondore, 1962:598).

AANTEKENINGE

¹ Latynse titel: *Memorabilia*.

² Latynse titel: *Vitae parallelae*.

³ Latynse titel: *Moralia*.

⁴ Belangrikste leerling van Aristoteles en formeel die eerste hoof van die Peripatetiese Skool. Sy invloed op die Hellenistiese skole was groot.

⁵ Vergelyk Johnson se *Lives of the Poets*; sien verder 3.6 hieronder.

⁶ 'n Literêre evaluering van dié roman val buite die bestek van hierdie studie. Die ontvangs was egter oorwegend gunstig en kritiek het gewissel van “a brilliant re-working of *Robinson Crusoe* [...]” (Nadine Gordimer), en “A graceful tale wickedly told [...] *Foe* is fascinating” (Michael Hastings), tot “[...] masterfully written” (*Books and Bookmen*).

⁷ Straat in Londen (later Miltonstraat) waar behoeftige en literêre broodskrywers in die 17de eeu gebly het.

⁸ Nr. 60, 13 Oktober 1750.

⁹ 1852-1860.

¹⁰ In 1660.

¹¹ Byvoorbeeld William Mason in *Poems of Gray* (1775).

¹² Beweging wat reeds met die wysgerige revolusie in Engeland met die werk van John Locke (omstreeks 1688) begin en sy hoogtepunt in die 18de eeu in Europa bereik het.

¹³ Aangehaal in Dondore, 1962:597.

¹⁴ *Ibid.*

HOOFSUK VIER

‘n SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

4.1 BIOGRAFIESE GESKIEDSKRYWING IN SUID-AFRIKA

In navolging van die Europese en Amerikaanse tradisie was die eerste voorbeelde van biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika nie op die gebied van die letterkunde nie, maar het die klem eerder op historiese en staatkundige subjekte geval.

Die voortreflikste biografiese werk van die eerste paar dekades van die 20ste eeu is gelewer deur Gustav Preller met titels soos *Piet Retief* (1906) en *Andries Pretorius* (1938). Die historikus H.B. Thom gee in *Die lewe van Gert Maritz* (1947) ‘n genuanseerde beeld van dié Voortrekkerleier, terwyl C.M. van den Heever se *Generaal J.B.M. Hertzog* (1943) ‘n voortreflike uitbeelding van Hertzog se lewe is.

Van latere belang is die Australiese historikus W.K. Hancock se groot en omvattende studie oor die lewe van genl. J.C. Smuts, *Smuts* vol. 1, *The Sanguine Years, 1870-1919* (1962) en vol. 2, *The Fields of Force, 1919-1950* (1968), H.B. Thom se *D.F. Malan* (1980) en J.H. le Roux, P.W. Coetzer en A.H. Marais (reds.) se *Generaal J.B.M. Hertzog: Sy lewe en stryd* (twee volumes) (1987).

Veral sedert die sestigerjare verskyn daar ‘n magdom biografieë, outobiografieë en ander werke met ‘n biografiese inslag in Suid-Afrika. Die meeste daarvan is tydgebonde en raak gewoonlik ná ‘n kort tydperk in die vergetelheid. Die onderwerpe waaroor geskryf is, is legio en wissel van die lewensbeskrywings van politieke en revolusionêre figure - Alan Paton se *Hofmeyr* (1964), Bun Booyens se *Die lewe van D.F. Malan* (1969), John D’Oliveira se *Vorster - die mens* (1977), wat binne twee jaar vier drukke beleef; Peter Joyce se *Ian Smith* (1979), weliswaar ‘n vertaling, maar nogtans ‘n boek wat in die vroeë tagtigerjare groot belangstelling uitlok; Ben Schoeman se outobiografiese *My lewe in die politiek* (1978); Nelson Mandela se *Long Walk to Freedom* (1994); F.W. de Klerk se outobiografie, *Die laaste trek - ‘n nuwe begin* (1998); en Stephen Clingman se *Bram Fischer: Afrikaner Revolutionary* (1998) - tot dié van medici, nyweraars, regsgeleerdes, sportpersoonlikhede en skrywers - C.N. Barnard en Curtis Bill Pepper se *Christiaan Barnard: Een lewe* (1969); Chris Barnard se *Die tweede lewe* (1993), wat albei oor die lewe en prestasies van dié hartpionier handel; Albert Wessels se *Albert Wessels: Plaasseun en nyweraar* (1987); Israel Aaron Maisels se *Issie Maisels: A Life at Law* (1998); Rodney Hartman se *Champ!* (1990), die verhaal van Brian Mitchell, en Koos A. Kombuis se *Seks & drugs & boeremusiek* (2000). Die lys is haas onuitputlik.

Hierdie titels val egter almal buite die omvang van dié studie en word bloot as agtergrond genoem.

4.2 LITERÊRE BIOGRAFIEË IN AFRIKAANS: ‘n INLEIDING EN TOTIUS SE

Ds. S.J. DU TOIT IN WEG EN WERK

Afgesien van korter oorsigte, lemmas in die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* en ‘n vroeë werk soos Totius (1877-1953) se *Ds. S.J. du Toit in weg in werk* (1917) verskyn die vroegste omvattende publikasie op die gebied van literêre biografiese geskiedskrywing eers in 1974 wanneer Leon Rousseau se voortreflike lewensverhaal oor Eugène N. Marais, *Die groot verlange*, die lig sien. Twee ander vroeë publikasies, M.P.O. Burgers se *Die mens Langenhoven* (1939) en sy latere *C.L. Leipoldt: ‘n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (1960), verskaf ook tot nog toe onbekende gegewens, maar is eerder tematiese ondersoeke waarin die aksent in ‘n mate op die psige van die skrywer laat val word. Nogtans verdien hierdie studies vermelding.

In haas geen Afrikaanse literatuurgeskiedenis word egter enige melding van Totius se biografie oor sy vader gemaak nie. Dekker (1961), Antonissen (1965), Nienaber (1985) en Van Coller (1998 en 1999b) beskou Totius uitsluitlik as ‘n digter en konsentreer hoofsaaklik op sy poësie. Slegs Kannemeyer (1978:115) verwys terloops daarna sonder om enige evaluering te gee. *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* is egter aan die vergetelheid ontruk toe dit in 1961 en opnuut in 1977 in Totius se *Veramelde werke*¹ opgeneem is.

Hierdie lywige lewensbeskrywing van S.J. du Toit (1847-1911), een van die prominente figure van sowel die Eerste as Tweede Taalbeweging, predikant, Superintendent-generaal van Onderwys in Transvaal, Bybelvertaler, redakteur van *Die Patriot* en *Ons Klyntji* en skrywer van onder meer die historiese roman *Di koningin fan Skeba, of Salomo syn oue goudfelde in Sambesia* (1898) en die eerste gepubliseerde Afrikaanse toneelstuk, *Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di dood* (1897) verskyn in 1917 in die Paarl, en word deur verskeie kommentators as ‘n “biografie” aangedui.²

Totius se biografie, die eerste in Afrikaans oor ‘n literêre subjek, verdien egter meer as ‘n blote terloopse vermelding. Hierdie beskeie voorloper in die tradisie van literêre biografiese geskiedskrywing in Afrikaans was die begin van ‘n selfstandige genre wat sedert die sewentigerjare ‘n beduidende plek in die Afrikaanse literatuur sou inneem.

Die 1977-weergawe van Totius se biografie is ‘n faksimilee van die oorspronklike 1917-uitgawe, en benewens die weglating van die foto’s en ander illustrasie materiaal wat in die oorspronklike werk voorgekom het, is slegs redaksionele aantekeninge of te ooglopend sinsteurende setfoute aangedui.

Ds. S.J. du Toit in weg in werk, met die subtitel ‘*n Periode van Afrikaanse oplewing*, beslaan 469 bladsye. Die subtitel wek dan ook by die oopslaan van die boek die verwagting dat dit hier om meer as net, in Dresden se woorde (1956:7), “het verhaal van een mensenleven” gaan. ‘n Hele era of “periode” van die Afrikaner se kultuur- en staatkundige geskiedenis word inderdaad onder die loep geneem. Die biografie, waarin ‘n aanhaling van die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper as motto verskyn, is, afgesien van ‘n voorwoord deur die skrywer, in 18 hoofstukke en drie bylaes ingedeel.

In Hoofstuk I (“Eerste lewenstijd”) (Totius, 1977b:1-15) behandel Totius sy vader se voorgeslag. Benewens die aanduiding van laasgenoemde se grootouers en ouers gee hy ook blyke van S.J. du Toit se kinder-, jeug- en studentejare en ‘n Transvaalse reis wat hy onderneem het.

Hoofstuk II (“Noorder Paarl”) (Totius, 1977b:16-33) handel onder meer oor die stigting van die Noorder Paarl-gemeente van die NG Kerk en sy roeping na Transvaal.

Hoofstuk III (“C.N.O.”) (Totius, 1977b:34-64) behandel die Paarlse Gimnasium en die Afrikaanse Bond, die Gedenkskool van die Hugenate en ander onderwysaangeleenthede.

In Hoofstuk IV (“Die Genootskap van Regte Afrikaners”) (Totius, 1977b:65-85) word daar na die stigting en ander aspekte van dié organisasie gekyk, terwyl Hoofstuk V (“Die Afrikaanse Patriot”) (Totius, 1977b:86-98) oor dié blad en die rol van “Oom Lokomotief” (D.F. du Toit) handel.

Hoofstuk VI (“Die Afrikaanse taal”) (Totius, 1977b:99-120) bespreek Arnoldus Pannevis en verskeie aspekte van Afrikaans as spreek- en skryftaal, en in Hoofstuk VII (“Strijd vir die Afrikaanse taal”) (Totius, 1977b:121-139) weeg Totius Afrikaans op teen Nederlands, laat hy hom uit oor die verkoop van Nederlandse boeke en gee hy aandag aan die Taalbond en die Taalbondeksamens.

Hoofstuk VIII (“Die Afrikaner Bond”) (Totius, 1977b:140-184) handel oor die totstandkoming van die Afrikanerbond in 1879 in die Kaapkolonie.

Hoofstuk IX (“‘n Program van beginsels en die Eie-vlag-kwessie”) (Totius, 1977b:185-202) het dit oor ‘n program van beginsels vir die Afrikanerbond en die kwessie van ‘n eie vlag, terwyl Hoofstuk X (“Oplewing in die Kaapkolonie”) (Totius, 1977b:203-221) oor diverse aangeleenthede in die Kolonie handel.

In Hoofstuk XI (“Die Transvaalse anneksasie en die Vrijheidsoorlog”) (Totius, 1977b:222-238) bespreek Totius Shepstone se proklamasie, die houding van “lydelike verset”, die invloed van *Die Patriot* en die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog.

Hoofstuk XII (“Transvaal-periode”) (Totius, 1977b:239-266) beskryf S.J. du Toit se aankoms in Transvaal, terwyl Hoofstuk XIII (“Die Transvaalse deputasie”) (Totius, 1977b:267-284) blyke gee

van 'n reis na Europa en sy besoek aan onder meer Westminster-abdy.

Hoofstuk XIV ("Bijbelvertaling en Bijbelverklaring") (Totius, 1977b:285-311) handel oor S.J. du Toit se bydrae tot die vroegste vertaling van enkele boeke van die Bybel in Afrikaans, en sy rol as Bybelverklaarder.

.Hoofstuk XV ("Latere lewenstijd") (Totius, 1977b:312-336) gee 'n oorsig van S.J. du Toit se latere lewensjare, handel oor sy skeppende werk en bespreek die Jameson-inval en die destydse twispunt dat Du Toit glo deur Rhodes omgekoop was.

In Hoofstuk XVI ("Strijd vir die oue waarheid") (Totius, 1977b:337-377) bespreek Totius sy vader se siening oor sekere kontensieuse kerk- en geloofsake, onder meer "die Apostoliese Broeders", bidure, die Gereformeerde kerkreg en die Gereformeerde leer.

Hoofstuk XVII ("Persoonsbeskrywing") (Totius, 1977b:378-406) bevat 'n beskrywing van S.J. du Toit se voorkoms en handel ook fasette soos sy gemoedslewe, sy liefde vir die natuur, sy liefde vir sy land en volk en sy estetiese en godsdienstige lewe, terwyl sy laaste dae, afsterwe en begrafnis in Hoofstuk XVIII ("Lewens-end") (Totius 1977b:407-425) beskryf word.

Die drie bylaes (Totius, 1977b:426-475) bevat 'n lys van S.J. du Toit se publikasies, huldeblyke aan hom deur vriende en koerante, en 'n aantal van sy gedigte.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* 'n omvattende beskrywing van S.J. du Toit se wel en wee is en inderdaad heelwat oor die gees van sy tyd medeel. Uit die aard van die saak het Totius sy vader baie goed geken en empatie met hom gehad. Volgens Totius se eie mededeling (Totius, 1977b:iii) "[...] het Ds. Du Toit [ook] nie onduidelik te kenne gegee nie, dat dit sijn begeerte is, dat ondergetekende [Totius] 'n lewensbeskrywing van hom sou saamstel". Voorts het Totius oor haas al sy vader se korrespondensie, publikasies, notules en ander geskifte beskik, wat as stramien gedien het waarop hy kon voortborduur.

Sover vasgestel kon word, het Totius hom nooit uitgelaat oor die taak van die biografiese geskiedskrywer nie. Hy het wel by geleentheid gesê: "Persoonlik lees ek liever 'n biografie of outobio-grafie as 'n roman. Feite is vir my belangriker as fiksie. Dit is vir my 'n roman en 'n blywende inspi-rasie om te verneem hoe manne en vroue gewring en geworstel het om in die lewe vooruit te kom. Natuurlik moet die biografie dan opreg en onopgesmuk wees. Nie dat die heimlike, 't sy goed of kwaad, geopenbaar moet word nie. Die hart ken sy eie salwende vreugde of wrange droefheid, en 'n vreemde moet daar nie probeer indring nie. Maar daar is ook sekere lewenservaringe waarvan ons die mededeling aan ons mede-strydgenote nie mag onthou nie" (Nienaber, 1962:9-10). Oor die siening van sy subjek, die gesindheid waarmee hy die biografie oor

sy vader aangepak en sy motivering vir die skryf daarvan, het Totius homself soos volg uitgelaat: “Vir die skrywer hiervan was die saamstelling van hierdie boek allereers ‘n werk van piëteit. Groot eerbied vir die persoon en sijn werk van sijn vader vervul hom, en die nagedagtenis van ‘n hooggeskatte vader sal die dankbare seun ‘n altijd-blijwende seën wees” (Totius, 1977b:iii). “Hierby kom die oorweging, [...], dat dit ‘n groot skade vir ons Afrikanerdom sou wees als die lewe en werk van hierdie Afrikaner in vergetelheid sou raak” (*ibid.*).

Totius wys ook in sy voorwoord daarop dat S.J. du Toit “‘n Ismaël [was]: sijn hand was teën almaal, en almaal sijn hand was teën hom. Dit was sijn roeping om alleen te staan en harde dinge te sê” (*ibid.*). “Bij die beskrywing van sijn lewenstaak was dus wijsheid en takt ‘n hoofvereiste, en die skrywer wil hier die opregte versekering gee, dat hij sijn uiterste bes gedoen het om bij oue gevoelighede verbij te skram en oue wonde nie seer te maak nie. Vandaar dat deurgaans geen kritiek ge oefen en geen beoordeling van persone en gebeurtenisse gegee word nie” (Totius, 1977b:iv).

Bogenoemde benadering kom, gemeet aan die Boswelliaanse metodes, en ook aan dié van Strachey en latere biograwe, erg verdag voor. Nienaber (1962:10) wys trouens daarop dat Totius in sy biografie geen enkele besonderheid vermeld wat op die lewe van sy vader ‘n smet sou werp nie. Ook laat Totius se talle lofredes oor S.J. du Toit ‘n mens nogal aan Publius Tacitus se *Agicola* dink, en ‘n mens mis ook die objektiwiteit wat Plutarchus aan die dag lê wanneer hy hom oor die onderskeie deugde en ondeugde van sy subjekte in sy *Bioi parall’loi* uitlaat. Voorts kan daar betoog word dat Boswell se *The Life of Samuel Johnson* reeds meer as ‘n eeu voor Totius se biografie verskyn het en dat hy daarvan kennis behoort te geneem het - iets waarvan hy geen blyke gee nie. ‘n Mens wonder onwillekeurig wat iemand soos Boswell, Strachey of selfs J.C. Kannemeyer van die Rhodes-polemiek sou gemaak het!

In dié verband kan kortliks by Totius se werkswyse stilgestaan word. Die ontstaan van die biografie is te danke aan ‘n Afrikaanse literator wat in 1909 aan ‘n Paarlse vriend gevra het of dit nie moontlik sou wees om enkele lewensbesonderhede oor S.J. du Toit te verkry nie. Die versoek is aan laasgenoemde oorgedra en hy was bereid om daaraan te voldoen. Totius was op daardie tydstip toevallig in die Boland, en S.J. du Toit het sy lewenskets binne die bestek van enkele weke aan hom gedikteer. Dit was dan ook by dié geleentheid dat S.J. du Toit sy geneentheid te kenne gegee het dat Totius later sy biografie moet skryf. Ná S.J. du Toit se dood in 1911 het Totius met die skryf daarvan begin en die werk is in 1917 voltooi. Die gedikteerde lewenskets het as basis van die uiteindelijke biografie gedien.

Hierdie lukrake werkswyse is moontlik ook die hoofrede waarom die biografie uiteindelik oor-

wegend die indruk van lapwerk maak. Ofskoon S.J. du Toit se lewensverhaal hoofsaaklik chronologies aangebied word, verskyn sekere belangrike besonderhede oor sy persoon en persoonlikheid eers teen die einde van die biografie. 'n Noukeurige lees van die biografie bevestig dan ook die aanvanklike indruk dat Totius sy vader se diktaat slegs minimaal aangepas en met die nodige dokumentasie aangevul het. Die gevolg is dan dat die biografie hoofsaaklik op die stawende dokumentasie berus, terwyl daar van werklike karakterisering en 'n ondersoek van die subjek weinig sprake is. Dit is ook opvallend hoe baie Totius van sy vader se korrespondensie, dokumente, agendas, notules en geskifte woordeliks aanhaal om iets oor laasgenoemde se siening te openbaar, terwyl daar relatief min aandag aan S.J. du Toit se ware gevoelens daarvoor gegee word. Hierdie aanhalings beslaan telkens etlike bladsye wat op die lang duur steurend op die leser werk en heel dikwels geen nuwe insig of emosie aan die lig bring nie. Anders as by die werk van Boswell en Strachey, of die groot biografieë van Jef-frey Meyers³ en J.C. Steyn se lewensbeskrywing van N.P. van Wyk Louw, kry die leser nie 'n ge-nuanseerde blik op 'n belangrike historiese figuur nie, terwyl die totale afwesigheid van enige kritiek op sy subjek Totius se biografie ook byna hagiografiese afmetings laat aanneem.

Dat daar 'n baie hegte verhouding, inderdaad 'n bloedband, tussen Totius en sy vader was, blyk deurgaans uit die biografie. So 'n verhouding tussen die biograaf en sy subjek kan 'n voordeel wees. Kannemeyer (1989:30) wei verder hieroor uit en meen dat 'n mens met die kontras tussen die Victoriaanse heroïese verering en die 20ste eeuse gevallestudie die twee pole kry waartussen die biograaf 'n bevredigende balans moet vind. Die keuse van 'n bepaalde persoon vir 'n biografie impliseer volgens hom (1989:30-31) reeds dat die skrywer 'n besondere simpatie en voorliefde vir sy subjek het en sy werk goed ken. Dikwels was hy persoonlik bevriend met die subjek en probeer hy deur sy biografie nie alleen 'n feitlike verslag lewer nie, maar iets van die lewe as sodanig en van sy eie lewe in die besonder verstaan (Kannemeyer, 1989:31).

Die gevaar van so 'n persoonlike verhouding en selfs vereenselwiging, waarsku Kannemeyer (*ibid.*) tereg, is egter dat die biograaf apologet vir sy subjek kan word en onkrities alles aan hom kan waardeer. Daarby is daar weinig gelukkige verbindings van biograaf en subjek soos wat dit met Boswell en Johnson die geval was. "Meestal word die subjek die slagoffer van die biograaf se onbekwaamheid en vooroordele," skryf Kannemeyer (1989:31) verder.

Tussen die twee pole wat Kannemeyer (1989:30) aangedui het, "moet die moderne biografie [...] 'n bevredigende balans vind en sowel die eksesse van die hagiografiese instink as die psigoanalitiese ontledingsvermoë probeer temper". Dit gebeur nie in Totius se biografie nie. Daarvoor is Totius te veel van 'n apologet vir sy subjek - sien byvoorbeeld sy siening oor Rhodes se vermeende omkoop-

geld aan sy vader (Totius, 1977b:335-336) - en daarvoor waardeer hy te veel van sy subjek se hoedanighede en sienswyses geheel en al onkrities - sien byvoorbeeld Hoofstuk XVI (“Strijd vir die oue waarheid”) (Totius, 1977b:337-377) waarin S.J. du Toit se siening oor verskeie aktuele vraagstukke uitdruklik of by implikasie deur Totius gedeel word of in elk geval nooit bevraagteken word nie.

Totius se *S.J. du Toit in weg en werk* is nie sonder meriete nie. Ondanks ‘n magdom teoretiese-biografiese besware wat teen die werk ingebring kan word, gee dit wel deeglik blyke van S.J. du Toit se lewe en kom die leser onder die indruk van sy kultuurhistoriese bydrae. Hierdie bates ten spyt, en ondanks Totius se versugting om sy vader se lewe aan die vergetelheid te ontruk (Totius, 1977b:

iii), is die blywende indruk van hierdie biografie een van ‘n lewensbeskrywing wat hoogstens kuriositeitswaarde besit. Vir ‘n oortuigende biografie, gemeet aan moderne maatstawwe, is ‘n stipper kyk egter noodsaaklik.

In die Afrikaanse letterkunde sou hierdie stipper kyk eers 57 jaar later manifesteer in die vorm van *Die groot verlange*: Leon Rousseau se lewensbeskrywing van die eerste beduidende Afrikaanse digter: Eugène N. Marais.⁴

4.3 DIE WERK VAN LEON ROUSSEAU

Leon [Gerdener] Rousseau (1931-) debuteer in 1956 met die eerste titel van sy voortrefflike jeugverhaalreeks *Fritz Deelman* (1956-1963). Verder verskyn van hom,⁵ ook as jeugverhale aangebied, *Marco Polo van Venesië* (1958) en *Die Florentyn* (1959), die verhaal van Leonardo da Vinci. Laasgenoemde twee boeke pretendeer nie om biografieë te wees nie, maar is eerder lewensromans wat die Polo- en Da Vinci-verhaal op ‘n hoogs onderhoudende wyse uitbeeld. Hierdie twee vertellings is dan ook vroeë voorlopers van Rousseau se groot werk oor Eugène N. Marais (1871-1936) wat 15 jaar later verskyn.

Vandag is Rousseau se naam in die Afrikaanse letterkunde onlosmaaklik aan dié van Eugène Marais gekoppel. Rousseau moet [...] geag word as ‘n belangrike grondlegger van die literêre biografieskrywing in Afrikaans (Venter, 2000:13).

4.3.1 DIE GROOT VERLANGE

Volgens Leon Rousseau se eie mededeling (Rousseau, 1979:vii) was een van sy belangrikste oog-

merke met *Die groot verlange* (1974) om ‘n leesbare lewensverhaal te skryf. Om hierdie rede, be- toog hy (*ibid.*), het hy, op enkele uitsonderings na, nie van voetnote, verantwoordings of substan- siërings vir nuwe teorieë gebruik gemaak nie. Die gedagte was om later ‘n bronneboek met doku- mente en ander inligting saam te stel vir diegene wat dieper op bepaalde aspekte wou ingaan.⁶

Blykens Rousseau se voorwoord (1979:iii), en ook diverse ander mededelings deur die skrywer,⁷ het die werk aan *Die groot verlange* twaalf jaar geduur.

Die idee om [dalk eendag] ‘n biografie of lewensroman oor Marais te skryf, het reeds op skool by Rousseau ontstaan. In sy matriekjaar was dié digter se *Versamelde gedigte*,⁸ met ‘n lewenskets deur F.G.M. du Toit voorin, een van sy voorgeskrewe boeke vir Afrikaans. By die lees daarvan het hy gedink dat daar die een of ander tyd ‘n omvattende werk oor Marais se lewe geskryf moet word. Vyftien jaar later, ná die lees van Robert Ardrey se *African Genesis*, wat aan Eugène Marais opgedra en waarin daar heelwat oor hom gesê is, het Rousseau “vlam gevat” (Rousseau, 1977:5). Volgens ‘n latere mededeling deur Rousseau het hy ook as 15-jarige skoolseun Irving Stone se lewensroman oor Vincent van Gogh, *Lust for Life*, gelees. In sy matriekjaar het hy gedink dat mens oor Marais ‘n ewe boeiende, leesbare lewensroman kon skryf as Irving Stone oor Van Gogh (Rousseau, 2000:61).

Met behulp van ‘n borgskap deur die Shell-maatskappy van Suid-Afrika het Rousseau ‘n maand lank in Londen, waar Marais vyf jaar lank deurgebring het, gaan woon, en met die hulp van die Brit- ish Council alle leidrade waarvan hy bewus was, probeer opvolg. Ondanks verrassende vondste kon hy egter niks vind oor die meeste aspekte wat hy wou ondersoek nie (Rousseau, 1977:5-6).

Terug in Suid-Afrika het hy sy ondersoek voortgesit en ook met Marais se enigste seun, Eugène Charles Gerard Marais, in verbinding getree. Dit was die begin van talle onderhoude met hom en an- der mense, ‘n taak wat verskeie jare in beslag geneem het. In die proses het Rousseau sy hand op honderde briewe gelê en meer as 60 onderhoude gevoer en op band opgeneem (Rousseau, 1977:6-7).

Rousseau se aanvanklike idee was om ‘n lewensroman, of *vie romancée*, oor Marais te skryf. Die titel daarvan was *Die stem van die wind* en die eerste konsep was “500 verlore bladsye” lank (Rousseau, 2000:61). Nadat hy “sowat 300 bladsye” geskryf het, het hy besef dat dit ‘n oordeelsfout was. In ‘n lewensroman moet ‘n skrywer nooit oor sy gegewens twyfel nie. Alles moet met die grootste stelligheid beweer word (Rousseau, 1977:6-7). Dit kon Rousseau nie oral doen nie. Daarna het hy besluit om sy boek eerder as ‘n lewensverhaal aan te bied. Die bladsye wat reeds geskryf was, is verwerk en ingekort tot sowat 110 bladsye (*ibid.*). Hierdie gedeelte dek ‘n tydperk van ongeveer 26 jaar wat sedert Marais se geboorte tot sy eerste jaar in Londen strek (Rousseau, 1979:1-113). Oor die finale vorm van sy lewensverhaal oor Marais laat Rousseau hom soos volg uit: “Maar

‘n volveerde biografie probeer *Die groot verlange* ook nie wees nie. Dit is ‘n biografie met elemente van ‘n lewensroman, veral wat styl betref, eintlik ‘n soort ligte hibride” (Rousseau, 2000:62).

Vir Rousseau was ‘n groot struikelblok met die voltooiing van die werk die feit dat Marais so ‘n groot aantal rolle gespeel het, teen so ‘n verskeidenheid agtergronde, elkeen ryk en ingewikkeld. Wat Marais se Londense verblyf (1897-1901) betref, het Rousseau die agtergrond van daardie jare in Londen noukeurig nagegaan. Vrae wat hy gevra het, was: “Hoe het Londen gelyk?”; “Hoe het die mense daaroor gevoel?”; “Watter geestelike strominge was aan die werk?”; “Wie het die geestelike klimaat, veral die avant garde-klimaat, help vorm?”; en “Hoe sou ‘n jong man wat morfien gebruik teen so ‘n agtergrond inpas?” (Rousseau, 1977:10).

Antwoorde op dié soort vrae verskaf Rousseau in die grootste deel van Deel 3 van *Die groot verlange* (Rousseau, 1979:105-156).

Oor sy werkmethode ten opsigte van die eerste sewe hoofstukke van hierdie deel het Rousseau hom by geleentheid⁹ soos volg uitgelaat:

[Hoofstuk 1 – “Die binneste heiligdom”.] “Oor Marais se aanstelling van ene O’Brien as redakteur van *Land en Volk* was die feite bekend. Oor sy skeepsreis is daar alleen ‘n stukkies van ‘n kortverhaal. Fragmente van kortverhale en artikels is by Marais volop, want baie dikwels het hy nie die lus of die energie of die wil gehad om ‘n pasbegonne stuk werk te voltooi nie. Oor sy inskrywing by die Inner Temple en sy eksamenuitslae het ek in Londen die feite gaan kry” (Rousseau, 1977:10-11).

[Hoofstuk 2 – “‘n Aangenome dogtertjie”.] “Dit is geskryf deur alles op te volg wat Marais oor sy Londense tydperk geskryf of gesê het. Uiteenlopende aspekte word hier aangeraak: sy hulp aan die Transvaalse konsul, Montagu White; sy ewe goeie vriendskap met die Uitlanders wat hulle in Londen bevind het; sy kontak met die skrywer van die roman *Trilby*,¹⁰ waarin die berugte Svengali voorkom, die bese hipnotis wat ‘n pragtige jong meisie deur hipnose in sy mag kry - en die opvallende eggo’s hiervan wat later in Marais se lewe verskyn; sy vriendskap met Indiese studente, wat op feite berus; sy werk in verband met die Egiptologie, wat hy in die Britse Museum gedoen het; sy besoeke aan die Dieretuin in Regent’s Park; en ‘n kort beskrywing van hoe hy Sally, ‘n sjimpansee, in sy woonplek aanhou. Elke slag is min of meer karige feite geneem en het ek probeer om dit deur middel van agtergrond-inligting in te kleur en betekenis daaraan te gee. [...] Baie van die agtergrond-inligting in hierdie gedeelte oor Londen kom [...] uit naslaanwerk wat ek in die Britse Museum in verband met Londen in die 1890’s gedoen het. Ek het selfs detailkaarte van die Inns of Court en van Guy’s Hospital gemaak, net ingeval dié inligting nodig word” (Rousseau, 1977:11).

[Hoofstuk 3 – “O for excess”.] “[...] In werklikheid bestaan die hele hoofstuk uit agtergrondstof

wat [...] met Marais in verband gebring word. Dit bevat geen enkele feit oor Marais self nie” (*ibid.*).

[Hoofstuk 4 – “Susanne”.] “[...] is in werklikheid op weinig meer konkrete gegewens gebaseer. Al die vaste inligting oor haar kom uit ‘n onderhoud wat ek in 1963 met Eugène Marais se seun gevoer het. Hy het my toe ‘n reeks sketse gewys wat sy pa van Susanne gemaak het, met byskrifte. Oor dié sestienjarige meisie het die seun destyds net een sin gesê, in antwoord op my vraag: ‘I wouldn’t like to think what kind of girl she was.’ Hy het nooit weer oor haar gepraat nie. Maar dié sin het my die leidraad gegee” (*ibid.*).

[Hoofstuk 5 – “Dit of dood”.] “[...] bestaan weer gedeeltelik uit agtergrond-gegewens oor kunste-naars en skrywers van die tyd, aangevul deur ‘n bespiegeling oor die aard van Marais se opiumdrome in die 1890’s, enkele aanhalings uit sy dagboek en ‘n reeks gissings oor die betekenis van die boekplaat wat hy in 1898 ontwerp en laat druk het” (Rousseau, 1977:11-12).

[Hoofstuk 6 – “Slange, spoke en hipnose”.] “Weer word baie agtergrond-inligting gebruik om die gebrek aan gegewens aan te vul. [...] dit is sinvolle agtergrond-inligting, na aanleiding van skrapse verwysings in Marais se eie geskifte, en weer aangevul deur aanhalings uit sy Londense dagboek, wat ‘n bietjie lewe en onmiddellikheid aan die mededelings gee. Een van die grootste deugde van hierdie boek [...] is dat dit Marais plaas teen die agtergrond van sy tyd. Dit is [...] nie heeltemal so eenvoudig soos dit klink nie. Om agtergrond-gegewens nie vervelig te laat word nie, moet ‘n mens eers baie lees en dan slegs die paar brokkies weergee wat nie net vir jou hoofkarakter se lewe van belang is nie, maar ook as sodanig interessant en prikkelend” (Rousseau, 1977:12).

[Hoofstuk 7 – “Die goue kruis”.] “[...] skets die verloop van die Boereoorlog van sy begin tot op die datum wanneer Marais Londen verlaat. Maar dit is ‘n bietjie meer as dit. Die voorbeelde wat aan-gehaal word in verband met die Afrikaners se reaksies, hou almal met Marais self verband: die reaksies van sy neef Johnny Niemeyer, wat later met sewentien bajonet-wonde op Talana gesneuwel het; en van die kinders van sy sterk Engelsesinde oom, ryk Piet Marais, in die Kaap op skool, maar nog-tans vurige Boere-ondersteuners. In dié hoofstuk [...] word ook verwys na die tydperk toe Marais in Londen by ‘n horlosiemaker met edelmetale leer werk het. [...] Daardie afdeling oor Marais se ver-blyf in die buiteland word dan afgeslui[t] met twee hoofstukke oor Marais se poging om Transvaal te bereik as lid van ‘n geselskap wat vir die Boeremagte geneesmiddels en ammunisie wou bring. Dit is grotendeels gebaseer op die dagboek van ‘n Duitse geneesheer, dr. Schultz, wat leier van die ekspedisie was. Maar die dagboek is aangevul en gekontroleer deur dinge wat Marais self in die loop van sy lewe oor die ekspedisie gesê en geskryf het. Die mate waarin dr. Schultz [...] se stellings deur Marais gekorrigeer moes word, het afgehang van wanneer Marais die

stellings gemaak het, wat die stellings was en aan wie hy hulle gemaak het” (*ibid.*).

Deel 4 van die boek – “’n Nuwe begin” - handel oor Marais se terugkeer na Pretoria en die vyf jaar tot voor sy vertrek na die Waterberg in 1907. “Dit beslaan ongeveer 7% van die totale boek,” skryf Rousseau (1977:13), “en is grotendeels gebaseer op mededelings deur Marais se eie seun, maar ook dié van ‘n menigte ander mense, onder andere nagelate aantekeninge van Gustav Preller en verskeie onderhoude wat bepaalde aspekte van die tydperk belig. Dit is een van die mees uiteenlopende afdelings van die boek, want in die ses hoofstukke word ‘n groot verskeidenheid temas behandel. Vir die laaste hoofstuk, ‘Hillbrow’, was daar [...] feitlik geen inligting beskikbaar nie. [...]

“[...] En toe ons [Rousseau en Eugène Marais se seun] by die hoofstuk oor Hillbrow kom, haal hy uit sy rak die versamelde gedigte van Francis Thompson en wys my die verse wat nou in die hoofstuk oor Hillbrow verskyn, verse wat myns insiens regstreekse lig op die aard van Marais se verhouding met jong meisies werp. Op dieselfde dag het dié byna tagtigjarige seun my ook gesê [...]: ‘Een moontlike aanduiding tot die aard van my pa se liefdesverhoudings, verskyn in *Lolita*:¹¹ die jong meisie as roofdier, die ouer man as haar gewillige slagoffer.’ Hierdie inligting het my sekere dele van die boek laat oorskryf, en ek dink daardie dele is nou heelwat nader aan die waarheid as wat hulle voorheen was” (Rousseau, 1977:14).

Deel 5 handel oor Marais se verblyf in die Waterberg. Dit is sowat 100 bladsye lank en staan min of meer in die middel van die boek. Hieroor skryf Rousseau (1977:14-15) soos volg: “[...] die Waterberg is vir my in verband met Eugène Marais sentraal. Dit is die toneel van sy beroemde bobbejaan- en termietnavorsing, maar ook van talle ander navorsingsprojekte. [...] ‘n baie groot persentasie van Marais se geskifte moet verwys na ondervindings in daardie tydperk van agt tot nege jaar.

“Dit is ook ‘n kern van Marais se persoonlike tragiek. Hy kom vol hoop daar, vol idealisme. Hy is ‘n ryk en vername man. In die loop van agt jaar raak hy heeltemal afgetakel, en dié episode bereik ‘n magtige klimaks wanneer sy seun hom in die Waterberg kom haal en hom vir goed na die sogenaamde beskawing terugneem. As ‘n roman oor Marais se lewe geskryf moet word, sal dit seker oor dié gedeelte van sy lewe handel. Die sewentien hoofstukke in hierdie afdeling is uit ‘n menigte bronne saamgestel: Marais se eie geskifte, ‘n groot aantal onderhoude tydens herhaalde besoeke aan die Waterberg, inligting van Marais se seun, selfs die maatskappy-verslae van die tinmyn op Doornhoek” (Rousseau, 1977:15).

Die elf hoofstukke van Deel 6 – “Tussenspele” - handel oor Marais se verblyf op die Springbokvlakte, sy medewerking aan die eerste Afrikaanse vroueblad, *Die Boerevrou*, sy vriendskap met

Tielman Roos en sy verhouding met die 16-jarige Joan Harley (Rousseau, 1979:290-342).

Hoofstuk 8 van dié deel – “Die stem van die storieverteller” - begin met ‘n beskrywing van Marais se besoek aan die sielsieke-inrigting Weskoppies.

Hieroor sê Rousseau (1977:16): “Ek het hoegenaamd geen bewys dat Marais Weskoppies ooit besoek het nie. Dit het alles op omstandighedsgetuigenis berus. Ek het oor die volgende feite beskik: In 1921 het Marais vir die tweede keer in vyf jaar heeltemal sonder morfien klaargekom. Dit is voorafgegaan deur ‘n skietvoorval in Tielman Roos se huis, die soort voorval wat ‘n morfienis kan skok tot ‘n besef van hoe noodsaaklik dit geword het om homself van ondergang te red. In daardie tyd skryf Marais ‘n uitvoerige artikel [...] oor Weskoppies, waarin hy onder meer vertel hoe daar aan hom [...] dele van die gestig gewys is wat nie vir die publiek toeganklik was nie.

“Op hierdie skrale gronde het ek met stelligheid beweer dat Marais Weskoppies besoek het, nie as inwoner nie, maar as toevallige pasiënt van een van die psigiaters, en dat dit gesprekke met hierdie man was wat hom in staat gestel het om ‘n tyd lank sonder morfien klaar te kom” (Rousseau, 1977: 16-17).

Die laaste drie hoofstukke van Deel 6 behandel Marais se verblyf op Erasmus (Bronkhorstspuit), terwyl Deel 7 oor Marais se verblyf op Heidelberg en op ‘n plaas in die distrik handel.

“Oor Heidelberg, veral oor Marais se verblyf op die dorp self,” skryf Rousseau (1977:17), “was daar [...] min inligting dat ek [...] moedeloos was. Daar was wel ‘n paar sensasionele mededelings, maar te min deeglike agtergrond-inligting. Dit is die enigste deel van die boek waarmee iemand my inligting help versamel het. Die persoon was mev. Minnie Postma, wat [...] op Heidelberg gaan aftree het. Sensasionele nuwe gegewens het sy nie gevind nie, maar sy het wel mense opgespoor met wie ek toe self kon gaan praat en by wie ek die tekstuur van daardie nege hoofstukke [van Deel 7] kon kry. Later het ek op ander informante afgekom wat wonderlik lewendig en konkreet oor daardie jare in Heidelberg kon vertel.”

Deel 8 (“Die laaste skof”) met sy 19 hoofstukke is die langste deel van die boek. Die rede vir die lengte van hierdie afdeling, skryf Rousseau (*ibid.*), is dat daar baie meer inligting oor die laaste tien jaar van Marais se lewe bekend is as die res van sy lewe. Daar is volgens hom egter ook ander redes daarvoor.

“In die laaste tien jaar in Pretoria,” voer Rousseau (1977:17-18) aan, “het Marais al sy bekende werk geskryf, onder meer *Burgers van die berge* en *Die siel van die mier*, byna al die bekende kortverhale uit *Die leeu van Magoeba* en *Die huis van die vier winde*, en [...] ‘n menigte artikels. Omdat hy in die laaste jare in Pretoria al baie beroemd geword het, is dit ook die tydperk waarin hy die

meeste in die openbare oog was. Dit was die tyd toe legendes oor hom ontstaan het. Buitendien was dit die tydperk van twee beroemde geskille: die een tussen Marais en [Maurice] Maeterlinck [oor laasgenoemde se vermeende plagiaat in sy *The Life of the White Ant*] en die ander tussen die skrywer van *Wine, War and Women*, [H.P.] Lamont, en die vier jong mans wat hom geteer en veer het. In die Lamont-saak, een van die mees opspraakwekkendes van die jare dertig, het Marais vir die verweer [teen Lamont] verskyn. Uit die tydperk in Pretoria kom verder die hele verhaal van *Ons Vaderland*, waarin Eugène Marais en veral Gustav Preller 'n belangrike rol gespeel het. Gustav Preller self [...] kry vir die eerste keer in die boek toereikende aandag. [...] Dié jare in Pretoria is die eerste waarin vaste getuienis oor die aard van Marais se angsdrome voorkom. Die artikels en kortverhale van die tydperk, as spieëlbeeld van Marais se sielkundige lotgevalle, kry kortliks aandag [...] Iets moes gesê word oor Marais se verhouding met mnr. Fasia van Wyk [hoofbestuurder van die Afrikaanse Pers Beperk] en ook met mnr. Jan van Schaik. Daar is die uiters belangrike verhouding met Edna Cross, en later Marais se insiggewende afskeidsbrief aan Edna, net 'n paar maande voor sy dood. Daar is sy briefwisseling met dr. Winifred de Kok, vertaalster van *Die siel van die mier*, en die [...] lig wat Marais se briewe op sy eie persoonlikheid werp. Ten slotte is daar Marais se dood, waaraan uiteraard veel aandag bestee moes word.”

Die groot verlange eindig op die oomblik toe die haelgeweer in Marais se mond afgevuur word (Rousseau, 1979:514).

Hieroor sê Rousseau (1977:19): “Dit eindig opsetlik daar, want byna alles in die boek word deur Eugène Marais se oë gesien, en hy het self nie, of nie met oortuiging, in ‘n hiernamaals geglo nie. Maar die storie eindig nie daar nie.”

Rousseau (*ibid.*) verskaf dan vlugtig enkele besonderhede oor Marais se dood en begrafnis wat nie in die biografie opgeteken is nie: :”Toe Marais die haelgeweer die tweede keer aftrek, is die boon-ste helfte van sy skedel weggeskiet. Daar was ‘n sproeireën van bloed en toe hy neersak, het die rooi-geskilderde doringboom bo hom bly staan - ‘n bloedige doringkroon.

“Sy lyk is deur ‘n vrou gevind. Haar naam was Maria (*ibid.*).

“Ná sy dood het die plaasvolk op Pelindaba oor sy klere geloot [...] (*ibid.*)

“In die hele Pretoria kon geen Afrikaanse predikant gevind word om die diens waar te neem nie. Op die ou end moes ‘n Skotse predikant dit doen (*ibid.*).

“Dit was toe wat genoem is ‘n ‘pauper’s burial’, met die eenvoudigste soort houtkis (*ibid.*).

“Net ‘n handjievol mense het die diens bygewoon. Dit was meestal koerantkollegas. Onder dié wat *nie* daar was nie, was Gustav Preller, Hannie Preller, mev. Cross, Edna Cross. Ná sy dood het sy

seun daarop aangedring om sy lyk te sien - al wou sy vriende dit nie hê nie (*ibid.*).

“Een van sy draers - sy naam kom in *Die groot verlange* herhaaldelik voor - was so beskonke dat hy die kis byna in die graf laat val het (*ibid.*).

“Die dag van die begrafnis was reënerig. Op die end het die kis van Eugène Marais, in wie se lewe droogte so ‘n sterk simboliese rol gespeel het, in die water gesak” (*ibid.*).

Een van die basiese naslaanwerke wat Rousseau in verband met die skryf van *Die groot verlange* gebruik het, was F.G.M. du Toit se *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*.¹² Dié boek, wat reeds voor die Tweede Wêreldoorlog geskryf is, handel basies oor Marais se letterkundige bydrae, maar bevat ook heelwat biografiese besonderhede. Du Toit, wat Marais in sy laaste jare geken en ook ‘n onderhoud met hom gevoer het, het vanselfsprekend uit piëteit baie van die onvlei-ende feite in verband met Marais verswyg. Oor ander feite het hy glad nie beskik nie. Du Toit se onderhoud met Marais, een van die min bronne waaraan Rousseau aanvanklik nie getwyfel het nie, het geblyk vol onnoukeurighede te wees - en dit was nie Du Toit se skuld nie. Rousseau het spoedig besef dat baie van die oënskynlik onfeilbare inligting oorboord gegooi moet word. Om van foutiewe tradisionele opvattinge ontslae te raak, was een van die groot probleme wat hy met die skryf van die boek ondervind het (Rousseau, 1977:8).

Rousseau (1977:12-13) wys daarop dat stellings wat Marais byvoorbeeld kort voor sy dood in die onderhoud met Du Toit gemaak het, outomaties verdag is wat feitelike noukeurigheid betref, maar nie noodwendig wat algemene strekking betref nie.

‘n Verdere probleem was die hantering van Marais se morfinisme. Toe Rousseau in die vroeë sestigerjare aan die projek begin werk het, was daar ‘n sterk gevoel “dat kultuurhelde teen die waarheid beskerm moet word” (*ibid.*). Hy wys byvoorbeeld daarop dat wyle prof. Gerrit Dekker hom by geleentheid aangemoedig, maar ook aan hom gesê het: “Ek hoop u sal u tot Marais se letterkundige bydrae beperk en nie in sy persoonlike lewe gaan krap nie” (aangehaal in Rousseau, 1977:8).

Rousseau (1977:8) toon ook in *Die groot verlange aan* hoe Gustav Preller Marais se reputasie ten alle tye beskerm het, selfs ten koste van sy eie goeie naam as betroubare geskiedskrywer. Selfs ná Marais se dood het hy Marais se morfinisme in sy geskrifte nog so bedek behandel dat Rousseau aanvanklik nie besef het waarna hy verwys nie.

Rousseau (1977:13) meen ook dat alles wat Marais self oor sy morfinisme gesê het, uiters verdag is, en hoe later hy dit in sy lewe gesê het, hoe meer verdag is dit, want in toenemende mate het hy weggeskram van die geïmpliseerde kritiek wat hy in elke navraag gesien het. As die mededeling egter aan sy seun gedoen is, meen Rousseau (*ibid.*), is dit minder verdag. Rousseau

(*ibid.*) noem ook ‘n ander voorbeeld uit die biografie: “Aan Doors Meyer [...] het Marais in 1926, net tien jaar voor sy dood, vertel dat hy sy ma op haar sterfbed in sy arms vasgehou het. Toe vra hy haar: ‘Moeder, sien moeder iets?’ en sy antwoord, ‘Nee, daar is niks’. Dié stelling kon glad nie gekontroleer word nie, maar twee dinge laat ‘n mens daaraan glo: Die eerste dat hy van Doors Meyer gehou het, die tweede dat dit nie die soort onderwerp is waarvoor enige mens maklik lieg nie.”

Die verskyning van *Die groot verlange* het ‘n nuwe era in die Afrikaanse letterkunde ingelui. Sedert Totius se *S.J. du Toit in weg en werk* is dit die eerste omvattende biografie oor ‘n literêre figuur wat in Afrikaans verskyn het. Erkenning vir Rousseau se werk het spoedig gekom toe *Die groot verlange* in 1975 met die CNA-prys bekroon is. ‘n Vertaling in Engels, onder die titel *The Dark Stream: The Story of Eugène N. Marais* (1982), het ook nie uitgebly nie. Gunstige kritiek en lofuitinge het ingestroom.

“Op die terrein van lewensbeskrywing het ons taal nog nie ‘n werk van hierdie omvang, tegelyk in breedte én in diepte, opgelewer nie [...] Dit is deurgaans pakkend en onderhoudend [...] ‘n mylpaal in ons literatuur,” skryf André P. Brink in *Rapport*.¹³ Wanneer hy ‘n paar jaar later¹⁴ oor *Die groot verlange* in “Die Afrikaanse letterkunde in die jongste tydvak: 1967-1977” in *Perspektief en profiel*¹⁵ skryf, is sy geesdrif egter ietwat getemper en bly ‘n mate van kritiek ook nie uit nie. “Leon Rousseau se lewensbeskrywing van Eugène Marais [...] [verdien tog] besondere aandag vanweë die poging om ‘n kunstenaarslewe as ‘t ware kreatief weer te gee. Selfs al is dit erg deur psigologisme aangeslaan, met oordrewe klem op die digter se verslaafdheid aan doofmiddels, is dit ‘n werk wat sowel deur sy deeglikheid as sy verbeeldingrykheid beïndruk; en in die ‘plasing’ van die figuur binne die konteks van sy tyd is dit iets merkwaardigs in Afrikaans” (Brink in Nienaber, 1982:196).

Neem ‘n mens egter die Boswelliaanse metodes en dié van Strachey in ag, wil dit my voorkom asof Brink se kritiek teen “psigologisme” en die “oordrewe klem op die digter se verslaafdheid aan doofmiddels” ietwat misplaas is. Latere biografieë in die Afrikaanse letterkunde, veral dié van J.C. Kannemeyer¹⁶ en J.C. Steyn,¹⁷ sou inteendeel die konsep van die sogenaamde “mens agter die boek” en sy “swakhede” of “ondeugde”, soos begin deur Plutarchus en uitgebou deur Boswell, Strachey en andere, in toenemende mate ontgin en telkens die bakens verskuif.

“[...] inderdaad ‘n monumentale en unieke boek,” is Chris Barnard se slotsom in sy resensie in *Die Huisgenoot*,¹⁸ terwyl *Die Transvaler* se resensent volstaan met: “[...] nie alleen een van die dikste boeke wat ek al gelees het nie [...] maar ook een van die boeiendste.”¹⁹

Ook A.P. Grové²⁰ en Pirow Bekker²¹ oordeel oorwegend gunstig in hul besprekings van die boek. “[Die bekende] gegewens word nou in hierdie boek op hoogs interessante wyse deur Rousseau aan-

gevol en/of gepresiseer. Oor elk van die belangrike fases kom daar interessante en insiggewende feite na vore,” meen Grové (aangehaal in Rousseau, 2000:121), terwyl Bekker skryf: “Dit is uiters selde dat ‘n mens ‘n biografie te lese kry waarin die stof tot so ‘n boeiende eenheid verweef is as hierdie een. [Dit is] ‘n werk wat duidelik groot eise aan die biograaf gestel het, goed geskryf, met onderhou-dende wisselinge en waardig aan ‘n persoonlikheid soos Marais” (*ibid.*).

Ondanks sekere bedenkinge²² oor Rousseau se aanbieding (Kannemeyer, 1989:33) slaan Kannemeyer (1988:262) nogtans *Die groot verlange* hoog aan en bestempel hy dit as “‘n unieke bydrae op die gebied van die biografie in Afrikaans”.

In hoe ‘n mate Kannemeyer se eie benadering en navorsingsmetodes van dié van Rousseau verskil, word in 4.5.1 hieronder bespreek.

‘n Opvallende leemte in *Die groot verlange* is die afwesigheid van voetnote en/of ander bronverwysings. Ek het reeds hierbo daarop gewys dat Rousseau dit regverdig deur die moontlikheid in die vooruitsig te stel dat ‘n bronneboek met dokumente en ander inligting later gepubliseer sou word. So ‘n bronneboek het egter nooit die lig gesien nie. In 1998, 24 jaar ná die verskyning van sy Maraislewensverhaal, verskyn, in beperkte oplaag, *Die dowwe spoor van Eugène Marais*, waarin Rousseau in ‘n mate aan die behoefte aan ‘n bronneboek voldoen. In 2000 verskyn ‘n tweede, hersiene uitgawe daarvan.

Ofskoon *Die dowwe spoor van Eugène Marais* “onmoontlik die plek van ‘n volveerde Bronneboek kan inneem,” skryf Rousseau (2000:60), “kan ek probeer om daarin die volgende te doen: (a) Om iets oor my werkmethode te sê, die manier waarop ek die inhoud van die boek verkry het. (b) Om na te gaan watter foute of moontlike foute, verkeerde afleidings, weglatings edm die boek bevat of nie bevat nie - ook aan die hand van die Sotheby-versameling (welke versameling eers ná publikasie van die boek vrygestel word). (c) Om ‘n lys van die vernaamste onderhoude te verskaf. (d) Om ‘n klein aantal bladsye uit onderhoude, briewe ens in faksimilee af te druk en ‘n poging om verdere lig op my werkmethode te werp.”

Volgens ‘n mededeling van Rousseau (*ibid.*), het hy ook begin om bronverwysings in rooi ink in ‘n eksemplaar van *Die groot verlange* aan te bring wat tot die beskikking van navorsers gestel kan word. Hierdie werk is egter nog nie voltooi nie. Benewens hierdie eksemplaar, wat “Voetnote ens” gemerk is, het Rousseau ook alle bronnemateriaal waaroor hy beskik in ‘n enkele groot laai van ‘n liasseerkabinet geliaseer.

Die dowwe spoor van Eugène Marais, waarvan die 2000-uitgawe in een band saam met Rousseau se *Eugène Marais and the Darwin Syndrome* gepubliseer is, beslaan vyf hoofstukke wat oor 65

bladsye strek.

[Hoofstuk] 1 (Rousseau, 2000:59-64) verskaf ‘n kort oorsig van Rousseau se dilemma in verband met die opstel van ‘n bronneboek vir die Marais-lewensverhaal. Hy staan ook kortliks stil by die redes vir sy besluit om uiteindelik eerder ‘n lewensverhaal as ‘n lewensroman oor Marais te skryf.

[Hoofstuk] 2 (Rousseau, 2000:65-78) is ‘n verwerking van ‘n lesing wat Rousseau in 1989 op die RGN se Marais/Preller-simposium gelewer het. Dit handel oor ‘n groot aantal geskryfte en ander stukke wat in die besit van Marais se seun was en ná sy dood in 1977 deur sy erfgename aan die afslaaers Sotheby’s oorhandig is. Dié versameling bestaan letterlik uit duisende boeke en ander voorwerpe en het ‘n magdom hoeveelheid inligting bevat wat nie voorheen deur Marais se seun aan Rousseau getoon is nie (Rousseau, 2000:65). Sover Rousseau kon nagaan, weerlê die Sotheby-versameling nie sleutelfeite of afleidings in *Die groot verlange* nie, maar bring dit eerder enkele korreksies en heelwat byvoegings (Rousseau, 2000:67). Vir doeleindes van hierdie studie is dit egter nie belangrik nie.

In [Hoofstuk] 3 (Rousseau, 2000:79-110) werk Rousseau *Die groot verlange* van voor tot agter deur en wys hy telkens op stellings wat onseker of onjuis is. By bevindinge waaroor hy aangeval is, kyk hy hoe geldig die kritiek is. Daarvoor gebruik hy die derde druk (1984) van die boek. Hierdie hoofstuk verskaf belangrike agtergrond oor sekere insidente in *Die groot verlange* en vul Rousseau se aanvanklike skraal bronnelys aansienlik aan.

Al het Rousseau “nooit aan die wesenlike waarheid van [*Die groot Verlange*] getwyfel nie, het die punte van kritiek wat ek in hierdie hoofstuk ondersoek, my lank laat glo dat die boek moontlik mank gaan aan belangrike feitefoute. Dit was [Y] ‘n onnodig beskeie siening, wat ek na die kontrolewerk van 1998 nie meer huldig nie. *Die Groot Verlange* is in sy geheel gesien ‘n noukeurige werk, al sou daar verborge foute wees waarvan ek tans nie weet nie” (Rousseau, 2000:110).

In [Hoofstuk] 4 (Rousseau, 2000:111-114) toon Rousseau aan watter rol sinchronisme in Marais se lewe en moontlik ná sy dood gespeel het. “Sinchronisme,” toon Rousseau (2000:111) aan, “is Jung se woord vir min of meer gelyktydige gebeurtenisse of belewenisse sonder aantoonbare kousale verband. Dit is ongeveer wat gebeur as, in Marais junior se gewiepte woorde, ‘the long arm of coincidence is stretched right out of its socket’. In die sielkunde lê sinchronisme op dieselfde vlak as verskynsels soos heldersienendheid en telepatie” (*ibid.*).

In hierdie kort hoofstuk gee Rousseau enkele voorbeelde van Marais se belangstelling in sinchronisme, en voer hy voorts aan dat Marais “ten minste die moontlikheid van parapsigologiese

verskyn-sels aanvaar het” (*ibid.*). Rousseau (2000:112-114) wys dan op enkele “vreemde dinge” wat met hom gebeur het terwyl hy aan die manuskrip van *Die groot verlange* gewerk het, en kom tot die gevolg-trekking tot hy “op soveel onverwagte maniere gedwarsboom is dat dit na meer as toeval begin lyk het”.

[Hoofstuk] 5 (Rousseau, 2000:115-122) bevat ‘n lys van die belangrikste onderhoude wat Rousseau gevoer het. Verder word daar uit enkele resensies oor *Die groot verlange* aangehaal.

Hoewel *Die dowwe spoor van Eugène Marais* belangrike inligting ten opsigte van Rousseau se werkswyse en navorsingsmetodes verskaf, is dit nie ‘n volwaardige bronnelys nie. Die kieskeurige leser sal steeds teleurgesteld wees en die ernstige navorser sal hom nie suiwer op hierdie publikasie kan verlaat nie. Die enigste omvattende, maar onvolledige, bronnelys is die enkele eksemplaar van *Die groot verlange* waarin die skrywer sy bronne aangestip het.

4.4 DIE WERK VAN V.E. D’ASSONVILLE

V[ictor] E[douard] d’Assonville (1927-) is in die teologie opgelei en was tussen 1954 en 1978 predikant by verskeie gemeentes van die Gereformeerde Kerk voordat hy later, 1978 tot 1992, as professor aan die Gereformeerde Teologiese Skool op Potchefstroom verbonde was. Met die Eeufees-uitgawe van Totius se *Versamelde werke* in 1977 was hy voorsitter van die Publikasiekomitee van die Totius-komitee, wat Totius se geskifte opnuut verken het. Verskeie publikasies het uit sy pen verskyn.

4.4.1 TOTIUS - PROFEET VAN DIE MOOIRIVIER

Een van die uitvloeisels van V.E. d’Assonville se betrokkenheid by die Totiuskomitee en die Eeufees-uitgawe van Totius (1877-1953) se *Versamelde werke* was die verskyning van sy eerste, kort biografie oor Totius, *Totius - profeet van die Mooirivier* (1977). Hierdie werk moet beskou word as ‘n populêre voorstudie van sy latere uitgebreide biografie oor Totius, *Dit is Totius* (1993).

Totius - profeet van die Mooirivier (1977) is dus uiteraard baie kleiner van omvang as die skrywer se 1993-biografie oor dieselfde subjek. Dit beslaan slegs 119 bladsye wat in 15 hoofstukke verdeel is en bevat net vier bladsye met foto’s.

[Hoofstuk] 1 (“Op Potchefstroom se vlaktes”) (D’Assonville, 1977a:3-4) begin met ‘n aanhaling uit Totius se oorlogsdagboekie. Dit is op 18 November 1899 geskryf en lui soos volg: “Met my pers

potlood sit ek nou op die vlaktes van Potchefstroom en skryf. Het vanoggend om 6-uur vertrek. Om halfnege het ek die perd afgesaal en is ek op pad na Ventersdorp ...” Totius word geteken as ‘n eensame burger wat aansluiting soek by die Potchefstroom-kommando, ‘n swerwer wat daardie aand slegs met ‘n stukkie droë brood in sy saalsak êrens in ‘n veekraal moet skuil. Iets van dié 22-jarige jong man se weemoed, die onherbergsaamheid van die landskap en die meedoënlose verlatenheid op aarde waarvan hy nooit sou loskom nie, word in hierdie eerste twee bladsye van die boek gesuggereer.

[Hoofstuk] 2 (“Van die Paarl na Transvaal en terug”) (D’Assonville, 1977a:5-12) bestaan hoofsaaklik uit ‘n artikel wat Totius, toe reeds 76 jaar oud, op versoek van C.M. van den Heever vir die boekie *My jeugland* geskryf het. Hy begin by sy geboorte en vertel van sy kinder- en jeugjare in die Paarl en later Pretoria, sy moeder se dood, sy vader se tweede huwelik, die gesin se Europese verblyf en terugkeer na Suid-Afrika en die Paarl, die aflegging van sy Matrikulasie-eksamen en van sy wroe-ging by die keuse van ‘n beroep.

[Hoofstuk] 3 (“Burgersdorp toe”) (D’Assonville, 1977a:13-21) handel oor Totius se besluit om predikant te word, sy studentejare op Burgersdorp en die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899.

[Hoofstuk] 4 (“Oorlog”) (D’Assonville, 1977a:22-32) vertel van Totius se oorlogservarings, sy betrokkenheid by die Slag van Magersfontein in Desember 1899, en van die ernstige maagaandoening, waarskynlik voedselvergiftiging, wat hy opgedoen en wat hom genoop het om die slagveld te verlaat.

[Hoofstuk] 5 (“Via Pretoria deur Mosambiek na Amsterdam”) (D’Assonville, 1977a:33-39) skets Totius se herstel, sy koms na Pretoria en sy vertrek na Mosambiek en Amsterdam, waar hy verder in die teologie onder die beroemde prof. Abraham Kuiper en sy seun, prof. H.H. Kuiper, sou studeer.

In [Hoofstuk] 6 (“Student in ballingskap”) (D’Assonville, 1977a:40-49) word van Totius se studentejare in Amsterdam vertel, terwyl [Hoofstuk] 7 (“Predikant van Potchefstroom”) (D’Assonville, 1977a:50-59) die verhaal vertel van sy terugkeer na Suid-Afrika, sy verblyf op Nylstroom, sy troue met Marie Postma, sy beroep en vertrek na Potchefstroom en sy jare as predikant aldaar.

[Hoofstuk] 8 (“Professor in teologie”) (D’Assonville, 1977b:60-68) handel oor Totius se aanstelling as professor in teologie aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom, terwyl die klem in [Hoofstuk] 9 (“Huislike smart - *Passieblomme*”) (D’Assonville, 1977a:69-75) op die dood van sy kinders en die ontstaan van sy digbundel *Passieblomme* val.

[Hoofstuk] 10 (“Ons Bybel en Psalmboek”) (D’Assonville, 1977a:76-87) handel hoofsaaklik oor

Totius se aandeel in die Bybelvertaling van 1933 en sy werk as Psalm- en Skrifberymer, terwyl [Hoofstuk] 11 (“Die hofsak in die Kaap”) (D’Assonville, 1977a:88-92) handel oor die beroemde hofgeding tussen die NG Kerk en prof. J. du Plessis van Stellenbosch, waar Totius geroep was om getuienis ter verdediging van die NG Kerk af te lê.

[Hoofstuk] 12 (“Jare van feesvierings”) (D’Assonville, 1977a:93-97) handel oor feesvierings rondom die verskyning van die 1933-vertaling van die Bybel in Afrikaans en eerbetonings aan Totius, terwyl [Hoofstuk] 13 (“Bybellande en Europa”) (D’Assonville, 1977a:98-104) verslag doen oor ‘n reis van Totius na Europa en die Bybellande.

[Hoofstuk] 14 (“Stryder in die volkslewe”) (D’Assonville, 1977a:105-111) gee ‘n kort oorsig van Totius se betrokkenheid by verskeie aspekte op dié terrein, en in [Hoofstuk] 15 (“Skemering”) (D’Assonville, 1977a:112-119) word vertel van Totius se laaste lewensjare, sy dood en begrafnis.

Uit sy voorwoord (D’Assonville, 1977a:1) blyk dit dat dit nie die skrywer se doel was om ‘n omvattende lewensbeskrywing van Totius te gee nie, maar dat die wetenskaplike verantwoording daarvan deur hom verwerk [sal] word in ‘n latere uitvoeriger biografie. Volgens ‘n mededeling aan my op 15 Mei 2000 wou hy slegs ‘n populêre boek oor Totius skryf.

Gemeet aan die teorieë oor die moderne biografie, skiet hierdie werk egter te kort. Van meet af aan word die leser gekonfronteer met ‘n sentimentele aanslag - sien byvoorbeeld die reminiserende, byna soetsappige verteltrant wat aangewend word om Totius die eerste keer aan die leser voor te stel (D’Assonville, 1977a:3). Hierdie styl word in so ‘n mate volgehou dat dit op die lang duur hinderlik raak en sentimenteel aandoen. Totius word as dié Godsman, profeet en kultuurleier van sy volk gete-ken sonder dat hy een maal in sy menslike swakheid uitgebeeld word. Die smartlike sy van sy lewe, die weemoed en eensaamheid kry wel blootstelling, maar van werklike innerlike spanning, lyding en konflik is daar min sprake. Daar word oormatige klem op Totius as teoloog, Bybelvertaler en Psalmberymmer gelê, maar van Totius die digter en as literêre figuur is daar min sprake. Van “het ver-haal van een mensenleven”, soos in die vooruitsig gestel deur Dresden (1956:7), kom weinig tereg. Mark Twain se beroemde woorde dat “[a person’s] real life is led in his head [...]” (aangehaal deur Kaplan in Aaron, 1978:4) word nie hier van toepassing gemaak nie en Boswell en Strachey se onder-soek- en navorsingsmetodes is ook afwesig. Die opvallende heldeverering wat D’Assonville vir Totius het, neem hagiografiese afmetings aan; verder neig sy vertelling in die rigting van ‘n *vie roman-cée*, wat dit nié is nie, terwyl dit ook nie ‘n lewensbeskrywing in die ware sin van die woord is nie.

Hierdie probleme is egter grootliks uit die weg geruim in D’Assonville se tweede, omvattende

biografie oor die digter-teoloog wat 16 jaar later verskyn het.

4.4.2 *DIT IS TOTIUS*

In 1993, ná intensiewe navorsing en skryfwerk, verskyn D'Assonville se tweede biografie oor hierdie subjek: *Dit is Totius*. Anders as sy kort, populêre voorganger, getuig hierdie biografie van veel meer wetenskaplike navorsing oor en insig in die lewe van die betrokke subjek. Dit beslaan bykans 300 bladsye, in 19 hoofstukke en enkele bylaes ingedeel, en is ruim van foto's voorsien.

In sy voorwoord stel D'Assonville (1993:9) sy uitgangspunt soos volg: “Met die werk [...] is getrag om ‘n wenk van die Romeinse geskiedskrywer [...] Tacitus [55-120 n.C.] te volg: ‘*sine ira et studio*’ [sonder woede en partydigheid]. Vry vertaal, beteken dit: sonder om iemand te benadeel of te bevoordeel. Ook oor Totius se lewe moet die werklike feite vir hulle self spreek.”

Basies volg die aanbieding van hierdie lewensbeskrywing dieselfde patroon as dié in *Totius - profet van die Mooirivier*, maar vir doeleindes van hierdie studie is dit onnodig om die twee boeke met mekaar te vergelyk. Ek volstaan eerder met ‘n kort oorsig van die inhoud van *Dit is Totius*.

Hoofstuk 1 (“Swawels van die dak”) (D'Assonville, 1993:11-17) begin by Totius se geboorte en verstrekk terselfdertyd besonderhede oor die digter se ouers en voorsate.

Hoofstuk 2 (“In die huis van ‘n ‘Regte Afrikaner’”) (D'Assonville, 1993:18-24) handel oor Totius se kinderjare in die Paarl, sy kennismaking met *Di Afrikaanse Patriot* en sy betrokkenheid by die Genootskap van Regte Afrikaners.

Hoofstuk 3 (“Die Paarl - Pretoria - Die Paarl”) (D'Assonville, 1993:25-33) skets die Du Toits se verhuising na en verblyf in Pretoria, die dood van Totius se moeder, ds. S.J. du Toit se tweede huwelik en die gesin se terugkeer na die Paarl.

In Hoofstuk 4 (“‘Morgensonne’ en aandskemering”) behandel D'Assonville (1993:34-43) Totius se vroeë skoolopleiding, onder meer aan die eertydse Duitse sendingskool Morgensonne aan die voet van die Magaliesberge in Transvaal.

Hoofstuk 5 (“Van groen Boland na droë Karoo”) (D'Assonville, 1993:44-50) handel oor Totius se laaste skooljare aan die Hugenate Gedenkskool op Dal Josafat, sy aflegging van die Matrikulasie-eksamen, sy besluit om predikant te word en sy vertrek na die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp in die Karoo.

Hoofstuk 6 (“Burgersdorp”) (D'Assonville, 1993:51-62) dek Totius se studiejare aan die Teologiese Skool op Burgersdorp en verskaf ook agtergrond oor die totstandkoming en oprigting daarvan.

Totius se ontluikende digterskap, aanvanklik onder die skuilnaam Jaduto, word onder die loep geneem, en die leser leer hom ook ken as die eerste redakteur van die studentetydskrif *Het Studentenblad*. Sy ontmoeting met en verlowing aan Marie Postma, dogter van wyle professor Dirk Postma, eerste predikant van die Gereformeerde Kerk op Rustenburg, word ook vermeld.

Hoofstuk 7 (“Oorlog”) (D’Assonville, 1993:63-75) skets die verloop van die jong proponent se Transvaalse verblyf waar hy vanaf Julie 1899 tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober dieselfde jaar verskillende preekdienste hou. Sy oorlogservarings, in die besonder by die Slag van Magersfontein, geniet ook aandag.

Hoofstuk 8 (“Vlug van ‘n Kaapse rebel”) (D’Assonville, 1993:76-82) handel oor Totius se laaste dae in die oorlog, sy vlug as Kaapse rebel na Pretoria en die besluit om verder in die teologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam te gaan studeer.

Hoofstuk 9 (“Student in ballingskap”) (D’Assonville, 1993:83-99) dek Totius se studiejare in Amsterdam, waar hy onder meer onder prof. Abraham Kuyper en sy seun, prof. H.H. Kuyper, studeer en in 1903 promoveer.

Hoofstuk 10 (“Predikant in Potchefstroom”) (D’Assonville, 1993:100-116) handel oor Totius se terugkeer na Suid-Afrika, sy huwelik met Marie Postma, sy beroep na die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom en sy benoeming as professor in die teologie. Daar word ook een en ander gesê oor die ontstaan van Totius se eerste digbundel, *By die monument*.

Hoofstuk 11 (“Professor in teologie”) (D’Assonville, 1993:117-129) gee blyke van Totius se werksaamhede as professor in teologie op Potchefstroom, en daar word ook gekyk na die ontstaan van sy digbundel *Wilgerboombogies*. Totius se rede “Die digter as siener” voor die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1911 word deur D’Assonville (1993:121) as “‘n deurbraak in die Afrikaanse literêre kritiek” bestempel: “In die Afrikaanse literatuurgeskiedenis staan dit steeds as een van die mees wetenskaplike uiteensettings van wat nou eintlik ‘n digter is. Hy moet ‘n *siener* wees, hy moet ‘n *lewensbeskouing* hê. Milton was ‘n *blinde* digter en tog kon hy *sien*[.] ‘... that I may see and tell of things invisible to mortal sight’. ‘Wêreldaanskouer’ [sê Totius] ‘moet die digter wees. Die panasee [...] van die pessimisme is die realiteit van die wêreld, die sien in die hart van die lewensdinge rondom ons; *lewensdinge*, want te midde van verwarring en verwording glans daaruit ook die nabloei van die paradys.’ Dit is meteen Totius se probleem met die Nederlandse Tagtigers: ‘Kloos het nie ‘n wêreldbeskouing nie en die hele wêreld van die wetenskap wankel in hierdie opsig. Stukwerk is daar genoeg, keurige stukwerk selfs, maar waar en by wie moet ‘n mens die éénheid soek? Is die gebore word van ‘n groot digter nie daardeur

on-moontlik nie? Dante het met albei sy voete op die Summa van die Aquiner [Thomas Aquino] gestaan, Milton was Piuritein en Vondel Rooms-Christen. Vir hulle was die wêreld vol van die gedagtes van God, wat vir hulle eenheid gevind het in die geopenbaarde raadsplan” (*ibid.*). D’Assonville kyk ook na Totius se preek by geleentheid van die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913 in Bloemfontein en toon aan hoe die voorbereiding van sy preek, met Matteus 2:18 (*Rachel beweende haar kinderen, en wilde niet vertroost wezen, omdat zij niet sijn*) as teksvers, die gedigte in *Ragel* (1913) laat ontstaan het (D’Assonville, 1993:122-123). Hoofstuk 11 kyk voorts ook na die ontstaan en publikasie van *Trekkerswee*, in wat in 1915 verskyn en dieselfde jaar met die heel eerste Hertzogprys bekroon word (D’Assonville, 1993:123-125).

Hoofstuk 12 (“Passieblomme’ - blywende smart”) (D’Assonville, 1993:130-138) vermeld die verskyning van Totius se *Kinderverse* in 1920, maar handel veral oor die dood van twee van sy kinders, François en Wilhelmina, teen die einde van dieselfde jaar. Die ontstaan en wording van Totius se *Passieblomme*, wat in 1934 verskyn en met die Hertzogprys bekroon word, word ook bespreek.

Hoofstuk 13 (“Die siel van die Afrikaanse Bybelvertaling”) (D’Assonville, 1993:139-151) handel oor Totius se rol as Bybelvertaler, terwyl Hoofstuk 14 (“Storm wat deur die stilte breek ...’ - hofsak in Kaapstad”) (D’Assonville, 1993:152-161) die opsienbarende hofgeding tussen die NG Kerk en prof. J. du Plessis van Stellenbosch dek, waar Totius geroep was om getuienis ter verdediging van die NG Kerk af te lê.

Hoofstuk 15 (“Hebreeuse psalms herdig”) (D’Assonville, 1993:162-184) wei uit oor Totius se werksaamhede as psalm- en Skrifberymings, en daar word ook indringend gekyk na die soms nogal kras kritiek wat dit uit sommige oorde ontvang het.

In Hoofstuk 16 (“Digter van die ou paaie”) (D’Assonville, 1993:185-196) neem D’Assonville Totius se digterskap in oënskou en evalueer hy die digter se oeuvre, onder meer aan die hand van uitsprake deur D.J. Opperman, N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw, G. Dekker en T.T. Cloete.

Hoofstuk 17 (“As ek jou vergeet, o Jerusalem ...’ - en nog ‘n pelgrimsreis”) (D’Assonville, 1993:197-218) skets die verloop van Totius se besoek aan Europa en die Bybellande in 1937. Daar word ook gewag gemaak van die verskeie “Totiusfeeste”, “Totiushuldigings” en “Totiusaande” wat in 1937, die jaar waarin die eerste Afrikaanse Psalmboek verskyn het, aan die orde van die dag in Suid-Afrika was.

Hoofstuk 18 (“Op die bloedspoor van die Afrikanervolk”) (D’Assonville, 1993:219-229) handel oor Totius as volksman, en daar word ook gekyk na die wording en ontstaan van sy digbundel *Uit Donker Afrika* (1936).

Hoofstuk 19 (“Skemering”) (D’Assonville, 1993:230-240) bespreek die totstandkoming en publikasie van Totius se laaste digbundel, *Skemering*, in 1947, sy laaste lewensjare en sy dood in Julie 1953.

Wat omvang, volume en opset betref, is *Dit is Totius* veel omvangryker as sy voorganger van 16 jaar tevore. D’Assonville het baie langer aan *Dit is Totius* as aan *Totius - profeet van die Mooirivier* gewerk; daarbenewens neem sy navorsing enorme afmetings aan. Afgesien daarvan dat hy Totius persoonlik geken en as student in die teologie onder hom gestudeer het, het D’Assonville ook onderhoude met vier van Totius se kinders gevoer (D’Assonville, 1993:10). Daarbenewens het hy ruim van argivale en ander bronne gebruik gemaak (D’Assonville, 1993:272-278). Anders as in *Totius - profeet van die Mooirivier*, wat geen voetnote en ‘n bibliografie bevat nie, is *Dit is Totius* van ‘n volledige bibliografie voorsien en maak D’Assonville ook ruim van voetnote gebruik. Laasgenoemde werk neig dus veel meer na ‘n wetenskaplik verantwoorde biografie as sy voorganger.

Gemeet aan die teorieë oor die moderne biografie, kom *Dit is Totius* egter nie heeltemal die mas op nie. Ofskoon D’Assonville telkens met nuwe inligting oor die digter na vore kom - en dit is ‘n bate - ontkom hy steeds nie aan die gevare wat haas onvermydelik met ‘n te persoonlike en intieme kennis van sy subjek gepaardgaan nie. Die gevolg is dus ‘n heldeverering wat bykans hagiografiese afmetings aanneem. Totius die mens, met al sy menslike swakhede en foute, word nie skerp genoeg belig nie. Afgesien van die vroeë spanning tussen Totius en sy vader gee die biografie ons te min van Totius die mens: sy verhouding met sy vrou en kinders, wat hom vreugde verskaf en geïrriteer het, en die klein dinge van elke dag. ‘n Uitsondering hierop is D’Assonville se weergawe van Totius se beleving van sy dogter Wilhelmina se dood (D’Assonville, 1993:134-135).

Kannemeyer (1996:49) wys op ‘n verdere beswaar waarmee ek akkoord gaan: “D’Assonville lê Totius dikwels gedagtes in die mond as hy by ‘n plek aankom of in die trein op reis is, sonder dat daar enige aanduiding is dat hy dié dinge gedink het soos die skrywer dit hier vir ons voorstel. ‘n Mens vra jou af of dit tuis hoort in ‘n biografie wat [...] pretendeer om ‘n wetenskaplike werk te wees.”

Voorts skep D’Assonville se teks sekere verwagtinge wat nie bevredig word nie. Kannemeyer (*ibid.*) gee die volgende voorbeeld: “Op p. 215 word gepraat van die nuwe mat van die Van Gelderens waaroor ‘humoristiese opmerkings’ gemaak is en op p. 235 van ‘n gesprek wat Totius met ‘n student gehad het en wat vir sy gespreksgenoot ‘‘n lewenslange onvergeetlikheid’ was. Maar wat die inhoud van hierdie opmerkings en gesprek was, kom die leser nooit te wete nie, selfs as hy by wyse van ‘n voetnoot verneem dat die student in die tweede geval D’Assonville self was nie!”

In vergelyking met D'Assonville se deeglike behandeling van Totius die teoloog is dié van Totius die digter minder bevredigend. Hoewel D'Assonville op die terrein van die teologie meestal met gesag praat, voer Kannemeyer (1996:48) aan dat “mens egter die indruk [kry] dat die skrywer [...] met minder gesag op literêre terrein beweeg”. Afgesien van die biografiese besonderhede van *Pas-sieblomme* en die lykdigte in *Skemering* bly die ontstaansgeskiedenis van Totius se verse meestal agterweë en word daar geen aandag aan sy werkmethode gegee nie. Kannemeyer (1996:48-49) vind ook hierdie deel [Hoofstuk 16] van die biografie teleurstellend: “In verband met ‘Die besembos’ sê D'Assonville byvoorbeeld dat die gedig deur ds. Willem Postma geïnisieer is en na ‘n wandeling teen die steiltes van Naval Hill in Bloemfontein ontstaan het. Hy laat egter na om daarop te wys dat Totius hier in die metriese gang, die rympatroon en die gebruik van ‘n nuwe spreker ‘The cloud’ van Shelley en Perk se ‘Iris’ slaafs navolg [iets wat reeds deur Dekker (1961:71) en Antonissen (1965:102) uitgewys is]. Om te beweer dat *Trekkerswee* deur die toekenning van die eerste Hertzog-prys ‘n ‘onuitwisbare plek’ [...] in die Afrikaanse letterkunde inneem, soos D'Assonville sê, is om aan ‘n toevallige bekroning ‘n status te gee wat dit kennelik nie kan hê nie. [...] Dit is verder misleidend om te sê dat Leipoldt, in teenstelling tot Totius wat die Uniewording as ‘die vervalsing van die gesonde Trekkerpolitiek’ [...] sien, die ‘konsolidasiebeleid’ van Botha en Smuts huldig. In [...] *Oom Gert vertel en ander gedigte* het Leipoldt nog geskryf: ‘Vergewe? Vergeet? Is dit maklik om te ver-gewe?’, ‘n reël wat met sy vraagstelling krities staan teenoor die konsolidasiepolitiek en in dié opsig presies dieselfde standpunt as Totius se eie ‘Vergewe en vergeet’ inneem.” Voorts wys Kannemeyer (1996:49) daarop dat D'Assonville in die gedeelte oor Totius se poësie dikwels op sekondêre en ver-ouderde bronne steun.

‘n Mindere beswaar vir doeleindes van hierdie studie, maar nogtans ‘n belangrike beswaar, is dat die “bloemryke taal”, in Kannemeyer (*ibid.*) se woorde, “die literêr gevoelige leser plek-plek sal irriteer”. Voorts laat die taalversorging en redigering van dié biografie veel te wense oor.

Ondanks hierdie besware is *Dit is Totius* ‘n veel omvattender lewensbeskrywing as sy populêre voorganger. D'Assonville het duidelik al die beskikbare dokumente bestudeer en uit die materiaal ‘n lewensverhaal laat ontvou wat in baie opsigte “merkwaardig” (Kannemeyer, 1996:47) is. Veral boeiend is D'Assonville se relaas oor Totius se aanvanklike probleme om ná sy terugkeer uit Nederland beroep te word. Oral kom D'Assonville met allerlei wetenswaardighede oor Totius se lewe wat tot en met die verskyning van hierdie biografie in 1993 onbekend was. Teenoor die ylerige hoofstuk oor Totius se Amsterdamse studiejare en sy Europese reis van 1937, verskaf D'Assonville baie nuwe inligting oor die Bybelvertaling en die Psalmberyming. Veral die verslag oor Totius se werk aan die

Bybelvertaling is op sigself 'n dramatiese verhaal. D'Assonville behandel die aanvoorwerk, die proefvertaling waarop die reaksie negatief was, die besluit om uit die grondtale te vertaal, Totius se verhuising na Krugerskraal, en die besoek van en samewerking met prof. Cornelis van Gelderen van Nederland. Ook oor die Psalmberyming word tot nog toe onbekende feite verstrekk.

Die stukke oor die Bybelvertaling en die Psalmberyming vorm myns insiens saam die hoogtepunt van hierdie lywige biografie. Kannemeyer (1996:48) is dit hiermee eens, maar voer aan dat D'Assonville se weergawe van die Du Plessis-saak en Totius se aandeel daarin só gekleur is deur “die skrywer se eie Gereformeerde vooroordeel en die wyse waarop hy as Totius se apologet optree dat hy sy eie argumente deur sy emosionele stelwyse ontstryk en noodwendig sy geloofwaardigheid inboet”.

Indien Dresden (1956:7) se definisie, dat 'n biografie “het verhaal van een menseleven” is, in gedagte gehou word, voldoen *Dit is Totius* grootliks aan hierdie kriterium. Gemeet aan Boswell en Strachey se ondersoekmetodes, slaag D'Assonville egter nie heeltemal daarin om sy opsigtelike heldeverering vir sy subjek te verbloem nie. Dit laat die lewensbeskrywing plek-plek aan geloofwaardigheid inboet. Ondanks besware wat geopper mag word, kry die leser tog 'n getroue beeld van die mens Totius, en volgens Kannemeyer (1996:49) bevat dié biografie so baie inligting dat 'n mens vir 'n studie van Totius in die toekoms telkens daarna sal moet terugkeer.

4.4.3 SJ DU TOIT VAN DIE PAARL (1847-1911)

Totius (1977b:iv) het reeds in 1917 die moontlikheid voorsien dat iemand anders later 'n meer objektiewe en omvangryker biografie as sy eie oor sy vader sou skryf. 'n Tweede lewensbeskrywing van S.J. du Toit sou egter eers bykans 'n eeu later verskyn in die vorm van V.E. d'Assonville se *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)* (1999), 'n veel omvattender publikasie waarin talle tot nog toe onbekende besonderhede oor dié historiese figuur bekend gemaak word.

'n Literêr-teoretiese vergelyking tussen die twee Du Toit-biografieë kan op sigself 'n boeiende studie wees, maar so 'n onderneming val buite die bestek van hierdie studie. Derhalwe word slegs op enkele ooreenkomste en verskille, veral ten opsigte van benadering, aanbod en styl, gewys.

Soos in die geval van Totius se lewensbeskrywing van sy vader, is ook D'Assonville se biografie 'n lywige werk van meer as 400 bladsye. Dit bestaan uit 29 hoofstukke, is ruim van foto's voorsien en bevat 'n sestal uiteenlopende bylaes.

[Hoofstuk] 1 (“Wilde esel’ ... ‘stormvoël’ ... of profeet?”) (D'Assonville, 1999:7-13) is 'n inlei-

dende hoofstuk waarin kortliks gewys word op Du Toit se prestasies en die feit dat hy een van die mees omstrede figure is wat Suid-Afrika nog ooit opgelewer het. Die aandag word ook gevestig op uitsprake oor Du Toit wat soms radikaal teenstrydig en onmoontlik versoenbaar met mekaar is.

In [Hoofstuk] 2 (“Fransman of Vlaming”) (D’Assonville, 1999:15-24) skets die skrywer die geboorte en agtergrond van sy subjek, terwyl [Hoofstuk] 3 (“Dit het alles by Kleinbosch begin”) (D’Assonville, 1999:25-31) blyke van Du Toit se kinderjare gee.

[Hoofstuk] 4 (“Verbi Dei Minister”) (D’Assonville, 1999:33-44) handel oor Du Toit se studie in die teologie aan die Teologiese Seminarie van Stellenbosch en sy ontmoeting met Elizabeth Jacoba Joubert, met wie hy later in die huwelik sou tree.

In [Hoofstuk] 5 (“‘Verspieder’ kniediep in kerkprobleme”) (D’Assonville, 1999:45-54) word daar verslag gedoen oor Du Toit se betrokkenheid by ‘n versoeningsaksie tussen die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk van Transvaal, ‘n gebeurtenis waar hy dié omstrede figuur geword het. Sy rol by die hewige kerktwiste in die sewentigerjare van die 19de eeu word ook onder die soeklig geplaas.

[Hoofstuk] 6 (“Voorspel tot die Paarl-oplewing”) (D’Assonville, 1999:55-62) handel oor die Afrikaanse oplewing wat in die tweede helfte van die 19de eeu veral in die Paarl gemanifesteer het en die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners in 1875. Du Toit se huwelik met die 17-jarige Elizabeth Joubert en die geboorte van hul oudste seun, Dawid Petrus, word ook vermeld.

S.J. du Toit se beroep na en bevestiging as predikant van die NG Kerk Noorder-Paarl word in [Hoofstuk] 7 (“Noorder-Paarl - Afrikaanse sitadel”) (D’Assonville, 1999:63-73) behandel, terwyl [Hoofstuk] 8 (“Die profesieë word gepreek”) (D’Assonville, 1999:75-91) na verskeie aspekte van Du Toit se prediking kyk. Die aankoop van die beroemde Patriot-pers en Du Toit se rol as drukperspionier word ook bespreek. Verder word daar gewag gemaak van S.J. du Toit se skryfwerk en sy eerste publikasies. ‘n Keelkwaal waarvan die taalstryder erge las gehad het en ‘n lasterveldtog teen hom (hy sou hom glo aan ontug skuldig gemaak het) geniet ook aandag. Verder word daar op Du Toit se profetiese gawes gewys, onder meer dat hy ‘n Suid-Afrikaanse Jules Verne was wat reeds so vroeg as in 1880 lugvaart en die totstandkoming van die staat Israel en die Jode se lugvervoer daarheen voorspel het! ‘n Reis wat Du Toit in 1880 na Europa en die Midde-Ooste onderneem het, word vermeld en daar word kortliks by die ontstaan van enkele van sy eerste reisverhale stilgestaan. In die laaste plek word daar in hierdie hoofstuk gekyk na die invloed wat die Nederlandse teoloog dr. Abraham Kuyper op sy werk en denke gehad het.

[Hoofstuk] 9 (“Die duisendjarige vrederyk”) (D’Assonville, 1999:93-104) is ‘n voortsetting van

‘n bespreking van S.J. du Toit se teologiese standpunte. Daar word veral na sy siening oor die chiasme en die duisendjarige vrederyk gekyk en die vraag word gevra of president Paul Kruger en ds. Dirk Postma, saam met Paul Kruger een van die stigters van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, hierdie leer aangehang het.

[Hoofstuk] 10 (“Die Patriot’ en Majuba”) (D’Assonville, 1999:105-114) handel oor die uitwerking van die veldslag van Majuba, veral die daaropvolgende opvlam van ‘n ongekende nasionalisme onder die Afrikaners. Daar word spesifiek na die rol van Du Toit en *Di Afrikaanse Patriot* hierin gekyk.

In [Hoofstuk] 11 (“Die Verenigde State van Suid-Afrika”) (D’Assonville, 1999:115-129) bespreek die skrywer Du Toit se ideaal vir ‘n verenigde Suid-Afrika en sy stigting van die eerste Afrikaanse politieke party, die Afrikanerbond, in die land. D’Assonville betoog dat hierdie ideaal van ‘n verenigde Suid-Afrika die grondoorsaak was van al Du Toit se konflikte: die breuk met president Kruger van Transvaal, die antipatie van president Brand van die Oranje-Vrystaat, sy samewerking en uiteindelijke botsing met Cecil John Rhodes, die koue oorlog met Jan Hofmeyr, sy vervreemding van die Afrikanervolk en selfs onregstreeks sy vervreemding van die NG Kerk. S.J. du Toit se tragiese politieke geskiedenis word verder onder die loep geneem en daar word voorts gewys op verskeie politieke en literêre figure, onder meer C. Louis Leipoldt, wie se paaie met syne gekruis het. Die geboorte van Du Toit se tweede seun, Jacob Daniël (die latere Totius) in 1877 word ook vermeld.

[Hoofstuk] 12 (“Transvaal-intermezzo”) (D’Assonville, 1999:131-142) handel oor S.J. du Toit se aanstelling as Superintendent van Onderwys in die ZAR en sy reis na Transvaal, terwyl [Hoofstuk] 13 (“Hy het met hierdie twisappel begin”) (D’Assonville, 1999:143-148) onder meer aandag gee aan Du Toit se siening van en boek oor Christelik-nasionale onderwys, *De Christelike School in haar verhouding tot Kerk en Staat*, wat in 1876 verskyn het. Du Toit tree as ‘n al hoe meer polemiese figuur na vore.

In [Hoofstuk] 14 (“Stormvoël’ op Transvaal se waters”) (D’Assonville, 1999:149-156) word daar na enkele aspekte van Du Toit se Transvaalse verblyf gekyk en die dood van sy vrou word deur die oë van die vyfjarige Totius beskryf.

[Hoofstuk] 15 (“Kaapse triomf vir Transvaal”) (D’Assonville, 1999:157-164) handel oor die ontslag van dr. E.J.P. Jorissen, staatsprokureur van die ZAR, en S.J. Du Toit se aandeel daarin, en Du Toit se benoeming tot die Transvaalse deputasie wat Europa in 1883 saam met Paul Kruger besoek het.

In [Hoofstuk] 16 (“Soldaat, redenaar en digter”) (D’Assonville, 1999:165-182) doen D’Asson-

ville verslag van Du Toit se Europese reis in 1883. S.J. du Toit word as internasionale diplomaat en dié sleutelonderhandelaar van die Transvaalse deputasie geteken.

[Hoofstuk] 17 (“Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het ..”) (D’Assonville, 1999:183-192) handel oor die gebeure op 3 Oktober 1884 toe S.J. du Toit in opdrag van die Transvaalse regering die Vierkleur op Rooigrond gehys en die grondgebied, waaronder Stellaland en Goosen, van die swart kapteins Moshette en Montsioa geannekseer het. Die gevolge hiervan, onder meer Du Toit se breuk met Paul Kruger en die feit dat Du Toit die sondebok gemaak is, word van nader betrag.

[Hoofstuk] 18 (“Weg met SJ du Toit!”) (D’Assonville, 1999:193-206) teken S.J. du Toit as ‘n eensame mens ná die dramatiese en ongelukkige gebeure op Rooigrond. Sy bewondering vir genl. Niklaas Smit se suster, Lettie Pretorius, en sy tweede huwelik, met Anna Francina Malan, word bespreek, en daar word ook na Du Toit as goudspesulant gekyk. Die hoofstuk sluit af met Du Toit se bedanking as Superintendent van Onderwys van die ZAR en die aankoop van die plaas Rietfontein, noordoos van Pretoria.

[Hoofstuk] 19 (“Op één dag alles verloor”) (D’Assonville, 1999:207-225) handel oor S.J. du Toit se laaste Europese reis, waartydens hy onder meer kennis wou inwin vir sy ideaal om ‘n Afrikaanse universiteit in Pretoria op te rig, terwyl [Hoofstuk] 20 (“Eerste Afrikaanse skool”) (D’Assonville, 1999:227-236) na Du Toit se belangstelling in en betrokkenheid by die Hugenote Gedenkskool kyk.

In [Hoofstuk] 21 (“Baanbreker van ons Bybeltaal”) (D’Assonville, 1999:237-245) word daar na S.J. du Toit as Bybelvertaler en die teenstand wat sy werk op dié terrein ontvang het, gekyk, terwyl daar in [Hoofstuk] 22 (“Die koningin van Skeba”) (D’Assonville, 1999:247-258) stilgestaan word by Du Toit se *Di koningin van Skeba, of Salomo syn oue goudfelde in Sambesia* wat in 1898 verskyn het en wat as S.J. du Toit se belangrikste letterkundige geskrif beskou kan word. D’Assonville (1999:247-257) vertel ook die verhaal agter die verhaal van hierdie boek.

[Hoofstuk] 23 (“Kerkstryd en Strydenburg”) (D’Assonville, 1999:259-274) en [Hoofstuk] 24 (“Kampvegter vir die NG Kerkleer”) (D’Assonville, 1999:275-289) handel hoofsaaklik oor S.J. du Toit se verhouding en stryd met die NG Kerk, terwyl spesifieke aandag aan sekere omstrede teologiese kwessies en Du Toit se betrokkenheid daarby bestee word.

In [Hoofstuk] 25 (“Vader van die Afrikaanse taal”) (D’Assonville, 1999:291-302) word daar na S.J. du Toit se rol as kampvegter vir die Afrikaanse taal gekyk. D’Assonville probeer aantoon dat Du Toit met reg aanspraak kan maak op die titel van “Vader van die Afrikaanse taal”, soos sy grafskrif inderdaad te kenne gee. Só ‘n stelling is waarskynlik ‘n mistasting en uiteraard hoogs debatteerbaar, maar val nie binne die bestek van hierdie studie nie.

[Hoofstuk] 26 (“Sy ‘Afgeperste getuienis’”) (D’Assonville, 1999:303-322) handel oor die vraag of S.J. du Toit sy rug op die Afrikanervolk gekeer, met die Engelse geheul het en deur Cecil John Rhodes omgekoop is. Du Toit se verweer daarop word aan die hand van sy geskrif *‘n Afgeperste getuienis oor die teenwoordige krisis* ontleed, en daar word ook gewag gemaak van D.F. du Toit se antwoord daarop waarin hy die volgende verdoemende oordeel oor sy jonger broer uitgespreek het: “Volgens my innige oortuiging sal naas Rhodes, niemand groter verantwoordelikheid vir die bloed wat sal vergiet word[,] hê as ds SJ du Toit nie” (aangehaal deur D’Assonville, 1999:304).

In [Hoofstuk] 27 (“Die gewonde veteraan”) (D’Assonville, 1999:323-340) word S.J. du Toit se bestaan tydens die Anglo-Boereoorlog geteken: ‘n vereensaamde mens wat selfs deur van sy getrouste vriende vermy is. Daar word veral gekyk na Du Toit se verhouding met Gustav Preller, en Du Toit word as die Astille krag” (D’Assonville, 1999:331) agter die Tweede Taalbeweging voorgehou.

[Hoofstuk] 28 (“Nuwe Kruiskerke”) (D’Assonville, 1999:341-362) handel oor die ontstaan van die sogenaamde Kruiskerke in Suid-Afrika en S.J. du Toit se betrokkenheid daarby.

[Hoofstuk] 29 (“Ongeluk in die Pakhuisberge”) (D’Assonville, 1999:363-373) verhaal van die perdekarongeluk in Augustus 1910 in die Pakhuispas waar S.J. du Toit beseer is, ‘n besering wat ongetwyfeld tot sy vroeë dood op 63-jarige leeftyd bygedra het. Daar word na sy laaste lewensmaande gekyk, en die lewensbeskrywing eindig met S.J. du Toit se dood op 28 en begrafnis op 30 Mei 1911.

Die biografie sluit af met ‘n sestal bylaes (D’Assonville, 1999:413-418) en ‘n omvattende bronne- en literatuurlys (D’Assonville, 1999:420-430).

Ofskoon ‘n literêr-wetenskaplike vergelyking tussen Totius se *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* en D’Assonville se *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)* buite die bestek van hierdie studie val, vind ek dit tog nodig om die volgende te noem:

D’Assonville se werk getuig van veel meer wetenskaplike navorsing as dié van Totius. Waar Totius hoofsaaklik op sy eie herinneringe aan sy vader, en op persoonlike mededelings deur S.J. du Toit aan hom en andere, gesteun het en slegs van beperkte argivale en ander bronne gebruik gemaak het, het D’Assonville sy subjek baie deegliker nagevors. Daar is haas nie ‘n argivale bron waarvan hy nie kennis geneem het nie.

Anders as Totius het D’Assonville nie sy subjek persoonlik geken nie. Die gevaar van ‘n hagiografie is dus by D’Assonville, teoreties gesproke, veel minder as by Totius.

Totius se lewensbeskrywing van sy vader bevat opvallende leemtes, iets wat myns insiens veral toegeskryf kan word aan Totius se onbereidwilligheid of onvermoë om as gevolg van die bloedver-

wantskap tussen hom en sy subjek en die opvallende heldeverering wat hy vir sy vader gekoester het, daaroor te skryf.

In hierdie verband kan ook Totius se hantering van sy vader se verhouding met Cecil John Rhodes, veral met betrekking tot Rhodes se vermeende omkoopgeld aan S.J. du Toit, bevraagteken word. Soos reeds in 4.2 hierbo genoem, tree Totius hier by uitstek as apologet vir sy vader na vore en kom sy objektiwiteit erg onder verdenking. Van die “verraad” wat Herman Charles Bosman as vereiste vir ‘n suksesvolle biografie gestel het (Aucamp, 1998:98), kom daar by Totius niks tereg nie. By D’Assonville (1999:303-322) is daar ‘n doelbewuste poging om die Rhodes-kwessie in perspektief te plaas. Enersyds word S.J. du Toit se optrede op grond van ander uitsprake oor dié aangeleentheid veroordeel, maar andersyds word Du Toit se kant van die saak aan die hand van sy *‘n Afgeperste getuienis oor die teenwoordige krisis* gestel.

Dit is verder opvallend dat Totius in sy biografie oor sy vader geen direkte besonderhede van S.J. du Toit se laaste Europese reis in 1889 verskaf nie. Oor hierdie tydperk van Du Toit se lewe, waar die leed meestal die lief oorheers het, het D’Assonville egter “uit die vertellings van die dogter Lena wat in 1895 gebore is, fragmente van hierdie tydperk [verkry]. Verder vind ons klein brokstukke in Europese koerante en navorsing en wat hier en daar in Suid-Afrikaanse tydskrifte vermeld word” (D’Assonville, 1999:207). Hierdie gedeelte van die D’Assonville is baie fragmentaries, maar verskaf nogtans interessante en onbekende besonderhede oor sekere aspekte van Du Toit se lewe.

S.J. du Toit was een van die mees omstrede figure van sy tyd. Reeds in 1917 het Totius van sy vader geskryf: “Ds. Du Toit was ‘n Ismaël: sijn hand was teën almaal, en almaal sijn hand was teën hom. Dit was sijn roeping om alleen te staan en harde dinge te sê” (Totius, 1977:iii). In sy biografie van hierdie eensame Ismael skets V.E. d’Assonville die lewe en tyd van die “grootste man wat die Paarl nog ooit opgelewer het” (D’Assonville, 1999:7). S.J. du Toit word as die “vader van die Afrikaanse taal” voorgehou, en sy rol as onderwysman, sy bydrae as skrywer, digter en redakteur van vyf tydskrifte, sy bedrywighede as goudmynmagnaat, vrugteboer en Bybelvertaler, sy deelname aan die politiek en sy kennis van die internasionale politiek, sy kennis van die Jodedom en sy daaglikse beoefening van die teologie word in perspektief geplaas. Sodoende word nie net sy lewe en werk nie, maar ook die onderstrominge van sy tyd belig. Veel meer as in die geval van Totius word S.J. du Toit in sy menslike swakheid geteken en manifesteer die “verraad” waarna Aucamp (1998:98) verwys het.

In dié verband kan daar gewys word op die wyse waarop Lytton Strachey Florence Nightingale

as subjek in sy *Eminent Victorians* (Strachey, 1969:133-203) gehanteer het. Hieroor laat Strachey (1969:135) homself soos volg in sy inleidende paragraaf uit: “Everyone knows the popular conception of Florence Nightingale. The saintly, self-sacrificing woman, the delicate maiden of high degree who threw aside the pleasures of a life of ease to succour the afflicted, the Lady with the Lamp, gliding through the horrors of the hospital at Scutari, and consecrating with the radiance of her goodness the dying soldier’s couch - the vision is familiar to all. But the truth was different. The Miss Nightingale of fact was not as facile fancy painted her. She worked in another fashion, and towards another end; she moved under the stress of an impetus which finds no place in the popular imagination. A Demon possessed her. Now demons, whatever else they may be, are full of interest. And so it happens that in the real Miss Nightingale there was more that was interesting than in the legendary one; there was also less that was agreeable.”

In sy geheel vind ek D’Assonville se biografie oor S.J. du Toit meer bevredigend as sy lewensbeskrywing van Totius. D’Assonville verkry in ‘n hoë mate groter afstand in *SJ du Toit van die Paarl (1947-1911)* en hy staan ook meer objektief teenoor sy subjek as in die geval van *Dit is Totius*. Nogtans is hierdie omvattende lewensbeskrywing van een van die interessantste en mees omstrede figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie sonder gebreke nie. Ek sou ook meer van S.J. du Toit as literêre figuur en die ontstaan en wording van sy werke wou gesien het. Verder is D’Assonville se taalgebruik en die tegniese versorging van sy publikasie, soos ook in die geval van sy Totius-biografie, nie op peil nie.

4.5 DIE WERK VAN J.C. KANNEMEYER

J[ohn] C[hristoffel] Kannemeyer (1939-) trek reeds as jong akademikus die aandag en lewer op die gebied van literêre en biografiese geskiedskrywing in Afrikaans ‘n unieke en onmisbare bydrae. Sy *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (in twee bande, 1978 en 1983), aangevul deur *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (1988), *A History of Afrikaans Literature* (1993) en *Op weg na 2000* (1998), is standaard werke. Daarbenewens is hy die skrywer van talle boeke van ‘n literêr-teoretiese aard, onder meer *Die stem in die literêre kunswerk* (1965), *Prosakuns* (1968), *Opstelle oor die Afrikaanse drama* (1970), *Op weg na Welgevonden* (1970), *Konfrontasies* (1977), *Kroniek van klip en ster* (1979), *Die bevestigende vlam* (1989), *Getuigskrifte* (1989), waarin hy hom onder meer oor die taak van literêre en biografiese geskiedskrywing uitlaat, *Die dokumente van Dertig* (1990), waarin sekere biografiese besonderhede van dié geslag skrywers verskaf word, *Figuur en fluit* (1992), *Die*

gespitste binnebliek (1995) en *Ontsyferde stene* (1996). Van groter belang vir doeleindes van hierdie studie is egter sy drie omvattende biografieë - oor D.J. Opperman (1986), C.J. Langenhoven (1995) en C. Louis Leipoldt (1999) - en, in 'n mindere mate, *Wat het geword van Peter Blum?* (1993) en sy outobiografiese *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag* (1990). Tans (2001) is 'n biografie van Uys Krige onder bewerking. Verder verskyn ook sy fotobiografieë *Die bonkige Zoeloelander: D.J. Opperman in beeld* (1994) en *Die dienswillige dienaar: 'n Langenhoven-fotoboek* (1995).

Vir *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I* ontvang Kannemeyer in 1979 die Recht Malanprys, vir *D.J. Opperman: 'n Biografie* in 1987 die Old Mutualprys vir Nie-Fiksie en vir sy werk as letterkundige in 1988 die Gustav Prellerprys vir Literêre Kritiek. Die Recht Malanprys word in 1996 en in 2000 'n tweede en derde keer aan hom toegeken vir onderskeidelik sy biografieë oor Langenhoven en Leipoldt.

Uit sy oeuvre blyk dit reeds dat Kannemeyer 'n deurwinterde en ervare biograaf is. Op die onvermydelike gevaar af van 'n sekere soort eenselwigheid - veral ten opsigte van styl en aanbieding - beskik Kannemeyer egter oor die vermoëns en middele om hierdie soort navorsing te doen, wat nie alleen van onskatbare literêre-teoretiese en kultuurhistoriese waarde is nie, maar gewoonlik ook in die algemene smaak van die lesende publiek val. Sy sogenaamde "literêre toere", waartydens hy belangstellendes in die Afrikaanse letterkunde op die spoor van vervloë en eietydse [hoofsaaklik] Afrikaanse skrywers en literêre figure neem, dra dan ook in 'n hoë mate by om die belangstelling op hierdie terrein te stimuleer.

4.5.1 D.J. OPPERMAN: 'n BIOGRAFIE

Anders as in die geval van Leon Rousseau, wat sy subjek nie persoonlik geken het nie, het J.C. Kannemeyer D.J. Opperman (1914-1985) baie goed geken.

Reeds op skool het die jong Kannemeyer kennis gemaak met Opperman se poësie en het hy onder die indruk gekom van sy besondere beeldende vermoë en die hegte konstruksie van sy verse (Kannemeyer. 1990b:284). "As ek poësie kon of wou skryf," was Kannemeyer se versugting, "sou ek graag wou hê dat my poësie soos dié van Opperman moes wees" (*ibid.*).

In sy outobiografiese vertelling, *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag* (1990), skets Kannemeyer uitvoerig die agtergrond en ontstaan van sy Opperman-biografie. Toe hy Opperman in 1960, as een van sy honneursstudente aan die Universiteit van Stellenbosch, die eerste keer ontmoet, "was sy sterk historiese bewussyn, sy onopgesmuktheid en sy vakmanskap vir my besonder opvallend en

het sy hele wese as mens sterk tot my gespreek” (Kannemeyer, 1990b:284), en toe hy in 1980 ‘n aantal besoekende studente van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat op Stellenbosch en die omgewing moes rondwys, het dr. Charles Malan, een van die besoekers terloops gesê: “Met jou belangstelling in Opperman gaan jy seker een of ander tyd ‘n biografie oor hom skryf.” Kannemeyer het vaag “Ja, miskien” geantwoord, maar hom nie verder daaraan gesteur nie (*ibid.*).

Kannemeyer het egter reeds voor die voltooiing van die tweede band van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* die plan gehad om ‘n biografie te skryf. Aanvanklik was dit sy gedagte om ‘n studie oor die lewe van N.P. van Wyk Louw te maak. Hy het egter besef dat hy veel meer kennis en dokumentasie oor Opperman tot sy beskikking gehad het en dat belangrike sleutelfigure wat hom in verskillende fases van sy lewe goed geken het, nog almal in staat was om belangrike inligting aan hom te verskaf (Kannemeyer, 1990b:283-284).

Daarby het Kannemeyer geen ander skrywer se werk so goed geken as dié van Opperman nie, “en hy was by uitstek dié figuur wat my feitlik my hele lewe lank geestelik begelei het” (Kannemeyer, 1990b:284).

“Toe ek in 1983 tot ‘n definitiewe besluit oor ‘n Opperman-biografie gekom het,” skryf Kannemeyer (1990b:284), “moes ek egter by herhaling terugdink aan Charles se opmerking.” In daardie stadium was Kannemeyer hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand.

As gevolg van Opperman se ernstige siekte na sy beroerteaanval in Junie 1981 was dit nie vir Kannemeyer moontlik om onderhoude met hom te voer of inligting van hom te bekom nie. Deur sy persoonlike verbintenis met hom van langer as 20 jaar, eers as student in die sestigerjare en in die periode 1975-1981 as kollega en vriend, kon Kannemeyer egter steun op hul talle gesprekke waartydens Opperman baie oor homself vertel het. Voorts was alle persone met wie die digter bevriend was of wat in ‘n besondere verhouding tot hom gestaan het, bereid om in onderhoude inligting aan Kannemeyer te verskaf. Mev. Marié Opperman het alle dokumente vir hom toeganklik gestel, met die uitsondering van die digter se onvoltooide bundel, *Sonklong oor Afrika*, wat in ‘n ontsluitings stadium was en nie geraadpleeg kon word nie (Kannemeyer, 1986:9-10; 1989:37; 1990b:284).

Op 30 Maart 1983, slegs ‘n dag ná die voltooiing van sy skryfwerk aan Band 2 van *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur*, vertrek Kannemeyer met ‘n aantekeningboek en ‘n kassetopnemer na Bloemfontein waar hy ‘n afspraak met Koos Opperman, die digter se jongste broer, nakom en tydens die onderhoud ‘n opname van die gesprek en notas maak. Hierdie werkswyse sou hy telkens in die komende maande volg, behalwe in gevalle waar mense²³ hom uitdruklik versoek het om dit nie te

doen nie en slegs aantekeninge te maak (Kannemeyer, 1990b:284-285).

Met hierdie gesprek het Kannemeyer se werk aan die Opperman-biografie begin. Die onderhoud met Koos Opperman, wat byna drie uur lank geduur het, het 'n magdom inligting opgelewer. Nog dieselfde aand gesels hy ook met prof. Christo van Rensburg, hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, en ander Bloemfonteinse kollegas soos Hennie van Coller, Louis Venter en Daniel Hugo (Kannemeyer, 1990b:285).

Die volgende oggend het Kannemeyer verder gereis. Op Stellenbosch het hy die Opperman-katalogus in die oggende in die Universiteitsbiblioteek deurgewerk, van die dokumente bekyk, aantekeninge gemaak en fotokopieë aangevra. In die middag en saans het hy onderhoude gevoer, onder meer met Marié Opperman, Fred le Roux, Meyer de Villiers en W.J. du P. Erlank. Al hierdie mense het geweldig baie inligting aan hom verstrek, maar van die onderhoude²⁴ het dae geneem en moes in verskillende sessies afgehandel word. Opperman se huisdokter, dr. H.E.C. Krüger, het belangrike mediese inligting verskaf en die skrywer en volkekundige P.J. Schoeman, ook 'n Nataller van geboorte, het vir Kannemeyer die jeugwêreld van Opperman en die natuurlewe van destyds gerekonstrueer. In Kaapstad het Kannemeyer twee aande lank onderhoude met Koos Human gevoer en ook met Johan Spies en Hannes van der Merwe gesels (*ibid.*).

Met sy terugkeer na Johannesburg het Kannemeyer dadelik begin met die transkripsie van die onderhoude en die deurwerk van fotokopieë. Hy het ook 'n groot aantal moderne biografieë begin lees en op die hoogte probeer kom van die jongste stand van sake ten opsigte van die teorie van biografiese geskiedskrywing. Hy het egter uitgevind dat daar geen noemenswaardige teoretiese uiteensetting oor die biografie as kategorie bestaan nie, maar dat al die literatore in Cambridge met hoë waardering praat oor P.N. Furbank se studie oor E.M. Forster, Humphrey Carpenter s'n oor W.H. Auden en dié van Ian Hamilton oor Robert Lowell. Hy het al drie dié boeke gelees en was veral beïndruk met Carpenter se studie, volgens hom "'n magistrale stuk werk wat ongelooflik baie inligting oor Auden op 'n uiters sistematiese en leesbare wyse verskaf'" (Kannemeyer, 1990b:285-286).

Daarbenewens het Kannemeyer voortgegaan met die insameling van inligting. Sy omvattende navorsing blyk onder meer uit die groot aantal persone met wie hy onderhoude gevoer en die plekke en instansies wat hy besoek het. Naas onderhoude met mev. Marié Opperman en haar drie dogters - mevv. Trienke Laurie, Heila Gonin en Diederi Lippstreu - het hy in Johannesburg met Ernst van Heerden gaan gesels, en in Pretoria met proff. G.S. Nienaber en A.P. Grové. In Pretoria het hy ook kennis gemaak met Izak le Roux, 'n jeugvriend en studentemaat van Opperman, wat hom heelwat oor hul jare saam in Pietermaritzburg kon vertel. In Nelspruit het Liz Theron, die digter se suster,

hom oor hul kinderjare vertel, en in Natal het Kannemeyer die digter se blyplekke besoek en ook bykomende materiaal by die Hoërskool Voortrekker, die Hoërskool Vryheid en die Universiteit van Natal bekom. In Pietermaritzburg het C.J.M. Nienaber hom in verbinding gestel met die belangrikste Natallers wat in bepaalde stadia van hul lewens kontak met Opperman gehad het. Verder het Kannemeyer ook Durban, Utrecht, Vryheid en Ermelo besoek en onderhoude met verskillende persone gevoer, onder meer, in Vryheid, met mnr. Gerard Boonstra, Opperman se bejaarde Wetenskaponderwyser en die persoon wat hom tydens sy studiejare in Pietermaritzburg finansiëel bygestaan het, en, in Pietermaritzburg, met dr. Philip Nel, wat saam met die digter op skool was en later saam met hom aan die Natalse Universiteitskollege gestudeer het (Kannemeyer, 1986:10; 1990b:286).

Tydens sy speurtog na mense wat die digter geken het, het Kannemeyer ook mev. Retha [Meintjes] Brecher, een van Opperman se eerste nooiens op universiteit, op Vryheid gespreek, terwyl hy op Ermelo mev. Gertjie [van Rooyen] van Zyl kon opspoor op wie die digter as jong student glo smoorverlief was. In Pretoria het hy mev. Fie du Toit, dogter van dr. P.C. Schoonees, moeder van André Letoit [Koos Kombuis] en Opperman se “skoolkys” opgesoek en baie inligting oor hul jeugjare saam op Vryheid gekry (Kannemeyer, 1990b:286-287).

Terwyl hy in 1983 met vakansie in Hermanus en Stellenbosch was, het Kannemeyer ook met Franskraal-vriende van Opperman, soos Japie de Villiers, Mollie Geldenhuys, Gertie Pieterse en Kossie van Zyl, gesels. In Kleinmond het hy Jan Scannell, universiteitsmaat en later uitgewer van Opperman, opgesoek. Die laaste onderhoude is in April 1984 op Stellenbosch gevoer, onder meer met Pie-ter Harteveld wat as student in ‘n besondere verhouding tot Opperman gestaan het en wat deur sy belangstelling in diepseeduik hom baie van die vislewe kon vertel (Kannemeyer, 1990b:287-288).

‘n Volledige opgaaf van alle persone met wie Kannemeyer onderhoude gevoer het, verskyn in die voorwoord van die Opperman-biografie (Kannemeyer, 1986:10-11).

Kannemeyer het ook insae gehad in Opperman se manuskripte en dokumente wat in die Manuskripte-afdeling van die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek bewaar word. Afgesien van dokumente in private besit het hy verder gebruik gemaak van materiaal in die Sentrale Argief van die SAUK in Johannesburg, die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, die Jagger-Biblioteek van die Universiteit van Kaapstad en die Natalse Universiteitsbiblioteek in Pietermaritzburg (Kannemeyer, 1986:10).

Kannemeyer (1986:9) erken dat sy persoonlike verbintenis met Opperman oor baie jare vir hom van onskatbare waarde was, maar dat dit hom ook voor ‘n probleem te staan laat kom het: hoe om sy

die belewenisse met hom weer te gee. “In H.B. Thom se deeglike studie *D.F. Malan* [...] het dit my gehinder dat die skrywer enersyds ‘n objektiewe biografie met die gebruik van voetnote en dokumentasie lewer, andersyds na die ek-persoon oorslaan en reminisserend ervarings oproep as hy oor sy eie belewenisse met Malan uitwei. Dit is ‘n procédé wat aan die werk ‘n hibridiese karakter gee en die boek laat aarsel tussen gedokumenteerde geskiedenis en memoires. Daarom het ek besluit om my eie belewenisse met Opperman objektief en onpersoonlik aan te bied en in gevalle waar ek self ter sprake kom, die feite in die derde persoon te stel. Dié werkwyse het die voordeel dat daar nou geen breuk in die aanbod is nie, maar dit het uit die aard van die saak ook daartoe gelei dat ek om redes van fatsoen my eie belewenisse met Opperman tot ‘n minimum moes beperk” (*ibid.*).

In Mei 1984 is die laaste transkripsies van onderhoude voltooi en kon Kannemeyer met die eerste hoofstuk van die Opperman-biografie begin. Die werk daaraan het besonder vinnig verloop en teen die einde van November was die Natalse fase en die Transvaalse intermezzo in Opperman se lewe klaar geskryf. Die digter se jare as redaksielid by *Die Huisgenoot*, sy werk by die Universiteit van Kaapstad, sy oorsese reis, sy laaste jare in Kaapstad, sy hoogleraarskap op Stellenbosch, sy ernstige siekte en herstel en die publikasie van *Komas uit ‘n bamboesstok* was teen September 1985 afgehandel (Kannemeyer, 1990b:288-289).

Op 22 September 1985 is D.J. Opperman op Stellenbosch oorlede. Kannemeyer se werk aan die biografie was feitlik klaar. Ná die digter se begrafnis en sy biograaf se terugkeer na Johannesburg, is die res van die manuskrip binne enkele dae voltooi. Kannemeyer het die slothoofstuk, “Tweede beroerte en dood”, doelbewus kort gehou, “omdat dit vir my - in teenstelling tot die lewersiekte van 1976 - ‘n uitsiglose fase in Opperman se lewe was en dit sinloos sou wees om elke kreet en geroggel uit te spel” (Kannemeyer, 1990b:289).

Met die lewering van die manuskrip aan die uitgewers²⁵ vroeg in Oktober 1985 het Kannemeyer versoek dat die voetnote, in ooreenstemming met die meeste moderne biografieë, aan die einde van die boek geplaas word. Omdat sommige hoofstukke lank is, het hy ook voorgestel dat lopende hofies gebruik moet word ten einde stutte vir die lesers by die lees daarvan te gee. Dit was ook sy bedoeling dat daar ruim van foto’s gebruik gemaak moes word, en gevolglik het hy so ‘n versoek aan die uitgewers gerig (*ibid.*).

Kannemeyer se manuskrip is vir keuring voorgelê en is ook nie sonder voorbehoud vir publikasie aanvaar nie. Daar was veral twee besware waaraan hy moes aandag gee. In die eerste plek het sowel die uitgewers as Marié Opperman gevoel dat die manuskrip “te swaar dra aan feitlikheid en hibridies tussen biografie en dokumentasie aarsel” [feitlik woordeliks dieselfde beswaar as die

bedenkinge wat Kannemeyer teen Thom se Malan-biografie gehad het!]. Tweedens was daar dele wat as sensitiewe materiaal geklassifiseer kon word, selfs aan laster gegrens het en wat die uitgewers nie bereid was om te publiseer nie (Kannemeyer, 1990b:290).

Teen die middel van Februarie 1986 was Kannemeyer klaar met die finale wysigings aan die manuskrip (*ibid.*). Tussendeur is reeds voorbrand vir die verskyning van die boek gemaak. In Maart 1986 lewer Kannemeyer 'n lesing oor die teorie en praktyk van biografiese geskiedskrywing²⁶ voor 'n SAVAL-kongres by die Universiteit van Suid-Afrika,²⁷ en tydens 'n beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde in Julie dieselfde jaar in Windhoek lewer hy 'n referaat oor sy komende biografie,²⁸ waartydens hy daaruit voorlees en nogal heelwat klem op Opperman se buitensporige drinkgewoontes laat val!²⁹

Op 30 Oktober 1986 word *D.J. Opperman: 'n Biografie* tydens 'n geselligheid in die Volkskom-buis op Stellenbosch bekend gestel. Tydens die bekendstelling het Mohamed Shaikh van die SAUK in Kaapstad met Kannemeyer en Marié Opperman onderhoude gevoer. Later het hy ook met mense soos Liz Theron, Philip Nel, Johan Spies, Antjie Krog en Lina Spies gesels en 'n radioprogram oor die geleentheid saamgestel (Kannemeyer, 1990b:291).

Kannemeyer se Opperman-biografie is, soos Leon Rousseau se studie oor Marais, 'n omvattende boek wat 520 bladsye beslaan. Dit is, afgesien van die voorwoord en bylaes, in vier dele ingedeel. Deel I ("Natal 1914-1945") (Kannemeyer 1986:13-101) bevat vier hoofstukke wat handel oor die digter se geboorte, voorgeskiedenis en kinderjare; sy jare op Vryheid; sy studentedae in Pietermaritz-burg; en sy jare as onderwyser, ook in Pietermaritzburg. Deel II ("Transvaalse intermezzo 1945") (Kannemeyer, 1986:103-112) is die kortste afdeling in die biografie en handel oor die vyf maande wat Opperman onderwyser aan die Helpmekaar Hoër Seunskool in Johannesburg was. Deel III ("Kaapstad 1946-1959") (Kannemeyer, 1986:113-307) dek Opperman se werksaamhede as redaksie-lid van *Die Huisgenoot*; vertel van sy eerste jare as dosent aan die Universiteit van Kaapstad; gee 'n oorsig van die digter se Europese reis in 1956 en 1957; en sluit af met sy laaste jare in Kaapstad. Deel IV ("Stellenbosch 1960-1985") (Kannemeyer, 1986:309-444) behandel Opperman se werk as hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch; sy lewerversaking; herstel en die verskyning van sy digbundel *Komas uit 'n bamboesstok*; en sy tweede beroerte en dood.

Wat Kannemeyer se siening oor die uitgangspunt, werkmetode en probleme van 'n biograaf betref, wei hy uitvoerig daarvoor uit in sy lesing voor die SAVAL-kongres op 17 April 1986 by die Universiteit van Suid-Afrika.³⁰

“Alhoewel ek groot waardering het vir Leon Rousseau,” betoog Kannemeyer (1989:33), “kon ek kragtens my hele ingesteldheid en vorming as literator nie die tipe boek oor Opperman skryf as wat hy oor Marais gelewer het nie.”

Daarna bespreek hy die vraag waarom ‘n biograaf ‘n spesifieke subjek vir sy biografie kies. Hy wys daarop dat daar gewoonlik ‘n bepaalde simpatie tussen die biografie en sy subjek moet wees, selfs ‘n sekere identifikasie of emosionele betrokkenheid wat hom dryf om verslag te doen oor sy ervaring met die mens van sy keuse. Hy noem in die verbygaan ook dat dit natuurlik kan gebeur dat die grondliggende emosie ten grondslag eerder haat of afsku [pleks van simpatie] is, soos in die geval van Alan Bullock se werk *Hitler: A Study in Tyranny* (Kannemeyer, 1989:33-34).

Lee (1911:8-9) voer aan dat dit die oorspronklike doelstelling van biografiese geskiedskrywing was “to hand down to a future age the history of individual men or women, to transmit enduringly their characters and exploits”. Dié doelstelling, meen Kannemeyer (1989:34), bring mee dat ‘n biograaf alleen oor ‘n persoon sal skryf wie se lewe vir hom belangrik genoeg is om vir die nageslag te bewaar. “The life of a nonentity or a mediocrity,” skryf Lee (1911:10), “however skilfully contrived, conflicts with primary biographic principles.” Hoewel dit prinsipiël tog moontlik is om die lewe van ‘n “klein” man te beskryf, meen Kannemeyer (1989:34), “het die subjek in ‘n biografie tradisioneel ‘n sekere grootheid en formaat”.

D.J. Opperman, meen Kannemeyer (*ibid.*), het so ‘n grootheid en formaat gehad.

Kannemeyer (1989:35) wys ook daarop die biografie in die verlede onder meer die funksie gehad het om deur die mededelings in verband met ‘n persoon se verlede vir ons ‘n morele les te leer. Hoe staan die hedendaagse biograaf ten opsigte van dié doelstelling?

“Dit sou [egter] ‘n bietjie naïef wees om te dink dat die implisiete morele les in my Opperman-boek die gevare van ‘n ongesonde leef- en drinkpatroon is, al mag sommige lesers seker daaruit ‘n vermanende voorbeeld aflei,” betoog Kannemeyer (*ibid.*). “As my biografie ‘n moraliserende funksie het, meen ek eerder dit lê in die onthullings van ‘n kleinlike naywer, bedrog, leuens en ander boos-hede wat ons hele literêre wêreld in die tydvak van Opperman gekenmerk het en wat ek in staat was om aan die lig te bring.”

Oor sy werkmethode en die spesifieke probleme van ‘n biograaf, het Kannemeyer gereeld besin. “As hy eenmaal ‘n vaste besluit oor sy subjek geneem het,” deel hy die SAVAL-kongresgangers op 17 April 1986 mee, “is die biograaf se taak om die nodige gegewens te bekom. Dit beteken dat hy die beskikbare dokumente moet opspoor en deurwerk, en onderhoude moet voer met familielede, vriende, kollegas en ander persone wat in ‘n besondere verhouding tot die subjek gestaan het. Dit is

[...] ‘n groot probleem as dokumente ontbreek of deur die eksekuteur of erfgename ontoeganklik gemaak word, al kan ‘n navorsers soms sulke probleme [...] omseil. [...] Oor die algemeen het ek egter min probleme gehad om dokumente in verband met Opperman en sy wêreld op te spoor. Tydens my ondersoek kon ek gegewens opspoor wat verspreid was in Vryheid en Pietermaritzburg [...] By familieleden en vriende het ek briewe en ander dokumente in die hande gekry [...] Verder was ek in verbinding met ‘n hele paar genealoë wat my behulpsaam was met die aanwys van voorgeslagte en die opstel van ‘n stamboom’ (Kannemeyer, 1989:35-36).

Die oorgrote meerderheid Opperman-dokumente word tans gehuisves in die Stellenbosse Univer-siteitsbiblioteek waaruit Kannemeyer volgens sy eie mededeling ongeveer 75% van sy inligting vir die boek gekry het. “Hierdie versameling dokumente is wat Justin Kaplan ‘a monument to papyrophilia’ sou genoem het, ‘an unreasonable attachment to anything made of paper’. Opperman het blykbaar in ‘n bepaalde stadium van sy lewe besluit om nie meer ‘n enkele stuk papier weg te gooi nie. Van sy vroeë gedigte is daar slegs ‘n enkele manuskripboek en knipsels uit tydskrifte oor, terwyl ook die manuskrip van *Heilige beeste* grotendeels uit knipsels bestaan wat op wit bladsye geplak is [...] Vanaf ongeveer 1946 het egter alle manuskripte volledig [...] bewaar gebly. Daarnaas bestaan die versameling uit manuskripte van ander skrywers; korrespondensie met Nederlandse en Suid-Afri-kaanse letterkundiges en skrywers; persoonlike briewe en dokumente; korrespondensie en manuskripte wat verband hou met *Die Huisgenoot* en *Standpunte*; dagboeke, koerantuitknipsels, programme, katalogusse en ander personalia; en familie briewe uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog. Verder is daar [...] ongepubliseerde kritiese artikels en geleentheidstukke, keurdersverslae vir uitgewersfirmas, puntelyste van studente en getuigskrifte en toonsettings en vertalings van Opperman se poësie” (Kannemeyer, 1989:36-37).

Volgens Kannemeyer was die probleem dus nie om materiaal te bekom nie, maar eerder om alles deur te gaan en uiteindelik sinvol te verwerk. “Die gevaar was trouens dat die boek te swaar kon dra aan feitlikheid en hibridies tussen biografie en dokumentasie kon aarsel” (Kannemeyer, 1989:37). Aangesien daar nog nie op 17 April 1986 ‘n uitgawe bestaan het van Opperman se *Versamelde werke*³¹ nie en sy vroeë tydskrifverse nie geredelik tot die beskikking van die gewone leser was nie, het Kannemeyer aanvanklik te veel tekste gedokumenteer wat eers in ‘n later stadium uitgehaal is om die verhaalgang makliker te laat vlot (*ibid.*).

Dit kan gebeur dat inligting wat ‘n biograaf van verskillende mense kry, teenstrydig is. So ‘n probleem, meen Kannemeyer (1989:37-38), kan opgelos word deur die perspektief te ondersoek van die persoon wat getuie is lewer. ‘n Ondersoeker moet egter mondelinge inligting versigtig hanteer,

vasstel of onderliggende motiewe en belange nie 'n informant dinge laat sê wat feitlik onjuis is nie en veral, waar moontlik, sulke inligting teen dokumente toets.

In die algemeen het Kannemeyer se ondersoek egter min gevalle opgelewer waar informante mekaar weerspreek het (Kannemeyer, 1989:38).

Sodra 'n biograaf sy materiaal agtermekaar het, is sy volgende belangrike taak, volgens Kannemeyer (1989:40), die keuse en rangskikking van sy gegewens. Hy wys ook op twee gevare ten opsigte van ordening waarvan die skrywer bewus behoort te wees.

Eerstens bestaan die gevaar dat 'n biograaf in die strewe na volledigheid die tydvak waarin die subjek geleef het, só uitvoerig kan teken dat die agtergrond van die persoonlikheid verdwerg, die biografie 'n kombinasie van geskiedenis en lewensbeskrywing word en in die "Victoriaanse ideaal van 'n soort 'life and times'-boek ontwikkel" (Kannemeyer, 1989:40).

In die geval van sy Opperman-biografie, skryf Kannemeyer (1989:40), was daar die moontlikheid dat hy te lank kon stilstaan by die Afrikaanse literêre lewe van die laat veertiger- en vyftigerjare en die verhouding tussen skrywers, uitgewers en kritici. Hy het dié probleem vermy deur slegs feite ter sprake te bring wat regstreeks met Opperman in verband staan.

Tweedens wys Kannemeyer (1989:40) daarop dat die skrywer, in sy poging om 'n logiese en saamhangende ordening van die uiteenlopende massa feite te verkry, sy hoofstukindeling op 'n tematische basis kan laat berus, sodat sy boek in 'n aspektstudie ontaard. Dít, meen Kannemeyer (*ibid.*) is die groot fout met H.B. Thom se biografie oor dr. Malan. "Thom begin sy boek met agtereenvolgende hoofstukke oor Malan se staatkundige opvattinge, sy studie en godsdienstbeleving, en sy optrede as Afrikanermens, terwyl hy later twee hoofstukke aan die beleid van apartheid bestee. Hoewel daar in die res van die boek iets van 'n chronologiese patroon is, word dié gang meermale verbreek en kry mens 'n versnippering wat die geheelbeeld van die subjek skaad."

Kannemeyer (1999:40-41) meen die chronologie behoort in biografiese geskiedskrywing die belangrikste ordeningsbeginsel te wees. Hy wys daarop dat hy Opperman se lewe doelbewus in vier hoof fases wat mekaar chronologies opvolg, afgebaken het. Binne die vier hoof fases het hy hom in die opeenvolging van die hoofstukke en die hoofstukgeleding ook sover moontlik deur die chronologie laat lei. "Vir 'n biograaf gee hierdie chronologiese gang [...] die geleentheid om sy hoofstukindeling feitlik moeiteloos te laat geskied, omdat nuwe fases in Opperman se lewe [...] telkens met 'n geografiese verskuiwing of verandering in sy posisie gepaardgaan" (Kannemeyer, 1989:41).

Hoewel die chronologie volgens Kannemeyer (1989:42-43) die belangrikste beginsel by die or-

dening van die gegewens in alle geskiedskrywing is, eindig die biograaf se taak nie by die blote chronologiese weergawe van feite nie. Die rangskikking en distillering van die materiaal bring mee dat hy sekere terugkerende motiewe, patrone en uitgangspunte in die lewe van sy subjek sal sien. “Deur die herhaalde beligting van dié aspekte kan hy een of ander soort ‘intelligible support’ aan sy biografie gee, sirkulerende fasette van die subjek se lewe wat van verskillende kante af belig word.”

In Opperman se lewe was daar vir Kannemeyer ‘n hele paar fasette waarop hy telkens die aandag gevestig het, byvoorbeeld Opperman se vrees vir armoede; die verbinding tussen droom en daad, gevoel en intellek, literatuur en wetenskap; en sy opvatting oor die wesenloosheid van die kunstenaar (Kannemeyer, 1989:43).

“Die boeiendste aspek van Opperman se persoonlikheid,” skryf Kannemeyer (1989:43), “was vir my die vraag in watter mate iemand met so ‘n opvatting oor die kunstenaarskap nog as mens sterk oortuigings kan hê: of hy hoegenaamd daarnaas enige lojaliteit teenoor sy volk, ‘n bepaalde politieke party of spesifieke organisasies kan hê. Dit is bekend dat Opperman wel groot waarde aan sy Afrikanerskap geheg het. Die lojaliteit teenoor sy mense het egter by tye tot ‘n spanning met die groter lojaliteit teenoor sy kunstenaarskap gelei, want Opperman kon die beperking van die Afrikaner-nasionalisme nie altyd versoen met die drang tot vereenselwiging en wesenloosheid wat die kuns van hom eis nie. In die vyftigerjare lei hierdie basiese tweespalt saam met die diskrepansie tussen droom en daad, kuns en roetine tot ‘n spanning waarmee hy daaglik moet saamleef en wat ek as een van die terugkerende patrone gebruik om aan my werk die nodige ‘intelligible support’ te verskaf.”

Die vraag ontstaan ook wat die nut van ‘n biografie is en of ‘n skrywer ooit daarin kan slaag om ‘n bevredigende en oortuigende beeld van ‘n mens se lewe op te bou. Hierop antwoord Kannemeyer (1989:44) soos volg aan die hand van ‘n verwysing deur Mark Twain in die voorwoord tot sy outobiografie: “What a wee little part of a person’s life are his acts and words! His real life is led in his head, and is known to none but himself. All day long, and every day, the mill of his brain is grinding, and his *thoughts*, not those other things, are his history. His acts and his words are merely the visible, thin crust of his world, with its scattered snow summits and its vacant wastes of water - and they are so trifling a part of his bulk! a mere skin enveloping it ... Biographies are but the clothes and buttons of the man - the biography of the man himself cannot be written.”³²

“Woorde soos dié [...],” sê Kannemeyer (1989:44), “laat ‘n mens beseft dat dit verskriklik vermetel is om ‘n boek te skryf waarin jy binne ‘n paar honderd bladsye ‘n ander persoon se lewe essensieel wil saamvat.” N.P. van Wyk Louw het reeds in 1962 in *Tristia* geskryf, sê Kannemeyer (*ibid.*): “Ek kan nie opsom: nie ‘n lewe, ‘n gesprek, ‘n tydperk of ‘n eeu.” Hoe kan ‘n biograaf ooit

sy subjek verstaan, vra Kannemeyer (*ibid.*), as ‘n mens daagliks besef hoe min jy van jouself begryp, hoe min insig in en kennis van jouself jy in werklikheid het?

Hy meen egter nie, skryf Kannemeyer (*ibid.*), dat “ons by ‘n volslae kenteoretiese onmag [hoef] te eindig nie. In die literêre kritiek weet ons reeds voorwetenskaplik dat selfs die skerpsinnigste analitikus nie al die fyn nuanses van ‘n gedig sal kan blootlê nie en dat daar altyd fasette sal wees wat aan sy aandag sal ontsnap, net soos dit vir ‘n sintetiese literator onmoontlik is om ‘n beeld van alle aspekte van ‘n ryk geskakeerde oeuvre te gee. Alle analises en sinteses is ‘n benadering, nooit ‘n vol-ledige omvatting van die geheel nie.”

Die verskyning van *D.J. Opperman: ‘n Biografie* het baie belangstelling uitgelok. Twaalf jaar na die verskyning van Leon Rousseau se lewensverhaal oor Eugène Marais is daar nou weer ‘n omvattende biografie oor ‘n Afrikaanse literêre figuur op die boekmark.

Een van die eerste briewe van gelukwense wat Kannemeyer dan ook ontvang, is dié van die skrywer van *Die groot verlange*. Leon Rousseau skryf dat hy nog net gedeeltes uit die boek gelees het, maar dit kwalik kon neersit. “Dit is ‘n monumentale stuk werk, en ek sien baie daarna uit om dit end-uit te lees” (Kannemeyer, 1990b:292).

Uit Durban skryf die digter Johan van Wyk, ‘n oudstudent van Kannemeyer, en sy vrou, Liesbet, dogter van P. du P. Grobler: “Dit is vir my ‘n heerlike genot om die boek [...] te lees. Ek wil dit net nie neersit nie. [...] Dis ook ‘n voorreg om van my ouers [...] te lees, veral oor die Pietermaritzburgse dae waarvan ek maar min weet “ [Liesbet]. “Dit is die tipe ding wat Afrikaans op die oomblik baie nodig het, i.p.v. die temerige evaluatiewe en deskriptiewe kritiek waarmee ons verveel word” [Johan] (*ibid.*).

In ‘n brief van 24 November 1986 aan Ernst van Heerden skryf Audrey Blignault: “Ek sou [...] graag met jou wou gedagtes wissel oor Kannemeyer se monumentale biografie van Dirk Opperman. Ek het dit pas die eerste keer deurgelees en is diep onder die indruk daarvan. Dit lyk vir my soos Boswell’s *Life of Johnson*. Die biograaf gee ‘n omvattende beeld van die mens agter die poësie, die mens ‘warts and all’, maar ook die totstandkoming van die poësie, ‘n aspek van die werk wat na my oordeel baie belangrik is. Die hele beeld van die digter se lewe gryp my aan. Ek dink hier [...] voortdurend aan dié lewe” (Kannemeyer, 1990b:292-293).

Liz Theron, Opperman se suster, skryf: “Ek het nou vir die tweede keer dit gelees en wil jou weer eens verseker dat ek Boet baie beter leer ken het en baie feite waarvan ek nie geweet het nou kan lees. [...] Jy het voorwaar ‘n ontsaglike groot werk gehad om jou gegewens agtermekaar te kry en het jou uitstekend van jou werk gekwyt” (Kannemeyer, 1990b:293).

Kannemeyer het ook negatiewe briewe van die publiek ontvang. In sy outobiografie maak hy melding van ‘n vrou in Lydenburg wat geskryf en skerp gereageer het op sy mededeling dat baie van die Boerevrouens in Merebank se konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog “hulle liggeme tot die beskikking van die Kakies gestel het” (Kannemeyer, 1986:26). Ook haar ouma, moeder en tante, skryf sy aan Kannemeyer, was in dié “helkamp” en watter reg het hy om van hoorsê Aso lieederlik oor ander Afrikaanse boerevrouens te skryf. [...] Baie maal het ek al gewonder waarom daar nooit in die kerke vir die skrywers gebid word nie. Dis ‘n taak wat ek dikwels verrig omdat die kwaad wat skrywers so goedsmoeds oor die Afrikaanse vrou versprei, so verreikend is” (Kannemeyer, 1990b:293).

‘n Skrywe van ‘n ander aard verskyn egter in die vorm van ‘n hoofartikel in *Die Burger* van 1 November 1986. “Baie mense dink jy kan slegs die biografie skryf van iemand wat ‘n besonder aktiewe lewe gelei het; wat revolusies ontketen, oorloë begin, diepgaande krisis geskep, die verloop van die geskiedenis ingrypend verander het,” skryf dié koerant. “Maar daar is ook figure oor wie baie mense kan twyfel. Kan jy ‘n biografie van 500 bladsye van Dirk Opperman skryf? Was sy lewe, na die uiterlike, die openbare beoordeel, gebeurtenisvol genoeg? [...] ‘n Biografie van ‘n toonaangewende en invloedryke kulturele figuur soos Opperman kan mense nie net iets van die onderwerp vertel nie, maar ook van sy hele agtergrond en van sy tyd.” Daar mag sensitiewe episodes by wees, lui die hoofartikel voorts, maar as die biograaf dit verswyg, kan dit die geloofwaardigheid van die boek ondermyn. “Mense wat gevoelig is oor wat eendag van hulle gesê kan word in ‘n biografie van iemand anders, moet liever uit die dampkring van belangrike mense bly. Dit is verrykend om in sulke kringe te beweeg, maar soos die Amerikaners sê, daar is nie so iets soos ‘n gratis middagete nie. Vir elke voorreg wat jy geniet, moet jy bereid wees om daardie prys te betaal” (*Die Burger*, 1986:12).

Ook die resensies oor *D.J. Opperman: ‘n Biografie* was in die algemeen gunstig, maar daar was ook negatiewe kritiek.

Cecile Cilliers (1986:18) het beswaar gehad teen die “anekdote-stortvloed” en die magdom inligting wat “babbelsiek van aard” is. Volgens haar (*ibid.*) “[moet] die finale woord oor Opperman nog gesprek word”. Phil du Plessis (1987:102) meen dat die biografie nie geskryf is vanuit ‘n objektiewe perspektief nie, en dat dit “somewhat resembles a hagiography in the reverence with which the poet and his life are treated”. Brink (1986:34) het waardering vir Kannemeyer se “stoere deeglikheid”, maar wys ook daarop dat “biografie een van die moeilikste B en gevaarlikste B genres van die literatuur [moet] wees” (*ibid.*). “Om jou uitsluitend op die uiterlik kontroleerbare feite te

verlaat, laat jou met 'n leë dop; om te verbeeldingryk die werk uit die lewe af te lees, lei tot wat Nabakov 'psychoplagerism' genoem het. Te breed opgeset B 'life and time of Y' B raak die fokus diffuus en verloop dit; te skerp toegespits n et op die 'life', verloor dit die relevansie van konteks. Dit is selde dat daar in 'n literatuur 'n biograaf so geniaal soos Andr e Maurois na vore kom, wat naartige navorsing kan rym met die gloed van verbeelding en inspirasie. Di  kombinasie bied Kannemeyer nie." Aan die einde van Kannemeyer se studie, skryf Brink, "ken" die leser nog nie vir Opperman "soos hy [...] George Sand ken aan die einde van *L elia*, of Balzac aan die einde van *Prom ethe * nie, maar 'n granietbeeld-in-taal is tog geboetseer van 'n onkreukbare, vasberade, onwrikbare, soms kwasterige kolos met die gretigheid en nuuskierigheid van 'n kind, 'n brein soos 'n rapier, 'n humorsin soos re n, 'n ongeduld met middelmatigheid, domheid of burokrasie, 'n visioen re gees wat in elke klip die opgeslote engel kon ken -  n verlos. En dat wie ook n  dese die naam 'Opperman' noem, met hierdie biografie rekening moet hou" (*ibid.*).

In *Beeld* verskyn daar op 3 November 1986 twee resensies oor di  biografie: een deur A.P. Grov   n 'n bespreking deur Antjie Krog. Grov  (1986:8) meen dat die "kreatiewe en verhelderende mags-woord" met betrekking tot die Opperman-materiaal "nog nie gespreek is nie". Krog (1986:8) loof die aanbieding van die feite, en noem spesifiek "die effense terughou van besonderhede oor alkoholisisme", en Kannemeyer se "besondere skryftalent". "Opperman en Kannemeyer," skryf sy, "sorg vir 'n boeiende kombinasie - asof die een spesiaal so moes lewe en die ander met sy detailneus en ver-stommende werkvermo  eventueel oor hom m es skryf".

Hoewel hy sy waardering uitspreek vir die "enorme taak" wat Kannemeyer uitgevoer het, meen Chris Barnard (1986:17) "die breedvoerigheid dreig om soms wydlopig te word en die leser af te skrik". Daarteenoor het Daniel Hugo (1986:12) waardering vir die "onderhoudende vertelwyse" en plek-plek word dit vir hom "'n ontroerende leeservaring". Joan Hambidge (1986:17) vind dit 'n studie wat 'n mens "beurtelings laat kraai van die lag [...] en laat treurig voel oor die enorme verlies wat hierdie digter-denker se dood tot gevolg gehad het". Ook Henriette Roos (1986:305) vind dit "'n leesbare boek [...], 'n insiggewende liter re portret en 'n stuk liter re geskiedenis wat hoogs onderhoudend tot stand kom".

Vir Bertie du Plessis (1986/1987:83) ontvou "'n ontroerende verhaal van 'n armoedige begin, vroe  selfstandigheid, ryping en hoogbloei, versinking en mirakelagtige terugkeer, net om weer in die skemerw reld van die beroerte te verdwyn". Kannemeyer se objektiewe vertelstyl "moet 'n mens [...] nie verlei om te dink dat dit noodwendig 'n onsydige perspektief op sake is wat geskilder word nie. Kannemeyer benader Opperman nie van buite af as iemand wat beoordelend oor sy onderwerp

wik en weeg nie, maar ek het deurgaans die indruk dat die perspektief dié is van Opperman self. [...] Kannemeyer het [...] ‘n definitiewe biografie [...] geskryf wat sy plek kan inneem langs die standaardbiografieë wat in Suid-Afrika ontstaan het’ (*ibid.*).

Jan Rabie (1987:6) noem die Opperman-biografie saam met Leon Rousseau se *Die groot verlange* ‘the best documented’ werk van dié aard tot op datum in Afrikaans, terwyl Fanie Olivier (1987:14) 1987 skryf: “Met dié werk het Kannemeyer [...] op die terrein van lewensbeskrywing ‘n standaard gestel wat moeilik oortref kan word.” Die Nijmeegse Germanis Hans Ester (1987:107-108) skryf waarderend oor die biografie, maar Charl-Pierre Naudé (1987:22) maak egter die opmerking dat sekere vrae in die leser se gedagte nie in die boek beantwoord word nie, byvoorbeeld “how to retain artistic and moral integrity in an ideologically structured social context” soos dié waarin Opperman geleef het.

Hierdie bedenking word in ‘n uitgebreide vorm voortgesit deur Gerrit Olivier (1987:35) wat Opperman juis as gevolg van sy onwil of onmag om hom van die “gesagstrukture” op die gebied van die politiek, kerk en uitgewersbedryf los te maak, tot die geskiedenis reduceer. Kannemeyer het dit nodig gevind om in *Tydskrif vir Letterkunde* van November 1988 op dié artikel³³ te reageer en sy standpunt oor ‘n skrywer se betrokkenheid by die politiek by wyse van ‘n ope brief aan Gerrit Olivier te formuleer (Kannemeyer, 1990b:295-296).

In sy brief beskuldig Kannemeyer Olivier van “halwe waarhede” en “slordighede” in sy artikel wat “simptomaties [is] van die geestelike luiheid wat ek nou by jou bespeur” (Kannemeyer, 1989:84; 86). Verder neem hy Olivier kwalik dat hy “simbolies en vlak dink” (Kannemeyer, 1989:90). Daarbenewens getuig Olivier se artikel vir hom “van ‘n ekstremisme wat in sy kern onverdraagsaam is. Weliswaar [...] oneindig fyner genuanseer as by die regse AWB, maar in sy onvoorwaardelike verwerping van die Afrikaner nie daarom minder ekstreem nie” (Kannemeyer, 1989:91).

Kannemeyer het so sterk oor sy standpunt gevoel dat hy daarop aangedring het dat dié artikel saam met van sy ander lesings en opstelle in sy *Getuigskrifte* opgeneem moes word, ‘n versoek waaraan Human & Rousseau - aan wie die manuskrip aanvanklik vir publikasie voorgelê is - nie wou voldoen nie en wat een van die redes was waarom dié bundel in 1989 by Jutalit verskyn het.³⁴

In haar *Beeld*-bespreking van *D.J. Opperman: ‘n Biografie* het Krog na die Opperman-Kannemeyer-kombinasie verwys. Hierdie siening herinner nogal aan die verhouding wat tussen Boswell en Johnson bestaan het. Dit is nie bloot toevallig nie. Soos in die geval van Boswell het Kannemeyer ‘n bewondering vir Opperman wat aan heldeverering grens, en soos in die geval van Boswell is Kannemeyer ‘n onvermoeide werker met ‘n besondere neus vir detail, en een wat soms

tot uiterstes sal gaan om feite na te speur en te kontroleer. Daarby maak sy deeglike literêre skoling en verwysingsveld; sy kennis van die teorie van literêre en biografiese geskiedskrywing; sy dikwels polemiese ingesteldheid; sy oog vir “klein feite” en skynbaar obskure besonderhede; en sy sin vir ordening en klassifikasie van hom ‘n betroubare biograaf. Sy uitgangspunt herinner sterk aan dié van Boswell en Strachey, maar hy dra ook deeglik kennis van moderner biografiese ondersoekmetodes en teorieë. Daarby is hy bewus van die meeste slaggate op die weg van ‘n biograaf, iets wat hy gewoonlik heel vernuftig vermy of omseil. Ofskoon Kannemeyer hom dikwels aan ‘n sekere soort woordoordad skuldig maak, vir ‘n bepaalde soort eenselwigheid verwynt kan word en die gevaar loop om homself te herhaal, bly hy ‘n uitgeslape, selfs geslepe biograaf met ‘n formidabele bewese geskiedenis.

4.5.2 DIE DOKUMENTE VAN DERTIG

Biografiese vertellings van heeltal ‘n ander aard kom voor in *Die dokumente van Dertig* (1990), ‘n werk wat J.C. Kannemeyer nie primêr as lewensverhale aanbied nie, maar waarin hy nogtans heelwat biografiese besonderhede en tot nog toe³⁵ onbekende gegewens oor die Dertigers verskaf.

Die dokumente van Dertig berus op navorsing deur Kannemeyer van hoofsaaklik ongepubliseerde materiaal wat in verskeie sentra, veral die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek, bewaar word, en was deel van die literêr-historiese navorsing van die [eertydse] Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkunde-navorsing (SENSAL) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Hierdie werk is primêr gerig op die bewussynslewe van die Dertigers en alles wat hulle intellektueel besig gehou het. Die letterkunde in al sy geledinge - ook die literêre woelinge en “die vuil bedryf al om die kuns” - staan sentraal, maar daarnaas gee dit ‘n boeiende blik op wat hierdie geslag geprikkel het: die Suid-Afrikaanse en internasionale politiek van hul tyd, die idee van ‘n Afrikanernasionalisme en die strewe om die Afrikaner en sy literatuur hoog op te stoot in die “vaart der volkeren”. Gevolglik ontvou hier ‘n stuk beskawingsgeskiedenis van die intellektuele Afrikaner soos dit uit die dokumente van N.P. van Wyk Louw en sy geslag blyk. Die boek bly egter nie by ‘n dorre relaas van feite nie, want Kannemeyer fokus deurgaans op die dramatiese en soms bewoë hoogtepunte van hierdie tydperk in ons geskiedenis.

Hierdie werk beslaan 336 bladsye en is, benewens ‘n kort inleiding, addendum en register, in agt hoofstukke verdeel.

Hoofstuk 1 (“Die inset van Dertig”) (Kannemeyer, 1990a:1-70) handel oor die geskiedenis rond-

om die ontvangs en publikasie van W.E.G. Louw se *Die ryke dwaas* (1934), N.P. van Wyk Louw se *Alleenspraak* (1935) en Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* (1937).

Hoofstuk 2 (“Die vriendskap van twee broers”) (Kannemeyer, 1990a:71-123) skets die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw tussen 1936 en 1939.

Hoofstuk 3 (“Die jaloerse waghond van die hemelboë”) (Kannemeyer, 1990a:124-163) het dit oor die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en J. du P. Scholtz, terwyl Hoofstuk 4 (“Twee figure op die periferie”) (Kannemeyer, 1990a:164-180) oor die korrespondensie tussen onderskeidelik Elisabeth Eybers en Uys Krige met N.P. van Wyk Louw handel.

In Hoofstuk 5 (“Ure met die Dietse silwersmid”) (Kannemeyer, 1990a:181-229) kom die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en Jan Greshoff tussen die jare 1939 en 1950 onder die loep.

In Hoofstuk 6 (“Die hartstog van ‘n medestryder”) (Kannemeyer, 1990a:230-252) word die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en H.A. Mulder bespreek, terwyl daar in Hoofstuk 7 (“Opregte vriendskap en innige toegeneentheid”) (Kannemeyer, 1990a:253-280) na die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw tussen 1940 en 1970 gekyk word.

Ten besluite word die delikate en soms gespanne verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman in Hoofstuk 8 (“Bul teen bul”) (Kannemeyer, 1990a:281-313) bespreek.

In die addendum (Kannemeyer, 1990a:315-321) is twee briewe opgeneem: een van N.P. van Wyk Louw aan W.E.G. Louw oor die dood van hul vader, en ‘n brief van eersgenoemde aan sy moeder oor sy hartaanval.

Dit is opvallend dat die figuur van N.P. van Wyk Louw ‘n sentrale plek in hierdie werk inneem. In al agt hoofstukke, en in die addendum, kom hy nie alleen ter sprake nie, maar val die fokus meestal op hom en die leidende rol wat hy in hierdie tydperk gespeel het.

Van werklike biografiese geskiedskrywing, in die sin van wat Dresden (1956:7) “het verhaal van een mensenleven” sou noem of wat volgens Rousseau (1977:14) “by die hooffiguur se geboorte begin en by sy dood eindig”, is daar egter nie sprake van nie. Die leser kry eerder ‘n soms nogal intieme ín-kyk op die lewe van die betrokke subjek. Hierdie binneblik ontvou meestal aan die hand van dokumentasie, gewoonlik briewe, wat Kannemeyer opgespoor het. Wanneer J.C. Steyn in 1998 met sy omvattende biografie in twee lywige dele oor N.P. van Wyk Louw, *Van Wyk Louw: ‘n Lewens-verhaal*, na vore kom, is dit opvallend om te sien hoe dikwels Steyn van *Die dokumente van Dertig* as verwysingsbron gebruik gemaak het. ‘n Interessante toevoegsel tot hierdie werk is die sewetal fak-simileë van briewe waaraan die handskrifte van F.E.J. Malherbe, Hettie Smit, W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, J. du P. Scholtz, Jan Greshoff en D.J. Opperman gesien kan word. Vir

die navorser is dit egter slegs van kuriositeitswaarde.

Ofskoon *Die dokumente van Dertig* dus nie as lewensbeskrywings van die onderskeie subjekte pretendeer nie, en vir die doel van hierdie studie nie as sodanig beoordeel kan word nie, verskaf dit nogtans nuwe feite oor sommige van die subjekte wat bespreek word. Primêr kom daar egter in hierdie werk 'n stuk beskawingsgeskiedenis en heelwat nuwe persoonlike besonderhede aan die bod waarvan latere navorsers met vrug gebruik kan maak.

4.5.3 DIE RYM NEEM OOK 'n HELE LEWE IN BESLAG

Een van die belangrikste verskille tussen 'n biografie en 'n outobiografie is dat die verhouding tussen biograaf en subjek, in die geval van 'n biografie, by 'n outobiografie totaal afwesig is. Die outobio-graaf vors nie die lewe van iemand anders na nie, maar is die onderwerp van sy eie studie. Hy word dus sy eie subjek. Ooglopende gevare, veral dié van selfprysing en -verheerliking, hetsy bewustelik of onbewustelik, is dus onvermydelik. Daarby kom die feit dat 'n outobiografie uit die aard van die saak nooit 'n finale beeld van die subjek kan gee nie.

In dié lig moet die bra vroeë outobiografiese geskrif van J.C. Kannemeyer, *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag* (1990) - waarvan die titel uit D.J. Opperman se *Periandros van Korinthe* ontleen is - beskou word. Van Kannemeyer se belangrikste werk as letterkundige en biograaf verskyn eers ná die publikasie van hierdie werk.

In hierdie boek van 311 bladsye vertel Kannemeyer oor sy kinderjare op Robertson in die Wes-Kaap, sy studietyd aan die Universiteit van Stellenbosch, sy werk as dosent aan verskillende universiteite, sy besoeke aan Nederland en reise in Europa, en sy werk as navorser by die Raad vir Geestes-wetenskaplike Navorsing in Pretoria. 'n Stuk of 50 foto's verleen ekstra kleur aan die boek.

'n Volledige lewensverhaal is dit egter nie. Algaande val die aksent toenemend op Kannemeyer se ervaring van die letterkunde en die literêre lewe en sy indrukke van skrywers, letterkundiges en dosente. Daarnaas verstrekk hy inligting oor eie agtergronde, die ontstaan van sy eie publikasies en sy verhouding tot uitgewers. Die geheel gee dus 'n beeld van sy betrokkenheid by die letterkunde, wat die oorheersende hartstog in sy lewe is.

Vir doeleindes van hierdie studie, wat primêr op die biografie toegespits is, is *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag* van minder belang. Wat egter wel van belang is, is die inligting wat Kannemeyer verskaf oor sy werkswyse tydens die skryf van sy biografie oor D.J. Opperman (Kannemeyer, 1990b:283-298; sien verder 4.5.1 hierbo vir 'n bespreking daarvan).

4.5.4 WAT HET GEWORD VAN PETER BLUM?

Ook *Wat het geword van Peter Blum?* (1993) is nie 'n biografie in die ware sin van die woord nie. Die subtitel, *Die speurtog na die Steppewolf*, gee reeds blyke van die ware aard van dié geskrif: 'n ondersoek na die doen en late van die digter Peter Blum (1925-1990), wat in 1960 Suid-Afrika verlaat het om nooit weer terug te keer nie, en 'n poging om iets van dié enigmatiese figuur te verstaan. "'n Biografie," skryf Aucamp (1993:9) dan ook tereg, "kan en wil *Wat het geword van Peter Blum?* dus nie wees nie." Aucamp (*ibid.*) sien dié publikasie eerder as die verslag van 'n speurtog, maar dan 'n speurtog wat beloop om soos 'n verhaal te verloop, selfs soos 'n sprokie, want die spoor wat gevolg word, is dié van 'n "steppewolf".

Kannemeyer verskaf die agtergrond en verantwoord die ontstaan van hierdie werk in sy voorwoord (Kannemeyer, 1993:1-2). Daarvolgens het hy jare lank met die gedagte gespeel om aan die hand van dokumentasie tot sy beskikking iets oor Peter Blum te skryf. Die bevredigende afhandeling van so 'n projek sou egter verbind moes word met 'n besoek aan Londen om Blum se spore na te loop en iets van hom terug te vind sedert hy feitlik soos 'n groot speld in Brittanje verdwyn het. Die tyd en geld vir so 'n onderneming het egter ontbreek. In 1992 het so 'n geleentheid hom egter voorgedaan en kon Kannemeyer twee weke lank in Londen verdere navorsing doen. *Wat het geword van Peter Blum?* - die titel is 'n variasie op sy gedig "Ballade van getroude bemindes" uit *Van Steenbok tot poolsee* (Blum, 1955:62-63) - is dan die resultaat van sy ondersoek van die dokumentasie en sy opvolgwerk in Londen.

"Omdat 'n mens by so 'n 'elusive pimperl' soos Blum op jou hoede moet wees omdat daar enige dag materiaal te voorskyn mag kom wat my gevolgtrekkings ongedaan kan maak," skryf Kannemeyer (1993:1), "het ek my verslag [...] doelbewus gedateer."³⁶ Dit staan enigiemand met meer en ander inligting vry om die speurtog voort te sit."

Hierdie vrees dat nuwe inligting kon opduik, was nie toevallig nie. Met die aanvang van Kannemeyer se studie verskyn twee berigte in *Rapport*, waarvolgens dit blyk dat Blum reeds oorlede was. Enkele gegewens uit Tobie Boshoff se berig van 5 Januarie 1992 kon Kannemeyer wel gebruik, maar die berig van Coenie Slabber in die uitgawe van 12 Januarie het op hoorsêgetuigenis berus en was volgens Kannemeyer (1993:1) 'n foutiewe interpretasie.

In aansluiting by Blum se "Die klok in die newel - 'n narrasie in twee episodes", die sesde afdeling van *Enklaves van die lig* (Blum, 1963:45-79), noem Kannemeyer die eerste gedeelte van *Wat*

het geword van Peter Blum? “Narrasie” (Kannemeyer, 1993:3-169). Dit bestaan uit 14 episodes en beslaan die grootste gedeelte van die boek van 236 bladsye. Die tweede gedeelte, “Naspel”, bevat ‘n aantal artikels, vertalings van gedigte van Guillaume Appollinaire en ‘n brief van Blum aan N.P. van Wyk Louw, almal dokumente wat op die een of ander wyse meer lig op die persoonlikheid van Blum werp. Vier bladsye foto’s, waaronder ‘n afdruk van Blum se sterfbewys, rond die boek af.

Die “Narrasie”-gedeelte is vir doeleindes van hierdie studie die belangrikste.

In [episode] I (Kannemeyer, 1993:5-8) verskaf Kannemeyer agtergrond oor Blum se permanente vertrek op 18 Mei 1960 uit Suid-Afrika, ‘n gebeurtenis wat die gevolg gehad het dat “[...] die Afrikaanse literatuur in die besonder en die Suid-Afrikaanse geesteslewe as sodanig een van sy grootste talente en speurendste intellekte verloor [het]. Die vertrek van Blum was meer as net die vertrek van ‘n toevallige immigrant. Dit was die grootste enkele verlies wat die Afrikaanse literatuur tot op datum gely het” (Kannemeyer, 1993:6). Dit blyk dat Blum betreklik gou na sy vertrek na Londen haas alle kontak met Suid-Afrika verbreek het. Ofskoon hy nog aan enkele vriende geskryf en ‘n keer of wat resensies vir *Die Burger* onderneem en selfs ‘n sestal artikels vir die Vlaamse tydskrif *Ons Erfdeel* gelewer het, het hy persoonlike kontak egter ontmoedig, sy woonplek geheim gehou en briewe per adres sy bank laat aanstuur. Van tyd tot tyd het van Blum se kennis in Suid-Afrika nare kaartjies met persoonlike beledigings en met ‘n afkeer van die politieke en veral Afrikaanse literêre bedrywighede ontvang. Dit was ‘n aanduiding dat sy verset in wrokkigheid ontaard het, al het dit soms uit die mededelings geblyk dat Blum goed op die hoogte van Suid-Afrika bly en deur koerante en tydskrifte kennis dra van wat hier, sowel op politieke as literêre terrein, gebeur. Besonderhede oor wat Blum in Brittanje doen, of hy nog skryf en hoe hy ‘n bestaan maak, het egter steeds uitgebly. Die bewering is gemaak dat hy by meer as een geleentheid behandeling in sielsieke inrigtings ontvang het, maar dié uitsprake kon nooit geverifieer word nie. Die vraag vir Kannemeyer was dus kort en kragtig: wat het geword van Peter Blum? (Kannemeyer, 1993:7).

Ten einde dit te beantwoord, het Kannemeyer dit nie net nodig gevind om Blum se loopbaan sedert sy landsverhuising na te speur nie, maar om ook uitvoerig stil te staan by sy geskiedenis voor sy koms na Suid-Afrika in die dertigerjare, sy lewe hier en sy literêre loopbaan in Afrikaans. Kannemeyer het ook besef dat dit waarskynlik nooit moontlik sou wees om alle besonderhede presies te agterhaal nie, “want Blum het dikwels teenstrydige uitsprake oor sy herkoms gemaak en was lief om te fantaseer en selfs blatante leuens te vertel” (*ibid.*). Daarbenewens het die oorspronklike dokumente in verband met Blum se geboorte en vroeër jare verlore gegaan.

Wat vir Kannemeyer van groot waarde was, is die uitgebreide korrespondensie wat Blum in die

veertiger- en vyftigerjare, en ook sporadies daarna, met prominente figure in die Afrikaanse literêre en geesteslewe gevoer het. Hoewel Blum van huis uit Duitssprekend was en in Suid-Afrika op skool deur medium Engels onderrig is, was sy beste vriende in sy volwasse Suid-Afrikaanse periode almal Afrikaners. Uit die briewe het Kannemeyer heelwat inligting gekry oor Blum se leefpatroon en ervaringswêreld, sy kennis van veral die literatuur, die musiek en ander aspekte van die geesteslewe, sy reaksies op die Afrikaanse literêre wêreld en sy kunsopvatting (*ibid.*).

Verder het dit uit Kannemeyer se navorsing geblyk dat Blum, wat sy eie anatomie en geslagslewe betref, nie juis “’n blad voor die mond gehad [het] nie” (Kannemeyer, 1993:8). Om redes van fatsoen en waar dit ander mense raak, het Kannemeyer in sy verslag van Blum se briefwisseling nie alles betrek nie. Uit Kannemeyer se studie blyk egter meer as genoeg om ‘n aanduiding te gee van watter onstuimige, driftige, maar ook geestige mens Blum was. Hy wou in sy briewe, soos in sy gedigte, opsetlik dinge en mense demaskeer, wanpraktyke aan die kaak stel en die spot dryf met mense in gevestigde en waardige posisies.

Dat ‘n volledige biografie oor Peter Blum as gevolg van die talle hiate stellig nie moontlik is nie, het Kannemeyer besef. Dit was dan ook nie sy idee om Blum se lewensverhaal te beskryf nie, maar om eerder uit persoonlike mededelings en dokumentêre gegewens ‘n beeld van die mens en digter Peter Blum op te bou.

[Episode] II (Kannemeyer, 1993:8-12) handel oor Blum se geboorte en Europese afkoms, sy koms saam met sy ouers na Suid-Afrika, die gesin se aanvanklike verblyf in Johannesburg, hul verhuising na Durban, waar Peter Blum gematrikuleer het, sy aanvanklike studiejare op Stellenbosch en sy vertrek na Johannesburg.

[Episode] III (Kannemeyer, 1993:13-26) vertel van sy vriendskap en korrespondensie met prof. Jac. A. Louw, ‘n uitgebreide briefwisseling waaruit veral Blum se opvattinge oor die volkekunde, musiek, die letterkunde en die kunste blyk. Daar word ook gekyk na Blum se eie skryfwerk, aanvanklik in Engels, sy vroegste Afrikaanse verse en sy kritiek op die werk van D.J. Opperman, N.P. van Wyk Louw, en Uys Krige en die persoon van P.J. Schoeman, aan wie hy ‘n hekel gehad het.

In [episode] IV (Kannemeyer, 1993:26-41) skryf Kannemeyer oor Blum se korrespondensie met sy studentevriend en die latere Sestiger Jan Rabie, ‘n briefwisseling wat in sy oorgelewerde vorm omvangryker is as dié met Louw en tot in die sestigerjare voortgeduur het. Veel meer as in sy briewe aan Louw wei Blum in sy briewe aan Rabie uit oor sy eie werksaamhede en skryfwerk, terwyl hy uitvoerig by sy belangstelling in musiek stilstaan. Blum se verhuising na die suide en sy werk by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad word ook behandel, terwyl aspekte van Blum se vriendskap

met Bartho Smit aandag geniet.

Blum se ontmoeting en “kortstondige maar hewige verhouding” met Ina Rousseau word in [episode] V (Kannemeyer, 1993:42-53) bespreek, terwyl die verhouding tussen Blum en D.J. Opperman in [episode] VI (Kannemeyer, 1993:53-69) van nader beskou word. Daar word ook verslag gedoen van Blum se latere studie aan die Universiteit van Stellenbosch, sy eerste verse in *Standpunte*, sy huwelik met Henrietta Smit en die publikasie van sy eerste bundel, *Steenbok tot poolsee*.

[Episode] VII (Kannemeyer, 1993:71-77) handel in die algemeen oor die ontvangs van *Steenbok tot poolsee* en meer in die besonder T.T. Cloete se resensie daarvan *Die Huisgenoot* en N.P. van Wyk Louw se bespreking daarvan in sy weeklikse uitsending oor Radio Nederland Wereldomroep vanuit Hilversum.

In [Episode] VIII (Kannemeyer, 1993:77-83) skryf Kannemeyer oor Blum se verhouding met W.E.G. Louw en sy werk as bibliotekaris op Kroonstad, terwyl hy in [episode] IX (Kannemeyer, 1993:83-101) uitwei oor Blum se vriendskap met Ernst Lindenberg en Blum se siening van die werk van ander Afrikaanse skrywers, veral R.K. Belcher, W.E.G. Louw, D.J. Opperman, D.F Malherbe, Uys Krige, C.M. van den Heever, Elisabeth Eybers, Ernst van Heerden, I.D. du Plessis en selfs ‘n veel ouer skrywer soos Eugène N. Marais.

[Episode] X (Kannemeyer, 1993:101-110) handel oor die totstandkoming van Blum se tweede digbundel, *Enklaves van die lig*, en die polemieë wat die publikasie daarvan voorafgegaan het.

In [episode] XI (Kannemeyer, 1993:110-117) word daar stilgestaan by die ontvangs wat *Enklaves van die lig* geniet het, en Blum se reaksie daarop. Daar word veral indringend na Ernst Lindenberg en Rob Antonissen se besprekings in onderskeidelik *Die Huisgenoot* en *Standpunte* gekyk.

[Episode] XII (Kannemeyer, 1993:117-137) handel oor Blum se korrespondensie met Jan Rabie en Ernst Lindenberg, briefwisselings waarin hy hom weer eens oor ander digters en sy siening van hul werk uitlaat. Twee ouer figure na wie se werk veral gekyk word, is Eugène N. Marais en Totius. Blum se kritiek teen Jan Rabie se *Ons, die afgod* bly ook nie uit nie. Daar word voorts na Blum se verdere verblyf op Kroonstad gekyk en gewag gemaak van ‘n roman oor jong Suid-Afrikaners in Parys waarvoor Blum idees bymekaar gemaak het en waarin baie van sy kennisse as karakters sou figureer. Verder word daar vertel van Blum se verhuising na Kaapstad en die feit dat hy in daardie stadium heimlik gehoop het om met die Hertzogprys bekroon te word.

Die belangrike [episode] XIII (Kannemeyer, 1993:137-152) handel aanvanklik oor Blum se kortstondige, laaste verblyf in Kaapstad, waarna die fokus op sy en Henrietta se vertrek op 18 Mei 1960 na Londen val. Omdat daar haas geen besonderhede oor die Blums se doen en late in Londen bekend

is nie, moes Kannemeyer hier noodgedwonge op dokumentasie, veral in die vorm van korrespondensie, steun. Etlke briewe van uitgewers aan Blum, en sy antwoorde daarop, hoofsaaklik oor die regte op sy verse wat hy “jaloers bewaak het” (Kannemeyer, 1993:137), word hier aangewend om iets van Blum se lewe en sienings te rekonstrueer. Daarbenewens maak Kannemeyer ook gebruik van enkele briewe tussen Blum en Lindenberg, meestal oor literêre aangeleenthede. Dit blyk voorts (Kannemeyer, 1993:145) dat Barend J. Toerien die enigste Suid-Afrikaner was teenoor wie Blum in die eerste helfte van die sestigerjare nog ‘n mate van toegeneentheid openbaar het. Aan hóm skryf hy dan ook op 23 Oktober 1963 dat sy hele lewe in Suid-Afrika “‘n [k]warteeu se tydsverkwisting” was. Sy eie opvatting “pas ook ewemin by die ‘liberale’ skema in as by die ‘nasionale’, want ek koester geen illusies omtrent die mensliewendheid van die kaffers [...] en ander heidense rasse nie. Wat my betref kan hulle mekaar daar opvreet: ek sal vir albei kante ‘n pot mosterd elk stuur” (*ibid.*).

Die vraag by almal wat belang gehad het by die Afrikaanse letterkunde, skryf Kannemeyer (*ibid.*), was egter of Blum nog steeds skryf en wat presies hy in Londen doen. “In ‘n brief aan Toerien op 13 Augustus 1963 sê hy dat hy nie meer dig nie: ‘niemand is ‘n digter na 35 nie, en ek is reeds 38’. Buitendien sal hy nie in Afrikaans dig indien hy dit wel sou doen nie - by gebrek aan ‘n publiek. ‘Daar was wel ‘n tydperk toe “die volk” ‘n behoefte aan nasionaalpateties-bybelistiese rympies gehad het, maar dit was die tyd toe hy ‘n sekere minderwaardigheidskompleks gehad het en dus ‘n behoefte aan “kultuur” om vir homself (en ander) te bewys dat hy ‘n gelykwaardige Europese volk is, maar die tyd is verby. Nou is “die volk” egter reeds jare aan bewind, maak geld, bak wette soos broodjies, gee nuwe seëls en muntstukke uit, en het dus geen behoefte aan “kultuur” nie.’ Hy vind Europa deesdae ‘n aangenamer plek as Afrika en het heelwat in Brittanje, Ierland, Nederland, Duitsland en Portugal rondgereis. Hy hoop Toerien is gelukkig in sy werk as bibliotekaris. ‘Vir my’, sê hy, ‘het bib-werk hoofsaaklik kaartjies-tik en kiste rondry beteken, en ek is bly dat ek daardie beroep agter die rug het’ [...] Wat hy egter in Engeland doen en wat sy planne is, so sê hy in ‘n brief van 6 Desember 1963, ‘is ek op die oomblik nie gewillig om te verstrek nie [...]’“

In dié tyd stuur Blum ook toenemend smeerkaartjies, waarvan hy sommige spesiaal laat druk het, aan mense in Suid-Afrika. D.J. Opperman ontvang van tyd tot tyd sulke kaartjies, onder meer ter sogenaamde herdenking van E.C. Pienaar, die “vader van die Afrikaanse bloemlesing” en “Tsafendasdag” op 6 September ter ere van die “Stopsitter van Verwoerd”.

“Die heldedaad van Demetrio,” skryf hy in ‘n kaartjie aan Opperman, “bewys dat S.A. na 1948 *eindelik* die Regte Tipe Immigrant gekry het.” Dié kaartjie is onderteken as “P. Bl. (Die Verkeerde Tipe)” (Kannemeyer, 1993:146).

Dat Blum deeglik op die hoogte van nuwe ontwikkelings op die gebied van die Afrikaanse letterkunde was, blyk uit 'n kaartjie van 10 Oktober 1968 aan Opperman waarin hy na laasgenoemde se *Voëlvry* verwys: "Hiermee het nog 'n volksdraak die Sangberg afgeseil!" En op 'n verdere ongedateerde kaartjie skryf hy aan Opperman: "Peter Blum VOTED again on 2.5.74! God save our Queen! God DAMN your President!" - 'n mededeling waaruit Kannemeyer aflei dat Blum intussen Britse burgerskap ontvang het (Kannemeyer, 1993:146-147).

Kannemeyer (1993:147) vra homself die vraag af: wat is die oorsprong van die onbeteuelde haat teen Afrikaans en Suid-Afrika wat uit hierdie kaartjies van Blum spreek?

'n Mededeling in 'n brief van Blum op 13 Augustus 1963 aan Barend Toerien gee, volgens Kannemeyer (*ibid.*) 'n aanduiding van die kern van die probleem: "'Die Afrikaner' ([...] 1% van Afrika se bevolking!) deel elke vierkantmyl met ander bevolkingselemente, wat toenemend verdring voel deur 'die' Afrikaner. 'Ons land' - dit was nie altyd ons s'n en sal nie altyd ons s'n bly nie; hy het reeds opgehou om myne te wees - eintlik reeds in 1948".

In die laaste gedeelte van dié episode bespreek Kannemeyer (1993:147-152) Blum se aansoek in 1948 om naturalisasie en dus burgerskap van die destydse Unie van Suid-Afrika, en die weiering daarvan. Daar word ook stilgestaan by Blum se tweede aansoek om naturalisasie aan die einde van die vyftigerjare van die vorige eeu. Hierdie aansoek het hy egter nooit formeel ingedien nie.

Die rede waarom Blum Suid-Afrika verlaat het, bevind Kannemeyer (1993:151-152), is vandag moeilik met alle sekerheid te agterhaal. "'n Onvergenoegdheid met die literêre 'establishment' het seker 'n rol gespeel, maar geen mens verlaat 'n land bloot oor so iets nie. Alhoewel Blum nooit by die Suid-Afrikaanse politiek betrokke was nie, kon die Sharpeville-onluste op 21 Maart 1960 en die aanslag op die lewe van premier H.F. Verwoerd op 9 April van dieselfde jaar wel 'n rol gespeel het. Gedagtig aan sy nomadiese Europese verlede, die opmars van die Nazi's in die dertigerjare en die gevaar wat dit vir die Blum-gesin met hulle Joodse herkoms ingehou het, was die moontlikheid van 'n ineenstorting van 'n ordelike maatskappy in Suid-Afrika en chaotiese toestande soos dié in Wes-Europa voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog iets wat Blum nie 'n tweede keer in sy lewe wou ervaar nie. Al hierdie faktore kon dus gesamentlik 'n rol gespeel het in sy uiteindelige besluit.

"Die weiering van Suid-Afrikaanse burgerskap en die probleme met sy tweede aansoek," bevind Kannemeyer (*ibid.*) verder, "is egter heel moontlik die belangrikste enkele rede waarom Blum sy rug op Suid-Afrika gekeer en die gehegtheid aan die 'vasteland waarop ons boer' in haat en verwerping oorgegaan het. Dit pas in by die soort reaksie wat sedert die mislukking van sy verhouding met Ina Rousseau kenmerkend van hom geword het en dit word ook bevestig uit die mededelings wat hy

van tyd tot tyd in die sestiger- en sewentigerjare aan W.E.G. Louw maak. By geleentheid stuur hy ‘n knipsel uit *Time Magazine* [...] waarin daar gepraat word van Slawomir Mrozek, ‘a Polish writer whose passport was cancelled when he condemned Poland’s role in the Soviet invasion of Czechoslovakia (and who) [...] now lives in Paris as a stateless person’. In handskrif voeg Blum hierby: ‘Nasty little nations lose their writers’. Op ‘n kaartjie [...] deel hy Louw mee dat hy [...] vir die Britse Arbeidersparty sal stem [...] Hy verkies om vir die Arbeiders te stem, ‘because that party is slightly more anti-Boer-regime than the Tories’. Hy voeg by: ‘Peter Blum will always vote and write against the Boer regime that denied him the chance to vote’, ‘n aanduiding van hoe bitter hy [...] oor die aangeleentheid gevoel het. Op ‘n kaartjie [...] skryf hy: ‘PETER BLUM VOTED in British Local Govt. elections, Thurs. 12th April, 1973. *How thrilling!*’ Op [...] laat hy [...] weet dat hy in die Britse algemene verkiesing gestem het - ‘NOBODY will nowadays do without the *vote*. Not even darkies and other “weird races”!’ En uit Parys laat hy [...] weet: ‘You won ten “Kaffir” wars, you shall lose the eleventh. And it started already. Hallelujah!’

“Iemand wat uit Blum se vertrek [...] bloot politieke oorwegings en ‘n reaksie op die apartheidsbeleid sien,” sluit Kannemeyer (*ibid.*) hierdie episode af, “[...] is kennelik nie op die hoogte van Blum se agtergrond, sy basies a-politieke ingesteldheid en die probleme wat hy as staatlose mens ondervind het nie.”

“Wat, is dan die uiteindelijke vraag, het geword van Peter Blum en hoe kon hy ‘n bestaan in Londen maak?” vra Kannemeyer dan aan die begin van [episode] XIV (Kannemeyer, 1993:152-157).

In hierdie kort episode behandel Kannemeyer vlugtig Blum se verblyf in Londen, sy beroerte en uiteindelijke dood. Oor sy verblyf self is nie veel bekend nie, en Kannemeyer verlaat hom op enkele gegewens oor die Blums se verblyfplekke, die plekke waar hy gewerk het en bure wat die Blums onthou. Blum se dood was skielik. Vroeg in Desember 1990 het hy ‘n beroerte gekry. Hy is in die West Middlesex Hospital opgeneem waar hy ‘n paar dae later, op 5 Desember 1990, oorlede is. Sy beroep word op die sterfbewys aangedui as “Clerk (Retired)” en die oorsaak van sy dood as “(a) Bronchopneumonia; (b) Dense cerebrovascular accident” (Kannemeyer, 1993:155).

Aan die einde van die “Narrasie”-gedeelte kom Kannemeyer (1993:155-156) tot die gevolgtrekking dat die laaste 30 jaar van Blum se lewe “‘n leë, sinnelose bestaan” was. “Die skeppende impuls wat juis in die ‘klein taal’ van die suiderland kon ontplooi, het opgehou om te bestaan of was nie sterk genoeg om in die wêreldtaal Engels vir hom ‘n pad oop te skryf nie. Uiteindelik was daar niks, of dan slegs die ‘via negativa’ wat hy in die ‘Drie uiterstes’-siklus in *Enklaves van die lig* [...] verwoord het: die ‘klaarkom met min woorde’ omdat daar geen ‘vertroues’ meer oor was nie, ‘n

lewe in ‘n ‘bevroe tyd’ met ‘n durende duisternis en ‘n onpeilbare dag waartydens die mens deur die ‘bewoespyn’ in die verskriklikste ellende gedompel word. Alles het ineengestort [...] Die ‘digterlike woestyndood’ wat Opperman [...] so insiggewend as die groot vrees van die skeppende kunstenaar beskryf, het in die Afrikaanse letterkunde nog nooit ‘n afskuweliker gestalte aangeneem as in die Peter Blum van 1960 tot en met sy dood nie. Die twee bundels poësie wat hy in Afrikaanse kon lewer, was slegs ‘n tunnel, ‘n ‘enklave van die lig’, ‘n ‘tydelike verdrywing van die newel/ wat weer kon toesak toe die beiaard faal’.”

Vir doeleindes van hierdie studie bly die vraag egter: hoe geslaag is *Wat het geword van Peter Blum?* as literêre biografie?

Uit die voorafgaande behoort dit reeds duidelik te blyk dat hierdie werk geen “biografie” in die ware sin van die woord is nie. Kannemeyer (1993:8) erken self dat daar te veel hiate is en dat “‘n volledige biografie” nie moontlik is nie. Gemeet aan die model wat Dresden (1956:7) en Rousseau (1977:14) voorhou, en wat die verhaal van ‘n menselewe behoef wat by die geboorte van die subjek begin en by sy dood eindig, kom hierdie lewensbeskrywing nie heeltemal die mas op nie. In die lig van die Boswelliaanse metodes, en in ‘n mate ook dié van Strachey, is daar net te veel tekortkominge. Kannemeyer het nie vir Blum persoonlik geken nie - nié dat dit noodwendig ‘n beswaar hoef te wees nie - en hy het waarskynlik ook nie gedurende Blum se lewe besonderhede oor sy subjek se lewe aangeteken nie. Nogtans het Kannemeyer daarin geslaag om die figuur van sy subjek vollediger gestalte te laat aanneem; of, soos Aucamp (1993:9) dit stel: “[Y] dat hy Blum so oortuigend laat herleef het; nie net as raaiselfiguur nie, maar ook as kultuurfenomeen. Nie net as Vyftiger nie, maar as ‘n digter vir alle seisoene.” Du Plooy (1994:10) se siening sluit hierby aan wanneer sy skryf: “Daar word ‘n beeld geteken van die Afrikaanse literêre wêreld in die vyftigerjare, gewis vanuit ‘n bepaalde hoek B die idiosinkratiese hoek van Blum B maar miskien juis so boeiend vanweë die ongewone en onafhanklike aard van Blum se opvattinge. Blum se sieninge van ander digters, van musiek, van Suid-Afrika, van vroue, die huwelik en die liefde kom telkens na vore uit die briewe en gesprekke.”

4.5.5 LANGENHOVEN: ‘n LEWE

J.C. Kannemeyer se volgende belangrike literêre biografie sou egter in die lewensbeskrywing van ‘n veel ouer skrywer as Opperman of Blum gestalte vind, naamlik dié van C.J. Langenhoven (1873-1932).

Langenhoven: 'n Lewe (1995) is by die verskyning daarvan die omvattendste biografie oor 'n Afrikaanse literêre figuur wat nog gepubliseer is. Dit beslaan saam met die voorwoord, bylaes en 19 foto's bykans 750 bladsye waarin indringend na Langenhoven en belangrike randfigure, soos Sarah Goldblatt, gekyk word.

Dié biografie bestaan uit 23 hoofstukke wat oor 'n pro-epiloog, vier dele en 'n epiloog versprei is, en die struktuur daarvan bied op sigself interessante en boeiende studiemateriaal, waaroor hieronder in meer besonderhede ingegaan sal word.

In die "Pro-epiloog" (Kannemeyer, 1995b:1-76), wat die eerste vier hoofstukke van die werk beslaan, maak Kannemeyer van 'n achronologiese aanbod gebruik en begin hy sy biografie met die dood van sy subjek op 15 Julie 1932. Hoofstukke II en III handel oor Sarah Goldblatt, Langenhoven se letterkundige administratise, se doen en late rondom dit wat Kannemeyer die "Langenhoven-industrie" noem en haar betrokkenheid by die Langenhoven-eeufeesjaar in 1973, wat Kannemeyer (1995b:48-65) as 'n "supersirkus" bestempel. Met die besonderhede oor Sarah Goldblatt se lewe en dood wat hier verskaf word, kan 'n mens sê dat Kannemeyer as 't ware 'n biografie binne 'n biografie geskryf het. In Hoofstuk IV besin Kannemeyer oor die problematiek van biografiese geskiedskrywing, en noem hy besondere probleme wat hy in die geval van die Langenhoven-biografie ervaar het. Veral Sarah Goldblatt se betrokkenheid by die "Langenhoven-industrie", en die talle probleme wat dit veroorsaak het, geniet aandag.

"Die groot probleem waarmee 'n biograaf van Langenhoven vandag te kampe het," skryf Kannemeyer (1995b:75-76), "is dat hy enersyds met 'n vertekende en eensydige beeld van die skrywer te make het, 'n beeld wat grotendeels oor 'n periode van meer as vier dekades deur Saartjie [Sarah Goldblatt] opgebou is ten einde haar geliefde 'Chief' op 'n voetstuk te plaas en aan hom 'n heroïese gestalte te gee. In dié proses het sy baie dinge verswyg en selfs nie geaarsel om sekere aangeleenthede opsetlik te verdraai nie. Andersyds het daar in die storieryke Klein Karoo allerlei staaltjies oor hom en sy herkoms in omloop gekom, [...] wat grotendeels op 'n mondelinge tradisie berus en vandag moeilik alles geverifieer kan word. Langenhoven self het nie juis hulp aan 'n toekomstige biograaf verskaf nie, want dikwels is sy boeke fiktiewe eskapades wat na werklike avonture klink. [...] Die probleem [...] is dus hoe om feit en fiksie van mekaar te skei. In dié verband is dit 'n gesonde wetenskaplike uitgangspunt om 'n verslag sover moontlik slegs op dokumente te baseer en mondelinge inligting slegs te betrek waar dit sonder enige sweem van twyfel - en dan liefste deur die verifiëring van verskeie persone - aangewend kan word. As gevolg van ontbrekende dokumente sal die ondersoeker van tyd tot tyd met vraagstukke te make hê waarvoor hy nooit 'n bevredigende

weten-skaplike oplossing sal kan vind nie [...]”

Deel I (“Aanvange (1873-1899)”) (Kannemeyer, 1995b:77-166) handel oor Langenhoven se herkoms, geboorte, jeug- en studiejare, en sy verlowing aan en huwelik met Magdalena van Velden.

In Deel II (“Die koerslose regsgeleerde (1899-1912)”) (Kannemeyer, 1995b:167-241) word Langenhoven se werk as prokureur op Oudtshoorn en sy loopbaan as sukkelende advokaat in Kaapstad bespreek. Sy toenemende gebruik van alkoholiese drank, en die misbruik daarvan, word onder die loep geneem en daar word ook gewag gemaak van ‘n dreigende egskeiding. Voorts word sy terug-keer na Oudtshoorn en sy herstel as prokureur op dié dorp bespreek. ‘n Aantal van die talle water-sake, waarvoor Langenhoven beroemd geword het, word behandel. Die aankoop van die Langenhovens se huis op Oudtshoorn, ”Arbeidsgenot”, en hul intrek daarin word in besonderhede beskryf. Langenhoven se vroegste skryfwerk, eers in Engels en later in Afrikaans, word bespreek en daar word op die ontwikkeling van ‘n sterk Afrikaanse taalbewussyn by Langenhoven gefokus.

Deel III (“Die energieke taalstryder (1912-1920)”) (Kannemeyer, 1995b:243-379) beskryf Langenhoven se werksaamhede as redakteur van *Het Zuid-Westen*, sy openlike propaganda vir Afrikaans, sy verhouding met en houding jeens genl. J.B.M. Hertzog en die einde van *Het Zuid-Westen*. Langenhoven se toetrede tot die politiek, die oprigting van die Nasionale Pers en die totstandkoming van *Die Burger*, en die rol wat hy by dié koerant gespeel het, word bespreek. Sy vestiging as Afrikaanse skrywer en sy stryd om Afrikaans as voertaal ingestel te kry, word ook in hierdie deel behandel. Verder word daar na die ontstaan van enkele van sy publikasies, onder meer “Die Stem van Suid-Afrika”, gekyk.

Deel IV (“Die dienswillige dienaar (1920-1932)”) (Kannemeyer, 1995b:381-672), wat die grootste gedeelte van die biografie beslaan, handel oor Langenhoven se verkiesing as Volksraadslid, sy parlementêre loopbaan, die verlies van sy setel en sy daaropvolgende verkiesing as senator. Daar word weer eens na sy verhouding met genl. Hertzog, en ook met genl. J.C. Smuts, gekyk. Langenhoven se reusebydrae tot die erkenning van Afrikaans as amptelike taal word ook indringend bespreek. In hierdie deel kyk Kannemeyer voorts na Langenhoven se skeppende werk, wat sedert 1910 hoofsaaklik in Afrikaans geskied. Langenhoven se vertaling van die Gesange uit Nederlands, en die polemiekie wat dit veroorsaak het, en van Edward FitzGerald se vertaling van Omar Khayyám se *Rubáiyát* word ook bespreek. Verder word die totstandkoming van sommige van Langenhoven se bekendste werke, waaronder *Sonde met die bure*, *Doppers en Filistyne*, *Loeloeraai*, *Die lig van verre dae*, *Brolloks en Bittergal*, *Geeste op aarde*, *Herrie op die óú tremspoor*, *Die laaste van die takhare*, *Mof en sy mense*, die rubriek *Aan stille waters*, *Donker spore*, *Die Krismiskinders*, *Die wagtende wê-*

reld, Die wandelende geraamte, Jantjie Muis en Jakob Slang, Die mantel van Elia en Skaduwees van Nasaret, uitvoerig bespreek. Kannemeyer bespreek verder Langenhoven se dikwels delikate verhouding met setters, korrigeerders en kritici, verslaggewers en [ander] beoordelaars, sy houding jeens die Akademie en Nederlands, sy verowering van die Hertzogprys in 1927, en sy afwysing daarvan, sy afkeer van Leipoldt en sy verhouding met ander literêre figure soos D.F. Malherbe, M.S.B. Kritzinger, P.C. Schoonees en F.C.L. Bosman. In die laaste gedeelte van Deel IV skryf Kannemeyer in die algemeen oor Langenhoven se vriende en troeteldiere, sy subjek se gesondheidsklagtes (dikwels oor hoofpyn en slaaploosheid; later ook artritis), sy kompulsiewe handeling wat ooreenkomste met lyers aan die sogenaamde Tourette-sindroom toon, sy drankmisbruik en dipsomanie en die verhouding tussen hom en Sarah Goldblatt.

In die kort “Epiloog” (Kannemeyer, 1995b:659-672), wat slegs twee hoofstukke beslaan, word die latere lotgevalle van die bejaarde Sarah Goldblatt, en dié van Langenhoven se dogter, Engela, beskryf.

Soos in die geval van die Opperman-biografie het Kannemeyer hom ook by geleentheid³⁷ oor die taak van die biografiese geskiedskrywer uitgelaat en oor sy werk aan Langenhoven se lewensbeskrywing besin.

Een van die opvallendste kenmerke van *Langenhoven: ‘n Lewe* is die ooreenkoms tussen die inleiding daarvan en dié van Peter Ackroyd se *Dickens*, ‘n biografie waarna Kannemeyer by dieselfde geleentheid verwys het.³⁸

“Charles Dickens was dead,” skryf Ackroyd (1990:xi). “He lay on a narrow green sofa - but there was room enough for him, so spare had he become in the dining room of Gad’s Hill Place. He had died in the house which he had first seen as a small boy and which his father had pointed out to him as a suitable object of his ambitions; so great was his father’s hold upon his life that, forty years later, he had bought it. Now he had gone. It was customary to close the blinds and curtains, thus enshrouding the corpse in darkness before its last journey to the tomb; but in the dining room of Gad’s Hill the curtains were pulled apart and on this June day the bright sunshine streamed in, glittering on the large mirrors around the room. The family beside him knew how he enjoyed the light, how he needed the light; and they understood, too, that none of the conventional sombreness of the late Victorian period - the year was 1870 - had ever touched him.”

“C.J. Langenhoven is op Vrydag, 15 Julie 1932, in sy slaapkamer op Arbeidsgenot, sy huis op Oudtshoorn, oorlede,” skryf Kannemeyer (1995b:3).

“Hy was toe pas vier dae tevore terug op Oudtshoorn na ‘n besoek aan Colesberg, waar hy

versoek is om in die belangrike en moeilike tussenverkiesing vir die Nasionale Party te help veg. Hy is op Donderdag, 30 Junie, per trein na Kaapstad ten einde ‘drie oorklimmings met lê en wag op alerhande plekke en onsekerhede van geriewe op die reis’ te vermy. In Kaapstad het hy by sy jare lange vriendin Sarah Goldblatt tuisgegaan, die ‘Sub’ soos hy haar in sy briewe genoem het. Sy was, met hom as die ‘Chief’, in die jare 1912-1914 sy assistent by die Oudtshoornse koerant *Het Zuid-Westen*. Daarna, nadat sy haar in Kaapstad gevestig en onderwys begin gee het, was sy sy groot steun by die versorging van sy manuskripte en sy bydraes tot *Die Burger* en *Die Huisgenoot*, en sy skakel by die Nasionale Pers. Op Sondagaand, 3 Julie, het hy na Colesberg vertrek en op Beaufort-Wes het sy dogter, Engela, en haar man, Niko Brümmer, hom op die stasie gaan groet. Hy het Engela ‘n bottel eau-de-cologne present gegee, en vir haar het hy toe ‘fris’ daar uitgesien.”

Dan gaan Kannemeyer in die volgende vier bladsye voort om Langenhoven se bewegings en ongesteldheid tot op 15 Julie te beskryf.

“Op Vrydagoggend, 15 Julie,” skryf Kannemeyer (1995b:7), “het VROUTJIE self vir hom ‘n koppie koffie kamer toe gedra - iets uitsonderliks, aangesien Langenhoven gewoonlik vroeg op was om self die koffie te maak. Hy het met sy hande op sy bors gedruk en gesê dit voel nes of daar iets is wat wil opkom. Hy het lomerig geraak en gevra hulle moet Polka uit die kamer neem; die hondjie hinder hom. Blykbaar het hy toe ingesluimer. Die huis is stil gehou om hom nie te steur nie.

“Om ongeveer tienuur het dr. Cloete weer kom kyk hoe dit met die pasiënt gaan. VROUTJIE het hom by die voordeur ontmoet en gesê dit lyk of Langenhoven slaap. Buite op die voorstoep het sy deur die luik van die slaapkamer geloer en gesien dat haar man sy asem hard intrek en dat dit lyk asof hy hik. VROUTJIE en die geneesheer het na die siekekamer gestorm, maar Langenhoven se asem was reeds uit. Dit was Vrydagmôre, 15 Julie 1932, tien minute oor tien.”

Ackroyd hou sy achronologiese aanbod nie vol nie, want ‘n paar bladsye verder, wanneer hy met die eerste hoofstuk van *Dickens* begin, is hy by die geboorte van sy subjek.

Kannemeyer voer hierdie achronologiese aanbod wel veel verder en hou 76 bladsye lank daarmee vol. In dié gedeelte betrek hy voorts vir Sarah Goldblatt en bespreek hy die rol wat sy sedert Langenhoven se dood, en veral rondom die “Langenhoven-industrie”, gespeel het.

Deur die achronologie deur te voer, sê Kannemeyer (1995c:8), het dit aan hom “‘n uitstekende oplossing [gebied] om Sarah Goldblatt se eindelose Langenhoven-industrie te akkommodeer en haar na afhandeling daarvan van die toneel te verwyder”. Hierdie tegniek is een van die vondste van die Langenhoven-biografie. Terselfdertyd het dit vir Kannemeyer “die geleentheid [geskep] om aan die slot van hierdie aanloop stil te staan by wat ek die ‘verswyging en die problematiek’ noem en sekere

probleemareas, in die besonder Langenhoven se drankgebruik en sy verhouding met Sarah, vir toekomstige aandag te suggereer, sonder om die geheim prys te gee of die verrassing in te boet. Daarmee word sekere dinge in die vooruitsig gestel wat later [...] vollediger uitgestippel sal word” (*ibid.*).

Die begrip “pro-epiloog” is die eerste keer deur Kannemeyer gebruik in sy doktorsale proefskeif³⁹ in ‘n bespreking van André P. Brink se *Lobola vir die lewe*,⁴⁰ ‘n roman wat ook met ‘n proloog begin wat in der waarheid ‘n epiloog is (Kannemeyer, 1965:150).

“Die ‘proloog’ is eintlik ‘n epiloog wat ‘n proloog is tot die eintlike vertelling - ‘n pro-epiloog dus!” skryf Kannemeyer (*ibid.*). ‘n Begrip wat hy reeds in 1964 gebruik het, het in 1994, 30 jaar later, “‘n nawerking” by Kannemeyer gehad (Kannemeyer, 1995c:8).

Terwyl hy besig was om aan die hoofstukke ná sy pro-epiloog te werk en die afhandeling van die lewe van sy subjek nader kom, skryf Kannemeyer (*ibid.*), “het ek my gekwel hoe ek Langenhoven ‘n tweede keer in my boek sou laat doodgaan. Maar die bekommernis was verniet. Toe ek by daardie gedeelte kom, was dit vir my of die boek homself skryf. Ek moes hom net help om elke stukkie gegewe op die juiste plek te plaas.”

Oor die struktuur van die eerste hoofstuk van hierdie biografie, veral met betrekking tot die oorbeklemtoning van Sarah Goldblatt se reaksie op haar ‘Chief’ se dood terwyl haas niks oor Vroutjie, soos Langenhoven sy vrou genoem het, se eie reaksie gesê word nie, het Kannemeyer hom pertinent uitgelaat (Kannemeyer, 1995c:8-10): “Dat Langenhoven se lewensdae en sy dood so uitvoerig in die eerste segment van hoofstuk I weergegee kon word, is te danke aan ‘n berig in *Die Burger* van 29 Julie 1932 wat duidelik gebaseer is op Vroutjie se mededelings en wat, so kort na haar man se dood, as gesaghebbend aanvaar kan word. As biograaf kon ek dus sterk steun op die gegewens in hierdie berig. Oor Vroutjie se eie reaksie op die dood bestaan daar egter geen enkele dokument waarop ek kon steun nie. En in ‘n biografie [...] kan die skrywer slegs iets meedeel as hy oor die nodige feitelike basis beskik. Wat Engela [wie se belewing van haar vader se dood in ‘n mate beskryf word] betref, kon ek steun op ‘n mededeling van haar seun Guillaume Brümmer. Toe die nuus van haar vader haar bereik, was Engela siek, maar sy wou onverwyld saam met haar man na Oudtshoorn gaan. In die stormnag het die motor se ligte gefaal en Niko Brümmer moes in die donker oor grondpaadjies aan-ry. Engela het die gevoel van haar vader se teenwoordigheid gehad toe die ligte onverklaarbaar ‘n oomblik lank aangaan, net betyds om hulle van ‘n gapende afgrond en ‘n bruisende stroom te red.

“Wat Sarah se reaksie betref, beskik die biograaf egter oor veel meer inligting. Haar ‘verwoesten-de smart’ toe sy kort na die ontvangs van Vroutjie se telegram by *Die Burger*-kantore

aankom, so sê Phil Weber in ‘n radiopraatjie wat in Langenhoven se eeufeesjaar uitgesaai is, was ontstellend om te aanskou. Weber het gereël dat Sarah saam met Recht Malan, wat die Nasionale Pers by die begrafnis sou verteenwoordig, in die motor na Oudtshoorn vertrek. Onderweg daarheen het Sarah egter só siek geword en begin opgooi dat Malan en Sarah Siebert, wat ook saam in die motor was, nie kans gesien het vir die verdere rit nie. Op advies van Sarah se suster, vir wie hulle van Caledon af gebel het, is hulle verder na Swellendam waar mev. Rothmann, die skryfster M.E.R., Sarah gekalmeer en versorg het. In haar outobiografiese *My beskeie deel*⁴¹ en in ‘n brief, gedateer 18 Julie 1932, wat later in ‘n *Kosbare erfenis*⁴² opgeneem is, vertel M.E.R. aan Anna Geyer die een en ander oor Sarah se toestand by haar aankoms. ‘n Beletselteken in die uitgawe het my egter laat vermoed dat ook die rit na Oudtshoorn die volgende dag ‘n soort nagmerrie moes gewees het, iets wat bevestig is toe ek die manuskrip van die brief by die M.E.R.-versameling op Potchefstroom opgespoor het” (*ibid.*).

Die verdere gedeelte van M.E.R. se brief⁴³ oor die ramspoedige reis lui soos volg: “Vandag het Recht en Sara Siebert met die terugreis ‘n paar uur oorgebly, S.S. het my toe alles vertel: die rit hiervandaan na O. moes ‘n soort nagmerrie gewees het. Ek was naer om dit te hoor, want Saartjie het mooi bedaar hier by my, het selfs ‘n paar uur geslaap en ek het gemeen die ergste was verby en dat sy goed sou hou tot op Oudtshoorn. Maar dit blyk dat sy baie histories geword het: arme S. Siebert het dit bitter gehad. Saartjie bring op en haar maag werk - en somar op die oop Karoo veld. S.S. sê party plekke moes sy somar haar jas oophou vir skerm vir haar. Recht het hom gaaf gedra: hoe die stomme meisiekind dit deurgemaak het weet ek nie, want die nag hier by my het sy nie kon slaap nie - ek bedoel S.S. Hoever Saartjie haarself kon gekeer het weet ek nie: ek dink heel wat, en ek sou streng opgetree het met haar as ek daar was. Ek vrees ek het min simpatie met histeria: dit is grotendeels ‘n abnormale verlange om aandag te geniet. Saartjie het ‘n verskriklike slag gekry: persoonlik verloor sy meer as enige mens omdat sy deur hom geleef het. Maar hierdie histeria is ‘n ander ding, en is lelik van haar. Maar dit is ‘n ou ding met haar. Ek voel ook soos jy dat Sara van my veel kan verlang en kry; ek dink ons as volk is haar meer skuldig as ons weet. Sy was ‘n behoefte van hom; had hy haar nie, dink ek nie hy sou soveel geskryf het. Sy politieke lewe, sy omgang met mense, daarmee had sy min of niks te doen nie, hoewel sy meen sy het. Maar ek dink sy het verder vir hom oneindig veel beteken: sy laaste brief aan haar is so mooi. As sy nou nie dit vir ons onmoontlik maak nie - en al doen sy dit ook - moet ons altyd tyd vir Saartjie hê. Nou, die tyd sal wel raad bring - arme ding, hoe moeilik sy my maak, ek het haar innig jammer. En dit behoort nie so nie. Sy behoort nie bejammerenswaardig te wees nie want meer as een van ons het sy die groot gees se

vriendskap geniet: met haar was hy algeheel homself. Sy het ‘n rykdom gehad - waarom is ‘n mens vir haar jammer, selfs nog altyd in sy leeftyd?” (Kannemeyer, 1995b:677).

“Die aandag wat daar met hierdie besonderhede aan Sarah se reaksie op Langenhoven se dood val,” skryf Kannemeyer (1995c:9-10), “word uit die aard van die saak deur die beskikbare dokumentasie ingegee. Struktureel is dit egter vir die biografie van die grootste belang dat Sarah as die groot rolspeler naas Langenhoven van die begin af die nodige prominensie kry. Dit is dus ‘n gelukkige toe-val dat die dokumentasie oor haar reaksie op die dood van Langenhoven veel vollediger as dié van VROUTJIE en ENGELA bewaar gebly het.”

Dit het Kannemeyer ook opgeval dat Sarah Goldblatt ‘n spesifieke gedig van Langenhoven, wat klaarblyklik vir haar van “spesiale waarde” was, op ‘n besondere plek bewaar het (Kannemeyer, 1995c:10). “Die uitvoerige briewe van Langenhoven aan haar het sy altyd in ‘n hoë hoededoos in haar slaapkamer gebêre, netjies chronologies gerangskik van die eerste brief van 1913 tot die laaste van 14 Julie 1932 - ‘n dag voor sy dood. Daarop volg die telegram van VROUTJIE met die mededeling van sy dood. Hierop volg in die handskrif van Langenhoven die manuskrip van ‘n gedig wat hy ‘Kuns en liefde’ noem. Dié gedig het op 19 Februarie 1923 in *Die Burger* verskyn, maar is nooit later deur hom in ‘n bundel opgeneem nie. Die ‘boodskap’ van die gedig sal vir die leser nie alleen ‘n onomstootlike aanduiding van die hegte vriendskap tussen die twee mense wees nie, maar ‘n feitlik eksplisiete aanduiding van Langenhoven se testamentêre aanwysing van Sarah as administratrise van sy letterkundige nalatenskap, die persoon aan wie hy niks anders kon gee nie as ‘n lewenslange ver-bintenis met sy boeke. In antwoord op die stem wat stil geword het, verseker die spreker, of eerder die spreekster - want ‘n mens voel dit is die agtergelate Sarah wat praat -, haarself met die volgende woorde:

“Maar hy was weg, was sonder afskeid weg
Gevoelloos, koud, die stilte ingegaan -
Nooit meer, nooit meer ‘n stem van hom vir my.
Maar dis tog syne, hierdie dooie boek!
‘n Dooie boek? Sy stem swyg ewig stil,
Maar in sy werke leef sy woorde voort,
Leef sy gevoel, gedagtes, hart en siel:
Ja, daarin leef sy liefde nog vir my.”

Die feit dat Sarah met die plasing van hierdie gedig in die versameling briewe van die andersins chronologiese rangskikking afwyk, voer Kannemeyer (*ibid.*) aan, is vir die noulettende leser ‘n aan-

duiding “dat hier meer in die spel is, al bly dit nog by blote suggestie en laat ek doelbewus na om in hierdie stadium enigiets van hul verhouding konkreet uit te spel. Met die aandag aan Sarah naas Langenhoven is die motore egter reeds in die eerste hoofstuk van die biografie aangeskakel! Tot hoofstuk XXI, wat ek met die titel ‘Touch Wood!’ aandui, sal hierdie motore aangeskakel bly en die spanning volgehou word. Vir die struktuur van die biografie is hierdie aandag aan Sarah en die suggestie van ‘n moontlike verhouding tussen haar en Langenhoven [...] dus van die grootste belang.”

Oor die keuse van ‘n bepaalde persoon as subjek vir ‘n biografie het verskeie moderne biograwe hulle reeds uitgelaat.

Catherine Peters, skryfster van onder meer *Thackeray’s Universe* (1987) en *The King of Inventors*: “*Life of Wilkie Collins* (1991), sê byvoorbeeld: “Literary biography is still an extended act of attention to one person, a canonization of a life-and-works, a privileging of one existence over others, and an assumption that the life and the writing are intimately bound up together. Writing a biography is, at times, as obsessional an activity as being in love; and like obsessional love it can distort one’s perceptions. The biographer, like any romantic novelist, believes in the importance of a central character and a strong and logically connected narrative which [...] proceeds from cradle to grave in an unbroken arc” (Peters, in Batchelor, 1995:44).

“Between the biographer and his subject,” skryf Edel (1957:7), “there is established from the outset a significant relationship [...] It is a relationship deeply intimate and highly subjective.”

André Maurois, wat onder meer biografieë oor Shelley (1923), Disraeli (1927), Byron (1930) en George Sand (1952) geskryf het, sê dat hy in Shelley ‘n spieël vir sy eie jeugdige emosies gevind het. “It seems to me indeed,” skryf hy, “that to tell the story of this life would be a way of liberating me from myself” (aangehaal in Edel, 1957:8).

“En in die loop van sy werk oor ‘n bepaalde subjek se lewensloop, so sal die meeste biograwe kan getuig,” skryf Kannemeyer (1995c:11), “breek daar ‘n moment aan dat sy navorsing ‘n versadi-gingspunt bereik en hy skielik met ‘n flitsende insig iets van die essensie en die innerlike beginsel van sy subjek begryp.”

In die geval van sy studie oor Langenhoven was Kannemeyer, soos jare gelede toe hy as kind Langenhoven se werk gelees en geniet het, by die herlees opnuut onder die indruk van talle aspekte van sy werk. “Daarnaas het die drif en die demoon wat hom gelei het om met ‘n haas bomenslike ywer die stryd vir Afrikaans te stry en die nodige leesstof vir sy verwaarloosde mense beskikbaar te stel, my gefassineer. Naas sy ongelooflike intellek en logiese vermoë is ek meegevoer deur sy geestigheid en die wyse waarop hy met woorde kon speel. En dat hy die enorme hoeveelheid werk

kon verrig terwyl hy ‘n hele lewe lank moes stry teen die euwel van drank, het my ‘n ontsettende deernis laat ontwikkel vir die ellende van sy menswees” (*ibid.*).

Hy het, kortom, ‘n “obsessie oor Langenhoven begin ontwikkel, sodat daar ‘n mate van vereenselwiging met my subjek by my begin intree het. In watter mate biografiese geskiedskrywing ‘n soort onderdrukte outobiografie word, is selfs vir die betrokke biograaf moeilik om met sekerheid vas te stel. Die obsessie lei die biograaf egter [...] op ‘n weg wat die skryf van ‘n biografie al hoe makliker maak” (*ibid.*).

Wanneer ‘n biograaf egter eers die dokumentasie gefynkam en ‘n bepaalde struktuur vasgelê het, skryf Kannemeyer (*ibid.*), “is die skryf van ‘n biografie een van die maklikste take onder die son. Jy skryf nie die boek self nie, jy begelei net die materiaal en dui die plek aan waar elke stukkie gegewe moet teregkom. [...] Met sy lewe het Langenhoven reeds al die intrige verskaf wat vir ‘n boeiende verhaal nodig was. My taak was alleen om dit uit die dokumente te lig en Langenhoven te volg soos sy spoor vir my die rigting aandui. In die laaste instansie was ek bloot die optekenaar ‘van ‘n verhaal wat reeds beskryf is.’“

Kannemeyer se keuse van Langenhoven as subjek vir sy biografie was nie sonder probleme nie. Langenhoven het hom in sy werk telkens uitgespreek teen biografiese geskiedskrywing. In sy outobiografiese *U dienswillige dienaar* skryf hy: “Van onjuisthede wat voor en teen my, en veral teen my, gesê is in my lewenstyd, toe ek nog daar was om een uit die honderd te weerspreek, het ek genoeg ondervinding gehad om nie hoopvol te wees omtrent die noukeurigheid van wat daar ná my dood sal wees nie. Maar met waarskuwing en al verwag ek nie dat ek selfs in die graf met rus gelaat sal word nie” (Langenhoven, 1973b:331). Só sterk het hy oor dié aangeleentheid gevoel dat hy as grafskrif sy eie vertaling van die slotstrofe van Thomas Gray se “Elegy Written in a Country Church-yard” gekies het:

“Soek nie om sy verdienstes na te gaan,

Sy swakhede te delf uit hierdie grot,

(Albei rus daar waar daar hoop met vrees bestaan)

Die boesem van sy Vader en sy God” (Langenhoven, 1973a:374).

Toe Kannemeyer by die aanvang van sy werk prof. Guillame Brümmer, kleinseun van Langenhoven en die administrateur van sy oupa se letterkundige nalatenskap, nader om ‘n biografie te onderneem, was sy aanvanklike onderhandelinge nie suksesvol nie. Prof. Brümmer was bewus van Langenhoven se afkeer van ‘n biografie en hy het hom gebonde gevoel aan Langenhoven se testamentêre bepaling dat “geen hulp of inligting” aan biograwe verskaf mag word nie en dat verlof tot

die publikasie van “privaat briewe [...] of uittreksels” daaruit “alleen onder buitengewone omstandig-hede” verleen sal word (Kannemeyer, 1995c:4).

“Eers in Oktober 1989, bykans twee jaar nadat ek met my navorsing begin het maar dit weer as gevolg van die weiering moes staak, het prof. Brümmer na verdere onderhandelinge en die besef dat die huidige posisie van Afrikaans in Suid-Afrika as ‘buitengewone omstandighede’ kwalifiseer, vir my toestemming tot insae in die dokumente verleen” (*ibid.*).

Hieroor skryf Brümmer (in Kannemeyer, 1995b:xiii): “Hoe sterk ook al my oupa se passie en argumente vir privaatheid was, sterker is tans die aanspraak van die geskiedenis. Derhalwe het ek besluit om toegang tot en publikasie van die stof onder my beheer te magtig vir die doel van hierdie boek, op ‘n klein deel na wat ek weerhou het omdat dit [...] nie die korpus sou benadeel nie. [...]

“Maar die tweede deel van die testamentêre bepaling is ‘n onvoorwaardelike verbod op hulp of inligting aan biograwe. Geld dit vir alle tye? Hoe kan ‘n mate van beheer oor die bronne uitgeoefen word sonder om hulp aan die biograaf te gee? Lees die verbod saam met my oupa se selfgekoose graf-skrif: [...]

“Biograwe sál verdienstes nagaan en swakhede delf, dit is hul werk. Hul werk kan ook uitsig gee op die vrees en die hoop wat verweef is met die materiaal en die toekoms van Afrikaans” (Brümmer, in Kannemeyer, 1995b:xiii-xiv).

Met Brümmer se verlof aan Kannemeyer en die versekering van volle toegang tot die Langenhoven-dokumentasie het die insluiting of weglating van gegewens uit private briewe dan Kannemeyer se “uitsluitlike morele verantwoordelikheid” geword (Kannemeyer, 1995c:5). “En ek het besluit om die geskiedenis van Langenhoven se drankgebruik en sy verhouding met Sarah Goldblatt volledig in my boek uit te spel. Dit is [...] by uitstek dié twee aangeleenthede waarvan die meeste potensiële lesers vaagweg iets weet en waaroor hulle meer feitlike inligting sou wil beskik. Daarby was dit my oortuiging dat ek met sulke inligting hoegenaamd nie afbreuk doen aan die status van die mens Langenhoven nie. As ‘n mens sy briewe aan Sarah Goldblatt lees en sien hoe hy feitlik sy hele volwasse lewe lank stry teen die euwel van drank, ontwikkel jy ‘n ontsettende deernis met die man en jy kry ‘n nog groter bewondering vir die groot werk wat hy as taalstryder en as skrywer ten spyte van hierdie belemmering in sy lewe kon uitrig” (*ibid.*).

Minstens een resesent, Roy Pheiffer, het gevoel dat hy die mededelings oor die verhouding tussen Langenhoven en Sarah liefs nie wil lees nie.⁴⁴

“Maar kan u u voorstel watter negatiewe reaksie daar op my boek sal kom indien ek binne die konteks van ‘n uitvoerige lewensbeskrywing hierdie kardinale aangeleentheid nie aan die orde stel

nie?” vra Kannemeyer (*ibid.*). “En die uiteinde van Sarah in haar finale waansin was nie ‘n blote stuk sensasionele uitflappering oor ‘n seniele ou vrou nie. Tydens sy lewe kon Langenhoven hom telkens losdrink van die drif en demoon wat sy missie as skrywer en taalstryder aangevuur het. Langenhoven se oorgawe aan sy missie het aanklank gevind by Sarah en die resultaat was ‘n ewe hartstogtelike oorgawe: die missie om Langenhoven se werk in haar taak as administratrisse van sy letterkundige nalatenskap te bevorder en steeds in die openbare oog te laat bly. Vir die grootste deel van haar lewe kon sy dié drif en demoon in haar kontroleer en betoel. Toe sy haar in die finale fase van haar lewe nie meer staande kon hou nie, het die innerlike waansin egter op die oppervlak verskyn.”

Vir sy boek, skryf Kannemeyer (*ibid.*), was die verslag oor Sarah Goldblatt se uiteinde ‘n strukturele noodsaak en die onafwendbare afwikkeling van die Langenhoven-verhaal. Daar was vir hom sowel iets poëties skoon as tragies onafwendbaar in. “En waar sulke boustof struktureel verantwoord word, vervaag of verdwyn die morele problematiek van die openbaarmaking vir die biograaf” (*ibid.*).

Die Langenhoven-dokumentasie, wat in die Stellenbosse Universiteitsbiblioteek gehuisves word, beslaan 14 meter rakruimte. Dit is geweldig omvangryk, en Kannemeyer (1995c:2) sê onder meer daaroor: “Ek het soms tydens die werk aan my biografie gevoel dat die enorme ballas materiaal wat ek van hoofstuk tot hoofstuk met my moes saamsleep terwyl ek terselfdertyd die strak lyn van ‘n leesbare verhaal moes handhaaf, die hele onderneming haglik en onuitvoerbaar maak. Ek het simpatie met Ann Thwaite [skryfster van, onder meer, *Edmund Gosse: A Literary Landscape* (1984)] wat halfpad deur die dokumente van [...] Gosse⁴⁵ gevoel het die ‘sheer amount of the material threatened to engulf me’.⁴⁶ [...]”

Die biografie is egter nie net die terrein van mense wat hulle “nog min of meer fatsoenlik gedra het nie”, skryf Kannemeyer (1995c:3) verder wanneer hy hom oor die probleme van ‘n biograaf uitlaat. “Die biografie is [...] ook die terrein van die skandaal en skaamtelose geskinder.” Hy wys ook daarop dat naas Boswell se *Life of Samuel Johnson*, wat tweehonderd jaar lank nooit uit druk was nie, die ander groot sukses storie op die gebied van die biografie Andrew Morton se *Diana: Her True Story* (1992) is, ‘n boek waarvan teen die begin van 1995 reeds meer as twee en ‘n half kopieë wêreldwyd verkoop is⁴⁷ (*ibid.*).

Waarom is hierdie buitengewone gewildheid dan toe te skryf?

Waarskynlik, soos Holmes (in Batchelor, 1995:16) dit stel, aan die besondere beeld van “domestic suspicion and jealousy” waarmee die leser gekonfronteer word. “Diana,” haal Holmes (*ibid.*) uit Morton se biografie aan, “has long been concerned about the influence of the Highgrove Set on her

husband. When she is at their Gloucestershire retreat she routinely presses the ‘last number redial’ button on his portable telephone. Invariably she is connected to Middlewich House, the Parker-Bowles’s Wiltshire home.”

“In die plek van Boswell se minutieuse aantekeninge en sy onderhoude met Johnson se vriende,” skryf Kannemeyer (1995c:3), “beskik die skrywer nou oor ‘n ander tipe inligting wat nog regstreeks en dieper in die private lewe van die rolspelers kan indring. Uit die getuienis van informante wat persoonlike telefoongesprekke op kasset opneem, kan hy nou ‘n betreklik eksakte weergawe van allerlei intimiteite vir sy lewe opbou, ‘n procédé wat aan hedendaagse skandaal-biografie op die vlak van die poniepers ‘n nuwe lewensmomentum gegee het.”

Holmes (in Batchelor, 1995:16) stel dit soos volg: “[...] the mobile telephone has given scandal-biography its most powerful relaunch in history.”

Voorts skryf Holmes (*ibid.*): “The biography that Andrew Morton writes is influenced less by John Milton than by Barbara Cartland. But the tradition of gossip, of aristocratic scandal, of piquant anecdote, also runs deep in the form and arguably goes back to John Aubrey’s *Brief Lives*. It is useless to pretend it does not exist. Morton has been much mocked, both for his success and for his novelettish style. But consider the skill - which includes the circumvention of libel - with which he presents his peculiarly modern image of domestic suspicion and jealousy.”

In die geval van Langenhoven, skryf Kannemeyer (1995c:3), “[is] die moderne telefoon [...] baie ver verwyderd van Langenhoven wat nie eens die outydse slingertelefoon in sy huis wou duld nie. Die etiese problematiek wat daar met navorsing na die intieme private lewe van iemand by ‘n ondersoeker ontstaan, bly egter in alle eeue presies dieselfde. ‘n Mens moet onthou dat jy in ‘n biografie nie met fiktiewe karakters - William Golding se “paper men” of Mieke Bal se ‘mensen van papier’ - te make het nie, maar met mense wat werklik in die tyd bestaan het. Soms, soos in *Die swerffare van Poppie Nongena*⁴⁸ van Elsa Joubert, benader die roman die werklikheid in so ‘n mate dat dit as ‘n vorm van ‘faction’ baie naby kom aan die biografie wat feitelike waarheid nastreef. Die romanskrywer doen dit egter nog steeds op die wyse van die roman en sy einddoel is ‘fictionality’ Die biograaf, daarenteen, is soos Desmond MacCarthy dit [...] gestel het, ‘an artist upon oath’.⁴⁹ Kragtens sy hele instelling wil hy feite boekstaaf en voortdurend na die werklikheid appelleer. Terwyl ‘n mens die roman in sy oorspronklike verskyning in die agtiende eeu met die private studeerkamer, die woonkamer, die boudoir en die klein huisbiblioteek assosieer, het die kuns van die biograaf deur sy spraakzaamheid en voorliefde vir anekdotes en storiëtjies iets van die koffiehuis en die kantien. Daar is beslis iets skellerigs in die aanslag van baie biograwe.”

Daardie skellerigheid en feitelike waarheid waaraan hy gebonde is, skryf Kannemeyer, 1995c:3-4), “skep telkens vir die moderne biograaf ‘n morele probleem. Die agtiende- en negtiende-eeuse skrywers van lewensgeskiedenis het meestal net op die morele statuur gekonsentreer en ‘n monument vir hul subjekte opgebou, terwyl die twintigste-eeuse skrywers eerder alle aspekte van die subjek se lewe probeer onthul en teenoor die hagiografiese verering van vroeër hul subjekte soms tot gevallestudies reduseer.”

Kannemeyer glo dat Humphrey Carpenter se uitspraak in dié verband oordrewe is. “[...] it seems to me that biographies are likely to be either acts of worship or acts of destruction,” skryf Carpenter (in Batchelor, 1995:267). Vir Kannemeyer (1995c:4) dui die “acts of worship” en die “acts of destruction” nogtans die twee pole aan waartussen ‘n hedendaagse biograaf “‘n bevredigende balans” moet vind “om die eksesses van die hagiografiese instink en die psigoanalise te temper”.

“Gaan hy te ver in die rigting van die uitpluising,” skryf Kannemeyer (*ibid.*), “kom die biograaf te staan voor materiaal wat in so ‘n mate met die streng private lewe van die subjek te make het dat dit die vraag laat ontstaan of hy die morele reg het om dit openbaar te maak. Die vraag by die skryf van my biografie oor Langenhoven was vir my hoe ver ek presies kon gaan met my mededelings oor die intieme lewe van Langenhoven en sy vriendin Sarah Goldblatt. Moes ek dinge soos Langenhoven se drankgebruik en sy verhouding met Sarah volkome verswyg?”

Tussen die twee pole wat Carpenter (in Batchelor, 1995:267) aangedui het - die sogenaamde “acts of worship” en die “acts of destruction” - het Kannemeyer voortdurend op dié gevaarlike terrein beweeg. En “the best ones [biografieë]”, het Carpenter (*ibid.*) geskryf, “have elements of both”.

In hoe ‘n mate Kannemeyer se biografie oor Langenhoven aan hierdie kriterium voldoen het, sou weldra deur verskeie kritici uitgewys word.

I.L. de Villiers (1995:20) meen dat Kannemeyer daarin geslaag het om “dwarsdeur die wolk van wierook te sien wat Langenhoven mettertyd begin omgeef het [Y] maar ook om die méns Langenhoven en sy verbluffende invloed op Afrikaans in realistiese perspektief te stel. Hy bewonder Langenhoven, maar hy aanbid hom nie. Hy is ‘n deernisvolle dissipel van ‘n groot meester, maar stel dié meester aan vandag se generasie sonder enige stralekrans bekend. Die biograaf bevestig die gesegde dat ‘genialiteit die oneindige vermoë is om moeite en nogmaals moeite te doen’. Die boek getuig van pynlike, deurtastende navorsing en die vasvat van ‘n figuur wat met sy vele fasette inderdaad sy biograaf ‘koggel’. In hierdie boek slaag Kannemeyer die toets van ‘n ware biograaf: in die 726 bladsye het hy inderdaad Langenhoven gewórd. [Y] in hierdie biografie ontpop Kannemeyer as ‘n bobaas-verteller. Hy besondig hom soms aan ‘n sekere gedrongenheid van styl [Y] Dit daar gelaat,

beskou ek *Langenhoven B 'n lewe* as die beste biografie wat nog in Afrikaans verskyn het, vergelykbaar met die veelgeroemde Engelse biografie van Jan Hendrik Hofmeyr deur Alan Paton, indien nie beter nie.”

Ook Madeleine van Biljon (1995:37) skroom nie om lakens uit te deel nie: “Onomwonde wil ek verklaar dat Kannemeyer se *Langenhoven* loshande die beste biografie is wat nog in Afrikaans verskyn het.” Eweneens oordeel Daniel Hugo (1995:10) gunstig oor dié biografie: “*Langenhoven B 'n Lewe* is ‘n haas onuitputlike boek. Na die lees van ‘n goeie biografie B en dié een is dit beslis B besef ‘n mens opnuut dat die lewe boeiender is as die letterkunde, al is die letterkunde in die beste gevalle B soos dié van CJL B duursamer. Met hierdie boek het Kannemeyer ook die uitsonderlike lewe van ‘n standhoudende skrywer verduursaam.”

J.C. Steyn (1995:6) oordeel soberder. “*Langenhoven B 'n lewe* is ‘n uitstekende werk wat ‘n magdom nuwe en interessante inligting oor dié bekende skrywer bevat. ‘n Biografie kan maklik omtaard tot hagiografie of *debunking*, maar Kannemeyer slaag daarin om Langenhoven voor te stel as mens B ‘n heel besondere mens weliswaar B sonder om hom te ontluister of as vlekkelose held op te hemel. Die twee sensitiefste sake in verband met Langenhoven word bevredigend gehanteer. Die eerste is sy verhouding met Sarah Goldblatt, die tweede is sy drinkprobleem.” Die logiese struktuur van die werk, skryf Steyn voorts, “is ‘n Langenhoven waardig, maar dié struktuur, met aparte hoofstukke oor Langenhoven as regsgeleerde, redakteur, skrywer, politikus en dergelike is nie bevorderlik vir ‘n chronologies geïntegreerde aanbieding nie.” Steyn verwys ook in sy bespreking na die historikus Jan Romein wat in sy werk *De biografie* opgemerk het dat “meer biografieën door te grote lengte dan door te grote beknoptheid gezondigd hebben”. “[Y] dis miskien die grootste sonde in Kannemeyer se werk” (*ibid.*).

In sy bespreking van *Langenhoven: 'n Lewe* verwys Bertie du Plessis (1995:6) na ‘n opmerking van Hermann Giliomee dat hy Kannemeyer se Opperman-biografie minder vind as byvoorbeeld Paton s’n oor Hofmeyr wat min of meer beskou word as die groot Suid-Afrikaanse werk op die gebied van lewensbeskrywing. Die rede wat Giliomee aanvoer is dat hy die soort konfrontasie tussen groot geeste mis, soos in die geval van Paton met Hofmeyr. “Oor die Opperman-biografie,” skryf Du Plessis (*ibid.*), “verskil ek steeds van Giliomee. Wat die Langenhoven-biografie betref, meen ek dat die geleentheid wel daar was om B indien nie ‘n konfrontasie van twee groot geeste nie B dan wel ‘n konfrontasie vanuit eie tyd en met die wysheid van agterna van verworwe insigte, die inherente patos van die Langenhoven-lewe te beskryf.” Ofskoon Du Plessis “oorstelp staan voor Kannemeyer se werkvermoë, sy noukeurigheid en ordende vermoë”, vind hy dat hy “nie heeltemal Kannemeyer

se entoesiastiese herwaardering van Langenhoven kan deel nie” (*ibid.*). Verder wag Du Plessis nog op “’n gelukkiger verbinding tussen literatuurwetenskaplike en romansier by Kannemeyer” (*ibid.*).

Roy Pheiffer (1995:34-36) verwys in sy bespreking na die verrigtinge in Langenhoven se eeu-feesjaar in 1973 en skryf dan: “Ná soveel verering en heroïsering van twintig jaar gelede deurbreek die biograaf nou in 1995 die glansende omhulsels om die ware mens na vore te laat kom. Gaan dit nie onvermydelik ‘n pynlike mate van debunking, ontluistering, demitologisering en demistifikasie meebring nie? Ja, dit gaan. En dit is miskien die hoofpunt in verband met hierdie boek. JCK bring C.J. Langenhoven te voorskyn as ‘n mens met ernstige swakhede, met name sy alkoholisme en sy patologiese hipersensitiwiteit vir selfs die geringste kritiek; maar aan die ander kant dokumenteer JCK ook sy fenomenale werkvermoë, sy skeppingsdrang en sy omvangryke, gevarieerde literêre produksie, benewens nog sy bedrywighede as politikus in die Provinsiale Raad, Senaat en binne die Nasionale Party” (Pheiffer, 1995:34).

Guillaum Marais (1995:7) verwys in sy resensie na ‘n uitspraak van Mick O’Connor in *Biography and the Art of Biography* (1991), wat lui dat ‘n lewensbeskrywing tot die verborge waarhede in die proefpersoon moet deurdring. Hy vestig die aandag ook op J.A. Garraty se waarskuwing in *The Nature of Biography* (1957) aan biograwe teen buitensporige lofprysing van hul subjekte, veral na aanleiding van Thomas Carlyle se striemende aanval op die Victoriaanse biograwe: “Hoe delikaat, hoe ordentlik is die Engelse biografie tog. Mag die soetsappigheid daarvan geseën word!” In die laaste plek verwys hy na Lytton Strachey (aangehaal in O’Connor, 1991:14) wat eens gesê het dat die biograaf oor die groot oseaan van gegewens sal uitroei en hier en daar ‘n emmertjie laat sak wat uit die verre dieptes die een of ander karakteristieke proefstuk na die daglig bring om met behoed-same nuuskierigheid nagespoor te word. Kannemeyer, skryf Marais (1995:7), het met sy Langenho-ven-biografie aan bogemelde eise voldoen “en ‘n biografie sonder weerga in Afrikaans [Y] geskryf.” Volgens Marais word niks verbloem nie en word “die groot vrae” oor Langenhoven se verhouding met Sarah Goldblatt afdoende beantwoord en word Langenhoven se drankprobleem uitvoerig en sonder doekies omdraai behandel.

4.5.6 LEIPOLDT: ‘n LEWENSVERHAAL

Vir sy derde omvattende biografie kies J.C. Kannemeyer C. Louis Leipoldt (1880-1947) as subjek.

Oor hierdie keuse sê Kannemeyer (1999a:11) die volgende: “Toe my werk aan my biografie oor C.J. Langenhoven einde April 1994 tot ‘n einde gekom het, het ek reeds geweet dat C. Louis Lei-

poldt my volgende groot projek sou wees. Op skool het ek die meeste van sy gedigte en kortverhale gelees, al kan ek my nie herinner dat ek in daardie stadium eksemplare van *Uit my Oosterse dagboek* of *Bushveld doctor* gesien het nie.”

Toe hy in 1960 ‘n honneursstudent by D.J. Opperman op Stellenbosch was, moes al die studente ‘n uitgebreide opstel na eie keuse skryf. “Waarskynlik het ek ‘n wenk van hom opgevolg en my in die boeiende variante in die opeenvolgende uitgawes van Leipoldt se digbundels verdiep. Hierdie opstel [...] was my eerste kennismaking met ‘n aspek van Leipoldt se werk waarvan ek in daardie stadium nie kennis gedra het nie en, heel onbewustelik, ‘n voorstudie tot my uitgawe van sy *Versamelde gedigte* twintig jaar later. Aan die einde van daardie uitgawe, wat by geleentheid van Leipoldt se eeufees in 1980 gepubliseer is, het ek in die verantwoording alle variante van die Leipoldt-tekste vir verdere navorsing gekatalogiseer. En sowat tien jaar later [1989 en 1990] kon ek in twee bundels⁵⁰ Leipoldt se kritiese opstelle en resensies versamel, voorafgegaan deur kort inleidings” (*ibid.*).

Volgens Kannemeyer was Leipoldt al die jare nooit heeltemal uit sy gedagtes nie, hoewel hy in sy jong dae nooit sou kon dink dat hy eendag ‘n biografie oor hom sou skryf nie. “Met die werk aan Langenhoven agter die rug het ek teruggedink aan die boeiende stof in die uitgebreide Leipoldt-versameling in die Jagger-biblioteek aan die Universiteit van Kaapstad wat ek tydens my samestelling van die *Versamelde gedigte* vlugtig kon verken. In Pretoria het ek destyds reeds by die RGN M.P.O. Burgers se uitgebreide aantekeninge geraadpleeg. Uit sy briewe in die laat jare veertig en vyftig blyk dat hy van plan was om ‘n biografie oor Leipoldt te skryf. Daartoe het Burgers nooit gekom nie, ondanks die feit dat hy met al sy sorgvuldige aantekeninge van onderhoude met mense wat Leipoldt intiem geken het, oor meer as genoeg materiaal beskik het. Ek vermoed - trouens, ek is feitlik seker - dat die slagskaduwee van N.P. van Wyk Louw se *Die “mens” agter die boek*, wat in die jare vyftig verskyn en ‘n geweldige invloed op ons literatuurbeskouing uitgeoefen het, op hom geval en hom van so ‘n plan laat afsien het. Die klimaat was destyds nie gunstig vir die skryf van so ‘n biografie nie. Die feit dat Burgers van sy boeiendste materiaal nooit benut het nie, maak egter sy versameling, wat vandag in die Staatsargief in Pretoria bewaar word, ‘n ryk bron vir navorsers” (*ibid.*).

Waar Kannemeyer in die geval van sy Langenhoven-biografie oor die nalatenskap van Sarah Goldblatt kon beskik wat elke enkele stukkie papier in verband met Langenhoven veilig bewaar het, was daar in die geval van Leipoldt vir Kannemeyer die dokumente van Olivier Burgers “wat met ewe veel ywer Leipoldt se tekste oorgeskryf en alle relevante besonderhede opgeteken het” (Kannemeyer, 1999c:xiv).

Die materiaal tot Kannemeyer se beskikking en die Leipoldt-figuur met “al sy veelkantighede en glibberigheid” was vir hom só boeiend dat hy finaal besluit het om ‘n biografie oor Leipoldt te skryf, “selfs al sal bepaalde fases en aspekte van sy lewe vir altyd newelagtig bly en sal ‘n ondersoeker, hoe naartig hy die dokumente ook al deurgaan, nie in staat wees om deur al die veelvuldige maskers van hierdie verwikkelde mens te dring nie” (Kannemeyer, 1999c:xiii).

Daarbenewens het Leipoldt se dokumente en mededelings oor homself ‘n probleem geskep wat Kannemeyer nie by Opperman en Langenhoven teengekom het nie. “Leipoldt is uiters onnoukeurig wanneer hy datums, name van mense en titels van boeke verskaf, en jy kan niks wat hy sê op sigwaarde aanvaar nie. Dit is nie ‘n geval dat hy doelbewus wou lieg of mislei nie, maar deel van ‘n ingeboude slordigheid wat kenmerkend van hom was. Baie navorsers wat nie met hierdie sy van Leipoldt rekening gehou het nie, het in die verlede op dwaalspore beland en lelik kleigetrapped. Hierdie traak-my-nie-agtigheid het tydens my ondersoek oneindige probleme geskep [...]” (*ibid.*).

By die aanvang van sy ondersoek was dit Kannemeyer se eerste taak om al Leipoldt se gepubliseerde skeppende werk weer met aandag te lees en die omvangryke materiaal by die Universiteit van Kaapstad van ‘n kant af deur te gaan. In vergelyking met die groot korpus Langenhoven-dokumente op Stellenbosch het die ewe omvangryke Leipoldt-versameling vir Kannemeyer enkele probleme opgelewer (Kannemeyer, 1999a:11).

Teenoor Langenhoven se netjiese handskrif is dié van Leipoldt, byvoorbeeld, dikwels moeilik ontsyferbaar. “Daarby handel baie van die briewe oor mediese aangeleenthede en was dit soms, behalwe dan as gevolg van my totale onkunde op dié vakgebied, vir my by gebrek aan afskrifte van Leipoldt se eie briewe onmoontlik om ‘n bepaalde brief van ‘n mediese vriend in ‘n konkrete raamwerk te plaas” (*ibid.*).

Die feit dat Leipoldt op soveel verskillende terreine werksaam was, en naas sy werk as medikus ook baie werk op die gebiede van die botanie en die kulinêre kuns gedoen het, “skep probleme vir ‘n biograaf met ‘n erg beperkte kennis op dié gebiede. Gelukkig kon ek met deskundiges soos prof. Kay de Villiers oor die geneeskunde skakel om my van dwaalspore weg te keer” (*ibid.*).

Naas die dokumente aan die Universiteit van Kaapstad en ander sentra, waaronder die Burgersversameling, het Kannemeyer die geleentheid gehad om met heelwat mense onderhoude oor Leipoldt te voer. Die belangrikste hiervan in Suid-Afrika was ‘n onderhoud met sy wetlik aangenome seun, Jeff Leipoldt, ‘n jaar voor sy dood, wat vir Kannemeyer waardevolle inligting kon gee (*ibid.*).

Omdat Leipoldt in sy vroeë jare ontsaglik baie joernalistieke werk vir buitelandse koerante ge-

doen het wat nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie, moes Kannemeyer na Londen reis om in die Colindale Newspaper Library Leipoldt se berigte oor die Anglo-Boereoorlog op te spoor en sy redaksionele werk op die gebied van die geneeskunde tydens sy jare as student by die Guy's Hospital na te gaan. Uit die berigte van die feesvierings in Londen ná die bekendmaking van die Vrede van Vereeniging kon Kannemeyer byvoorbeeld die groeiote van 'n gedig soos "Vrede-aand" agterhaal. Tydens sy besoek aan Brittanje het hy ook Berkhamsted besoek waar hy dr. Peter Shields, die ander bekende "grootmaakkind" van Leipoldt, ontmoet het. Naas verdere inligting oor sy pleegvader het dr. Shields ook drie notaboeke met Leipoldt se aantekeninge oor sy pasiënte tydens sy jare as pediater in Kaapstad aan hom oorhandig. "Dit was vir my interessant," skryf Kannemeyer, "om te wete te kom dat Leipoldt later bekende skrywers soos Elsa Joubert, Leon Rousseau en Ingrid Jonker onder sy pasiënte kon tel" (*ibid.*).

Van Londen is Kannemeyer na Amsterdam om Leipoldt se Nederlandse joernalistiek tydens die Anglo-Boereoorlog en daarna te verken (*ibid.*).

"Uit die feit dat Leipoldt se ouers sendelinge op Soematra was, dat hy met 'n drang na die Ooste' in sy ouerhuis grootgeword het, hy self dié eilandryk in 1912 besoek het en dat die Ooste 'n sterk neerslag in sy werk vind," skryf Kannemeyer (*ibid.*), "was dit vir my duidelik dat 'n besoek aan In-donesië vir 'n behoorlike biografie oor Leipoldt essensieel sou wees." Hierdie besoek het hy in Desember 1996 en Januarie 1997 onderneem.

Leipoldt: 'n Lewensverhaal is nie minder omvangryk nie as *Langenhoven: 'n Lewe*: saam met die voorwoord, bylaes en 83 foto's beslaan dit meer as 750 bladsye.

Dié biografie se 19 hoofstukke is oor vier dele en 'n epiloog versprei.

[Deel] I ("Worcester, Clanwilliam en Kaapstad (1880-1902)") (Kannemeyer, 1999c:1-150) handel oor Leipoldt se herkoms, geboorte, jeugjare op Clanwilliam, sy swak verhouding met sy moeder, die boeke en ander dinge wat hom as kind beïnvloed het, sy jeugdige belangstelling in kosmaak en die wetenskap, die skoolonderrig wat hy van sy vader ontvang het, sy kennismaking op Wuppertal met die botanikus Harry Bolus, sy vroegste skryfpogings, sy verhuising na Kaapstad ná die aflegging van sy matrikulasie-eksamen, sy deeltydse studie vir die Intermediêre B.A. aan die University of the Cape of Good Hope, sy aanstelling as verslaggewer op die redaksies van eers *De Kolonist* en later *The South African News*, Brittanje se oorlogsverklaring aan die Zuid-Afrikaansche Republiek en Leipoldt se reaksie daarop, sy benoeming as oorlogskorrespondent van die *Manchester Guardian*, 'n pro-Boer-koerant, en die *Daily Express*, die *Chicago Record*, die *Boston Post*, die Brusselse *Petit Bleu*, die Hamburgse *Neueste Nachrichten* en die Nederlandse *Het Nieuws van den*

Dag. Daar word ook gekyk na die invloed wat die euwels van krygswet, en die praktiese probleme wat dit vir die Ko-loniansers meegebring het, gehad het op Leipoldt se “Oom Gert vertel”, die groot monoloog van sy debuutbundel, *Oom Gert vertel en ander gedigte* (1911).

[Deel] II (“Londen (1902-1914)”) (Kannemeyer, 1999c:151-367) verhaal van Leipoldt se vertrek na Brittanje in 1902 en sy eerste paar maande in die buiteland voordat hy hom as student in die medisyne by Guy’s Hospital inskryf. Daar word verslag gedoen oor sy verdere joernalistieke bedrywighede, sy aanvanklike werk as medikus en latere mediese studies. Besonderhede word ook verskaf oor Leipoldt se belangstelling in die wyn- en kookkuns en sy ontmoeting en vriendskap met die Franse meestersjef Auguste Escoffier, die boeke⁵¹ wat hy gelees en wat hom beïnvloed het, die mense wat hy ontmoet het⁵² en sy studie van die lewe van die Engelse digter John Keats.⁵³ Voorts word daar gekyk na reise wat Leipoldt in dié jare in Brittanje en ander Europese lande onderneem het, en word daar vertel van die tydperk toe hy as mediese dokter op die jag van die Amerikaanse koerantmagnaat Joseph Pulitzer gewerk het, sy terugkeer na Londen en sy werk aldaar as medikus en skooldokter, ‘n belangstelling wat later opnuut in Suid-Afrika sou manifesteer. Die wording en ontstaan, en publikasie in 1911, van *Oom Gert vertel en ander gedigte* word saam met van Leipoldt se vroegste literêre en ander werk in oënskou geneem.⁵⁴ Daar word ook vertel van sy vriendskap met J.J. Smith, die latere taalkundige versorger van sy tekste. Deel II word afgesluit met ‘n hoofstuk oor Leipoldt se besoek in 1912 aan Nederlands-Oos-Indië. Daar word ook gekyk na die ontstaan van sommige gedigte en ander stukke wat later in *Uit drie wêrelddele* (1923) en *Uit my Oosterse dagboek* (1932) gepubliseer sou word.

In [Deel] III (“Transvaal (1914-1925)”) (Kannemeyer, 1999c:369-487) word Leipoldt se terugkeer na Suid-Afrika en sy aanstelling as skooldokter in Transvaal beskryf. Daar word vertel van sy Transvaalse ervarings, waarvan heelwat in sy *Bushveld Doctor* (1937) opgeteken is. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is Leipoldt deur die Transvaalse Onderwysdepartement na die Suid-Afrikaanse Leër gesekeundeer.⁵⁵ Sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlogspoging in die des-tydse Duitswes, sy waardering vir genl. Louis Botha en sy bedenkinge oor genl. J.C. Smuts word ook van nader bekyk. Die voortsetting van Leipoldt se werk as mediese skoolinspekteur ná sy ontslag uit die Leër en die aanstelling van mej. Frances Hassall en dr. Anne Cleaver as onderskeidelik skoolverpleegster en vroulike assistent vir Leipoldt word ook uitvoerig bespreek, terwyl daar voorts gekyk word na Leipoldt se rol by die daarstelling van ‘n mediese inspeksie van skole in Natal en Kaapland.

Die uitbreek van die Groot Griep-epidemie in 1918 het ook ‘n invloed op Leipoldt se werk

gehad, 'n gebeurtenis wat in 1931 in sy *Die donker huis* neerslag sou vind, en daar word in dié deel verslag gedoen oor sy diens as vrywillige mediese dokter vir die Departement van Openbare Gesondheid op plekke waar die nood dit vereis het. Leipoldt word hier ook as kindervriend geteken, terwyl sy verhouding, botsing en latere kwaai-vriendskap met Eugène N. Marais van nader belang word. Leipoldt se intense belangstelling in die welsyn van kinders vind ook neerslag in die talle artikels en boeke wat hy oor kindersiektes en die gesondheid van die skoolgaande jeug geskryf het. Gevolglik wei Kannemeyer deeglik hieroor uit. Verder word daar gekyk na die stories wat Leipoldt tydens skoolreise en jeugkampe aan kinders vertel het, stories waaruit Leipoldt se latere *Stories vir die kinders* (1922) en *Kampstories* (1924) ontstaan het.

Wanneer Leipoldt in 1914 na Suid-Afrika terugkeer, is daar 'n belangrike gebeurtenis in Kaapstad aan die gang wat later as 'n kerndatum in die stryd om die erkenning van Afrikaans as taal bekend sou staan. Op 23 April 1914 slaag C.J. Langenhoven daarin om 'n onbestrede mosie in die Kaapse Provinsiale Raad aanvaar te kry waardeur Afrikaans pleks van Nederlands vir Afrikaanssprekende kinders tot en met standerd vier as voertaal op skool gebruik word. Leipoldt se houding teen-oor die vroeë amptelike erkenning van Afrikaans word deur Kannemeyer in perspektief geplaas. Leipoldt se verhouding met sy mediese kollega A.G. Visser word ook bespreek. Verder word aandag gegee aan Leipoldt se gesindheid teenoor Gustav S. Preller, iemand wat hy mettertyd al hoe meer gewantrou het.

Die ontstaan en wording van Leipoldt se *Dingaansdag* (1920) en *Die heks* (1923) word vervolgens in hierdie deel bespreek, asook dié van *Uit drie wêrelddele* (1923) en *Uit my Oosterse dagboek* (1932).

Deel (III) word afgesluit met 'n hoofstuk oor *De Volkstem* en Leipoldt se vriendskap en samewerking met F. V. Engelenburg, redakteur van dié Transvaalse koerant. Daar word onder meer gekyk na sy rubriek *Diwigasies van Oom Gert*, 'n Transvaalse eweknie van C.J. Langenhoven se *Aan stille waters* wat in *Die Burger* verskyn het. Voorts leer ons Leipoldt in hierdie hoofstuk ook as kritikus en skrywer van literêre opstelle ken.⁵⁶

In Deel (IV) ("Terug in Kaapstad (1925-1947)") (Kannemeyer, 1999c:489-658) bevind Leipoldt hom weer in Kaapstad. In hierdie deel skryf Kannemeyer oor Leipoldt as pediater, "pedagoog" en redakteur van die *South African Medical Journal*, later bekend as die tweetalige *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde*. Sy verhouding met en dank van tydgenootlike skrywers⁵⁷ word van nader bekyk, terwyl Leipoldt se soms eienaardige en dikwels onbeskofte optrede teenoor ander mense ook aandag geniet. Sy houding teenoor vroue, spesifiek Dot van Zyl,⁵⁸ geniet aandag en daar word

bespiegel oor die vraag of Leipoldt werklik ‘n “vrouehater” was. Staaltjies oor Leipoldt se werk as pediater is volop en Kannemeyer verwys dan ook kortliks na insidente met bekendes of hul kinders wat in die een of ander stadium pasiënte van Leipoldt was.⁵⁹

Voorts word Leipoldt se skeppende werk in dié jare van nader betrag. Daar word stilgestaan by die skryf en verskyning van werke soos *Die donker huis* (1931), die bundel *Die rooi rotte en ander kortverhale* (1932), *Galgsalmander* (1932), *Die dwergvrou tjie* (1937), *Die laaste aand* (1930), *Afgode* (1931), *Die kwaksalwer* (1931), sy speurverhale *Die Moord op Muisenberg* (1932), *Die verbrande lyk* (1934) en *Die moord in die Bosveld* (1939), sy historiese studies *Die Groot Trek* (1938) en *Die Hugenate* (1939), sy biografie, in Engels, oor Jan van Riebeeck, *Jan van Riebeeck: A Biographical Study* (1936), sy kookboeke *Kos vir die kenner* (1933), wat feitlik onmiddellik na sy verskyning klassieke status in die Afrikaanse kulinêre literatuur verkry het, en *Polfyntjies vir die proe*, wat eers in 1963 deur Fred le Roux gebundel word, *Uit my Oosterse dagboek* (1932), *Bushveld Doctor* (1937), waarin hy plek-plek ‘n verwantskap met Herman Charles Bosman en Pauline Smith toon, sy bydrae vir *The Cambridge History of the British Empire*, deel VIII (1936), waarin sy politieke opvattinge en siening van die Afrikaanse kultuur duideliker blyk, *Die bergtragedie* (1932) en *Skoonheidstroos* (1932)⁶⁰.

In 1927 koop Leipoldt die huis “Arbury” in Kenilworth. Kannemeyer wy ‘n hele hoofstuk⁶¹ hieraan en verskaf ook meer besonderhede oor Leipoldt se “grootmaakkinders”.⁶² Kannemeyer bespiegel hier ook oor die rede waarom Leipoldt talle seuns grootgemaak het. “Was Leipoldt suiwer altruïsties geïnteresseerd in kinders of het hy behae daarin geskep om hulle naakte liggame te sien. Erger nog: Was daar sprake van homoseksuele verhoudings en het Leipoldt pedofiliese neigings gehad?” (Kannemeyer, 1999c:615). Die gevolgtrekking waartoe Kannemeyer (1999c:616) kom, is “dat daar ten minste ‘n homoërotiese element in sy samestelling was”, al bestaan daar “geen getuienis hoegenaamd dat hy ‘n praktiserende homososeksueel was nie” (Kannemeyer, 1999c:617).

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het ook ‘n invloed op Leipoldt se poësie en politieke denke gehad. In ‘n gedig wat hy op 21 Oktober 1939 in *Forum* publiseer, verwys hy na Hitler as ‘n “selfverhefde herder, held en heer / Van pure potklei” en praat hy van die Duitse leier se “troubreuk, valsheid en verraad”. Aan Jan Greshoff, die Nederlandse digter wat sedert 1939 in Kaapstad gewoon het, gee hy ‘n reeks van 16 verse waarin sy gevoelens oor die oorlog en sy verontwaardiging oor sommige Afrikaners se slap reaksie op die Duitse inval in Nederland tot uiting kom. Greshoff stuur die gedigte aan *De Stoep*, ‘n Nederlandse tydskrif in die destydse Batavia, wat dit in sy uitgawe van April 1944 publiseer. Op 24 Julie 1944 word dit in *De Volkstem* oorgedruk⁶³ (Kannemeyer, 1999c:

626-628). Op 14 Oktober 1943 skryf Leipoldt aan sy aangenome seun, Jeff, dat Suid-Afrika ná die oorlog geen rol in die wêreld sal speel nie, “for we are not fitted to be one of the Charter Nations. Bear in mind that seven eights of our population have no rights and no economic privileges, and that we are therefore no more democratic than any other Nazi country. I do know that very few South Africans can see further than their noses; they will not realise that colour bars and race and class distinctions are things of a bygone age and that the customs and the thoughts of the Voortrekkers (who were, after all, little better than the worst type of the population) are of a bygone age.” Die Unie van Suid-Afrika sal in internasionale sake ‘n “back seat” inneem, behalwe as die land sy siening ten opsigte van die kleurslagboom wysig. “My own view is that it will be absolutely useless, after this war, to even try and keep what remains of the colour bar; if the war has done anything it has abolished the silly distinction between coloured and white.” En ná die oorlog skryf hy op 15 Mei 1945 aan Jeff: “I imagine that we shall have to work overtime to prevent the OB’s and Broederbond folk getting power and landing us in the same mess in which the Huns have been landed by Hitler and co.” Die mening oor die uitwerking van die oorlog, die implikasies wat dit vir Suid-Afrika sal hê en die immoraliteit van segregasie spreek Leipoldt uit in 1943 nog voordat daar ‘n beslissende wending van die Geallieerdes in sig was. Dit is ‘n merkwaardige insig wat hy hier aan die vooraand van die apartheidsera openbaar (Kannemeyer, 1999c:629-630).

Die laaste gedeelte van [Deel] IV (Kannemeyer, 1999c:631-658) handel oor Leipoldt se laaste lewensjare, die verkoop van “Arbury”, sy laaste skryfwerk, siekte en afsterwe op 12 April 1947, die reaksie op sy dood, sy verassing en begrafnis in die Pakhuispas.

Kannemeyer sluit sy biografie oor Leipoldt af met ‘n kort epiloog (Kannemeyer, 1999c:659-667), waarin hy na sy subjek se letterkundige nalatenskap verwys en ‘n oorsig gee van werke oor en deur Leipoldt wat ná sy dood verskyn het.⁶⁴ In ‘n beknopte kritiese herwaardering van Leipoldt as digter kom Kannemeyer (1999c:667) tot die gevolgtrekking tot Leipoldt by uitstek dié digter van sy geslag was wat die geestelike horisonne van Afrikaners versit en nuwe wêrelde vir sy mense oopgemaak het.

Soos te wagte, was die ontvangs van *Leipoldt: ‘n Lewensverhaal* net so geesdriftig as Kannemeyer se biografieë oor Opperman en Langenhoven.

“Kannemeyer se Leipoldt-studie is ‘n wetenskaplike biografie wat getuig van deeglike navorsing,” bevind Van Coller (1999a:8). “Benewens uitvoerige verkenning van bronne, argivale navorsing en persoonlike onderhoude, het Kannemeyer self die spore van Leipoldt in die buiteland gevolg.” Van Coller wys daarop Kannemeyer hoofsaaklik tematies binne ‘n breë chronologie werk.

Die nadeel van so ‘n werkswyse is dat die biograaf telkens verval in herhaling, soms byna woordeliks. Dit werk uiters frustrerend op die leser en versteur die vlot gang van die vertelling (*ibid.*). Van Coller (*ibid.*) toon ook aan dat Kannemeyer gegewens verskaf wat ‘n belangrike nuwe perspektief op Leipoldt bring. Voorbeelde hiervan is dat Leipoldt nooit in Afrikaans geleef het nie, afkerig gestaan het van die rigting waarin Afrikanernasionalisme ontwikkel het, sterk krities gestaan het teenoor die Calvinistiese godsdiens, die toekoms van Afrikaans nie besonder positief gesien het nie en reeds vroeg gewaarsku het oor die uiteindelijke gevolge van die Suid-Afrika se rassepolitiek. ‘n Mens mag verskil van Kannemeyer se evaluering en kan ook wys op die opdiep van bekende gegewens, gaan Van Coller (*ibid.*) voort, maar “tog moet ‘n mens baie waardering hê vir die blootlegging van talle nuwe insigte en feite en veral die omvattende verband waarin dit hier gestel word.” Van Coller (*ibid.*) beskou Kannemeyer as ‘n gedugte letterkundige wat hom tot tekste self wend en dit op verhelderende wyse ontleed of toelig. Verder is Kannemeyer “die egte biograaf wat sy bes doen om sy subjek nie net te beskryf nie, maar ook te begryp. Op talle plekke [...] probeer Kannemeyer om Leipoldt se lewensloop of sy werk terug te herlei na aspekte van sy jeug. Dikwels kan ‘n mens daarmee akkoord gaan [...]; soms word interpretasies egter blote spekulasie [...]” (*ibid.*).

Van Coller wys ook op ‘n interessante verskil ten opsigte van die benadering van Kannemeyer en dié van J.C. Steyn in sy biografie oor N.P. van Wyk Louw.⁶⁵

“In J.C. Steyn se biografie *N.P. van Wyk Louw: ‘n Lewensbeskrywing* [*sic!*] gaan Steyn nogal ver om sy eie sienings van sy subjek te verhul. Wanneer té intieme aspekte blootgelê moet word, geskied dit soms met ‘n ongemaklikheid aan die kant van die biograaf. Kannemeyer daarenteen is die egte snuffelaar wat by wyse van spreke graag die reuk in Leipoldt se kombuis opsnuuwe” (*ibid.*).

Wat in die Leipoldt-biografie uit die verf kom, bevind Van Coller (*ibid.*) “is ‘n komplekse, teenstrydige maar fassinerende persoonlikheid. Duitse werklus, deeglikheid en selfs oorredingswyse as variant van sy ouers se missionêre ingesteldheid, is net so deel van Leipoldt as ‘n Franse bonhomie en Mediterreense gemaksug en lewensgenieting. Leipoldt word [...] geteken as die argetipiese kosmopoliet wat nooit ingeperk kan word in die keurslyf van ‘n bepaalde nasionalisme nie; iemand wat Engels kon hanteer met gemak en tog sy diepste gevoelens oor sy land en sy mense dikwels slegs in Afrikaans kon verwoord. [...] Kannemeyer se studie is ‘n monumentale werk oor ‘n Suid-Afrikaanse geleerde wat ook die Afrikaans[e] taal- en letterkunde op besondere wyse verryk het.”

Grové (1999:18) wys daarop dat daar ‘n uitgebreide literatuur oor Leipoldt se lewe en werk bestaan. Van ons skerpste kritici en literêre denkers het insiggewend oor Leipoldt se werk geskryf. Bio-grafies gesien is dit ook belangrik dat Leipoldt self baie oor sy belangstellingsvelde geskryf het

en as ‘t ware oor sy aktiwiteite verslag gedoen het. Sy kennis van en belangstelling in die Ooste blyk duidelik uit sy *Uit my Oosterse dagboek*, terwyl van sy ervarings en waarnemings as mediese skool-inspekteur in *Bushveld Doctor* bespreek word. Daarbenewens is daar die briewe wat Leipoldt aan dr. Bolus gerig en die outobiografiese artikels wat hy vir *Die Huisgenoot* geskryf het, wat heelwat lig op sy denke en houding werp. Vir ‘n biograaf is daar dus “‘n myn van inligting” beskikbaar. “En Kannemeyer het dan ook [...] swaar op van die bronne gesteun en uit van hulle lang illustratiewe aanhalings getrek.”

Grové (*ibid.*) suggereer hiermee nie dat Kannemeyer kompatories te werk gegaan het nie. “Naas die genoemde publikasies het hy ook met talle minder bekende bronne rekening gehou: artikels, op-stelle, onderhoude. [...] Die uitkoms is ‘n goed gedokumenteerde lewensverhaal wat duidelik ‘n eie stempel dra en van ‘n wye belesenheid en harde werk getuig.”

Wat verder vir Grové (*ibid.*) van belang is, is die feit dat daar in die biografie belangrike diskussiepunte na vore kom, onder meer die vraag of dit hoegenaamd sin het om Totius, Celliers en Leipoldt as ‘n “driemanskap” saam te groepeer, of, en in hoeverre, Leipoldt se oorlogspoësie as “nasionaal” van karakter bestempel kan word en of daar van ‘n politieke wending by Leipoldt sprake kan wees.

Venter (1999:6) sluit by Grové (1999:18) aan wanneer hy melding maak van die talle herhalings rondom die feite van Leipoldt se lewe. Volgens hom ontnem dit groot gedeeltes van Kannemeyer se Leipoldt-biografie aan nuutheidswaarde. Vir Venter (*ibid.*) is die volledigheid waarmee Kannemeyer werk egter “verbluffend”. Geen punt word onopgeklaar gelaat nie. “Die geheelindruk is dat die leser [...] ‘n biograaf het wat met voorbeeldige ywer en nougesetheid en met ‘n groot verantwoordilikhedsin sy stof hanteer. Die groot temas in Leipoldt se lewe en werk kom op ‘n boeiende wyse aan die bod: sy humanisme, sy sensitiwiteit vir tyd en plek, sy natuurgevoel, sy liefde vir die lewe.”

Vir Viljoen (1999:45) getuig Kannemeyer se Leipoldt-biografie van ‘n deurtastende kennis van alles wat Leipoldt geskryf het en die nougesette navorsing van haas elke beskikbare bron oor sy lewe. “Die resultaat van hierdie enorme ywer is ‘n werk wat vir enige student van die letterkunde en verdere navorsers ‘n onontbeerlike bron sal wees. Terselfdertyd is dit ‘n hoogs onderhoudende lewensverhaal wat deur sy billikheid en gebalanseerdheid selfs die ernstigste dweper [...] met Leipoldt tevrede sal stel.” ‘n Verdienste van hierdie biografie, skryf Viljoen (*ibid.*), is die wyse waarop Kannemeyer omstrede kwessies aanspreek. Hy besluit om hom as biograaf te laat lei deur die mededelings van mense wat Leipoldt geken het eerder as deur dié wat staatmaak op hoorsê. Een van die finale prestasies van hierdie biografie, meen Viljoen (*ibid.*), “is dat dit nie die enigma

rondom Leipoldt vernietig nie.”

Volgens Van Vuuren (1999:12) het *Leipoldt: 'n Lewensverhaal* nie die “narrative sweep” van Rousseau se *Die groot verlange* of die spanning van Kannemeyer se *Wat het geword van Peter Blum* nie. Dit bied ook nie die hegte verweefdheid tussen lewe en werk wat Kannemeyer se Opperman-biografie tipeer nie. “Maar wat ‘n mens bybly na die lees is indrukke van Leipoldt [...] as ‘n komplekse man met vele talente en verrassende fasette in sy persoonlikheid.” Van Vuuren (*ibid.*) wys daarop dat die stereotipiese opvatting van Leipoldt as “digter van liriese natuurgedigte, kok en koskenner [en] natuurliefhebber deur Kannemeyer deurbreek is met ‘n beskrywing van ‘n fassinerend-geskakeerde en kleurryke lewensverhaal, gevul met ‘n verskeidenheid aktiwiteite”.

Gray (1999:32) bestempel Kannemeyer se Leipoldt-biografie as “truly monumental”, “blessed” en “superb”, maar meen ook “that it suffers from that late 20th century prolixity called computer-bloat” en dat die teks met ‘n derde gesny kon gewees het. Gray (*ibid.*) suggereer ook dat Leipoldt nie net bloot homoëroties was nie, soos wat Kannemeyer beweer, maar dat sy verhouding met jong seuns inderdaad met homoseksualiteit verband gehou het.⁶⁶

Ten besluite kan daarop gewys word dat ‘n deeglike teoretiese kennis van literêre geskiedskrywing in die algemeen en biografiese geskiedskrywing in die besonder Kannemeyer se *Leipoldt: 'n Lewensverhaal* ten grondslag lê. Soos sy vorige biografieë getuig hierdie omvattende werk verder dat die biograaf, benewens hierdie hoedanighede, ook oor ‘n grondige en deurdagte kennis van die groot moderne biografieë van die afgelope eeu beskik. Aan die hand van Kannemeyer het Leipoldt se geleefde lewe ‘n geskryfde lewe geword. Wat dié biograaf gee, is ‘n (lewens)portret, veel méér as ‘n blote versameling van feite en, soos Dresden (1956:163) dit gestel het: “[...] een open structuur, een labyrintisch geheel, een beweeglijke stijl tot uitdrukking” wat tot stand gebring is.

In vele opsigte rond hierdie biografie Leipoldt se lewe af; in ander opsigte laat dit sekere aspekte van sy lewe oop vir vrae en bespiegeling. Daardeur word Leipoldt dikwels meer lewend en ontroerend voorgestel as wat sy eensame lewenswerklikheid reeds was.

4.6 DIE WERK VAN J.C. STEYN

J[acob] C[ornelius] Steyn (1938-), tans⁶⁷ spesiale professor in die taalkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, debuteer in 1975 met ‘n digbundel, *Die grammatika van liefhê*, waarvoor hy sowel die Eugène Marais- as Ingrid Jonkerprys ontvang. In 1976 verskyn sy kortverhaalbundel, *Op pad na die grens*, en in 1978 ‘n langer werk, *Dagboek van ‘n verraaiër*. Sy dokumenteroman, *Die*

verlore vader, verskyn in 1985. In verskillende artikels hou hy hom besig met die stand van Afrikaans en die oorlewingsmoontlikhede van die taal. 'n Hoogtepunt in dié rigting is sy omvattende werk *Tuiste in eie taal* (1980), waarvoor hy verskillende pryse, onder meer die Louis Luyt-prys (1980), ontvang. Sy belangrikste werk is ongetwyfeld sy tweedelige biografie oor N.P. van Wyk Louw, *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal*, wat in 1998 verskyn en waarvoor hy in 1999 die Recht Malan- en in 2001 die Stalsprys vir Geskiedskrywing ontvang. Met hierdie publikasie word hy, naas J.C. Kannemeyer, die belangrikste literêre biograaf in Afrikaans.

4.6.1 VAN WYK LOUW: 'n LEWENSVERHAAL

Dit word algemeen aanvaar dat N.P. van Wyk Louw een van die belangrikste literêre figure, indien nie die heel belangrikste nie, in Afrikaans is. Van Rensburg (1998a:4), byvoorbeeld, noem hom "Afrikaans se grootste skrywer". Daarom is dit enigsins verbasend dat 'n biografie oor Louw, wat tien jaar voor D.J. Opperman⁶⁸ gedebuteer het en reeds in 1970 oorlede is, eers in 1998 verskyn het. Die redes hiervoor val egter buite die bestek van hierdie studie. In die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu was dit veral J.C. Kannemeyer wat hom met die taak van biografiese geskiedskrywing besig gehou het. 'n Mens sou verwag het dat hy ook Louw se lewensverhaal moes skryf, maar dit het nie só gebeur nie. Eers teen die einde van die vorige eeu het dié mantel op die Vrystaatse taalwetenskaplike J.C. Steyn geval. Steyn, 'n gesoute navorser wat hom reeds bewys het met sy formidabele *Tuiste in eie taal*, het nie vir Louw persoonlik geken nie, maar het die samewerking van Louw se weduwee en insae in die nagelate korrespondensie en ander dokumente van Louw gehad. Uit hierdie navorsing het een van die mees uitsonderlike biografieë in Suid-Afrika tot stand gekom, 'n werk wat Alan Paton se groot biografie oor Hofmeyr en W.K. Hancock s'n oor Smuts na die kroon sou steek.

Hierdie werklik monumentale⁶⁹ biografie, in twee dele wat saam meer as 1 200 bladsye beslaan, is die produk van meer as vier jaar se intensiewe navorsing en skryfwerk, en is na my wete ook die eerste Suid-Afrikaanse biografie wat op 'n persoonlike rekenaar geskryf en per e-pos na die uitgewer versend is.⁷⁰

Deel I, wat 576 bladsye beslaan en 22 foto's bevat, dek, benewens Steyn se inleiding en enkele opmerkings oor sy bronverwysings (Steyn, 1998a:vii-xii), Louw se Kaapse jare. Deel II beslaan 656 bladsye en bevat 13 foto's en twee afdelings wat oor Louw se verblyf in Amsterdam en loopbaan in Johannesburg handel.

Anders as Kannemeyer het Steyn hom nie gereeld, en ook nie so uitvoerig nie, oor die taak van biografiese geskiedskrywing uitgelaat nie. Enkele opmerkings deur hom, waarby later stilgestaan sal word, is egter insiggewend.

Steyn se plan om 'n biografie oor N.P. van Wyk Louw te skryf, was nie sy eie idee nie, maar 'n voorstel, in 1993, van een van sy gewese professore, F.I.J. van Rensburg van Johannesburg. Van Rensburg, voorheen van die UOVS, het vroeër self by Louw klas gehad (Rautenbach, 1998:72; Britz, 1998:8; en Botha, 1998:3). “Eers was ek baie onwillig, veral omdat Van Wyk Louw so 'n groot figuur is, en van so iemand deins mens maar 'n bietjie terug. En dan ook, ek is nie 'n letterkundige nie, maar 'n taalkundige wat afgedwaal het na die kultuurgeskiedenis” (Rautenbach, 1998:72). Steyn is egter mettertyd deur Van Rensburg en ander oortuig. “Maar ek het teensinnig gebly en lank nadat ek eintlik al aan die gang was, het ek nog gehoop op 'n wonderwerk - 'n aanvaarbare verskoning wat my kon laat kop uittrek” (Botha, 1998:3). Op die ou end het Steyn sy navorsing begin deur alle tersaaklike inligting in te samel en bestaande boeke en artikels te lees. Hy het ook ongepubliseerde dokumente gelees en onderhoude met familie en vriende van Louw gevoer (Rautenbach, 1998:72).

Die vernaamste bronne vir die biografiese kroniek van N.P. van Wyk Louw is verskeie dokumenteversamelings in die J.S. Gericke-biblioteek in Stellenbosch, veral die N.P. van Wyk Louw-, W.E.G. Louw-, J. Du P. Scholtz-, Jan Greshoff- en D.J. Opperman-versamelings. Laasgenoemde vier bevat onder meer die briewe wat Louw aan dié vier mense geskryf het (Steyn, 1998a:vii).

Voorts was die herinneringe van Truida Louw, met wie hy verskeie onderhoude gevoer het, uiters waardevol vir Steyn. 'n Groot aantal onderhoude is verder in Suid-Afrika en Nederland gevoer met familieleden, veral Louw se kinders Reinet en Peter, vriende, oudkollegas en oudstudente van Louw. Verskeie persone het per brief inligting verstrek of mondelinge inligting verskaf. Peter Louw het Steyn toegelaat om sy biografiese aantekeninge oor sy vader te raadpleeg en daaruit aan te haal. Sheila Cussons het egter geweier om haar medewerking te verleen (*ibid.*).

Daarbenewens het Truida Louw verlof gegee dat 'n aantal dokumente wat ten tyde van Steyn se ondersoek nog nie algemeen toeganklik was nie, geraadpleeg kon word, en het ook 'n groot aantal ander briewe beskikbaar gestel. Daaronder is briewe wat Louw aan Truida geskryf het terwyl hulle as gevolg van werk of vakansies van mekaar weg was (*ibid.*).

Belangrike materiaal oor Louw se vriendskap met Jan Greshoff en die kulturele lewe in die Kaap in die veertigerjare van die vorige eeu is deur Steyn gevind in Jan Greshoff se uitvoerige dagboek wat bewaar word in die Nederlands Letterkundige Museum en Documentatiecentrum in Den Haag.

Van dr. Sief Veltkamp-Visser van die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging in Amsterdam het Steyn dokumente in verband met Louw se besoek aan Nederland in 1948 en 1949 ontvang (*ibid.*).

Inligting waarvan Steyn nie bewus was nie, is ook deur dr. J.C. Kannemeyer van Stellenbosch en Johann Lodewyk Marais, indertyd verbonde aan die RGN in Pretoria, onder Steyn se aandag gebring (*ibid.*).

Onder die reeds gepubliseerde werke is daar veral drie wat waardevol vir Steyn was. Die eerste is Opperman se *Digters van Dertig*. Die materiaal daarin kon aangevul word met Opperman se aante-keninge van sy gesprekke met Louw, asook met 'n curriculum vitae, met die gegewens jaartalgewys gerangskik, wat Louw vir gebruik deur Opperman opgestel het. Die tweede werk is *Die wêreld van die digter* van Karel Schoeman, wat Steyn gebruik het vir die eerste hoofstuk oor Louw se jeug in Sutherland. Die derde boek is J.C. Kannemeyer se *Dokumente van Dertig*, wat volgens Steyn (1998a:vii-viii) veel méér verskaf het as dokumente van die dertigerjare van die vorige eeu - ook briewe van en aan Louw in die dekades veertig, vyftig en sestig van die vorige eeu is daarin opge-neem. In 'n paar gevalle was dit nodig om briewe wat reeds in *Dokumente van Dertig* verskyn het, weer taamlik uitvoerig aan te haal omdat hulle so 'n integrale deel van die lewensverhaal van die digter uitmaak (Steyn, 1998a:viii). Die gedig "Naggespreek" in die bundel *Naggespreek en ander gedigte* van W.E.G. Louw was ook van groot waarde vir Steyn (*ibid.*).

Daarbenewens het Steyn onmisbare inligting oor die digter en sy werk in verskeie ander Van Wyk Louw-studies, proefskrifte, verhandelings en artikels in vaktydskrifte en koerante gekry (*ibid.*).

"Noodsaaklik vir 'n historiese studie van dié aard," skryf Steyn (*ibid.*), "is die koerante wat gegewens in verband met die kulturele en politieke konteks verskaf. Hier is veral gebruik gemaak van *Die Burger*, omdat dit die koerant was wat Louw nie alleen in die Kaap gelees het nie, maar ook in Amsterdam en Johannesburg. Bykomende koerantmateriaal is afkomstig uit Nederlandse koerante van die jare vyftig, veral *Het Parool*, *De Telegraaf*, *Trouw* en *Algemeen Handelsblad*, en Transvaalse koerante van die jare sestig, veral *Die Transvaler* en *Die Vaderland*, vir bepaalde tydperke ook *The Star* en *The Rand Daily Mail*, asook die Sondagblaai *Dagbreek en Sondagnuus* en *Die Beeld*, waarvoor Louw heelwat artikels en briewe geskryf het. Onder die tydskrifte is veral *Die Huisgenoot* en *Standpunte* geraadpleeg, maar daarby die kinderblad *Die Jongspan*, waarvan Louw lank 'n mede-werker was" (*ibid.*).

Ander bronne waarvan Steyn gebruik gemaak het, is bewaar in verskeie biblioteke en navorsingsinstellings, asook 'n aantal mense wat almal in Steyn se bedankingswoord (Steyn, 1998a:ix-xiii) vermeld word.

Steyn se voltooide manuskrip is op 22 Oktober 1997 per e-pos na Hannes van Zyl, nuwe hoofbestuurder van Tafelberg-Uitgewers, gestuur. Dit is toe gekopieer en aan adviseurs gestuur. Elize Botha, F.I.J. van Rensburg, J.C. Kannemeyer, Koos Human, H.P. van Coller en P.A. Joubert het kundige verslae opgestel. Ook Louw se kinders Peter en Reinet het, met hul “eerstehandse kennis”, omvangryke en indringende kritiek gelewer (Botha, 1998:3).

Op grond van dié verslae het Steyn die teks ingrypend hersien en op 8 April 1998 weer per e-pos vir Tafelberg gestuur. Danie Botha van Tafelberg-uitgewers het as uitgewersredakteur aan dié projek gewerk. Teen 20 Julie 1998 het Malcolm Bates, ontwerper van die boek, en die pas aangestelde ontwerphoof by Tafelberg, Simon Ford, met Botha samesprekings oor die boekomslag gevoer. Daar is besluit op ‘n foto van Louw in die fleur van sy lewe, “toe hy daar in die jare dertig met soveel krag en helderte geskryf het.” Daar is ook besluit oor die kleure wat op die omslag gebruik sou word: blou, silwer en wit (*ibid.*).

Ses maande nadat Botha met die redigering begin het, was *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* in Oktober 1998 gereed om gedruk te word (*ibid.*).

Die eerste afdeling van die Van Wyk Louw-biografie, oor Louw se Kaapse jare, verskyn in Deel I en beslaan 13 hoofstukke.

Hoofstuk 1 (“Jeugjare op Sutherland (1906-1920)”) (Steyn, 1998a:3-29) handel oor Louw se herkoms, geboorte en kinder- en jeugjare op Sutherland. Daar word gekyk na die leefwyse en tradisies van die Louws. Louw se begeerte om “bowenal [...] gedigte te maak”, blyk reeds duidelik uit hierdie inleidende hoofstuk. Louw se eerste liefde, Ella Vlok wat in dieselfde straat as die Louws gebly en wie se pa ‘n winkeltjie by sy huis gehad het, word ook bygehaal.

Hoofstuk 2 (“Leerling en student in Kaapstad (1920-1926)”) (Steyn 1998a:30-61) handel oor Louw se verhuising, as 14-jarige seun, na Kaapstad en sy skool- en studentejare aldaar. Daar word ook gekyk na sy vader se politieke aspirasies, ander invloede wat ‘n invloed op Louw se latere denke en lewe gehad het, sy kennismaking met Joan Wessels, met wie hy later sou trou, en sy aanneming en voorstelling as lidmaat van die NG Kerk.

Hoofstuk 3 (“Eerste jare as opvoedkundige (1927-1930)”) (Steyn 1998a:62-85) verhaal van Louw se jaar as onderwyser op Steynsburg, sy verdere studie, in die opvoedkunde, aan die Universiteit van Kaapstad en sy beginjare as dosent aldaar.

Hoofstuk 4 (“Halfklaar werke en ‘n hafklaar lewe’ (1930-1933)”) (Steyn, 1998a:86-114) handel oor Louw se huwelik met Joan Wessels, sy ontmoeting met Markus Viljoen, indertyd nuusredakteur van *Die Burger* en later redakteur van *Die Huisgenoot*, sy vroegste digwerk en sy besondere vriend-

skap met sy broer Gladstone. Die ontwikkeling van Louw se nasionale gevoel, wat later sterk in sy werk na vore sou tree, sy belangstelling in die armblankevraagstuk, sy gevoel teenoor Duitsland in die vroeë dertigerjare van die vorige eeu en sy [blykbaar] kortstondige lidmaatskap van die Gryshemde, 'n nasionaal-sosialistiese beweging wat in Oktober 1933 in Kaapstad gestig is, word ook bespreek.

In Hoofstuk 5 (“Ellendige jare en ‘n sukses (1933-1935)”) kyk Steyn (1998a:115-150) onder meer na nuwe vriendskappe wat die Louws in Kaapstad gesluit het, veral dié met die familie Pohl. Die verskyning, in 1934, van W.E.G. Louw se *Die ryke dwaas*, 'n digbundel waarby N.P. van Wyk Louw nou betrokke was, en Louw se *Alleenspraak*, in 1935, en die ontvangs daarvan, word ook bespreek. Louw se houding teenoor die Afrikaner-Broederbond, 'n organisasie waarvan hy in 1934 lid geword het, en die Vrymesselaars, blyk ook uit dié hoofstuk. Daarbenewens word die stand van die Afrikaner se intellektuele lewe in dié jare, en Louw se betrokkenheid daarby, onder die loep geneem.

Hoofstuk 6 (“Woordvoerder van die Afrikaanse nasionale strewe (1936)”) (Steyn, 1998a:151-179) handel oor Louw se skryfwerk vir *Die Jongspan* en *Die Huisgenoot*. Verder teken Steyn Louw in dié jare as 'n radikale nasionalis, 'n siening wat duidelik blyk uit veral die briewe wat Louw in 1936 aan sy broer Gladstone, wat toe in Nederland en Duitsland was, skryf. Louw se verhouding met ander skrywers in dié jare, onder meer met Uys Krige, met wie hy in 1935 kennis gemaak het, en Abraham H. Jonker, met wie Louw dikwels oor die politiek gebots het, en I.D. du Plessis, geniet ook aandag. Louw se houding teenoor politieke partye, sy kritiek op genl. J.M.B. Hertzog en veral sy formulering van “ons eie nasionalisme” geniet baie aandag. Die hoofstuk word afgesluit met 'n mededeling oor 'n nuwe aanstelling op die redaksie van *Die Jongspan*: dié van Truida [Pohl] le Roux, 'n vrou wat pas 'n jaar tevore met Fred le Roux, 'n vriend van die Louws, getrou het en wat Louw se lewe weldra ingrypend verander het.

In Hoofstuk 7 (“'n Stormagtige maar ook ‘baie ryk’ jaar (1937)”) behandel Steyn (1998a:180-215), benewens die digter se reaksie op die bedreiging van die voortbestaan van die Afrikanerbond van Mynwerkers, 'n organisasie waarvan hy baie verwag het, Louw se betrokkenheid by 'n skeuring in die Vereniging van die Vrye Boek. Wat die Mynwerkersbond betref, was Louw veral gegrief oor die houding van twee Transvaalse kultuurmense, C.M. van den Heever en Abel Coetzee, albei verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand. Verder het Abraham H. Jonker, redakteur van *Die Suiderstem*, se teenkanting teen die Afrikanerbond van Mynwerkersbond nie alleen die teenstelling tussen Louw en Jonker verskerp

nie, maar ook die spanning in die Vereniging vir die Vrye Boek verhoog. Dit het gelei tot 'n breuk en 'n openbare polemiek wat, volgens Steyn (1998a:182), minder oor beginsels as oor openbare persoonlikhede gehandel het. "Wat egter na vore gekom het, was Louw se geweldige afkeer van oneerlikheid, dubbelhartigheid en die gebrek aan integriteit waarmee sommige letterkundiges volgens hom opgetree het" (*ibid.*). Midde-in dié polemiek was die manuskrip van Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan*, wat in 1936 aan die VVB voorgelê is. Louw en J. du P. Scholtz het 'n hoë dink daarvan gehad. Daarna is die manuskrip na twee ander lede van die VVB, Jonker en F.E.J. Malherbe gestuur. Veral laasgenoemde het vernietigend daaroor geoordeel.⁷¹ Verder staan Steyn in dié hoofstuk stil by die ontluikende verhouding tussen Louw en Truida le Roux, die latere konfrontasie tussen Louw en Truida se man, Fred, en die digter se eerste briewe aan Truida, wat woordeliks aangehaal word. Die reaksie van Louw se familie en vriende op sy buite-egtelike verhouding - volgens sy moeder "'n vreeslike ramp" en "'n onuitspreeklike droefheid" - word ook bygehaal. Voorts kyk Steyn na Louw se radio-werk en belangstelling in die Afrikaanse toneel. Die ontstaan en wording van sommige van Louw se gedigte uit dié tyd, veral die siklusse "Vier gebede by jaargetye in die Boland" en Gedagtes, liederes en gebede van 'n soldaat", wat in 1937 in sy tweede bundel, *Die halwe kring*, opgeneem sou word, word uitvoerig bespreek. Die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van twee van die vernaamste literêre gebeurtenisse van 1937 en die polemieke wat dit uitgelok het: die verskyning van *Die halwe kring* en die toekening van die Hertzogprys aan I.D. du Plessis, vir sy *Vreemde liefde* en *Ballades*, en aan Louw, vir *Alleenspraak*, 'n prys wat hy nie aanvaar het nie.

Hoofstuk 8 ("Kultuuroopbou byna in afsondering (1938)") (Steyn, 1998a:216-259) word ingelui met 'n relaas oor die breuk wat tussen Louw en sy broer Gladstone ontstaan het as gevolg van eersgenoemde se verhouding met Truida le Roux. Briewe wat die twee broers hieroor aan mekaar geskryf het, word woordeliks weergegee. Fred en Truida le Roux se egskeiding en die gevolge daarvan word ook behandel. Die ontstaan en wording van Louw se *Die dieper reg*, 'n koorspel wat geïnspireer is deur die simboliese ossewatrek van 1938, en sy meelewing met die ossewatrek, word ook bespreek.

Hoofstuk 9 ("'n Nuwe kyk na ideologie en politiek (1939-1940)") (Steyn, 1998a:260-315) handel oor verskeie ideologiese en politieke kwessies. Daar word gekyk na die ontstaan van Louw se opstelle in *Berigte te velde* en *Lojale verset*, wat albei in 1939 verskyn, sy kontak met andersdenkendes soos die Marxiste Jacques Malan en Sannie Bruwer, skryfster van 'n kommunistiese roman wat hy vir Nasionale Pers gekeur het,⁷² sy ontugtering oor die Duitse optrede tydens dié land

se verowering van Tsjeggo-Slowakye in Maart 1939, sy gevoel oor die berugte *Kristallnacht* van 9 op 10 November 1938, toe daar in Duitsland ‘n grootskeepse pogrom op die Jode plaasgevind het, sy waardering vir die Ierse digter William Butler Yeats, veral weens sy nasionale gevoel, die invloed van veral Nietzsche op hom,⁷³ sy verwantskap met die Franse digter Baudelaire,⁷⁴ die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 en Suid-Afrika se besluit tot deelname daaraan, sy teenkating teen deelname en sy gesprekke met Jan Greshoff oor diverse aangeleenthede, onder meer die oprigting van ‘n nuwe intellektuele tydskrif waarin “Afrikaanse standpunte in die breedste sin” weerspieël sou word. In hierdie jare het Louw reeds ‘n hele paar jaar lank gedink oor die probleem van ‘n bouse of vernietigende mag uit ‘n volk self, of van buite in ‘n volk ingebring, wat psigologies, ekonomies, geestelik of godsdienstig van aard kon wees. Dit was die begin van *Raka*, wat weliswaar eers in 1941 sou verskyn. Steyn behandel hier die eerste roersele van hierdie epiese werk en toon aan hoe die werk gaandeweg by Louw gegroei en ontstaan het. Louw se gevoel oor Nederland en België en pogings om die Nederlandse digter Hendrik Marsman tydens die oorlogsjare na Suid-Afrika te laat kom,⁷⁵ word ook bespreek. Die dood van Marsman, en van Jan F.E. Celliers,⁷⁶ ‘n tydelike breuk in die verhouding tussen Louw en Greshoff, Louw se egskeiding en die toekenning van die Hertzogprys in 1940 aan Louw vir *Die halwe kring* word vermeld. Louw se reaksie op R.F. Alfred Hoernlé, indertyd hoof van die Departement van Wysbegeerte aan die Universiteit van die Witwatersrand, se boek *South African Native Policy and the Liberal Spirit* en Louw se eie opvattinge oor ‘n “nuwe Afrikaanse liberalisme” word ook indringend bespreek.

Hoofstuk 10 (“Hoogtepunte van die Afrikaanse poësie (1940-1942)”) (Steyn, 1998a:316-371) handel onder meer oor die skryf en verskyning van *Raka* (1941) en *Gestaltes en diere* (1942). Daar word veral gekyk na die ontstaan en wording van verse soos “Die hond van God” en “Die swart lui-perd”. Louw se huwelik met Truida word ook vermeld, en daar word gekyk na Louw se betrokkenheid by *Die Afrikaanse Kinderensiklopedie*, waarvan hy die redakteur van die afdeling “Kunsskatte van die wêreld” was. Daar word ook gewag gemaak van die feit dat Louw in sekere kringe [valslik] daarvan verdink was dat hy Klaas Komyn (later Kees Konyn) was, wat indertyd die hekelrubriek “Kanttekenings” in die tweetalige, onafhanklike, kulturele, kritiese en politieke tydskrif *Trek* geskryf het.⁷⁷

In Hoofstuk 11 (“Op weg na ‘n nuwe Afrikaanse nasionalisme (1943-1945)”) behandel Steyn, (1998a:372-422) Louw se werk aan *Die Afrikaanse Kinderensiklopedie*, sy opvattinge oor Afrikaans, Nederlands en die taalbeweging, sy kennismaking met Rosa Nepgen en W.E.G. Louw se huwelik met haar, sy vroegste werk aan *Germanicus*, wat eers in 1956 sou verskyn, en Louw se nuwe

politieke sienings nadat die gruweldade van die oorlog hom oortuig het dat hy die nasionaal-sosialisme aanvanklik verkeerd beoordeel het.

Hoofstuk 12 (“Onbehae en nuwe uitdagings (1945-1947)”) (Steyn, 1998a:423-460) fokus onder meer op die oprigting van *Standpunte*,⁷⁸ ‘n anti-Louw-gevoel wat in die Noorde, veral by die Universiteit van die Witwatersrand, jeens Louw ontstaan het, Louw se verhouding met die Afrikaner-Broederbond in dié jare, die besoek aan Suid-Afrika van die Nederlandse digter A. Roland Holst, die geboorte van Louw en Truida se dogter, Reinet, en Louw se ontmoetings met C. Louis Leipoldt en die egpaar C.J.M. [Stoffel] en Sheila [Cussons] Nienaber.

Hoofstuk 13 (“Kennismaking met Nederland en Vlaandere) (1948-1949)”) (Steyn, 1998a:461-526) handel oor die erkenning van en eerbewyse vir sy werk wat Louw uit Nederland ontvang het,⁷⁹ sy kennismaking, in Suid-Afrika, met die Nederlandse digters J.C. Bloem, N.A. [Anthonie] Donkersloot en Karel Jonckheere, die verkiesing van 1948, Louw se reise in Nederland, Vlaandere en Engeland, sy kennisname met Nederlandse standpunte oor die geesteslewe, die instelling, en aanbod aan Louw, van ‘n leerstoel in die “taal, letterkunde, kultuur en gesiedenis van Zuid-Afrika” by die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, die dood van Louw se vader, Louw se reaksie op en waardering vir D.J. Opperman se *Joernaal van Jorik*, die verhouding tussen Opperman en W.E.G. Louw en Louw se laaste maande aan die Kaap.

Die tweede en derde afdelings van die Van Wyk-Louw-biografie, oor Louw se jare in Amsterdam en Johannesburg, verskyn in Deel II en beslaan gesamentlik 14 hoofstukke. Daarbenewens bevat Deel II ‘n aantal registers.

Die Amsterdam-gedeelte begin by Hoofstuk 14 (“Die stimulus van ‘n nuwe land (1950)”) (Steyn, 1998b:565-612) en beskryf hoe Louw op 31 Januarie 1950 alleen⁸⁰ per skip na Nederland vertrek. Daar word verhaal van sy ontmoetings met Amsterdamse Afrikaners⁸¹, sy eerste lesings aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, sy ontluikende liefde vir Sheila Cussons, Truida se latere vertrek na Nederland, Louw se professorale intrede, die ontsteltenis in Suid-Afrika oor sy verhouding met Cussons en die reaksies van D.J. Opperman,⁸² Stoffel Nienaber⁸³ en Jan Greshoff⁸⁴ daarop. Daar word ook verslag gedoen oor ‘n besoek van Louw en Cussons aan Parys en gekyk na die ontstaan van “Klipwerk”, wat ‘n paar jaar later in die digter se *Nuwe verse* sou verskyn.

Hoofstuk 15 (“Die jare van ‘die oop gesprek’ (1950-1953)”) (Steyn, 1998b:613-657) handel in die algemeen oor die eerste drie jaar van die Louws se verblyf in Amsterdam en Truida se verhouding met dr. Adriaan Veenman, maar in die besonder oor Louw se rubriekreeks ‘Die oop gesprek’ in *Die Huisgenoot*, die skryf van die radiohoorspel *Dias* (1952), die Van Riebeeckfees in 1952 en

Louw se radiohoorspel *Kruger breek die pad oop*, sy teenkanting teen die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers,⁸⁵ lesings wat hy oor onder meer die rassevraagstuk gehou het en die promovering van Louw se eerste doktorale student.⁸⁶

Hoofstuk 16 (“’n Latynse somer (1953)”) (Steyn, 1998b:658-698) begin met Louw se ongelukkigheid oor en misnoeë met D.J. Opperman se doktorale proefskrif,⁸⁷ maar gee veral blyke van ‘n reis wat hy in 1953 na Suid-Europa onderneem het. Die leser verneem ook van die liefdesverhouding tussen Truida en Hans Knap en Louw, en verdere korrespondensie⁸⁸ tussen Louw en Opperman oor *Digtters van Dertig* word bygehaal.

Hoofstuk 17 (“Winters van gesprekke en gedigte (1953-1955)”) (Steyn, 1998b:699-746) handel onder meer oor die totstandkoming en publikasie van *Nuwe verse* (1954) en sy samewerking met die Nederlandse komponis Henk Badings aan die radiofoniese opera *Asterion*,⁸⁹ wat in 1958 deur die SAUK uitgesaai en in 1965 gepubliseer is.

In Hoofstuk 18 (“Op pad na *Tristia* (1955-1957)”) skryf Steyn (1998b:747-793) oor die groot verskeidenheid werk wat N.P. van Wyk Louw in dié jare gelewer het: hoorspele, radiopraatjies, gedigte. Daar word veral gekyk na die oorsprong, ontstaan en opvoering van die hoorspel *Die held*, wat in 1955 deur die SAUK uitgesaai maar eers in 1962 gepubliseer is, die drama *Germanicus*⁹⁰ (1956), die verskyning van *Die “mens” agter die boek*⁹¹ (1956) en die hoorspel *Blomme vir die winter*, wat in 1956 deur die SAUK uitgesaai maar eers in 1975 gepubliseer is. Louw se bewondering vir T.S. Eliot⁹² kom ook in hierdie hoofstuk sterk na vore. Verder blyk die indruk wat die Hongaarse opstand van 1956 op Louw gemaak het, ook duidelik. Louw se kritiek op dr. H.F. Verwoerd⁹³ na aanleiding van laasgenoemde se houding jeens en hantering van die verslag van die Tomlinson-kommissie⁹⁴ word ook bespreek. Een en ander word ook gesê oor die gedig “Nuusberigte: 1956”, wat in 1962 in *Tristia* opgeneem sou word.

Hoofstuk 19 (“Afskeid van Europa (1957-1958)”) (Steyn, 1998b:794-838) handel oor Louw se laaste twee jaar in Amsterdam. Daarbenewens wys Steyn ook op Louw se lof vir Peter Blum se debuutdigbundel, *Steenbok tot poolsee* (1955), sy kritiek op D.J. Opperman se *Periandros van Korinthe*⁹⁵ (1954), sy werk aan die hoorspel *Lewenslyn*, wat in 1957 deur die SAUK uitgesaai maar eers in 1962 gepubliseer is, en op die bronne van enkele latere *Tristia*-gedigte. Steyn doen ook verslag van ‘n reis wat Louw in Augustus 1957 in Italië onderneem het. Louw se aansoek om ‘n professoraat en die hoofskap van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand en sy besoek aan Suid-Afrika⁹⁶ in verband hiermee word indringend bespreek. Ten slotte word Louw se houding jeens sensuur en die toekenning, in 1958, van die Hertzogprys aan hom

vir sy kritiese oeuvre bespreek.

Die derde afdeling van die biografie, oor Louw se Johannesburg-jare, verskyn ook in Deel II en begin by Hoofstuk 20 (“Aanpassing en versoening (1958-1959)”) waarin Steyn (1998b:841-895) skryf oor Louw se terugkeer na Suid-Afrika,⁹⁷ sy aanpassing in Suid-Afrika, nuwe vriende wat hy hier gemaak het, sy werk aan die Universiteit van die Witwatersrand en sy verhouding met sy nuwe kollegas, die terugkeer van Truida en hul kinders uit Nederland, die totstandkoming van die uitgewersfirma Human & Rousseau, die huwelik van Louw se dogter Nakkie met Koos Human, die verskyning van *Swaarte- en ligtepunte*, ‘n *Wêreld deur glas* en *Nasionale liberalisme* (almal in 1958), en die skryf van die prosa-drama *Koning-Eenoog of Nie vir geleerdes* (1959),⁹⁸ wat eers in 1963 gepubliseer sou word.

Hoofstuk 21 (“Beslissende wendings (1960-[19]61)”) (Steyn, 1998b:896-933) handel oor Louw se deelname aan ‘n betoging teen aparte universiteite, die gebeure by Sharpeville op 21 Maart 1960, die moordpoging op dr. H.F. Verwoerd op 9 April dieselfde jaar, Louw se botsing met Verwoerd oor die bruin mense, Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond op 15 Maart 1961, Louw se karakterisering van “‘n intellektueel”,⁹⁹ sy waarskuwing teen “eensydigheid”¹⁰⁰ en sy [kortstondige] rubriek in *Die Vaderland se Sondagblad*.¹⁰¹ Steyn skryf ook in hierdie hoofstuk oor Louw se eerste hartaanval¹⁰² en die feesgedig “Feesgedig”¹⁰³ wat hy tydens die 75ste verjaardag van die NG Kerk vir die Braamfontein-gemeente van dié kerk geskryf het.

Hoofstuk 22 (“Vernuwing en stryd (1962-1963)”) (Steyn, 1998b:934-980) teken Louw as die grootste verdediger van vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. In 1961 verskyn dan ook sy *Vernuwing in die prosa*, ‘n aantal radiopraatjies wat hy van Augustus 1957 tot Maart 1958 vir Radio Nederland, Wereldomroep gelewer het, asook ‘n langerige hoofstuk wat hy bygeskryf het. Die verskyning, in 1962, van *Tristia*¹⁰⁴ en bundeling van die hoorspele *Dagboek van ‘n soldaat* (1961),¹⁰⁵ *Die held* en *Lewenslyn* (albei 1962) word ook bespreek. Louw as verdediger¹⁰⁶ van die Sestigters¹⁰⁷ kom ook in hierdie hoofstuk aan die bod. Louw se kritiek op die sensuurstelsel in 1963 en sy onwillige aanvaarding daarvan, sy betrokkenheid by die botsing in Afrikaner-geledere oor ds. C.F. Beyers-Naudé, die voorstelling van P.G. du Plessis as lid van die Afrikaner-Broederbond en Louw se waarskuwings teen ‘n gedwonge Calvinistiese patroon en teen dwang geniet ook aandag.

In Hoofstuk 23 (“Die teenstellings word skerper (1963-1965)”) skryf Steyn (1998b:981-1018) oor Louw se hoorspel *Die val van ‘n regvaardige man*, wat deur die sluipmoord op president John F. Kennedy geïnspireer is maar nooit in Louw se lewe opgevoer of gepubliseer is nie,¹⁰⁸ die dood van Louw se dogter Ria [Muller] in 1964 en Louw se betrokkenheid by die grootste literêre polemiek in

Afrikaans tot in daardie stadium: dié toekenning, in 1964, van die Hertzogprys vir prosa aan Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins*. Melding word ook gemaak van ‘n ernstige hartaanval, sy tweede, wat Louw in 1964 gehad het. Die res van die hoofstuk handel oor Louw wat, weer eens, as apologet vir die Sestigters optree in die tydskrif *Sestiger*,¹⁰⁹ sy rol as vredemaker by die tydskrif *Standpunte*, sy kritiek op die regering oor die weiering om in 1965 ‘n visum aan die digter Breyten Breytenbach se vrou, Yolande, toe te staan en die toekenning van die Hertzogprys vir poësie in 1965 aan Louw vir *Tristia*.

Hoofstuk 24 (“Botsing met Verwoerd (1966)”) (Steyn, 1998b:1019-1057) begin met ‘n bespreking van die historiese agtergrond van Louw se drama oor president Steyn, *Die pluimsaad waai ver*, wat eers in 1972 gepubliseer sou word. Die twisgeskryf wat rondom *Die pluimsaad waai ver* ontstaan het en dr. Verwoerd se besware teen die stuk¹¹⁰ word uitvoerig bespreek. Daar word ook gekyk na die huldiging van Louw se sestigste verjaardag¹¹¹ en sy reaksie op die sluipmoord op dr. Verwoerd.¹¹²

Hoofstuk 25 (“Betrek by die politieke stryd (1966-1968)”) (Steyn, 1998b:1058-1096) handel oor die verkiesing van adv. B.J. Vorster as nuwe eerste minister van Suid-Afrika, Louw se gesindheid jeens hom en Louw se betrokkenheid by die voorspel tot die uiteindelijke skeuring van die Nasionale Party. Louw se ernstige siekte in September en Oktober 1967 word vermeld, asook die opdrag wat hy in 1967 gekry het om ‘n bydrae te lewer tot die Fees van die Grond wat in daardie jaar gehou is.¹¹³ Die resultaat hiervan was die sinne- en wa-spel *Berei in die woestyn*, wat eers as hoorspel deur die SAUK uitgesaai en in 1968 in boekvorm uitgegee is. Ná die debakel oor *Die pluimsaad waai ver* het die Senaat¹¹⁴ eenparig besluit om by die regering aan te beveel dat die instelling van ‘n Verwoerdprys vir vaderlandsliefde ondersoek word. Louw se reaksie daarop¹¹⁵ en die polemieë wat daar rondom ontstaan het, word, onder meer, in die res van dié hoofstuk bespreek.

In Hoofstuk 26 (“Die laaste jare (1968-1970)”) gee Steyn (1998b:1097-1128) blyke van Louw se laaste lewensjare. Die hoofstuk begin met ‘n hartondersoek wat Louw in die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad ondergaan het.¹¹⁶ Voorts skryf Steyn oor Louw se laaste gepubliseerde gedig, “Leeglêers” onder die meer omvattende titel “Vier stasies”, wat in die laaste nommer van *Kol*¹¹⁷ verskyn het, Louw se belangstelling in die regte,¹¹⁸ sy vriendskap met jonger skrywers,¹¹⁹ ‘n belangwekkende reeks lesings wat Louw oor sy eie werk voor Honneursstudente van die Randse Afrikaanse Universiteit gelewer het, ‘n reeks radiopraatjies, ook oor sy eie werk, wat hy in 1970 vir die SAUK geskryf het,¹²⁰ die dood van Louw se broer Koos¹²¹ en Louw se dood in die nag van 17 op 18 Junie 1970.

Hoofstuk 27 (“Afskeid”) (Steyn, 1129-1139) is die kortste in die biografie. Daarin skryf Steyn oor die bekendmaking van en reaksie op die dood van Louw en verwys hy na verskeie belangwekkende huldigingsartikels¹²² wat oor Louw verskyn het. Hy gee ook ‘n kort waardebeoordeling van Louw: “een uitermate moeilijk begrijpen man”, in die woorde van W.Gs. Hellinga (Steyn, 1998b:1133). Die hoofstuk, en biografie, sluit af met die roudiens vir Louw, op 22 Junie 1970, in die NG Kerk, Linden, en sy verassingsdiens daarna.

Dit is onmoontlik om die inhoud van ‘n omvattende biografie soos dié binne die bestek van agt bladsye weer te gee. Steyn werk op ‘n breë doek en sy register is wyd.

Die primêre vraag wat Steyn, volgens die buitebladbeskrywing van dié biografie, probeer beantwoord, is hoe ‘n mens was N.P. van Wyk Louw, hý wat *Raka*, *Germanicus*, *Liberale nasionalisme* en *Tristia* geskryf het, die digter van “Die hond van God”, “Klipwerk” en “Groot ode”, die skepper van uitdrukkings soos “voortbestaan in geregtigheid”, “lojale verzet” en “die oop gesprek”? Die mens wat na vore kom, is ‘n man met die Aureliaanse “outydse opregtheid en stoer deugde”, iemand met ‘n obsessiewe streep oor sekere sake en mense. Sy lewe is gekenmerk deur vurigheid en geesdrif; sy kreatiewe werk is met “redelike besetenheid of ‘n besete redelikheid” verrig. Teenoor vreemdelinge was hy beskroomd, maar gesagsfigure het hom nie geïntimideer nie - hy kon hulle beginsel-vas teëgaan. Hy het beskik oor intense en enorme intellektuele nuuskierigheid en, in die woorde van W.E.G. Louw, “die byna Proteusagtige vermoë om, ondanks die diep gewortelde twyfel van ‘n kunstenaar, homself telkens en telkens te vernuwe”. Louw het ‘n Spartaanse element in sy lewens-wyse gehad, ‘n sin vir humor, en ‘n fenomenale verstand en geheue. Steyn verbind Louw se lewens-besonderhede met sy omvangryke en geskakeerde letterkundige en filosofiese werk, skets die ont-staangeskiedenis, gee besprekings en toon aan hoe dit krities ontvang is. Talle voorheen ongepubliseerde artikels, toesprake, onvoltooide tekste en radiopraatjies word ingesluit, naas Louw en ander persone se aangrypende, soms onthutsende briewe, aantekeninge en dagboekinskrywings.

In die algemeen is Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* uitermatig gunstig, maar nie sonder kritiek nie, ontvang.

Vir Lindenbergh (1999:6) bring dié biografie nie ‘n nuwe, verrassende beeld na vore nie - dis eerder ‘n aan- en invulling van besonderhede. “Steyn koester ‘n groot bewondering vir Louw se werk en hy is só nederig en skroomvallig dat hy nie maklik ‘n oordeel uitspreek nie.” Ondanks heelwat positiewe eienskappe, het Lindenbergh (*ibid.*) bedenkinge teen Steyn se werkwyses en vind hy ‘n aantal opvallende leemtes. “In die eerste plek dink ek aan die digter [Louw] se duidelike afkeer aan bio-grafiese snuffelary. Hy sou seer seker nooit genoeg geneem het met só ‘n onderneming nie.

Daarby kom nog die kwistige gebruik van aanhalings uit persoonlike briewe. Selfs die intiemste besonderhede - soms onbenullig - word aan die lig gebring. Meermale word dit [...] ‘n skending van die betrokke se privaatheid. Ek haal my hoed af vir P.G. du Plessis wat geweier het om te praat oor persoonlike gesprekke tussen hom en die digter. Klaarblyklik het hy gevoel dit sou op verraad neer-kom.” [...] “Hierby sluit aan die weiering van Sheila Cussons om saam te werk. Daardeur word die hele gedeelte oor die Amsterdamse periode effens skeef getrek. Ek glo nie Steyn se informante is verkeerd nie, maar dit maak tog sy voorstelling eensydig. Steyn se oordeel en goeie smaak laat hom hier in die steek, sodat hy ‘n weergawe van die Louw-Cussons verhouding deur die digter se seun [Peter] opneem - dit terwyl laasgenoemde ‘n baba en kleuter was en klaarblyklik deur sy ouers ingelig is.” Verder wonder Lindenberg (*ibid.*) of die aanhalings uit Cussons se briewe nie ‘n skending van die kopieregwet is nie. Verdere leemtes is vir Lindenberg (*ibid.*) die nie-vermelding van Elisabeth Eybers se kritiek op Louw se vroeë opstelle en van Peter Blum s’n op *Tristia*. “Dit wil verder voorkom asof Steyn nie ‘n onderhoud gehad het met Fred (Truida) se eerste man en Ria le Roux nie, en of hy dalk nie weet wie Cecilia Smit is nie (Peter Blum gebruik soms sy vrou se naam as skuil-naam).” Lindenberg (*ibid.*) wys ook daarop dat Steyn se navorsing gekom het ná die dood van baie van Louw se familie, vriende en kollegas, onder andere W.E.G. Louw, D.J. Opperman, Canis Scholtz, Ernst van Heerden, Ria en Nakkie Louw en hul moeder, Joan, proff. Donkersloot en Hellinga, die komponis Henk Badings, I.W. van der Merwe [Boerneef] en P. du P. Grobler. Verder mis Lindenberg (*ibid.*) ‘n volledige lys van Louw se publikasies, asook van die studies oor hom, wat nou tussen die voetnotas verspreid lê. Hoewel Steyn Louw se veelsydigheid benadruk, onderskei hy volgens Lindenberg (*ibid.*) nie duidelik genoeg tussen Louw se belangrikste en minder belangrike werke nie. So, byvoorbeeld, kan sy radiodramas en hoorspele geensins dieselfde gewig en ruimte as sy poësie ontvang nie. Voorts laat hierdie lewensverhaal ‘n paar aspekte van Louw se denke nog onbelig of onderbelig. Lindenberg (*ibid.*) wonder onder meer waarom Louw so angsvallig vasgehou het aan Hoernlé se moontlikheid van ‘n verdeling van die land. “Om te kon volhou dat ‘n gebiedskeiding nog steeds “liberaal” kon wees. Waarom het hy ná sy terugkeer in Suid-Afrika (1958) nie gou ingesien dat dit reeds hopeloos te laat was nie?” En hoe, vra Lindenberg (*ibid.*), “versoen mens sy latere verdraagsaamheid met sy kille houding teenoor Beyers Naudé?” Daar skyn volgens Lindenberg (*ibid.*) ook verder min inligting te wees oor Louw se reaksies op wêreldgebeure, soos byvoorbeeld groot veldslae tydens die Tweede Wêreldoorlog. Ondanks hierdie besware skat Lindenberg (*ibid.*) die biografie nie gering nie. “Selfs diegene wat vertrou is met die lewe en werk van N.P. van Wyk Louw sal in J.C. Steyn se omvattende biografie veel vind wat nuut en interessant

is. Die hoeveelheid bronne wat geraadpleeg is, getuig van ‘n verbluffende werkywer - reeds die voetnotas [*sic!*] en register bevestig dit ruimskoots. Niemand sal die boek lees sonder om beïndruk te word nie deur die digter se laaste paar jaar, sy afnemende kragte en tog volhardende stryd vir sy ideale. Dit word alles op ‘n nugtere en heldere wyse meegedeel in ‘n sobere en natuurlike taal. [...] Só volledig is Steyn se inligting, dat hy opsommings gee van feitlik ál Louw se publikasies, plus nog ‘n kort resepsiegeskiedenis. [...] [Dié biografie] sal vir baie jare, tesame met D.J. Opperman se *Digters van Dertig*, onmisbaar wees vir die student, [en] vir die gewone belangstellende sal dit boeiende leesstof wees.”

Olivier (1999:10) meen hierdie lewensverhaal, “ietwat bombasties uitgegee deur Tafelberg,” voorsien in ‘n lank bestaande behoefte aan ‘n biografie van N.P. van Wyk Louw. “Dit is ‘n monumentale werk, ‘n deeglike en gedetailleerde beskrywing van Louw se lewe en ontwikkeling as literêre denker, kultuurfilosoof en invloedryke politieke skrywer en aktivis.” Volgens Olivier (*ibid.*) bevestig Steyn se werk dat Louw se belangrikheid en invloed op ‘n verskeidenheid gebiede nouliks oorskakel kan word. “Hy het intellektuele en literêre vorm gegee aan die strewe na ‘n volwaardige Afrikaanse letterkunde, later ook aan die vestiging van ‘n Afrikaanse literatuurwetenskap. Tot vandag toe is die mees gefundeerde ontleding in Afrikaans van die outonomie-benadering, literêre waardeoordele, vernuwing en die beginsels van ‘n wetenskaplike benadering tot die letterkunde in sy werk te vind.” As politieke denker en polemikus het Louw dit op hom geneem om die eise van die intellektuele lewe te deurdink, die nasionalisme met liberale beginsels te versoen, en die strewe na voortbestaan met die eis van geregtigheid te rym (*ibid.*). “Dit alles het hy gedoen met ‘n gebrek aan pedanterie wat, saam met sy vermoë om sy gedagtes in intelligente en elegante Afrikaans uit te druk, daarvoor gesorg het dat sy opstelle nog steeds modelle van helderheid en intellektuele uitdaging bly.” Olivier (*ibid.*) wys daarop dat Steyn ‘n magdom materiaal toevoeg aan die bestaande kennis oor Van Wyk Louw. Danksy die chronologiese werkwyse kry ‘n mens ‘n uitstekende beeld van die fluktuerings in Louw se denke, wat dikwels verband hou met omwentelings in sy lewe en persoonlike krisis. “Helaas het dié volledigheid ook ‘n sekere saaiheid en gebrek aan koherensie tot gevolg, veral omdat Steyn sy eie interpretasie van Louw grotendeels op die agtergrond hou. [...] Die hoofaksent val op Louw se rol as kultuurfilosoof in die breë sin: sy belangstelling in Afrikaans as basis vir ‘n inklusiewe nasionalisme, sy geloof aan selfbeskikking, maar ook aan politieke ruimheid en geestelike vryheid - uiteraard boeiende materiaal maar ‘n mens bly vra: waar is die poësie?”

Olivier (*ibid.*) meen verder dat hoewel Steyn voldoende materiaal tot sy beskikking gehad het

om die teenstrydige tendense van Louw se lewe en werk op die voorgrond te plaas en te probeer interpreteer, hy 'n "ietwat getemde" Van Wyk Louw bied. "Só betig hy diegene wat volgens hom te veel belang heg aan Louw se aangetrokkenheid tot die nasionaal-sosialisme. As hoofsondaar voel ek [Olivier] my behoorlik getugtig deur Steyn se breër perspektiewe op die saak, maar dit is juis hierdie 'aberrasies' wat Van Wyk Louw interessant maak." Volgens Olivier (*ibid.*) spreek die "moeilike" en "knorrige" kant van Louw sterker as die nasionalis en konstruktiewe denker. "Lees 'n mens sy reaksie op die kritiek wat hy moes verduur op sy egskeiding van sy eerste vrou en sy latere verhouding met Sheila Cussons, sien jy tot watter grootste verontwaardiging en kompromielose verwerping van irritasies hy in staat was. Hierdie briewe laat W.E.G. Louw na 'n sentimentele poseur en Jan Greshoff na 'n

'Hollandse burgerman' lyk."

Olivier (*ibid.*) wys daarop dat deel van die drama van Louw se lewe was dat "'n man soos hierdie, skepper van die bloedstollende obsessies in 'Die hond van God', die sluipende verskrikking van 'Die swart luiperd' en tientalle onvolprese gedigte in *Tristia*, sy tyd gemors het deur Hendrik Verwoerd te probeer bestry en jare lank teen morele benepenheid en sensuur te baklei. [...] 'n mens [raak] by die lees van Steyn se boek bewus van 'n volgehoue spanning tussen die idealistiese denker en die man wat hom vasloop teen die realpolitik, die man wat streef na 'n rasonale basis vir sy nasionalistiese en literêre oortuigings en die digter met sy belangstelling in die donker drifte, psigologiese dieptes en die ruimer wêreld van die Rooms-Katolieke Suid-Europa."

Digterlewe, voer Olivier (*ibid.*) aan, is nie noodwendig interessant nie, "en Steyn sou meer kon geput het uit die interne konflikte wat 'n mens by Louw aanvoel. Om die opvallendste voorbeeld te noem: die verhouding met Sheila Cussons. Steyn was gekortwiek deur die feit dat Cussons nie met hom wou praat nie. [...] Hy [Steyn] sê wel dat die jare lange driehoeksituasie tussen Louw, sy vrou en Cussons materiaal vir 'n Dostojewski sou kon wees, maar tot 'n werklike interpretasie van die emosionele verskeurdheid wat aan die basis hiervan moes gelê het, kom hy nie."

Olivier (*ibid.*) mis verder 'n meer diepgaande analise van Louw se "dilemma in die jare sestig toe hy onophoudelik te velde getrek het teen die moralistiese en rassistiese uitwasse van die nasionalisme waarvoor hy self die intellektuele grondslag help lê het. Uit hierdie doodloopstraat kon Louw geen uitweg vind nie."

Elke leser van die biografie sal volgens Olivier (*ibid.*) waarskynlik deur sekere aspekte daarvan onbevredig gelaat word. Persoonlik sou Olivier meer wou weet oor Louw se werk aan die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand.

Pluspunte vir Olivier (*ibid.*) is Steyn se onderhoudende verteltrant, die aanhalings uit tot dusver ongepubliseerde bronne en die wyse waarop Steyn aantoon hoe vroeg Louw reeds tot 'n meer inklusiewe nasionalistiese beskouing gekom het.

Ondanks 'n sekere omslagtigheid en die sterk fokus op die kultuurfilosofie, beskou Olivier (*ibid.*) *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* as 'n belangrike en onmisbare boek. “Die laaste woord oor Louw sal dit hopelik nie wees nie. Daar is 'n behoefte aan 'n geskiedenis van die 'andersdenkende' Afrikaanse intellektueel, waarbinne Louw 'n unieke posisie sal beklee as iemand op die breukvlak tussen lojaliteit en dissidensie, iemand wat die twee kante van 'lojale verset' letterlik en figuurlik uitgeleef het. Steyn se boek bied waardevolle inligting oor en insigte in alle aspekte van Van Wyk Louw behalwe die een ding wat hom groot en onvergeetlik maak: die wildheid, skoonheid en toenemende droefheid van sy poësie.”

Volgens Van Coller (1999c:6) slaag Steyn op merkwaardige wyse daarin om sy subjek in die verband van sy tyd te plaas. “Veral Louw se politieke evolusie word noukeurig beskryf en sy kortstondige flirtasie met die nasionaal-sosialisme word in konteks gestel.”

Oor die persoonlike verbondheid tussen 'n biograaf en sy subjek laat Van Coller (*ibid.*) hom in hierdie besondere geval soos volg uit: “'n Mens kan aflei dat Steyn as bekende taalnasionalis veral aangetrek is deur Louw se onlosmaaklike verbondenheid met die Afrikaanse taal; een van die *leit-motive* van die werk.”

Van Coller (*ibid.*) wys daarop dat daar [vroeër] heelwat oor die verhouding tussen N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman, en oor die polemieke tussen Louw en ander literatore, sy rol in die vestiging van *Standpunte* en die ontstaangeskiedenis van enkele van sy gedigte geskryf is, maar dat dit “nooit egter [gedoen is] in die omvattende geïntegreerdheid (én gebalanseerdheid) waarmee Steyn dit [...] aangepak het nie. [...] Bowendien slaag hy daarin om baie onontginde en onbekende stof na bo te haal. Voorbeelde lê vir die gryp: die simbiotiese verhouding tussen Van Wyk Louw en die Afrikaner-Broederbond [...], die sentrale posisie wat Truida [...] in sy lewe gespeel het, die diepte van die verhouding met Sheila Cussons, 'n noukeurige optekening van die talle talente waaroor Louw beskik het. [...] Waarin Steyn veral uitmuntend slaag, is om 'n geheelprentjie van Louw te skep terwyl alle onderdele weliswaar skerp uitstaan. Dit kon Steyn net doen omdat sy bronverkenning onberispelik is en hy daarin kon slaag om, ondanks die bykans oewerlose stroom besonderhede waardeur hy moes waad, steeds die oewer in die visier te hou.”

Ondanks die gebruik van niefiktiewe stof, skryf Van Coller (*ibid.*), staan dit wat hier aangebied word in feite digby 'n roman. Steyn gee in dié biografie in breë trekke die storie van Van Wyk Louw

op chronologiese wyse weer. “Louw is die hoofkarakter, ‘objektief’ van buite geteken. Dikwels word hy ook van binne uit belig - veral deur talle onthullende briewe aan verskeie mense. Geen ander karakter verkry die voorreg in dieselfde mate nie, ook nie Truida, die belangrikste ‘antagonis’ nie.”

Steyn se lewensbeskrywing van Louw is uiteraard ‘n interpretasie van sy lewensloop, en dit is, volgens Van Coller (*ibid.*), duidelik dat hy hom sien as ‘n “dualistiese persoon wat enersyds as individualistiese intellektueel, afstandelik, trots en eiesinnig sy eie pad loop, maar andersyds, ‘n behoefte aan geborgenheid, selfs by tye ‘n kinderlike naïwiteit en hulpeloosheid vertoon, wat hom diep afhanklik gemaak het van sy gesin, sy volk én sterk vroue!”

In Steyn se “roman”, aldus Van Coller (*ibid.*), is Truida “dié vastigheid, ‘die stilte tussen riet’ wat vir Louw altyd ‘n anker was. Sy belangrikste werk - met die moontlike uitsondering van *Tristia* - het ook altyd met haar verband gehou. Uit Steyn se visie blyk dit ook dat Louw se ‘minor indiscretions’ hom in die lig van sy ‘major achievements’ vergewe behoort te word. Dié invalshoek verklaar die oorwegend positiewe wyse waarop hy die sentrale karakters uitbeeld - veral Truida is bykans ‘n ‘smettelose’ heldin.”

Waar só ‘n lewensbeskrywing nie aangepak sou kon word sonder die aktiewe steun van Truida en die gesinslede nie, meen Van Coller (*ibid.*), “rus daar nietemin ‘n groot verpligting op die skrywer om te alle tye streng objektief te bly. Teenstanders van Louw, soos E.C. Pienaar, F.E.J. Malherbe en C.M. van den Heever, word bykans sonder uitsondering te negatief geteken. Dit kan natuurlik verklaar word teen die agtergrond van Steyn se ‘retoriese strategie’ en die sentrale Louw-fokus wat hy handhaaf.”

Van Coller (*ibid.*) se enigste punt van kritiek hou verband met bogenoemde: “[...] dat Steyn hom dalk te veel laat lei het deur die Louw-gesin se inligting, visie en waardes”. Dit is egter gering, skryf Van Coller (*ibid.*), “as in ag geneem word dat Steyn se Van Wyk Louw skerp afwyk van die ingeburgerde beeld van Louw as ‘n vleklose heilige”.

Volgens Van Coller (*ibid.*), slaag Steyn veral daarin om die geykte Louw-voorstelling “te nuanseer deur Louw self aan die woord te stel, veral in sy emosionele liefdesbriewe”.

Van Coller (*ibid.*) wys ten slotte daarop dat daar in die Afrikaanse letterkunde weinig biografieë is, “en die werklik goeies nog minder. Steyn se werk is een van die heel bestes: ‘n bewonderenswaardige balans van omvattendheid en besonderhede. Eietydse geskiedskrywing word dikwels afgemaak as dor en droog. Steyn maak geen wetenskaplike toegewings nie, maar skryf tog ‘n boeiende relaas in ‘n glashelder styl. Dit is onteenseglik ‘n merkwaardige boek.”

Verder is dit ook van belang om te let op 'n latere uitspraak van Van Coller (1999a:8) waarin hy op 'n interessante verskil wys ten opsigte van die benaderings van J.C. Kannemeyer en Steyn, 'n aspek waaroor ek reeds in 4.5.6 hierbo geskryf het. "In J.C. Steyn se biografie *N.P. van Wyk Louw: 'n Lewensbeskrywing*," [sic!] skryf Van Coller (*ibid.*), "gaan Steyn nogal ver om sy eie sienings van sy subjek te verhul. Wanneer té intieme aspekte blootgelê moet word, geskied dit soms met 'n ongemaklikheid aan die kant van die biograaf. Kannemeyer daarenteen is die egte snuffelaar wat by wyse van spreke graag die reuk in Leipoldt se kombuis opsnuuwe."

Kannemeyer (1999b:15) noem as besondere verdienstes van Steyn se *N.P. van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* "die kontinue gang van die biografie" en "die wyse waarop fases en momente in Louw se lewe, met eerbiediging van die kronologie en ordende faktor, op mekaar volg en vir 'n logiese hoofstukindeling sorg". Naas die dele wat oor Louw se persoonlike lewe handel en van die boeiend-ste dele van die biografie is, sonder Kannemeyer (*ibid.*) Steyn se hoogtepunte uit as veral die uiteen-settings van die digter se idees oor 'n Afrikaanse nasionalisme, sy pleidooi vir 'n "voortbestaan-in-geregtigheid" en 'n menswaardiger politieke bestel vir Suid-Afrika, sy besware teen sensuur en die wyse waarop hy die eerste publikasies van die Sestigters entoesiasies verwelkom en as hul apologet opgetree het.

Hoofstuk 24 (oor die botsing met Verwoerd en die hele geskiedenis van *Die pluimsaad waai ver*) is volgens Kannemeyer (*ibid.*) een van die bestes van die boek, en die uitbeelding van Louw se laaste lewensjare en siekte is vir hom aangrypend.

"Steyn slaag daarin om lewensbesonderhede en skeppende werk osmoties met mekaar te verbind. En die biografie is nie net die lewensgeskiedenis van die grootste Dertiger nie, maar 'n stuk kultuur-geskiedenis van die Afrikaner van ongeveer 1930 tot 1970."

Kannemeyer (*ibid.*) het, naas die strak lyn wat deur die logiese opeenvolging van gebeure en hoofstukke tot stand gekom het, ook waardering vir die talle insigte wat Steyn in Louw se optrede en sy tyd openbaar en die talle gegewens wat hy bekendstel.

Hoewel Steyn, volgens Kannemeyer (*ibid.*), alle gepubliseerde en ongepubliseerde bronne in verband met Louw deeglik verken het, is daar tog wel enkele ontbrekende dinge en feitefoute. "Dis egter klein steurnisse in 'n omvangryke werk wat vir 'n skrywer en navorser van sy menslike feilbaarheid bewus maak en wat hoegenaamd nie afbreuk doen aan die deeglikheid waarmee Steyn sy boek deurgaans afgewerk het nie."

Die neiging om dikwels groot dele uit briewe en ander dokumente aan te haal, skep egter wel vir Kannemeyer (*ibid.*) 'n probleem. "Steyn regverdig sy veelvuldige uitvoerige aanhalings in sy voor-

woord deur te sê dat hy van opsommings en parafrases weggekram het om Louw se ‘lewendige briefftaal’ te illustreer en om ‘die nuanses van ‘n argument’ juis weer te gee. Die voordeel van hierdie werkwys is dat hy baie onbekende gegewens nou die eerste keer vrystel of moeilik bekombare geskryfte van Louw uit ou koerante en tydskryfte opdiep, dikwels uitsprake wat belangrike aanvullings by die skrywer se gepubliseerde opstelle is. Die nadeel is egter dat dit tot ‘n dualiteit tussen lewensverhaal en ‘n uitgawe van bronne lei. Die biografie moet dus ook diens doen as ‘n soort argief, ‘n bewaarplek vir onbekende dokumente en briewe. Daarmee vertraag Steyn meer as wenslik die gang van die gebeure, stol hy die verhaal van Louw se lewe en word hy - veral waar die opeenvolgende lang aanhalings in ‘n betrokke oordadigheid - te veel die blote begeleier van dokumente. In sulke gevalle mis ‘n mens ‘n geïntegreerde verwerking van die bronne.’” Hierdie beswaar, gee Kannemeyer (*ibid.*) toe, kan Steyn egter net gedeeltelik ten laste gelê word.

‘n Belangriker beswaar vir Kannemeyer (*ibid.*) is egter dat Steyn in sy strewing na volledigheid soms in so ‘n mate oor byfigure uitwei dat die aandag aan die subjek van die biografie plek-plek in ‘n mate verlore gaan. ‘n Voorbeeld hiervan wat Kannemeyer hier aanhaal, is die besoek van A. Roland Holst aan Suid-Afrika in 1846 waar die aandag in so ‘n mate na die Nederlandse digter verskuif dat Louw soms tot die periferie gereduseer word. “Dit gee ‘n mens die gevoel dat Steyn se biografie in die rigting van die Engelse ‘life and times’-tipe lewensbeskrywing beweeg.”

Hoewel die oordadige uitweidings oor newefigure en die tweespalt tussen lewensverhaal en dokumentering iets swaartillends en ongebalanseerds aan die biografie gee, meen Kannemeyer (*ibid.*) dat die meeste lesers Steyn dankbaar sal wees vir die groot aantal nuwe en dikwels onbekende gegewens wat hy oor die lewensloop van Louw en die tyd van sy openbare optrede as skrywer met hierdie werk beskikbaar stel.

“Naas een van die omvangrykste biografieë oor ‘n Suid-Afrikaner,” besluit Kannemeyer (*ibid.*), “is dit dan ook ‘n monumentale werk wat ‘n sentrale plek inneem onder die klein aantal skrywersbiografieë wat ons in Afrikaans besit. Dit vergelyk meer as gunstig met die groeiende aantal skrywers-biografieë - soos dié oor Achterberg, Van Eeden, Slauerhoff en Henriette Roland Holst - wat die afgelope jare in Nederlands begin verskyn het, en sowel in omvang as in kwaliteit staan dit [...] nie agter by die [‘n] ryk tradisie in Engels nie.”

Vir Pheiffer (1999:74-75) lê die verbintenis tussen Steyn en Louw in die eerste plek op taalgebied. Hy verwys veral na Steyn se *Tuiste in eie taal*, en wys op die gemeenskaplike bewoënhed waarmee daar geskryf en betoog en geredeneer word oor Afrikaans, sy geskiedenis en sy regte as “klein taaltjie”.

Waar daar in Leon Rousseau se *Die groot verlanse* ‘n volslae gebrek aan ‘n bronne-opgawe was, is Pheiffer (*ibid.*) getref deur die ongelooflike volledigheid van Steyn se bronne-opgawe. Daar is egter meer persoonlike staaltjies, onbelangrike insidentjies en daaglikse doenigheid ingesluit as wat nodig is. Selfs uit die talle liefdesbriewe tussen Louw en Truida en nog ander word daar te uitvoerig oorgeneem. Nietemin word dit ‘n geheel van ontroerend menslike dokumente waarin selfs die geringste kommunikasie diep menslike implikasie blyk te hê. “Dit laat ten slotte die mens daaruit te voorskyn tree as wesens elk met sy of haar eie smart en verlangens en buie, waaruit dit nie moontlik is om die kwaad en die goeie te distilleer nie, dis te kompleks en tref te seer na alle kante toe [*sic!*]. So vind ek dit jammer dat Sheila Cussons nie bereid was om sommige van die stof tot haar beskikking vry te gee nie - maar gelukkig het sy dit tog aan Amanda Botha vir opname in *Insig* gegee.”¹²³

Pheiffer (*ibid.*) verwys ook na Louw se wêreldbeskoulike groei, wat “‘n komplekse proses verteenwoordig waarvan Steyn hom bewus is, maar wat nie oral heeltemal suksesvol uitgebeeld word nie”.

Volgens Pheiffer (*ibid.*) slaag Steyn daarin om met sy bronne-materiaal ‘n indruk te gee hoe Louw ingepas het by ‘n klein geselskring in die “Kom van Kaapstad”, die opwinding van die publiek oor sy eerste twee digbundels en “die herrie wat daar rondom gemaak is deur sekere akademici wat nie goed begryp het watter vernuwing daarmee gekom het nie”. Pheiffer (*ibid.*) meen egter tog dat Steyn “nie genoegsaam vir die Louws kon plaas in die kulturele kring waarin hulle beweeg het nie, asook die literêre vernuwing wat hulle gebring het nie: by wyse van groter emosionaliteit in hul gedigte, ‘n grondig nuwe woordeskat en verwysingswêreld, en eintlik aangesluit het by die Tagtiger-sensitivisme in Nederland, by die generasie van 90 en in mindere of meerdere mate ook by Nijhoff. Hierdie sterk Europese aansluiting kon tot beter uiting gekom het.”

Ampie Coetzee (1999:14) vat sý siening van Steyn se biografie oor N.P. van Wyk Louw soos volg saam: “This enormous bibliography, which is not only an intellectual bibliography, a critical bibliography or a literary bibliography, is the valued, necessary and respectful story of the life of one of the language’s greatest exponents.”

Ook Van Rensburg (1998a:4) skryf met lof van dié biografie en bestempel dit as “een van die belangrikste boeke wat in Afrikaans geskryf is”, terwyl Gaum (1998:11) dit as “monumentaal”, “baie tydige” en “‘n gedugte boek oor ‘n gedugte man” beskou. Botha (1999:11) bestempel dié biografie as ‘n “meesterlike lewensverhaal”. Scholtz (1998:8) som Steyn se biografie soos volg op: “Thomas Carlyle het op ‘n keer gesê: ‘The history of the world is but the biography of great men’.

So ‘n biografie het Jaap Steyn geskryf.”

Duvenhage (1999:82) meen die grootste verdienste van Steyn se biografie is “die enorme aantal bronne en gegewens wat hy getrou nagelees en versamel het om vir ons ‘n literêr-historiese blik te gee op een van die belangrikste, en in sommige kringe selfs allerheiligste Afrikaanse en Afrikaner intellektuele van hierdie eeu. Selfs al duisel mens ten aansigte van al die gegewens, bly Steyn se bydrae ‘n prestasie. Terselfdertyd is sy biografie meer as bloot literêr-histories - dit gee hier in die nagloed van 1994 ‘n bepaalde sosiaal-politieke perspektief op die Afrikaanse en Afrikaner-kultuur van die afgelope eeu wat vra om verdere debat, verkenning en kritiek.”

Vir Giliomee (1998:11) is die verskyning van Steyn se biografie oor Louw ‘n uitsonderlike gebeurtenis. Dit is ‘n werk wat die denke ontleed van ‘n figuur wat sekerlik die grootste intellektueel is wat in Afrikaans geskryf en gewerk het. Regverdig dit egter twee bande en meer as 1 200 bladsye oor die politieke en maatskaplike idees van ‘n figuur wat geskryf het oor sy verbintenis met radikale Afrikaner-nasionalisme en die Afrikaanse literatuur van ‘n halfeeue gelede? Het Van Wyk Louw se idees nie saam met Afrikaner-nasionalisme gesterf nie?

Giliomee (*ibid.*) verwys na ‘n onlangse doktorsale proefskrif waarmee ‘n Amerikaanse student, Mark Sanders, aan die Universiteit van Columbia gepromoveer het. In dié studie, *Complicities: On the Intellectual*, behandel Sanders intellektuele soos Louw, die Duitse filosoof Heidegger en Olive Schreiner. Die tema is die medepligtigheid of aandadigheid aan ‘n verdrukkende stelsel deur denkers wat veronderstel is om vreesloos die waarheid te spreek: Schreiner in die geval van die verdrukking van die vrou, Heidegger in die geval van Nazisme en Louw in die geval van apartheid.

“Louw,” skryf Giliomee (*ibid.*), “het [...] voor ‘n tweeledige uitdaging gestaan. Ten eerste gaan dit om die verbreking van die bande van intellektuele en ideologiese knegskap aan die koloniale moontheid. Daarna kom die verhouding van die intellektueel tot die nuwe vrye nasie ter sprake en sy houding teenoor verdrukking en menseregteskendings wat in die naam van die volk gepleeg word. [...] Die term ‘lojale verset’ saam met ‘voortbestaan in geregtigheid’ staan sentraal in Louw se politieke denke en het amper sjibbolets in die meer verligte Afrikanerkringe geword, maar ewe belangrik was Louw se anti-kolonialisme. [...] Louw het die las van die Europese liberale tradisie probeer afskud deur te argumenteer dat die liberale beginsels nie net so op Suid-Afrika as ‘n veelrassige en multi-etniese land van toepassing gemaak kan word nie. [...] Pleks daarvan het hy geprobeer om Afrikaner- en Afrika-nasionalisme met mekaar te versoen deur die ‘afsonderlike ontwikkeling’ van die twee groepe. Hiermee word hy dus ‘n ondersteuner van ‘positiewe’ apartheid. [...] Sanders bring die geldige kritiek teen Louw in dat hy nooit werklik daarin belang

gestel het om hierdie gedagtes aan dié van swartes te toets nie. Die swartes het vir hom objekte gebly. [...] Die groot vraag is dus: Was Van Wyk Louw ‘n aanklaer of apologet binne ‘n verdrukkende orde? Sanders beskou Louw as ‘n apologet, maar dit was ‘n oordeelsfout. Louw was veels te kompleks as figuur om in ‘n hokkie geplaas te word. [...] Die klag word soms teen Louw gelê dat hy ‘n hele geslag Afrikaners beweeg het om nie teen apartheid in opstand te kom nie. Veral dié wat in die apartheidjare ‘binne die raamwerk’ van die nasionalistiese *establishment* geopereer het, het hulle graag op die lojaliteit van die oproep beroep. Hierteenoor staan die feit dat iemand soos Johan Degenaar, wat buite die *Afrikaner-establishment* gestaan het, met veel groter doeltreffendheid Louw se gedagte van ‘voortbestaan in geregtigheid’ kon gebruik om Afrikaners te oorreed om van bevoorregting en dominansie weg te breek. [...] In die geskiedenis van onafhanklike swart Afrika het swart denkers hoofsaaklik stil gebly toe regerings met die eenpartystaat demokrasie verkrag het. Of ons land se intellektuele sal swyg oor magsdronkheid en die verryking van ‘n elite terwyl die armes al swaarder kry, sal ons nog moet sien. [...] Maar een ding is seker: die dilemmas van lojale verset en voortbestaan in geregtigheid waarmee hulle sal worstel, het Louw miskien beter as enigiemand anders uitgestippel.”

Drie weke ná die verskyning van Giliomee se stuk skryf Van Rensburg (1998b:11) ‘n artikel waarin hy aantoon dat Louw se idees oor verset en geregtigheid wel versoenbaar is. Louw was volgens Van Rensburg (*ibid.*) heeltemal bewus van die moontlikheid van misverstand wat sy denke oor die politiek ingehou het. Daarom stel hy in *Liberale nasionalisme* ‘n (waarskynlik fiktiewe) kritiese jong Engelssprekende aan die woord wat vrae aan hom stel tydens die “konstitusionele krisis” van die jare vyftig van die vorige eeu toe die regering die bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys verwyder en op ‘n aparte kieserslys geplaas het. In antwoord hierop sit Louw die denkraamwerk van “die redelike mens” of intellektueel uiteen. Wanneer dit, byvoorbeeld, in die politiek gaan om ‘n volk wat verdruk word, ‘n groep aan wie nasionale regte - veral taal- en kulturele regte - ontsê word, is die redelike mens geneig om ‘n nasionalis te word. Wanneer hy egter binne ‘n volk gebore is wat soos ‘n selfsugtige mens alleen sy eie regte laat geld - ook teenoor ander volke - word hy “internasionalis”. Wanneer hy ekonomiese ongelykheid en verdrukking gewaar, is hy geneig om sosialis van een of ander aard te wees, maar wanneer hy merk dat die groot massa - selfs ‘n arm en verdrukte gemeenskap - in sy stryd om die bestaan die vryheid van die aparte lede van die massa bedreig, word hy individualis of liberalis. “Die ruim perspektief waaruit Louw die taak van ‘n nasionale denker gesien het,” skryf Van Rensburg (*ibid.*), ‘het meegebring dat hy nie alleen denker van en vir een spesifieke volk geword het nie; ook nie noodwendig net vir die klein volkere van die

wêreld nie; maar potensieel vir alle volkere, selfs die grootstes, in wie se geval die nasionale gevoel net maar na 'n onbewuste vlak teruggesak het, en op enige oomblik weer, deur 'n insident of 'n bedreigde belang, geaktiveer kan word.”

Botha (1999b:18) het hoë lof vir *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* en bestempel dit as “gewis monumentaal”, maar vind die detail soms oorweldigend. “Maar ons weet ook almal dat daar niks soos detail is om dinge dood te maak nie,” skryf Botha (*ibid.*). “Ten slotte is dit 'n kwessie van keuse. Die biograaf moet ons nie oorweldig met irrelevante praatjies nie. Hy moet weet hoe om direk op die pregnante slag wat openbaar, af te stuur, om dit uit kies, dit te beklemtoon, sonder om dit te oordoen, en om die onbeduidende massa detail, wat dinge net verduister en verwar, te vermy” [*sic!*]. Verder skryf Botha: “Een opvallende element in hierdie lewensverhaal is Louw se liefdeslewe - van sy eerste vrou, Ella Vlok, later Joan Wessels, met wie hy in 1930 getroud en in 1940 geskei is, Truida Pohl, met wie hy in 1941 getroud is, en 'n buite-egtelike verhouding in die laat jare veertig tot die ontsteltenis van sy broer (W.E.G. Louw), met Sheila Cussons” [*sic!*].

Hierdie resensie van Botha, veral bogenoemde twee aanhalings, het 'n polemieek in die kleine veroorsaak.

“Die Afrikaanse leser van boekresensies verdien veel beter - en is ook aan beter gewoond,” skryf Hugo (1999b:10) bykans 'n week ná Botha se resensie in *Die Burger*. Die resensent was volgens hom glad nie in staat om Steyn se werk na waarde te skat nie. Hugo het dit veral teen Botha se “venynige gevolgtrekking” dat “die toekenning van gesaghebbendheid ten slotte, helaas, op hoorsê [berus]”. Steyn sou hom glo ook skuldig maak aan “die opstapeling van klein besonderheidjies”. “Het die resensent hom meer aan klein besonderheidjies gesteur,” betoog Hugo (*ibid.*), “sou hy nie die volgende verwardheid kwytgeraak het nie: ‘Een opvallende element in hierdie lewensverhaal is Louw se liefdeslewe - van sy eerste vrou, Ella Vlok, later Joan Wessels, ‘met wie hy in 1930 getroud en in 1940 geskei is, Truida Pohl, met wie hy in 1941 getroud is ...’ Wat staan daar? Dat Louw drie keer getroud was?’” Hugo (*ibid.*) skryf verder: “Naas dié feitelike onsin bedien Botha hom ook van dié fraai stukkie stilistiese onsin: ‘Die biograaf moet ons nie oorweldig met irrelevante praatjies nie. Hy moet weet hoe om direk op die pregnante slag wat openbaar, af te stuur ...’ ‘n Pregnante slag wat openbaar en waarop 'n mens kan afstuur?! [...] Wie só skryf, mag nie op 'n intelligente leserspubliek losgelaat word nie.”

Ook Kannemeyer (1999d:10) reageer op Botha se resensie en vra waarom *Die Burger* iemand van wie nie eens 'n kort artikeltjie oor Van Wyk Louw bekend is nie, gevra het om die magistrale biografie van J.C. Steyn te resenseer. Sy [Botha se] bespreking getuig van 'n onmag - omdat hy nie

aan die grootsheid van Steyn se onderneming laat reg geskied nie - en onkunde - omdat hy van die taak van die biograaf “geen snars begryp nie”. “Om te beweer dat gesaghebbendheid op ‘hoorsê’ berus, plaas ‘n vraagteken by die status en gesag wat Steyn [...] oor baie jare verwerf het. Om te beweer dat ambisie naas liefde as ‘universele biografiese element’ [...] die groot dryfveer van Louw was, verraai ‘n power insig oor die subjek van hierdie biografie. [...] Hy [Botha] het dit egter mis. ‘n Biografie kom nie altyd tot stand uit iemand se begeerte om ‘n ‘blywende monument’ op te rig nie. Ten grondslag van iedere geslaagde biografie lê ‘n diep emosie: meestal verering, hoë agting of liefde, maar dikwels ook afsku en haat. Alan Bullock se meesterlike biografie oor Hitler is sekerlik nie die produk van iemand wat ‘n “blywende monument” vir ‘n tiran wou oprig nie. [...] Uit sommige van die gewaande foute wat hy wil aantoon, word dit duidelik hoe sleg die resensent Steyn se studie gelees het, terwyl die hele procédé dié is van ‘n man wat klein vlootjies wil vang en in dié proses geen werklike greep op die werk openbaar nie. Om te sê dat biografieë “nie as geskiedskrywing gereken [word] nie”, getuig miskien, meer as enige ander vergryp in hierdie resensie, dat Botha nie weet waarvan hy praat nie. En om te sê dat daar in die Afrikaanse literatuur ‘min kandidate’ vir ‘n biografie oorbly, laat ‘n mens vermoed dat hy ook dié literatuur maar sleg ken. Biografiese geskiedskrywing by ons het maar pas begin en die veld lê wyd vir almal wat hulle met die nodige oorgawe en kundigheid aan hierdie belangrike taak wil wy. [...] Dit is jammer dat *Die Burger* so ‘n oningeligte bespreking plaas oor ‘n werk wat ek as een van die belangrikste geesteswetenskaplike arbeid by ons van die afgelope tientalle jare beskou.”

In dieselfde uitgawe van *Die Burger* antwoord Botha (1999a:10) en sê dat hy die bitsige reaksie van Hugo en Kannemeyer verstommend vind. Hy skryf die fout oor Louw se huwelike en sy Astilistiese onsin” toe aan “‘n onvergeeflike lomp tikvinger en ‘n spul Van Donnerhellings in my woordverwerker [wat] my feite verdraai en my styl laat strompel [het]”. Oor die kwessie van “hoorsê” laat Botha (*ibid.*) hom soos volg uit: “Ek ontleen die term [...] aan jare lange studie van kognitiewe outoriteit. [...] Steyn moet sy gesaghebbendheid as biograaf nog grootliks verwerf, ondanks sy ander voortreflike werk - soos Karel Schoeman en J.C. Kannemeyer albei moes - ‘n lang proses. Só sal Steyn ook sy gesaghebbendheid oor Louw moet verwerf, afhangende van hoe hierdie produk van hom mettertyd deur ander Louw-kenners ontvang word. Hugo se verwysing na my ‘verdagnakery’ en ‘venynigheid’ in hierdie verband laat my oorbluf vra: Is literature werklik so agterdogtig of is dit natuurlike argwaan?”“ Oor Kannemeyer se bewering dat hy “geen snars van die taak van die biograaf begryp nie”, skryf Botha (*ibid.*): “Hy [Kannemeyer] mag gerus op grond van een misverstaande resensie tot so ‘n verpletterende slotsom kom. Sy styl is syne. ‘n Mens leer hieruit hoe

Hy sy oordele elders moet bejeën. [...] Oor biografieë en geskiedskrywing [...]: Ek het oor daardie stelling opnuut verskeie moderne bronne en praktiserende historici geraadpleeg. Daar is groot meningsverskil, maar my slotsom is dat biografieë nie onder formele historiografie ingedeel word nie. Hulle vorm 'n eie-soortige geskrifsoort, 'n afsonderlike historiese genre. Die debat hieroor is goed gedokumenteerd en baie oud. [...] Deurslaggewend is dat 'n historiese geskrif getoets word aan die hand van die heuristiek [...], kritiek [...] en hermeneutiek [...]. Daar is natuurlik vandag metodoloë wat ernstig sê: 'Anything goes!'

Dié polemieë in *Die Burger* word twee dae later voortgesit wanneer Hugo (1999a:10) vir Botha antwoord en op verdere feitefoute in sy resensie wys; Rosa [Nepgen] Louw (1999:10) vir Botha verwyt dat hy nie die grootsheid en waarde van die biografie raakgesien het nie; en Van der Merwe (1999: 10) hom met Kannemeyer se stelling vereenselwig dat hy Steyn se biografie oor Louw as "een van die belangrikste stukke geesteswetenskaplike arbeid van die afgelope tientalle jare beskou".¹²⁴

'n Aspek wat deur verskeie resensente uitgewys is, is die feit dat Sheila Cussons nie bereid was om haar samewerking aan hierdie biografie te verleen nie. Steyn (1998a:vii) skryf dat Cussons geweier het om haar medewerking te verleen. Nadat *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* teen die einde van 1998 verskyn het, het Cussons egter op versoek van die maandblad *Insig* ingewillig om "ter wille van die literêre rekord" met Amanda Botha oor haar liefdesverhouding met Louw te praat. Hierdie onderhoud verskyn in *Insig* se uitgawe van Januarie 1999.

Volgens Botha (1999:1) het die verhouding tussen Sheila Cussons en N.P. van Wyk Louw verskillende fasette en fases gehad. Albei het erken dat dit vir hulle baie betekenisvol was en het dit as "'n groot liefde" beskou. Dit was, in Cussons se woorde, "beslis geen episodiese affaïretjie" nie. Daarvan getuig hul briewe aan mekaar en ook hoe die verhouding in hul werk neerslag gevind het. Dit was in wese "'n skeppende, intellektuele en geestelike assosiasie".

Hoewel Cussons haar samewerking weerhou het van Louw se biograaf, en ook die geleentheid van die hand gewys het wat Tafelberg-uitgewers haar aangebied het om insae in die manuskrip te hê, het sy ingewillig om in 'n onderhoud op uitnodiging van *Insig* enkele kantaantekeninge te maak "ter wille van die rekord" (*ibid.*).

Sy wou nie op Steyn se vrae antwoord nie omdat sy nie haar liefdesverhouding en verbintenis met Louw wou bespreek nie. Hierdeur, glo sy, het sy "dié verstandhouding met Wyk gerespekteer om nooit iets wat vir ons waarde gehad het, te verloën nie" (*ibid.*).

Daarna wei Cussons uit oor haar ontmoeting met Louw in 1946 in sy Cliftonse huis, hul latere

ontmoeting en verhouding in Amsterdam, die aard en inhoud van hul verhouding en die wyse waarop hulle met mekaar se poësie omgegaan het (*ibid.*).

Ten slotte wys Cussons ook op drie foutiewe aannames deur Steyn, onder meer dat sy by tye finansiële afhanklik van Louw was en dat hy by geleentheid glo “onhoflik, grof of beledigend” teenoor haar opgetree het (*ibid.*).

Hierdie artikel het minstens een negatiewe lesersreaksie ontlok. In die Maart-uitgawe van *Insig* skryf ene Louise Lipshitz (1999:7): “Dit is met stygende verbasing dat ek Sheila Cussons se ‘repliek’ op JC Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* en haar relaas oor haar en Louw se liefdesverhouding “ter wille van die literêre rekord” [...] gelees het. Dit verbaas my dat sy geweier het om op Steyn se uitnodiging insette te lewer tydens die skryf van die boek, asook om op die uitgewer se uitnodiging insae te hê in die manuskrip - volgens haar omdat sy ‘die verstandhouding met Louw gerespekteer het om nooit iets wat vir ons waarde gehad het, te verloën nie’. Tog speel sy nou in *Insig* heerlik martelaar, maak ‘regstellings’ oor wat Steyn in sy boek geskryf het, verduidelik breedvoerig hierdie ‘groot liefde’ tussen haar en Wyk en vertel in kleur en geur van hulle ‘gunsteling saam wees en saam doen’ oor glasies jenewer - terwyl Truida tuis kinders vermaak. Waar is haar heilige nie-verloën-van-dit-wat-vir-hulle-waarde-gehad-het dan nou? Waarom het sy in die eerste plek nie met die skrywer en die uitgewer van die biografie saamgewerk en die ‘feite’ van die begin af korrek laat weergee nie? Is dit omdat méér mense *Insig* lees as dié wat lywige biografieë lees, en sy daar-deur baie meer aandag op haarself gevestig gekry het?”

‘n Geldige vraag wat seker gevra kan word, is of dit eties regverdigbaar is dat biograwe hul subjekte se persoonlike lewens oopvlek en op selfs die intiemste van intieme besonderhede ingaan. Die tradisie van die blote verheerliking van hul subjekte deur biograwe is reeds lankal deur Boswell, Strachey en andere verbreek. In die plek daarvan het die oper en meer onthullende biografie gekom wat selfs in die uiterste voorbeelde sensasioneel is en swak smaak openbaar. Aan hierdie vergryp het Suid-Afrikaanse literêre geskiedskrywers hulle nog nie skuldig gemaak nie. Dit is egter ironies dat N.P. van Wyk Louw - juis hý wat só sterk teen “die mens agter die boek” gekant was - sêlf die subjek - en dalk slagoffer? - van ‘n omvattende, onthullende biografie geword het.

Dit is nie moontlik om Louw se moontlike gevoel oor of waarskynlike reaksie op Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* met sekerheid te agterhaal nie. Insiggewend egter is die woorde van Merwe Scholtz (1998:8) tydens die amptelike bekendstelling van dié biografie in Kaapstad: “Hierdie beskeie, oënskynlik bedeesde man [Steyn], moes die storie ván, dikwels die stories óór, vertel van die Van Wyk Louw agter die boek, ‘n man wat ‘n broertjie dood had aan dié kritici wat hulle verdiep

het in en dikwels verlustig het aan biografiese besonderhede van die man agter die boek. Of hy dit reggekry het? Ek meen wel. Steyn se boek is geen literêre kritiek nie. Dis suiwer biografie. [...] Die intiem-persoonlike en die minder persoonlike word sonder gebaar of misbaar, sonder enige drukte aangebied as feitelikheid. ‘n Mens moet daarby onthou dat selfs ‘n skinderstorie ‘n feitelikheid is: dis lank nie altyd die waarheid nie, maar mens weet ten minste wie wát gesê het. Louw se intieme familie, in die eerste plek die gesin, is by die skryf deur Steyn geken. Die manuskrip is kruis en dwars gekontroleer. En bloot al die nugtere, ewewigtige en die sorgvuldig gedokumenteerde aanbieding wek vertrouwe. Of Louw sêlf met die biografie genoeg sou geneem het? Ek dink ‘n mens mag dit só stel: as Louw nie Louw was nie, as hierdie biografie oor iemand anders as hyself gegaan het, is ek oortuig daarvan dat Louw geesdriftig daarvoor sou gewees het. Hoewel, miskien ...”

Die implikasie van Scholtz se woorde is dat Louw nie met hierdie biografie geneë sou wees nie. Hierdie gevolgtrekking is waarskynlik juis.

Hoe dit ook al sy, N.P. van Wyk Louw is dood, en hoe graag hy miskien ook al sou wou, kan hy geen jota of tittel verander nie.

In sy studie het Steyn, benewens Louw se triomfe, deurgedring tot “de meest verborgen geheimen [...] de meest onsmakelijke details” van sy lewe, soos Dresden (1956:100) dit gestel het.

Louw se geleefde lewe was betreklik privaat. Nou het sy geskryfde lewe openbare besit geword. Die vraag is miskien hoe deeglik, betroubaar en met watter verantwoordelikheid en empatie sy biograaf gestalte aan sy lewe en werk gegee het. Steyn se biografie is goed; dááror kan geen twyfel bestaan nie.

AANTEKENINGE

- ¹ Laasgenoemde onder die redakteurskap van Hertzog Venter.
- ² Vergelyk, onder meer, D'Assonville, V.E., op p. x in "Vooraf" in TOTIUS. 1977. *Versamelde werke 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- ³ Dié oor Ernest Hemingway en D.H. Lawrence.
- ⁴ As "Winternag", wat in 1905 in *Land en Volk* verskyn het, inderdaad as die eerste belangrike gedig in Afrikaans beskou kan word. Jan F.E. Celliers se *Die vlakke en andere gedigte* het in 1908 verskyn.
- ⁵ Benewens ander titels.
- ⁶ In 1998, 24 jaar ná die verskyning van *Die groot verlange*, verskyn dan ook, in 'n beperkte oplaag, *Die dowwe spoor van Eugène Marais*, 'n informele bronneboek by Marais se lewensverhaal. In 2000 verskyn 'n tweede, hersiene uitgawe.
- ⁷ Sien byvoorbeeld ROUSSEAU, LEON. 1977. "Die agtergrond van *Die groot verlange*." In *Standpunte*, XXX: 6, Desember 1977, p. 5 e.v.
- ⁸ 11^{de} druk, 1945.
- ⁹ Tydens 'n lesing voor die Afrikaanse Studiekring, Stellenbosch, op 11 September 1975.
- ¹⁰ George du Maurier.
- ¹¹ Deur Vladimir Nabakov.
- ¹² 1940. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- ¹³ Op 15 Januarie 1975.
- ¹⁴ In 1982.
- ¹⁵ 5^{de} hersiene uitgawe onder redaksie van P.J. Nienaber.
- ¹⁶ Oor D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt.
- ¹⁷ Oor N.P. van Wyk Louw.
- ¹⁸ Aangehaal in Rousseau, 2000:121.
- ¹⁹ *Ibid.*
- ²⁰ In *Hoofstad* op 19 November 1974.
- ²¹ In *Beeld* op 27 November 1974.
- ²² Waartoe hy nie verder uitwei nie.
- ²³ Onder meer Fred le Roux, Canis Scholtz en Danie van Niekerk.
- ²⁴ Dié met Marié Opperman en Fred le Roux.
- ²⁵ Human & Rousseau.
- ²⁶ "Biografiese geskiedskrywing: teorie en praktyk."
- ²⁷ In Augustus 1986 opgeneem in *Standpunte*, XXXIX:4; en, in 1989, in *Getuigskrifte*. Kenwyn: Jutalit.
- ²⁸ Bogenoemde referaat is na my wete nooit gepubliseer nie. Ek het egter die betrokke beraad bygewoon en die referaat self gehoor.
- ²⁹ Sien 27 hierbo.
- ³⁰ Sien 27 hierbo.
- ³¹ Sy *Versamelde poësie* het eers in 1987 verskyn.
- ³² Aangehaal deur Kaplan, Justin, in AARON, DANIEL (red.). 1978. *Studies in Biography*. Cambridge (Massachusetts) en

Londen: Harvard University Press.

³³ “‘n Antwoord aan Gerrit Olivier”; in 1989 opgeneem in *Getuigskrifte*. Kenwyn: Jutalit.

³⁴ Ekself was in daardie stadium bestuurder van Jutalit en was ten nouste betrokke by die werwing en publikasie van hierdie boek.

³⁵ 1990.

³⁶ 1 Januarie - 10 April 1992.

³⁷ Tydens ‘n Langenhoven-lesing aan die Universiteit van Port Elizabeth op 7 September 1995.

³⁸ *Ibid.*

³⁹ In 1965 gepubliseer as *Die stem in die literêre kunswerk*.

⁴⁰ 1962. Kaapstad: Human & Rousseau.

⁴¹ 1973. Kaapstad: Tafelberg.

⁴² Saamgestel deur Alba Bouwer, Anna Rothman en Rykie van Reenen. 1977. Kaapstad: Tafelberg.

⁴³ Aangehaal in Kannemeyer, 1995b:677.

⁴⁴ *Insig*, Mei 1995. Op p. 36.

⁴⁵ Engelse vertaler, literêre geskiedskrywer en kritikus. Sy outobiografie, *Father and Son* (1907), word as klassiek beskou.

⁴⁶ “Starting Again: One of the Problems of the Biographer.” In BATCHELOR, JOHN (red.). 1995. *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press. Op p. 204.

⁴⁷ Feite en syfers ontleen aan Holmes, Richard. 1995. “Biography: Inventing the Truth.” In BATCHELOR, JOHN (red.). *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press. Op p. 16.

⁴⁸ 1978. Kaapstad: Tafelberg.

⁴⁹ Aangehaal in Edel, 1957:213.

⁵⁰ Kannemeyer, J.C. 1989. *Kritiese aanloop*. Kenwyn: Jutalit; en Leipoldt, C. Louis. 1990. *Literêre causerie*. 1990. Kenwyn: Jutalit.

⁵¹ Onder meer Multatuli se *Max Havelaar*.

⁵² Onder meer Emily Hobhouse, wat hy reeds in Suid-Afrika ontmoet het, en Florence Nightingale, met wie hy as jong man twee onderhoude gehad het.

⁵³ Wat in 1907 in die *Westminister Review* verskyn.

⁵⁴ Onder meer *The School Nurse: Her Duties and Responsibilities* wat in 1912 by die Scientific Press in Londen verskyn.

⁵⁵ Hy het die rang van kaptein bekleed, was deel van 6 Berede Brigade Veldambulans en het die spesiale opdrag gehad om genl. Louis Botha se persoonlike geneesheer te wees.

⁵⁶ Leipoldt se resensies en kritiese opstelle oor die literatuur word in 1989 en 1990 opgeneem in J.C. Kannemeyer se *Kritiese aanloop* en in Leipoldt se *Literêre causerie*, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer. Beide publikasies het by Jutalit, Kenwyn, verskyn.

⁵⁷ Met Langenhoven se afsterwe teken hy byvoorbeeld die volgende in sy sakkdagboekie aan: “Langenhoven died - much laudatory - de mortuis etc. He was an overrated, hypocritical, third rater with no real sentiment or artistry in him.” Daarteenoor het hy, ondanks alle lewensbeskoulike verskille, ‘n waardering vir Totius gehad. Vir I.D. du Plessis het hy as een van die beste jongeres beskou, “omdat hy spontaneïteit en oorspronklikheid aan die dag lê en die Godgeseënde gawe van ‘n ‘sense of humor’ het”. By geleentheid het hy ook, waarskynlik ten onregte, na N.P. van

Wyk Louw as 'n dadaïes verwys en gesê dat “Die hond van God” onder invloed van Francis Thompson se “The hound of heaven” geskryf is. W.E.G. Louw se *Die ryke dwaas* het hy as na-apery afgemaak.

⁵⁸ Oor wie die gedig “Wys my die plek” handel.

⁵⁹ Onder meer die skryfsters Annie Schumann en Elsa Joubert en 'n seuntjie van die digter Boerneef.

⁶⁰ Waarvoor hy in 1934 die Hertzogprys vir poësie ontvang. Hy ontvang ook in 1944 die Hertzogprys vir drama vir *Die heks* en *Die laaste aand*.

⁶¹ Hoofstuk XVII.

⁶² Onder meer Peter Schrooder, Reggie Waugh, Ken Goldswain, sy wettig aangenome seun, Jeff Leipoldt, en Peter Shields.

⁶³ Interessant is die reaksie van W.E.G. Louw op dié verse. Ná die verskyning daarvan skryf hy aan N.P. van Wyk Louw: “Het jy die simpel verse van Leipoldt in 'n onlangse no. van *De Stoep* gesien? Werklik, dit lyk my hy is heeltemal uitgeskrywe. Dit is eenvoudig 'n kindse gerymel.”

⁶⁴ Onder meer *C. Louis Leipoldt, eensame veelsydige* (1948), onder redaksie van P.J. Nienaber, later gedeeltelik herdruk en bygewerk as *Leipoldt in woord en beeld* (1980); die digbundels *Die Moormansgat en ander verhale natuurverse* (1948) en *Geseënde skaduwees* (1949), wat deur P.J. Nienaber en J.R.L. van Bruggen geredigeer is; *The Ballad of Dick King and Other Poems* (1949); *300 Years of Cape Wine* (1952); Leipoldt se “Jeugherinneringe”, wat die eerste hoofstuk van sy outobiografie sou wees, wat as bylaag in Markus Viljoen se *'n Joernalis vertel* (1953) gepubliseer word; *Polfyntjies vir die proe* (1963), wat deur Fred le Roux byeengebring is; *Cape Cookery* (1976); die doktorsale proefskrifte *Leipoldt as digter* (1954), deur Jan Kromhout, en *C.L. Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling* (1960), deur M.P.O. Burgers; N.P. van Wyk Louw se studie oor “Leipoldt as digter”, wat later in sy *Versamelde prosa 2* (1986) opgeneem word; W.E.G. Louw se opstelle “Vormprobleme by Leipoldt” (1947) en “Leipoldt se skryfmetode (1948), wat in sy *Ou wyn van vreugde* (1958) opgeneem word; P. du P. Grobler studies oor die hele oeuvre en “'n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie”, wat in die tweede uitgawe van P.J. Nienaber se *Perspektief en profiel* (1960) en in Grobler se *Verkenning* (1962) verskyn; J.C. Kannemeyer se ondersoek na Leipoldt se teksversorging in *Konfrontasies* (1977) en dié van T.T. Cloete oor “Leipoldt as digter van besonderhede” in *Kaneel* (1970); D.J. Opperman en Merwe Scholtz se opstelle oor “Oom Gert vertel” in onderskeidelik *Naaldekokker* (1974) en *Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle* (1975), wat die geykte siening van oom Gert as “rasegte” Boer omdop; E.M. Sandler se versameling Leipoldt-briewe onder die titel *Dear Dr Bolus* (1980); Stephen Gray se ingrypende redigering van *Stormwrack* (1980); Pieter Grobelaar se fotoboek *C. Louis Leipoldt 28 Desember 1880 - 12 April 1947* (1980); en *Kritiese aanloop* (1989) en *Literêre causerie* (1990), wat albei deur J.C. Kannemeyer geredigeer word.

⁶⁵ Sien 4.6.1 hieronder.

⁶⁶ In antwoord hierop het Kannemeyer aan Wium van Zyl (Van Zyl, 2000:8) gesê dat Gray sekere aanhalings in sy boek buite verband aangehaal en geplooi het soos hy verkies het. “My opinion of the reviewer of the *Mail & Guardian* [Gray] is that he was climbing on the fashionable bandwagon (although now a bit passé) of character assassination!”

⁶⁷ Junie 2001.

⁶⁸ Opperman het in 1945 gedebuteer, is in 1985 oorlede en sy biografie deur J.C. Kannemeyer het in 1986, pas 'n jaar na sy dood, verskyn.

⁶⁹ Dit is nogal opvallend hoe dikwels werke van biografiese aard, veral in Afrikaans, as “monumentaal” bestempel word.

- Meer as een resesent het hulle al aan hierdie mode skuldig gemaak: onder meer Chris Barnard oor Leon Rousseau se *Die groot verlange*, Leon Rousseau oor J.C. Kannemeyer se *D.J. Opperman: 'n Biografie*, Ernst van Heerden oor Kannemeyer se Opperman-biografie, Stephen Gray en H.P. van Coller oor Kannemeyer se *Leipoldt: 'n Lewensverhaal* en J.C. Kannemeyer, Gerrit Olivier, Willem Botha en Frits Gaum oor J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal*.
- ⁷⁰ J.C. Kannemeyer se biografieë oor Opperman en Langenhoven is byvoorbeeld op 'n draagbare tikmasjien geskryf; so ook is Leon Rousseau se biografie oor Marais op 'n gewone tikmasjien geskryf.
- ⁷¹ In Malherbe se aantekeninge staan woorde soos “maanmalheid”, “sieklieke jeugdige Schwärmerei”, “banaal”, “niks-bedeutende satire”, “bakvisverliefdheid” en “sieklieke selfbejammering”. Tydens 'n latere bespreking van die manuskrip deur die VVB het Malherbe gesê die manuskrip is “om mislik van te word” en “om van te kots”. In verband met een passaat het Malherbe ook die woord “jags” gebruik.
- ⁷² Hy het dit afgekeur.
- ⁷³ Volgens H.A. Mulder.
- ⁷⁴ Volgens T.T. Cloete.
- ⁷⁵ Die boot waarmee Marsman na Engeland, van waar hy na Suid-Afrika sou vertrek, onderweg was, is egter op 21 Junie 1940 by Falmouth getorpedeer. Marsman het omgekóm.
- ⁷⁶ Op 1 Junie 1940.
- ⁷⁷ Later het dit geblyk dat dit Fred le Roux (Klaas Komyn) en Jan Greshoff (Kees Konyn) was.
- ⁷⁸ Waarvan Louw mede-oprigter was.
- ⁷⁹ Onder meer 'n eredoktorsgraad in die Lettere en Wysbegeerte aan die Rijksuniversiteit van Utrecht.
- ⁸⁰ Truida het in Kaapstad agtergebly as gevolg van die geboorte van hul seun, Peter, op 13 Januarie 1950.
- ⁸¹ Onder meer P. du P. en Jeanette Grobler, Merwe en Ria Schotz, Hennie Truter en Stoffel en Sheila Nienaber.
- ⁸² Wat tot 'n breuk tussen die twee digters gelei het.
- ⁸³ Wat in briewe aan sy familie gekla het dat “die ‘goue haan’ [Louw] sy vrou afgeneem het”.
- ⁸⁴ Wat die einde van die vriendskap tussen Louw en Greshoff tot gevolg gehad het.
- ⁸⁵ Waardeur die Kleurlinge van Kaapland op 'n afsonderlike kieserslys geplaas is.
- ⁸⁶ T.T. Cloete, in 1953, wat 27 jaar later ook as digter sou ontpop.
- ⁸⁷ Wat in 1953 as *Digters van Dertig* gepubliseer word.
- ⁸⁸ Onder meer Louw se brief op 30 November 1953 aan Opperman waarin die nou klassieke woorde “bul teen bul” voorkom.
- ⁸⁹ Louw was verantwoordelik vir die libretto.
- ⁹⁰ Wat in 1960 met die Hertzogprys vir drama bekroon is.
- ⁹¹ Wat, in 1958, saam met Louw se *Maskers van die erns*, *Lojale verset* en *Berigte te velde*, met die Hertzogprys vir kritiese prosa en essays bekroon is.
- ⁹² Veral as verteenwoordiger van sy tyd.
- ⁹³ Wat op 19 Oktober 1950 Minister van Naturellesake geword het.
- ⁹⁴ Offisieel die “Kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika”.
- ⁹⁵ Waarvoor Opperman in 1956 die Hertzogprys vir drama ontvang het.
- ⁹⁶ Einde 1957, begin 1958.
- ⁹⁷ Weer eens alleen, soos in 1950 na Amsterdam.

- ⁹⁸ Die Taalfeesjaar, waarin “Die wonder van Afrikaans” gedenk is.
- ⁹⁹ Tydens ‘n gradeplegtigheid aan die Universiteit van Pretoria op 17 Maart 1961.
- ¹⁰⁰ In ‘n reeks radiopraatjies getiteld “Vers en gedagte” wat tussen 10 September 1961 en 23 September 1962 uitgesaai maar nooit gepubliseer is nie.
- ¹⁰¹ Onder die redakteurskap van Dirk Richard, en wat die eerste keer op 8 Oktober 1961 verskyn het.
- ¹⁰² Op 13 November 1961.
- ¹⁰³ Opgeneem in sy *Versamelde gedigte* (1981); sien verder VAN DER COLF, A.P. 1980. *Poësie en godsdiens*. Johannesburg: Perskor, pp. 160-177.
- ¹⁰⁴ Wat in 1965 met die Hertzogprys vir poësie bekroon is.
- ¹⁰⁵ Steyn dui die verskyningsdatum [foutiewelik] as 1962 aan; dit kan egter wees dat die verskyningsdatum foutief in *Dagboek van ‘n soldaat* aangegee word.
- ¹⁰⁶ En bewonderaar van hulle.
- ¹⁰⁷ Veral André P. Brink, met verwysing na *Lobola vir die lewe*, en Etienne Leroux, met verwysing na *Sewe dae by die Silbersteins*.
- ¹⁰⁸ Dit is egter in 1975 deur die SAUK uitgesaai.
- ¹⁰⁹ Mei 1964.
- ¹¹⁰ Volgens Verwoerd was die stuk nie histories getrou nie, aangesien van pres. Steyn nie ‘n held nie, maar ‘n patetiese figuur gemaak is.
- ¹¹¹ Onder meer twee eredoktorsgrade aan Louw deur die Universiteit van Stellenbosch en Rhodes-Universiteit.
- ¹¹² Op 6 September 1966 in die Volksraad in Kaapstad.
- ¹¹³ Die betrokkenes by dié Fees was die Departement van Landbou, die georganiseerde landbou en Veldtrust, ‘n vereniging wat in 1934 gestig is om Suid-Afrikaners bewus te maak van natuurbewaring.
- ¹¹⁴ Op voorstel van sen. P.A. (Pieter) Stoffberg.
- ¹¹⁵ Hy was daarteen gekant en het dit as ‘n “Stalin-prys” bestempel.
- ¹¹⁶ Die moontlikheid van ‘n hartoorplanting is selfs genoem. Dit het gevolg kort nadat dr. Chris Barnard op 3 Desember 1967 die eerste hartoorplanting in die wêreld op die 53-jarige Louis Washkansky gedoen het.
- ¹¹⁷ Desember 1969.
- ¹¹⁸ Hy het in 1968 ‘n kursus in staatsreg en ander Ll.B.-vakke by Unisa gevolg, maar nooit eksamen geskryf nie.
- ¹¹⁹ Onder meer P.G. du Plessis en Karel Schoeman.
- ¹²⁰ Wat in 1970 as *Rondom eie werk* gepubliseer is.
- ¹²¹ Op 27 Mei 1970.
- ¹²² Onder meer deur Anita Moodie in *Die Vaderland*, A.P. Grové in *The Cape Argus*, Merwe Scholtz in *The Cape Times* en *Die Byvoegsel tot Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Oosterlig*, F.I.J. van Rensburg in *Die Volksblad* en *Die Burger* en T.T. Cloete in *Standpunte*.
- ¹²³ Sien laer af vir ‘n bespreking hiervan.
- ¹²⁴ Enkele ander briewe het ook tydens dié polemieks in *Die Burger* verskyn, maar is vir doeleindes van hierdie studie nie tersaaklik nie.

HOOFSTUK VYF

SLOTBESKOING

5.1 INLEIDING EN TOETS VAN HIPOTEESES

Aan die begin van hierdie studie is die stelling gemaak dat dit betreuenswaardig is dat die literêre biografie en oevrestudie oor bepaalde skrywers voor die middel-tagtigerjare van die vorige eeu nie juis in Suid-Afrika beoefen is nie.¹ Afgesien van ‘n aantal artikels, bydraes in enkele literêre publikasies en studies soos Hennie Aucamp se *Beeltenis verbode*,² is daar tot dusver³ ook nog geen omvattende studie oor hierdie genre in Suid-Afrika onderneem nie. Hierdie studie poog dus om ‘n bydrae op hierdie terrein te wees. Die teoretiese fundering wat só ‘n studie ten grondslag lê en die historiese ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing word ondersoek en in perspektief geplaas. Die navorsingsmetodiek van verskeie oorsese en plaaslike biograwe word ook ondersoek en met mekaar vergelyk, terwyl daar terselfdertyd op die struktuur van die onderskeie biografieë gelet en veral narratologies na die subjekte daarvan gekyk word.

Die volgende hipoteses is aan die begin van hierdie studie gestel:

- (1) As gevolg van die beperkte biografie-tradisie in Suid-Afrika moet daar vir die bepaling van standarde telkens teruggeval word op veral Engelse en Amerikaanse modelle.
- (2) Een van die onvermydelike gevolge hiervan is dat haas elke nuwe biografie oor ‘n Afrikaanse literêre figuur as “monumentaal”, “groots”, “indrukwekkend” of “die heel beste ooit” bestempel word.
- (3) ‘n Teoretiese onderbou en kennis van lewensbeskrywings in ander tale is belangrik om moderne biografieë na behore te evalueer.

Wat die eerste hipotese betref, is daar veral in hoofstuk 3 gewys op die historiese ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing. Daar word gekyk na die vroegste voorbeelde daarvan, terwyl daar ook ‘n oorsig van hierdie genre in die Griekse en Romeinse beskawings en tydens die Middeleeue en Renaissance gegee word. Die verdere ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing in die sestiende tot twintigste eeu word behandel en ‘n afdeling word ook aan die beoefening van dié genre in die VSA gewy. Daar word gewys op toonaangewende biograwe en teoretici wat hulle met hierdie werk besig gehou en biografiese geskiedskrywing tot ‘n volwaardige genre van die literatuur laat ontwikkel het. Besondere aandag is bestee aan die werk en invloed van skrywers en teoretici soos Samuel Johnson, James Boswell en Lytton Strachey wat die grondslag vir die moderne biografie gelê

het. In hoofstuk 4 word biografiese geskiedskrywing in die algemeen en literêre biografieë in die besonder indringend ondersoek. Daar word gewys op ‘n vroeë werk soos Totius se biografie oor sy vader, *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* (1917), en die belangrike deurbraak wat Leon Rousseau in 1974 met sy lewensbeskrywing van Eugène N. Marais, *Die groot verlange*, gemaak het. V.E. d’Assonville se studies oor Totius, veral *Dit is Totius* (1993), en S.J. du Toit, *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)* (1999), word ontleed en geëvalueer. Die oeuvre van J.C. Kannemeyer, veral *D.J. Opperman: ‘n Biografie* (1986), *Langenhoven: ‘n Lewe* (1995) en *Leipoldt: ‘n Lewensverhaal* (1999), word in diepte bespreek. Daar word ook gewys op strukturele ooreenkomste wat sy werk, veral in die geval van sy Langenhoven-biografie, toon met dié van Peter Ackroyd se magistrale werk oor Charles Dickens. Ten slotte word J.C. Steyn se omvattende studie in twee dele oor N.P. van Wyk Louw, *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* (1998) krities en ontledend ondersoek. In al hierdie gevalle word die Afrikaanse biografe se werk gemeet en getoets aan veral moderne Engelse en Amerikaanse biografieë. Ofskoon daar nie beweer kan word dat Afrikaanse literêre biografieë telkens geskoei is op hierdie modelle nie, het dié voorbeelde nogtans ‘n beduidende invloed op biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika gehad. Boswell het meer as twee eeue gelede standaarde in sy *The Life of Samuel Johnson* gestel wat kwalik oortref kan word. Met sy *Eminent Victorians* het Lytton Strachey reeds vroeg in die vorige eeu verdere standaarde ten opsigte van veral styl en perspektief gestel. Hierdie standaarde geld vandag nog en word ook in Suid-Afrika, veral deur biografe soos J.C. Kannemeyer en J.C. Steyn, nagevolg en gehandhaaf.

Hierdie hipotese kan dus as waar bewys word.

Die tweede hipotese is noodwendig nou verwant aan die eerste en hou veral verband met die re-sepsie deur en persepsie van die beoordelaars van nuwe biografieë oor Afrikaanse literêre figure. Hier spreek die feite gewoonlik vir hulself en is dit nie nodig om ‘n saak daarvoor uit te maak nie. ‘n Studie van resensies oor biografieë wat die afgelope 20 jaar in Afrikaans verskyn het, is afdoende bewys van hierdie hipotese. Chris Barnard se bespreking van *Die groot verlange*, Leon Rousseau en Ernst van Heerden s’n van *D.J. Opperman: ‘n Biografie*, Stephen Gray en H.P. van Coller se besprekings van *Leipoldt: ‘n Lewensverhaal* en J.C. Kannemeyer, Gerrit Olivier, Willem Botha en Frits Gaum se resensies oor J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* is slegs enkele voorbeelde van hierdie gier.⁴ Die redes vir dié verskynsel val buite die bestek van hierdie studie, maar ‘n mens sou stellig kan aanvaar dat die lesende publiek, waarvan resensente kundige verteenwoordigers is, hom telkens blind staar teen die omvang en “grootshheid” van so ‘n werk.

Gevolgtreklik kan ook hierdie hipotese as waar bewys word.

Die derde hipotese, naamlik dat ‘n teoretiese onderbou en kennis van lewensbeskrywings in ander tale belangrik is om moderne biografieë na behore te evalueer, behoeft ‘n kort bespreking.

Belangrike teoretici soos Samuel Dresden, Jan Romein, S. Lee, Leon Edel, André Maurois, V. de Sola Pinto, Justin Kaplan en Alan Shelston wys almal daarop dat ‘n begrip van die teorie hiervoor gebiedend is. Veral Dresden, Romein en Lee ondersoek die struktuur en wese van die biografie in diepte. In hoofstuk twee van hierdie studie word dié aspekte breedvoerig ondersoek, terwyl dit later op die werk van die onderskeie Suid-Afrikaanse biograwe toegepas word. Hierdie teoretiese onderbou, saam met kennis van lewensbeskrywings in ander tale, is vir sowel biograwe as vir navorsers noodsaaklik.

In sy werk gee V.E. d’Assonville haas geen blyke dat hy oor sodanige kennis beskik nie, terwyl biograwe soos J.C. Steyn en veral J.C. Kannemeyer, wat homself dikwels oor die taak van biografiese geskiedskrywing uitlaat is, se werk daarenteen getuig van ‘n grondige en deurdagte teoretiese kennis. In die geval van d’Assonville is dit ‘n leemte; by Steyn en Kannemeyer, ‘n bate.

Hierdie hipotese kan dus ook as waar bewys word.

5.2 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

In sy ongelukkige bespreking van J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: ‘n Lewensverhaal* maak Botha (1999b:18) die volgende stelling: “Biografieë word nie as geskiedskrywing gereken nie, maar dit is nogtans ‘n geldige genre in die literatuur. Hierdie werk neem ‘n waardige plek in naas die biografieë van Opperman en Langenhoven. Met Leipoldt s’n op koms, bly daar in die Afrikaanse literatuur min kandidate vir so ‘n enorme onderneming oor.” Tydens *Die Burger*-polemie⁵ wat op Botha se resensie gevolg het, het Kannemeyer (1999d:10) soos volg geantwoord: “Om te sê dat biografieë “nie as geskiedskrywing gereken [word] nie, getuig miskien meer as enige ander vergryp in hierdie resensie, dat Botha nie weet waarvan hy praat nie. En om te sê dat daar in die Afrikaanse literatuur “min kandidate” vir ‘n biografie oorbly, laat ‘n mens vermoed dat hy ook dié literatuur maar sleg ken. Biografiese geskiedskrywing by ons het maar pas begin en die veld lê wyd vir almal wat hulle met die nodige kundigheid aan hierdie belangrike taak wil wy.”

Heel tereg wys Kannemeyer, wat tans⁶ aan ‘n omvattende biografie oor Uys Krige werk, hier op ‘n veld wat vir sowel biograaf as skrywer nog braak lê. Daar is in Afrikaans - én in Suid-Afrika - ‘n toenemende belangstelling in biografieë, ook oor literêre figure. Met die opening van die eerste demokratiese parlement, in 1994, in Suid-Afrika het oudpresident Nelson Mandela Ingrid Jonker se

vers “Die kind” voorgelees. Hierdie gebaar het, benewens ander dinge, opnuut ‘n belangstelling in die lewe en werk van Ingrid Jonker laat ontstaan. ‘n Dokumentêre rolprent, geregisseer deur Helena Nogueira, *Ingrid Jonker: The Marilyn Monroe of South African Literature*, wat verskeie fasette van Jonker se omstrede lewe, onder meer haar “onversadigde” seksualiteit belig (Pople, 2001:4), is onlangs⁷ in Suid-Afrika vrygestel. Nog twee rolprente oor haar is op pad, asook ‘n Nederlandse dokumentêr.⁸ Die lewe en werk van Ingrid Jonker bied boeiende en uitdagende stof vir ‘n biograaf, en dit is seker nie vergesog om te dink dat ‘n navorser die een of ander tyd oor haar sal skryf nie. Benewens Jonker wag die lewe en werk van skrywers soos Etienne Leroux, wat lank deur sommiges as Afrikaans se belangrikste prosaïes beskou is, Bartho Smit, wat as een van die “vaders” van Sestig bestempel is en wie se werk lank verguis en deur sensuur gekortwiek is, en Jan Rabie, wie se *Een-en-twintig* ‘n beduidende wegwyser in die Afrikaanse prosakuns is, om mettertyd op dié wyse ontsluit te word. Ouer skrywers wie se lewe en werk om omvattende biografieë vra, is onder meer Jan F.E. Celliers, J.R.L. van Bruggen, G.S. Preller, D.F. Malherbe, I.D. du Plessis, C.M. van den Heever, Boerneef en W.A. de Klerk. Die moontlikhede is legio.

‘n Wesentlike probleem is dat baie van hierdie skrywers se briewe en ander dokumente tans nog onder embargo of moeilik toeganklik is, dat hulle nog te kort oorlede is vir ‘n biograaf om werklik afstand te verkry of dat die een of ander testamentêre bepaling, soos in Langenhoven se geval, ‘n biograaf kortwiek. Namate hierdie probleme opgelos word en studies of biografieë oor hierdie skrywers verskyn, sal navorsers in toenemende mate op hierdie terrein bedrywig wees.

In die Engelse letterkunde bestaan daar meer as 200 biografieë net oor Shelley. Tientalle biografieë oor dieselfde literêre subjek is ook geen vreemde verskynsel nie. Daarenteen is so ‘n verskynsel uiters raar in die geval van die literêre biografie in Suid-Afrika. Meer as een biografie in die geval van ‘n politieke figuur (byvoorbeeld Smuts, Hertzog, De Klerk, Mandela) of historiese of ander subjekte kom dikwels voor, maar wat die literêre biografie in Afrikaans betref, kon slegs die persoon van S.J. du Toit twee omvattende studies uitlok, dié deur Totius en V.E. d’Assonville. ‘n Strukturele en stilistiese vergelyking van hierdie twee lewensbeskrywings kan dan ook ‘n boeiende studie vir ‘n voornemende navorser wees. ‘n Diepgaande vergelykende studie van J.C. Kannemeyer se *Lan-genhoven: ‘n Lewe* met ‘n biografie soos Peter Ackroyd se *Dickens* hou ook fassinerende moontlikhede in. Hierbenewens sal dit uit ‘n navorsingsoopunt ook interessant wees om J.C. Kannemeyer en J.C. Steyn se navorsingsmetodiek met mekaar te vergelyk of om byvoorbeeld stilisties en struktureel na hul onderskeie tekste te kyk en raakpunte en/of verskille te identifiseer.

Soos ek in my navorsingshoofstuk aangetoon het, is die historiese ontwikkeling van biografiese

geskiedskrywing, veral in Engeland en die VSA, reeds deur ander navorsers ondersoek en te boek gestel. 'n Omvattende studie van die ontwikkeling van biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika en wel ten opsigte van alle plaaslike letterkundes, is egter nog nie onderneem nie. Eweneens kan daar histories en vergelykend gewerk word met Suid-Afrikaanse en ander Afrika-tekste. Ook hier lê die veld braak.

AANTEKENINGE

¹ Sien ook Kannemeyer, J.C. 1996. *Ontsyferde stene*. Stellenbosch: Inset, p. 6 e.v.

² 1998. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseu.

³ Junie 2001.

⁴ Ál hierdie resensente het die betrokke werke as “monumentaal” bestempel.

⁵ Sien verder 4.6.1 hierbo.

⁶ Junie 2001.

⁷ Junie 2001.

⁸ Ten tye van die skryf hiervan, Junie 2001, was die vrystellingsdatums nog nie bekend nie.

BIBLIOGRAFIE

- ACKROYD, PETER. 1990. *Dickens*. Londen: Sinclair-Stevenson.
- ANTONISSEN, ROB. 1965. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. 3^{de} hersiene uitgawe. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasou Beperk.
- ATLAS, JAMES. 2000. *Bellow: A Biography*. New York: Random House.
- ACKROYD, PETER. 1990. *Dickens*. Londen: Sinclair-Stevenson
- AUCAMP, HENNIE. 1998. *Beeltenis verbode*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- AUCAMP, HENNIE. 1993. "Elegiese digter van Afrikaans herleef." In *Die Burger*, 1 Junie 1993, p. 9.
- BARNARD, CHRIS. 1986. "'n Breë besem." In *Die Burger*, 8 November 1986, p. 17.
- BARNARD, CHRIS. 1993. *Die tweede lewe*. Kaapstad: Vlaeberg.
- BARNARD, C.N. & PEPPER, CURTIS BILL. 1969. *Christiaan Barnard: Een lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- BATCHELOR, JOHN (red.). 1995. *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press.
- BENSON, JACKSON J. 1990. *John Steinbeck, Writer*. New York: Penguin Books.
- BLIGNAUT, AEGIDIUS JEAN. 1980. *My Friend Herman Charles Bosman*. Johannesburg: Perskor.
- BLUM, PETER. 1963. *Enklaves van die lig*. 2^{de} druk. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BLUM, PETER. 1955. *Steenbok tot poolsee*. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk.
- BOND, D.F. 1962. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 3). Chicago, Londen en Toronto: Encyclopaedia Britannica Ltd.
- BOUYENS, BUN. 1969. *Die lewe van D.F. Malan*. Kaapstad: Tafelberg.
- BOSWELL, JAMES. 1992. *The Life of Samuel Johnson*. New York en Toronto: Alfred A. Knopf.
- BOTHA, AMANDA. 1999. "Sheila Cussons antwoord." In *Insig Boekeseksie*, Januarie 1999, pp. 1-2.
- BOTHA, DANIE. 1998. "Lewensverhaal van een van Suid-Afrika se grotes." In *Boekewêreld*, 18 November 1998, p. 3.
- BOTHA, ELIZE. 1999. "Van vriendskap en ballingskap." In *Boekewêreld*, 3 Maart 1999, p. 11.
- BOTHA, WILLEM. 1999a. "Bitsige reaksie is verstommend." In *Die Burger*, 17 Februarie 1999, p. 10.
- BOTHA, WILLEM. 1999b. "Twee monumentale bande vat 'n lewe saam." In *Die Burger*, 11 Februarie 1999, p. 18.
- BREYTENBACH, BREYTEN. 1984. *The True Confessions of an Albino Terrorist*. Londen en Boston: Faber & Faber.
- BREYTENBACH, KERNEELS (samest.). 1999. *Hulle het ons eeu gevorm*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- BRINK, ANDRÉ P. 1982. "Die jongste tydvak: 1967-1977." In NIENABER, P.J. (red.). *Perspektief en profiel*. 5^{de} hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- BRINK, ANDRÉ P. 1962. *Lobola vir die lewe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BRITZ, ELRETHA. 1998. "Louw-biografie was groot werk." In *Die Volksblad*, 16 November 1998, p. 8.
- BRÜMMER, G.C.L. 1995. "Rekenskap." In KANNEMEYER, J.C. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- BULLOCK, ALAN. 1952. *Hitler: A Study in Tyranny*. Londen: Odhams Press.
- BURGERS, M.P.O. 1960. *C.L. Leipoldt: 'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling*. Kaapstad: Nasionale Bpk.
- CARPENTER, HUMPHREY. 1995. "Learning about Ourselves: Biography as Autobiography." In BATCHELOR, JOHN (red.). *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press.
- CILLIERS, CECILE. 1986. "Leser ietwat verswelg deur magdom feite." In *Finansies en tegniek*, 19 Desember 1986, p.

18.

- CLINGMAN, STEPHEN. 1998. *Bram Fischer: Afrikaner Revolutionary*. Kaapstad: David Philip; Bellville: Mayibuye Books; en Amherst: University of Massachusetts Press.
- COETZEE, AMPIE. 1999. "Great Afrikaner icon's indecisive white season." In *The Sunday Independent*, 25 April 1999, p. 14.
- COETZEE, J.M. 1997. *Boyhood: Scenes from Provincial Life*. Londen: Secker & Warburg.
- COETZEE, J.M. 1986. *Foe*. Londen: Martin Secker & Warburg Ltd.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1993. *Dit is Totius*. Weltevredenpark: Marnix.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1999. *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)*. Weltevredenpark: Marnix.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1977a. *Totius - profet van die Mooirivier*. Kaapstad: Tafelberg.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1977b. "Vooraf." In TOTIUS. *Versamelde werke 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- DE KLERK, F.W. 1998. *Die laaste trek - 'n nuwe begin*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- DE KLERK, WILLEM. 1991. *F.W. de Klerk: Die man en sy tyd*. Kaapstad: Tafelberg; en Rosebank: Jonathan Ball.
- DONDORÉ, D.A. 1962. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 3). Chicago, Londen en Toronto: Encyclopaedia Britannica Ltd.
- DEKKER, G. 1961. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 6^{de} om- en bygewerkte druk. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg: Nasionale Boekhandel Bpk.
- DE SOLA PINTO, V. 1951. *English Biography in the XVIIth Century*. Londen.
- D'OLIVEIRA, JOHN. 1977. *Vorster - die mens*. Johannesburg. Perskor.
- DE VILLIERS, I.L. 1995. "Agter sy wolk was geen stralekrans." In *Rapport*, 14 Mei 1995, p. 20.
- DE VRIES, ABRAHAM H. & SCHOLTZ, MERWE. 1988. *Sestigters in woord en beeld: Abraham H. de Vries*. Kaapstad en Johannesburg: Perskor.
- DRESDEN, S. 1956. *De structuur van de biografie*. Daamen N.V. en Den Haag: Bert Bekker.
- DU PLESSIS, BERTIE. 1986/1987. "Die boek in die mens." In *De Kat*, Desember 1986/Januarie 1987, pp. 82-83.
- DU PLESSIS, BERTIE. 1995. "Konfrontasie in eie tyd sou pas." In *Beeld*, 12 Junie 1995, p. 6.
- DU PLESSIS, PHIL. 1987. "DJ Opperman: 'n Biografie." In *Leadership*, September 1987, p. 102.
- DU PLOOY, HEILNA. 1994. "Moeilik om te weet hoe Blum se kop werk." In *Insig*, 11 Mei 1994, p. 10.
- DU TOIT, F.G.M. 1940. *Eugène N. Marais: Sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- DUVENHAGE, PIETER. 1999. "JC Steyn se biografie oor Van Wyk Louw: 'n Kritiese waardering." In *Fragmente*, Nommer 4, 1999, pp. 82-86.
- ENSIKLOPEDIA VAN DIE WÊRELD (Deel 2). 1971. Stellenbosch: C.F. Albertyn (Edms.) Beperk.
- EDEL, LEON. 1957. *Literary biography*. Londen.
- ELLMANN, RICHARD. 1987. *Oscar Wilde*. Londen: Hamish Hamilton.
- ELLMANN, RICHARD. 1999. *Yeats: The Man and the Masks*. New York: W.W. Norton & Company.
- ESTER, HANS. 1987. "Kannemeyers D.J. Opperman." In *Zuid-Afrika*, 31 Augustus 1987, pp. 107-108.
- FLINT, LANE & PELSNER, CHRIS. 1998. *Reënboog oor die vlakte*. Pretoria: Benedic Boeke.
- FRANK, ANNE. 1972. *The Diary of Anne Frank*. 28^{ste} druk. Londen: Pan Books.
- GALLOWAY, FRANCIS (red.). 1982. *SA Literature/Literatuur 1980*. Hyde Park: Ad. Donker.
- GALLOWAY, FRANCIS (red.). 1983. *SA Literature/Literatuur 1981*. Hyde Park: Ad. Donker.

- GALLOWAY, FRANCIS (red.). 1985. *SA Literature/Literatuur 1982*. Craighall: Ad. Donker.
- GALLOWAY, FRANCIS (red.). 1987. *SA Literature/Literatuur 1983*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- GALLOWAY, FRANCIS (red.). 1989. *SA Literature/Literatuur 1984*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- GAUM, FRITS. 1998. “’n Gedugte boek oor ’n gedugte man.” In *Die Algemene Kerkbode*, 11 Desember 1998, p. 11.
- GIBSON, IAN. 1989. *Federico García Lorca: A Life*. Londen: Faber & Faber.
- GILIOME, HERMANN. 1998. “Van Wyk Louw - dilemmas wag op nuwe denkers.” In *Rapport*, 6 Desember 1998, p. 11.
- GRAY, STEPHEN. 1999. “The good Dr. Leipoldt.” In *Mail & Guardian*, 10 September 1999, p. 32.
- GROVÉ, A.P. 1999. “Die mens Leipoldt kom tot lewe.” In *Rapport*, 23 Mei 1999, p.18.
- GROVÉ, A.P. 1988. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. 5^{de} bygewerkte en uitgebreide uitgawe. Goodwood: Nasou Beperk.
- GROVÉ, A.P. 1986. “Tussen die stof is steiers nog nie weggegooi.” In *Beeld*, 3 November 1986, p. 8.
- HAMBIDGE, JOAN. 1986. “’n Boek wat jy nie kan neersit nie.” In *Die Vaderland*, 1 Desember 1986, p. 17.
- HAMILTON, IAN. 1992. *Keepers of the Flame*. Londen: Hutchinson.
- HANCOCK, W.K. 1862. *Smuts* (Vol. 1), *The Sanguine Years, 1870-1919*. Cambridge: Cambridge University Press.
- HANCOCK, W.K. 1868. *Smuts* (Vol. 2), *The Fields of Force, 1919-1950*. Cambridge: Cambridge University Press.
- HARTMAN, RODNEY. 1990. *Champ! The Brian Mitchell Story*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- HILL, G.B. (red.). 1934. *Boswell's Life of Johnson I*. Oxford: Oxford University Press.
- HOLMES, RICHARD. 1995. “Biography: Inventing the Truth.” In BATCHELOR, JOHN (red.). *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press.
- HUGO, DANIEL. 1986. “Boeiende biografie oor D.J. Opperman.” In *Die Volksblad*, 8 November 1986, p. 11.
- HUGO, DANIEL. 1999a. “Biografie is nie na waarde geskat.” In *Die Burger*, 19 Februarie 1999, p. 10.
- HUGO, DANIEL. 1999b. “Leser aan beter resensies gewoond.” In *Die Burger*, 17 Februarie 1999, p. 10.
- HUGO, DANIEL. 1995. “’n Lewe wat boeiender is as die letterkunde.” In *Die Burger*, 17 Mei 1995, p. 10.
- HYMAN, STANLEY. 1948. *The Armed Vision: A Study in the Methods of Modern Literary Criticism*. New York: Knopf.
- JANSEN, ENA. 1996. *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- JOHNSON, SAMUEL & BOSWELL, JAMES. 1996 *Journey to the Hebrides*. Edinburg: Canongate Classics.
- JOYCE, PETER. 1979. *Ian Smith*. Johannesburg: Perskor.
- KANNEMEYER, J.C. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- KANNEMEYER, J.C. 1994. *Die bonkige Zoeloelander: D.J. Opperman in beeld*. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1995a. *Die dienswillige dienaar: ’n Langenhoven-fotoboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1990a. *Die dokumente van Dertig*. Kenwyn: Jutalit.
- KANNEMEYER, J.C. 1995d. “Die moeilike taak van die biograaf.” Ongepubliseerde lesing op 9 Maart 1995 voor Die Instituut Algemene Literatuurwetenskap aan die Katholieke Universiteit van Nijmegen.
- KANNEMEYER, J.C. 1990b. *Die rym neem ook ’n hele lewe in beslag*. Kenwyn: Jutalit.
- KANNEMEYER, J.C. 1965. *Die stem in die literêre kunswerk*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- KANNEMEYER, J.C. 1986. *D.J. Opperman: ’n Biografie*. Kaapstad en Pretoria. Human & Rousseau.
- KANNEMEYER, J.C. 1989. *Getuigskrifte*. Kenwyn: Jutalit.
- KANNEMEYER, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (Band 1). Kaapstad en Pretoria: Academica.
- KANNEMEYER, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (Band 2). Pretoria, Kaapstad en Johannesburg:

Academica.

- KANNEMEYER, J.C. 1999a. "Die enigmatiese Leipoldt." In *Beeld*, 3 Maart 1999, p. 11.
- KANNEMEYER, J.C. 1999b. "J.C. Steyn se langverwagte biografie 'n monumentale werk." In *Rapport*, 10 Januarie 1999, p. 15.
- KANNEMEYER, J.C. 1979. *Kroniek van klip en ster*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- KANNEMEYER, J.C. 1995b. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1999c. *Leipoldt: 'n Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1996. *Ontsyferde stene*. Stellenbosch: Inset.
- KANNEMEYER, J.C. 1998. *Op weg na 2000*. Kaapstad: Tafelberg.
- KANNEMEYER, J.C. 1995c. *Probleme van 'n Langenhoven-biograaf*. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- KANNEMEYER, J.C. 1999d. "Resensent ontbloot onmag, onkunde." In *Die Burger*, 17 Februarie 1999, p. 10.
- KANNEMEYER, J.C. 1993. *Wat het geword van Peter Blum?* Kaapstad: Tafelberg.
- KAPLAN, JUSTIN. 1978. "The 'Real Life.'" In AARON, DANIEL (red.). *Studies in Biography*. Cambridge (Massachusetts) en Londen: Harvard University Press.
- KENDALL, P.M. 1988. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 23). Chicago: Encyclopaedia Britannica, Inc.
- KERSHAW, IAN. 1999. *Hitler, 1889-1936: Hubris*. New York: W.W. Norton.
- KERSHAW, IAN. 2000. *Hitler, 1936-1945: Nemesis*. Londen: Allen Lane.
- KOENEN, M.J. & ENDEPOLS, J. 1960. *Verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal*. Groningen: J.B. Wolters.
- KOK, B., LATEGAN, F.V. & DE BEER, R. 1981. *D.F. Malherbe in beeld en woord*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- KOMBUIS, KOOS A. 2000. *Seks & drugs & boeremusiek*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- KROG, ANTJIE. 1986. "Perspektief wat aanhou voortstu." In *Beeld*, 3 November 1986, p. 8.
- KROMHOUT, JAN. 1954. *Leipoldt as digter*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- LANGENHOVEN, C.J. 1973a. *Versamelde werke* (Deel XI). Kaapstad: Tafelberg.
- LANGENHOVEN, C.J. 1973b. *Versamelde werke* (Deel XII). Kaapstad: Tafelberg.
- LASARUS, B.B. 1976. *'n Seisoen in die paradys*. Johannesburg: Perskor.
- LATEGAN, F.V. 1979. *P.J. Schoeman*. Johannesburg: Perskor.
- LEE, S. 1911. *Principles of Biography*. Cambridge: Cambridge University Press.
- LEONARD, JOHN. 2000. "Living the Great American Novel." In *The New York Times Book Review*, 15 Oktober 2000, pp. 10-11.
- LEROUX, ETIENNE *et al.* 1966. *Herinnering se wei*. Johannesburg: APB.
- LE ROUX, J.H., COETZER, P.W. & MARAIS, A.H. (reds.). 1987. *Generaal J.B.M. Hertzog: Sy strewe en stryd* (Vol. I en II). Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- LINDENBERG, ERNST. 1999. "Boeiende leesstof in onmisbare biografie." In *Insig*, Maart 1999, p. 6.
- LIPSHITZ, LOUISE. 1999. "Verbaas oor Cussons." In *Insig*, Maart 1999, p. 7.
- LITTLE, WILLIAM, FOWLER, H.W., & COULSON, J. 1933. *The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles* (Vol. 1). Londen: Oxford University Press.
- LOHANN, CARL (red.). 1983. *Freda Linde*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- LOUW, N.P. VAN WYK. 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.
- LOUW, N.P. VAN WYK. 1986. *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.

- LOUW, ROSA. 1999. "Botha het boek se waarde nie besef." In *Die Burger*, 19 Februarie 1999, p. 10.
- LOUW, W.E.G. 1988. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- MACAULAY, T.B. 1962. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 13). Chicago, Londen en Toronto: Encyclopaedia Britannica Ltd.
- MAISELS, ISRAEL AARON. 1998. *A Life at Law: Issie Maisels*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- MANDELA, NELSON. 1994. *Long Walk to Freedom*. Randburg: Macdonald Purnell.
- MARAIS, GUILLAUM. 1995. "JC Kannemeyer: Langenhoven 'n lewe." In *Die Afrikaner*, 29 Junie 1995, p. 7.
- MASCUCH, MICHAEL. 1997. *Origins of the Individualist Self*. Cambridge: Polity Press.
- M.E.R. 1972. *My beskeie deel*. Kaapstad: Tafelberg.
- MEYERS, JEFFREY. 1999. *Hemingway: a Biography*. New York: Da Capo Press.
- NARDINI, BRUNO. 1999. *Michelangelo: Biography of a Genius*. Firenze: Giunti Gruppo Editoriale.
- NAUDÉ, CHARL-PIERRE. 1987. "A poet who thumbed his nose at PW." In *Weekly Mail*, 24 September 1987, p. 22.
- NICOLSON, H. 1933. *The Development of English Biography*. Londen.
- NIENABER, C.J.M. 1962. *Die mens Totius*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- NIENABER, P.J. 1965. *Die Hertzogprys vyftig jaar*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- NIENABER, P.J. (red.). 1948. *Leipoldt, eensame veelsydige*. Johannesburg: APB.
- NIENABER, P.J. (red.). 1989. *Leipoldt in beeld en woord*. Johannesburg: Perskor.
- NIENABER, P.J. (red.). 1982. *Perspektief en profiel*. 5^{de} hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- NORTJE, P.H. 1989. *Korsies van growwebrood*. Kaapstad: Tafelberg.
- ODENDAL, F.F. et al. 1994. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 3^{de}, hersiene en uitgebreide uitgawe. Midrand: Perskor.
- OLIVIER, FANIE. 1987. "Oor groot woorde en hoge literatuur." In *Die Taalgenoot*, Februarie 1987, p. 14.
- OLIVIER, GERRIT. 1987. "Die 'in memoriam' van 'n vergange era." In *Die Suid-Afrikaan*. Lente/Somer-uitgawe.
- OLIVIER, GERRIT. 1999. "Van Wyk Louw-verhaal 'n monumentale werk." In *Beeld*, 22 Maart 1999, p. 10.
- OUSBY, IAN.. (red.). 1988. *The Cambridge Guide to Literature in English*. Cambridge: Cambridge University Press.
- PATON, ALAN. 1964. *Hofmeyr*. Londen, Toronto en Kaapstad: Oxford University Press.
- PETERS, CATHERINE. 1995. "Secondary Lives: Biography in Context." In BATCHELOR, JOHN (red.). *The Art of Literary Biography*. Oxford: Clarendon Press.
- PHEIFFER, ROY. 1995. "Neelsie die mens skraps geteken." In *Insig*, Mei 1995, pp. 34-36.
- PHEIFFER, ROY. 1999. "Van Wyk: Louw: 'n lewensverhaal." In *Zuid-Afrika*, Junie 1999, pp. 74-75.
- POCHMANN, H.A 1962. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 12). Chicago, Londen en Toronto: Encyclopaedia Britannica Ltd.
- POPLE, LAETITIA. 2001. "Jonker 'is nou in goeie geselskap'." In *Beeld Plus*, 8 Junie 2001, p. 4.
- RABIE, JAN. 1987. "Fine literary epitaph for a guru of Afrikaans poetry." In *The Cape Times*, 21 Januarie 1987, p. 6.
- RABIE, JAN & COETZEE, J.C. 1986. *Sestigers in woord en beeld: Jan Rabie*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- RAUTENBACH, ELMARI. 1998. "Op die spoor van 'n sage." In *De Kat*, November 1998, pp. 72-75.
- ROBERTS, S.C. 1962. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 3). Chicago, Londen en Toronto: Encyclopaedia Britannica Ltd.
- ROBERTS, S.C. 1988. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 22). Chicago: Encyclopaedia Britannica, Inc.

- ROMEIN, JAN. 1946. *De biografie*. Amsterdam: Querido.
- ROOS, HENRIETTE. 1986. "Boekbeskouinge. D.J. Opperman: 'n Biografie." In *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jaargang 24, nommer 4, Desember 1986, pp. 304-307.
- ROSENBERG, VALERIE. 1976. *Sunflower to the Sun*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- ROSENBERG, VALERIE. 1991. *The Life of Herman Charles Bosman*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- ROUSSEAU, LEON. 1977. "Die agtergrond van *Die groot verlange*." In *Standpunte*, XXX: 6, Desember 1977, p. 5.
- ROUSSEAU, LEON. 1979. *Die groot verlange*. 2^{de} uitgawe. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- ROUSSEAU, LEON. 2000. *Eugène Marais and the Darwin Syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- ROUSSEAU, LEON. 1982. *The Dark Stream: The Story of Eugène N. Marais*. Johannesburg: Jonnathan Ball.
- SCHEEPERS, RIANA. 1998. *Koos Prinsloo, die skrywer en sy geskryfdes*. Kaapstad: Tafelberg.
- SCHOEMAN, BEN. 1979. *My lewe in die politiek*. Johannesburg: Perskor.
- SCHOEMAN, KAREL. 1986. *Die wêreld van die digter: 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N.P. van Wyk Louw*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- SCHOEMAN, KAREL. 1989. *Olive Schreiner: 'n lewe in Suid-Afrika, 1855-1881*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- SCHOLTZ, MERWE. 1998. "'Man agter die boek' is deur Steyn verantwoord." In *Die Burger*, 3 Desember 1998, p. 8.
- SCHOONEES, P.C. et al. 1970. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (Eerste deel). 3^{de} oplaag. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- SENEKAL, J.H. 1981. *P.G. du Plessis*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- SHELSTON, ALAN. 1977. *Biography*. Londen: Methuen & Co.
- SMIT, BARTHO & MALAN, CHARLES. 1984. *Sestigters in woord en beeld: Bartho Smit*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
- SMIT, HETTIE. 1937. *Sy kom met die sekelmaan*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- STEYN, J.C. 1995. "Puik werk oor Langenhoven." In *Die Volksblad*, 4 September 1995, p. 6.
- STEYN, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: die behoud van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- STEYN, J.C. 1998a. *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* (Deel 1). Kaapstad: Tafelberg.
- STEYN, J.C. 1998b. *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* (Deel 2). Kaapstad: Tafelberg.
- STONE, IRVING. 1934. *Lust for Life*. Londen: Bodley Head.
- STONE, IRVING. 1961. *The Agony and the Ecstasy*. Londen en Glasgow: Doubleday and Company, Inc.
- STRACHEY, LYTTON. 1969. *Eminent Victorians*. San Diego, New York en Londen: Harcourt Brace & Company.
- THOM, H.B. 1980. *D.F. Malan*. Kaapstad: Tafelberg.
- THURMAN, JUDITH. 1982. *Isak Dinesen: The Life of Karen Blixen*. Londen: Weidenfeld & Nicolson.
- TOTIUS. 1977a. *Versamelde werke 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- TOTIUS. 1977b. *Versamelde werke 9*. Kaapstad: Tafelberg.
- VAN BILJON, MADELEINE. 1995. "Kannemeyer se Langenhoven." In *Die Suid-Afrikaan*, 31 Oktober 1995, p. 37.
- VAN COLLER, H.P. 1999c: "Biografie 'een van heel bestes'." In *Die Volksblad*, 22 Februarie 1999, p. 6.
- VAN COLLER, H.P. 1999a. "Monumentale werk verryk." In *Die Volksblad*, 16 Augustus 1999, p. 8.
- VAN COLLER, H.P. (red.). 1999b. *Perspektief en profiel* (Deel 2). Pretoria: J.L. van Schaik.
- VAN DER COLF, A.P. 1980. *Poësie en godsdiens*. Johannesburg: Perskor.
- VAN DER MERWE, CHRIS. 1999. "Grootste biografie oor groot skrywer." In *Die Burger*, 19 Februarie 1999, p. 10.

- VAN RENSBURG, F.I.J. 1998a. "Biografie van Afrikaans se grootste skrywer." In *Boekewêreld*, 1 Julie 1998, p. 4.
- VAN RENSBURG, F.I.J. 1998b. "Louw se idees oor verset en geregtigheid is versoenbaar." In *Rapport*, 27 Desember 1998, p. 11.
- VAN SCHALKWYK, D.J. et al. 1994. *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (Negende deel). Stellenbosch: Buro van die WAT.
- VAN VUUREN, HELIZE. 1999. "Kannemeyer ontsluit kompleksiteit van Leipoldt." In *Die Burger*, 9 Junie 1999, p. 12.
- VAN WYK, JOHAN. 1999. *Gesig van die liefde, Ingrid Jonker*. Durban: J. van Wyk.
- VAN WYK SMITH, M. 1990. *Grounds of Contest*. Kenwyn: Jutalit.
- VAN ZYL, WIUM. 2000. "Biografieë gaan 'oor lewende mense'." In *Die Burger*, 24 Junie 2000, p. 8.
- VENTER, F.A. 1979. *Kambro-kind*. Kaapstad: Tafelberg.
- VENTER, L.S. 1999. "Die veelsydige Leipoldt se lewe boeiend aan die bod." In *Beeld*, 9 Augustus 1999, p. 6.
- VILJOEN, LOUISE. 1999. "'n Hoogs onderhoudende biografie." In *Insig*, Julie 1999, p. 45.
- WALBANK, F.W. 1988. In *Encyclopaedia Britannica* (Vol. 9). Chicago: Encyclopaedia Britannica, Inc.
- WESSELS, ALBERT. 1987. *Albert Wessels: Plaasseun en nyweraar*. Johannesburg en Kaapstad: Perskor.

OPSOMMING

In hierdie studie is gepoog om die terrein van literêre geskiedskrywing in die algemeen en biografiese geskiedskrywing in die besonder te ondersoek. Dié genre het in Suid-Afrika 'n beperkte tradisie. Afgesien van enkele verspreide artikels deur 'n klompie kundiges in vaktydskrifte en ander publikasies, en die essays wat Hennie Aucamp in *Beeltenis verbode* en J.C. Kannemeyer in *Getuigskrifte* en *Ontsyferde stene* opgeneem het, is haas geen navorsing is tot nog toe in Suid-Afrika op hierdie terrein onderneem nie.

Hoofstuk een van hierdie studie sit die navorsingsmetodologie uiteen. Kortliks behels dit die probleemstelling van die verhandeling asook die doelformulering en terreinafbakening, aktualiteit, hipoteses en navorsingsontplooiing.

Hoofstuk twee verskaf die teoretiese onderbou van literêre en meer bepaald biografiese geskiedskrywing. Die begrip "biografie" word gedefinieer en die genre word nader omskryf. Daar word ook gekyk na die kenmerke van die moderne biografie, terwyl die struktuur daarvan indringend aan die hand van verskeie teoretici ondersoek word. Laastens word in dié hoofstuk stilgestaan by enkele probleme waarmee hedendaagse biograwe te kampe het.

Hoofstuk drie is 'n oorsigtelike hoofstuk en behandel die geskiedenis van biografiese geskiedskrywing vanaf die vroegste tye, tydens die Griekse en Romeinse beskawings, in die Middeleeue en Renaissance en gedurende die sestiende tot die twintigste eeu. Spesiale aandag word aan die biografiese geskiedskrywing in die VSA bestee. Verder word daar gewys op enkele hoogtepunte en die belangrikste tekste wat dié genre beïnvloed het. Die rol van biograwe soos James Boswell en Lytton Strachey geniet besondere aandag.

Hoofstuk vier vorm die kern van dié verhandeling. Dit kyk aanvanklik oorsigtelik na biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika, maar ondersoek daarna literêre biografieë in Afrikaans indringend. Die vroegste omvattende literêre biografie in Afrikaans, dié van Totius oor S.J. du Toit, word bespreek. Die aandag word gevestig op Leon Rousseau se lewensbeskrywing van Eugène N. Marais, wat met sy verskyning in 1974 die werklike begin van hierdie tradisie in Afrikaans ingelui het. Vervolgens word die lewensbeskrywings van V.E. d'Assonville oor Totius en S.J. du Toit bespreek. Die grootste gedeelte van hierdie hoofstuk word egter gewy aan die oeuvre van J.C. Kannemeyer, wat stellig met sy groot biografieë oor D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt die belangrikste werk op dié terrein in Suid-Afrika gelewer het. Ten slotte word J.C. Steyn se magistrale werk, in twee volumes, oor N.P. van Wyk Louw bespreek. Tydens die bespreking en evaluering van

bogenoemde tekste word daar narratologies en vergelykend te werk gegaan. Verder word die onderskeie biografieë aan die hand van teorieë oor biografiese geskiedskrywing geëvalueer.

Hoofstuk vyf is 'n kort samevattende hoofstuk waarin die hipoteses wat aan die begin van dié studie gestel is, getoets word. Daar word verder gewys op die feit dat die terrein van biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika nog braak lê, en enkele voorstelle vir verdere navorsing deur sowel biograwe as voornemende navorsers word gedoen.

Suid-Afrika is 'n multi-etniese land en botsende politieke, kulturele, sosio-ekonomiese en taalbelange is nie vreemd nie. Biografieë dra, onder meer, by tot wedersydse begrip tussen al hierdie belangegroepes, soos J.C. Steyn se *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* ook blyke van gee. Die studie van en navorsing oor biografieë is miskien nie meer aktueel en tydiger as juis nou nie.

SLEUTELTERME

Afrikaanse letterkunde

Amerikaanse biografieë

Biografie

Biografiese geskiedskrywing

Engelse biografieë

J.C. Kannemeyer

J.C. Steyn

Leon Rousseau

Literêre geskiedskrywing

Teorie van geskiedskrywing

SUMMARY

This study endeavours to research the field of literary historiography in general and specifically biographic historiography. In South Africa this genre has a limited tradition. Apart from a few diffused contributions by specialists in technical and other publications, and the essays by Hennie Aucamp in *Beeltenis verbode* and J.C. Kannemeyer in *Getuigskrifte* and *Ontsyferde stene*, very little research has been done in South Africa in this field.

Chapter one expounds the research methodology. It briefly states the definition of the problem, as well as the goal orientation and the delimitation of the field of study, actuality, hypotheses and structural development.

Chapter two affords the theoretical foundation of literary and more specifically biographic historiography. The concept “biography” is defined. The modern biography and its characteristics and structure are scrutinized in terms of different theoretical criteria. Finally this chapter contemplates some problems experienced by contemporary biographers.

Chapter three is an overview which sets out the history of biographic historiography from the most ancient times, during the Middle Ages, the Renaissance, and the 16th to the 20th century. Biographic historiography in the USA is closely researched. Major achievements and the most important texts which influenced the genre are emphasized. The contributions of notable biographers such as James Boswell and Lytton Strachey are highlighted.

Chapter four is the core of this dissertation. Initially it contemplates biographic historiography in South Africa in general. Thereafter it researches literary biographies in depth. The earliest comprehensive literary biography in Afrikaans, *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* by Totius, is discussed. Attention is drawn to Leon Rousseau’s biography of Eugène N. Marais, which, in 1974, ushered in the true beginning of this tradition in Afrikaans. Subsequently the biographies of V.E. d’As-sonville on Totius and S.J. du Toit are discussed. The major part of this chapter is devoted to the oeuvre of J.C. Kannemeyer, who probably made the most important contribution in this field with his comprehensive biographies on D.J. Opperman, C.J. Langenhoven, and C. Louis Leipoldt. Finally J.C. Steyn’s monumental description of the life of N.P. van Wyk Louw, in two volumes, is discussed. The discussion and evaluation of these texts are set out narratively and comparatively. The said biographies are evaluated according to different biographic theories.

Chapter five, a concise chapter, evaluates the hypotheses set out at the beginning of this research. Furthermore it is indicated that the field of biographic historiography in South Africa is

still not properly exploited. Suggestions for further research are given.

South Africa is a mult-ethnic country and contradictory political, cultural, socio-economic and language interests are not uncommon. Biographies could contribute to mutual understanding of these diversities, as manifested in J.C. Steyn's *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal*. Perhaps at present research in this field is crucial.

KEY TERMS

Afrikaans literature

American biographies

Biography

Biographic historiography

English biographies

Historiography

J.C. Kannemeyer

J.C. Steyn

Leon Rousseau

Theory of historiography